


U.O.V.S.
Bloemfontein
BIBLIOTHEEK

U.O.V.S.
BIBLIOTHEEK

UOVS-SASOL-BIBLIOTHEEK 0102509



111046671801220100013

STEDELIK-GEOGRAFIESE PATRONE VAN QUEENSTOWN

D E U R

PIERRE JORDAAN ROODT

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad Magister Artium in die Fakulteit Lettere en
Wysbegeerte (Departement Aardrykskunde), aan die
Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Studieleier: W.F.S. Senekal, M.A.

Desember 1968.

102201

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

TIERS-BOEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

- 75 - 1969

KLAS No.

No.

102509

BIBLIOTEEK

VOORWOORD

Die vakgebied van Stedelike Aardrykskunde in Suid-Afrika is nog betreklik onontgin. Skrywer vertrou dan ook dat deur middel van hierdie verhandeling 'n beskeie bydrae tot die uitbouing van hierdie studieveld gelewer is.

Hierdie verhandeling het nie slegs op die teorie van Stedelike Aardrykskunde betrekking nie, maar die funksionele struktuur van Queenstown is nagegaan en ontleed.

Nie alleen is die intra-stedelike opset in Queenstown bestudeer nie, maar die interstedelike verhouding is ook ontleed. Hieruit blyk dit dat Queenstown se invloed ver buite sy munisipale grense strek, aangesien dit die omliggende dorpe bedien.

Skrywer wil in besonder al die inwoners van Queenstown vir hulle vriendelike samewerking bedank.

'n Woord van dank word ook aan die Queenstownse Stadsraad, die Stadsklerk, mnr. A.H. White, die Stadsingenieur, mnr. J. Crawford, die Stadstesourier, mnr. J. Nicholls en mnr. Hunter van laasgenoemde afdeling betuig.

Skrywer is dankbaar vir kollegiale belangstelling en in besonder teenoor mnr. J.A. van Schoor vir hulp in verband met die taalkundige versorging verleen.

Al die leerlinge van die Hoërskool Hangklip wat met die navorsing behulpsaam was, wil skrywer hartlik bedank.

'n Spesiale woord van dank gaan aan die firma "Keens" wat 'n tikmasjien beskikbaar gestel het. Mnr. Duncan Cox wat met die afrol van die verhandeling be-

hulpsaam/

hulpsaam was se hulp word hoog op prys gestel.

Aan mnr. en mev. J.H. Reyneke asook mej. A. Reyneke wil skrywer ook 'n woord van dank rig vir al hul belangstelling en hulp.

Dit is met eerbied en liefde dat skrywer sy ouers bedank vir alle hulp en bemoediging wat hulle gedurig aan hom betoon het. Dit is uitsluitlik aan hulle te danke dat die geleentheid vir 'n universitêre opleiding werklikheid geword het.

Skrywer is baie dank aan sy vrou, Corrie, verskuldig vir haar morele onderskraging en vir alle tikwerk wat aan die verhandeling verbonde was.

Ten slotte is dit met 'n gevoel van diepe waardering dat die naam van mnr. W. F. S. Senekal vermeld word. Sy geesdriftige belangstelling, sy besondere vakkennis en gevolglike bekwame leiding en sy eg menslikheid het altyd 'n waarderende indruk op skrywer gemaak.

Aan Hom, die Bron van alle kennis, kom alle eer toe.

P.J. Roodt.

Desember 1968.

I N H O U D

DEEL I - DORPSANALISE

HOOFSTUK 1. GEOGRAFIESE DETERMINANTE

1.1. Inleiding	p.	1
1.2. Ligging	p.	6
1.3. Topografie	p.	11
1.4. Klimaat	p.	13
1.5. Dreinerings	p.	23
1.6. Grondgesteldheid	p.	25

HOOFSTUK 2. VESTIGINGSGESKIEDENIS

2.1. Gebiedsbesetting	p.	28
2.2. Redes vir die stigting van Queenstown	p.	30
2.3. Aanleg van Queenstown	p.	33
2.4. Planologiese ontwikkeling	p.	45
2.5. Huidige dorpsplan	p.	51

HOOFSTUK 3. KOMMERSIELE STRUKTUUR

3.1. Kleinhandel

3.1.1. Proudfoot se konsep	p.	59
3.1.2. Faktore wat die lokalisasie van sakebelange bepaal	p.	61
3.1.3. Kompakte vorm		
3.1.3.1. Omskrywing van die sentrale sakekern	p.	66
3.1.3.2. Teoretiese fundering van SSK-afbakening	p.	70
3.1.3.3. Afbakening van Queenstown se SSK	p.	77
3.1.3.4. Bepaling van die maksimum grondwaarde-interseksie	p.	88
3.1.3.5. Funksionele benutting van Queenstown se SSK	p.	88
3.1.4. Verspreide vorme	p.	93

3.2. Groothandel

- 3.2.1. Faktore wat die lokalisasie van groothandel bepaal p. 94
- 3.2.2. Queenstown se groothandelstruktuur p. 97

HOOFSTUK 4. INDUSTRIELE STRUKTUUR

- 4.1. Inleiding p. 99
- 4.2. Omskrywing van nywerhede p. 101
- 4.3. Faktore wat fabrieksnywerhede beïnvloed
- 4.3.1. Watervoorsiening p. 104
- 4.3.2. Elektrisiteits- en kragvoorsiening p. 106
- 4.3.3. Vervoer p. 110
- 4.3.4. Arbeid p. 110
- 4.3.5. Regeringskonsessies p. 112
- 4.3.6. Afsetgebiede p. 114
- 4.3.7. Grondstowwe p. 119
- 4.4. Nywerheidsligging p. 123
- 4.5. Queenstown se nywerheidstruktuur p. 127

HOOFSTUK 5. RESIDENSIËLE STRUKTUUR

- 5.1. Inleiding p. 133
- 5.2. Residensiële perseelgroottes p. 135
- 5.3. Residensiële grondwaardes p. 139
- 5.4. Residensiële huiswaardes
- 5.4.1. Klasverdeling p. 146
- 5.4.2. Beïnvloedende geografiese faktore t.o.v. huiswaardes p. 151
- 5.5. Huishuur p. 173
- 5.6. Eiendomsbesit p. 176
- 5.7. Intensiteit van bebouing p. 178
- 5.8. Bevolkingsdigtheid p. 180

HOOFSTUK 6. VERSPREIDE FUNKSIES

- 6.1. Opvoedkundig
- 6.1.1. Inleiding p. 186
- 6.1.2. Skole p. 186
- 6.1.3. Kulturele instellings p. 190
- 6.2. Openbare dienste
- 6.2.1. Elektrisiteits- en kragvoorsiening p. 190

6.2.2. Watervoorsiening	p. 190
6.2.3. Sanitasie	p. 191
6.2.4. Slagplaas	p. 192
6.2.5. Hospitalisasie	p. 193
6.3. Sport en ontspanning	p. 195

HOOFSTUK 7. VERKEER AS GEINTEGREERDE FUNKSIE

7.1. Lugverkeer	p. 198
7.2. Padverkeer	
7.2.1. Interstedelike padverkeer	p. 198
7.2.2. Intrastedelike padverkeer	p. 200
7.3. Spoorverkeer	p. 204

HOOFSTUK 8. LANDELIK-STEDELIKE OORGANGSGEBIED

8.1. Definisie	p. 209
8.2. Redes vir die ontstaan van oorgangsgebiede	p. 210
8.3. Afbakening van die landelik-stedelike oorgangsgebied met spesiale verwysing na Queenstown	p. 214
8.4. Funksionele besetting van die plaaslike oorgangsgebied	p. 220

DEEL II - QUEENSTOWN BINNE SY STREEKSVERBAND

HOOFSTUK 9. STEDELIKE DIENSGBIEDE

9.1. Die streeksbegrip	p. 228
9.2. Terminologie	p. 231
9.3. Totaliteit van diensgebiede	p. 233
9.4. Kriteria vir diensgebiedafbakening	p. 235
9.5. Diensgebiedafbakening	p. 237

HOOFSTUK 10. AFBAKENING VAN QUEENSTOWN SE DIENSGBIEDE

10.1. Navorsingsmetode	p. 252
10.2. Kleinhandelsbedieningsgebied	p. 253
10.3. Diensgebied van finansiële instellings	p. 260
10.4. Groothandelbedieningsgebied	p. 260
10.5. Nywerheidsbedieningsgebied	p. 262
10.6. Koerantverspreiding	p. 265
10.7. Herkoms van hoërskoolleerlinge	p. 266
10.8. Spoorwegdiensaflewering	p. 268
10.9. Telefoonbedieningsgebied	p. 271

HOOFSTUK 11. QUEENSTOWN AS SENTRALE PLEKTIPE

FOTO'S

Foto 1.	Die sentrale heksagonale straatpatroon	p. 34
2.	Die oorspronklike dorpsuitleg (1853)	p. 39
3.	Queenstown as munisipaliteit geproklameer (1879)	p. 47
4.	Queenstown met Hangklipberg in die verte sigbaar (1943)	p. 49
5.	Blokke 88 en 98 onmiddellik oos van die heksagoon geleë	p. 90
6.	'n Blick op die sakekern	p. 90
7.	Cathcartweg-Oos	p. 98

HOOFSTUK 1 GEOGRAFIESE DETERMINANTE1.1 Inleiding

In die studie van enige standplaas kom talle vrae te voorskyn, o.a. wat het die mens beweeg om hom in dié streek te vestig? „ hoekom het hy hierdie besondere standplaas uit al die ander beskikbare terreine verkies? en watter soort nedersetting het hier ontwikkel?

Om hierdie vrae te kan beantwoord moet nie alleen die historiese agtergrond nagegaan word nie, maar ook beïnvloedende geografiese faktore, soos Smailes dit stel: „Any appraisal of ^{the} value and importance of a particular site must involve a reconstruction of the geography of a past time, that when the nucleus was established." ¹

Smailes gaan verder deur te verklaar: „Just as the historian exercises his critical judgement in writing a chronicle of events by drawing attention to the significant relationships between the happenings he associates in a time sequence, so the geographer is concerned with selection of the significant groupings of phenomena in area. In setting out thus to portray the milieu of towns the urban geographer must describe the site, which may be defined as the ground upon which a town stands, the area of earth it actually occupies." ²

Met die ontstaan van dorpe kom beide fisiese en kulturele faktore ter sprake. Smailes verduidelik die fisiese aspek as volg: „In thus describing the geographical context of towns it is desirable to distinguish different aspects of position, which may be designated location, site, and situation. The question ‚Where is is?‘ each offers a different and in itself only partial answer." ^{3/}

1. Smailes, A.E., The Geography of Towns, p. 44.

2. Ibid. p. 41.

answer." 3

Taylor vestig ook die aandag op die belangrikheid van fisiese aantreklikheid van 'n standplaas: „No accurate evaluation is possible, but it is obvious that the environment is usually of greater importance in the choice of the site, while the human factor becomes more significant as the settlement grows in size and importance." 4

Vir Dickinson is die keuse van 'n standplaas aan 'n paar faktore toe te skryf, nl. ,, long-distance trade and defence and administration." 5

Gedurende 'n studie waarin faktore nagegaan is wat die ligging en groei van Memphis beïnvloed het, het Johnson 6 die volgende waargeneem: weens Memphis se strategiese ligging kan geen naburige dorp t.o.v. groot- en kleinhandel daarmee kompeteer nie; topografiese invloede is bevorderlik, behalwe dat die terrein op 'n vloedvlakte geleë is en gevolglik swak dreinerings daar voorkom. Weens die gelyke oppervlakte kon paaie en spoorweë maklik aangelê word. Daar is geen soliede rotslae aanwesig nie en sodoende geskied die konstruksie en uitgrawings vir pypleiding sonder probleme. Daar is volop artetiese waterbronne; die klimaat is geskik aangesien die temperatuur gematig en sonder groot speling is, terwyl die winterreënval voldoende is. Memphis is gunstig t.o.v. grond- en brandstofvoorrade geleë en is 'n verkeersfokus aangesien water-, trein- en padverkeer daardeur gaan.

Daarenteen was die omstandighede in die geval van Prince Rupert ongunstig. Oor dié stigting skryf Van Cleef: „They did not, apparently, recognize the inadequacy of the limited area of the site and its topography nor certain shortcomings in/

3. Ibid., p. 41.

4. Taylor, G., Urban Geography, p. 15.

5. Dickinson, R.E., City Region and Regionalism, p. 58.

6. Johnson, R.W., „Geographic Influences in the Location and Growth of the City of Memphis”, in Journal of Geography, Volume 20, no. 3, Maart 1928, pp. 85 - 97.

shortcomings in relation to its hinterland." 7

Dit is belangrik dat die terrein waarop 'n nedersetting opgerig word, 'n genoegsame oppervlakte vir toekomstige uitbreidings sal bevat. Verder moet die agterland talle eienskappe openbaar wat as stimulus vir toekomstige ontwikkeling sal dien. In die geval van Prince Rupert was hierdie toestande nie gunstig nie en gevolglik was die stad geïsoleerd en het uitbreiding traag verloop.

Nel en Van Zyl wys tereg hierna wanneer hulle verklaar:

„Daar bestaan 'n sterk verband tussen stedelike groei, streeksligging, nodaliteit en ekonomiese basis." 8

In 'n studie van Vrystaatse dorpe het Van Zyl 9 'n aantal faktore wat 'n rol in die ontstaan van die onderskeie dorpe gespeel het, geïsoleer. Die homogene landskap bevat geen besondere topografiese kenmerke nie. Fisiese faktore het 'n geringe rol gespeel en die keuse van standplase is eerder aan toeval toe te skryf; water was 'n lokaliserende faktor aangesien die terrein verkieslik naby 'n standhoudende rivier of fontein moes wees; die teenwoordigheid van minerale soos diamante, goud en steenkool het in sekere gevalle die ligging van myn- en nywerheidsdorpe baie sterk beïnvloed; die menslike faktor, d.w.s. die willekeurige optrede van die mens, het dikwels op die voorgrond getree. In sommige gevalle moes 'n beoogde dorp sentraal geleë wees en sodoende het die menslike (sosiale) faktor swaarder geweeg as die voordele verbonde aan 'n goeie ligging.

Die verskil tussen globale, plaaslike en omgewingsligging het Nel 10 in 'n artikel aangetoon.

Globale ligging (Eng.: location) van 'n nedersetting staan

i.v.m. die ligging/

7. Van Cleef, E., „Prince Rupert - An Error in Location," in Journal of Geography, Maart 1959, pp. 127 - 132.
8. Nel, A. en van Zyl, J.A., Stad en Dorp, p. 80.
9. Van Zyl, J.A., „Die Ontstaan van Dorpe in die O.V.S." in Tydskrif vir Aardrykskunde, Volume 2, no. 5, September 1964, p. 45.
10. Nel, A., „Stedelike Ligging: Nog Enkele Opmerkings oor die Terminologie," in Tydskrif vir Aardrykskunde, Volume 2, no. 3, September 1963, pp. 53 - 56.

i.v.m. die ligging daarvan t.o.v. graadnet, kontinent en 'n bepaalde groot staatkundige eenheid. Die ligging van 'n minder bekende nedersetting kry eers betekenis wanneer dit aan die ligging van die welbekende gekoppel word. Deur middel van 'n kaart word die globale ligging slegs oorsigtelik uitgebeeld.

Tweedens is daar plaaslike ligging, d.w.s. ligging t.o.v. die onmiddellike topografiese omgewing. Plaaslike ligging het te doen met die spesifieke standplaas (Eng.: site) van 'n dorp. 'n Topografiese kaart asook lugfoto's van 'n beperkte gebied is nodig om 'n deeglike studie van die betrokke standplaas te maak. Plaaslike ligging vereis 'n veel sorgvuldiger ontleding.

Deur snelle tegnologiese ontwikkeling is die mens tans veel meer van sy eertydse gebondenheid aan sekere spesifieke tipes standplase vir stedelike aanleg losgemaak.

Vroeër voordelige aspekte van plaaslike ligging maak vandag dikwels nie meer veel sin nie, bv. die aanlê van dorpe naby plekke wat vroeër die maklikste oorgang oor riviere verteenwoordig het. In baie gevalle het eertydsvoordelige standplase vandag eerder 'n las in die groei van die stedelike gebied geword. 'n Vroeër gunstige topografie kan maklik verander van 'n standplaas-bate tot 'n las in die toekomstige ontwikkeling van 'n stad.

Die vermoë van die moderne mens om bv. water en krag van ver aan te voer, maak hom los van die noodsaaklikheid om die stedelike aanleg tot standplase naby water- of kragbronne te beperk. Die vermoë om groot getalle mense van ver af vinnig te vervoer het gelei tot die aanleg van forensedorpe (Eng.: Commuters' towns) waarvan die standplase uitsluitend die gevolg is van die ontwikkelende tegnologie en nie van die fisiese voordeel wat een standplaas bo 'n ander sou hê nie.

Die fisiese gesteldheid van 'n stedelike standplaas kan verander deurdat/

verander deurdat 'n gedeelte van die see drooggelê word; rivierlope met die loop van tyd verander of deur die mens verlê word; moerasse drooggelê word; smal valleitjies geleidelik opgevol word en 'n verandering in die dreineringspatroon van deltagebiede voorkom.

Indien daar vandag ondersoek na die faktore ter lokalisering van 'n stad of dorp ingestel word, moet die aandag teruggeplaas word na die oorspronklike stedelike aanleg, aangesien oorwegings wat toe as deurslaggewend beskou is vir stedelike vestiging op 'n bepaalde standplaas, vandag dikwels as minder belangrik beskou word.

Derdens onderskei Nel omgewingsligging of die streeksligging (Eng.: situation). Hier word die wyer sekondêre gebied rondom 'n nedersetting waar gespesialiseerde dienste gelewer word, afgebaken. Dit is die streeksentrum. Streeksligging van 'n dorp impliseer ook die invloed van daardie stad binne 'n bepaalde omgewing; dit impliseer ook aspekte van mededinging, ekonomies en kultureel, met ander stedelike gebiede in daardie streek.

Volgens Nel en Van Zyl¹¹ moet die redes waarom dorpe op spesifieke standplase of in spesifieke omgewings tot stand gekom het, tydens in gedagte gehou word: die neiging is om te redeneer dat daar tog iets in die onmiddellike fisiese omgewing van 'n dorp moet wees wat dit by die mens aanbeveel het. Navorsing het getoon dat onvoorsiene omstandighede, m.a.w. die blote toeval, 'n verbasende aandeel in die keuse van standplase uitgeoefen het; 'n groot aantal dorpe het met verloop van tyd rondom 'n plaasopstal, winkel, kasteel, kerk, ens. tot stand gekom. Daar is dus oorspronklik nie tot dorpstigting besluit nie, maar die ontstaan en ontwikkeling van die nedersetting was spontaan. Tegnologiese ontwikkeling speel 'n belangrike rol in die keuse van 'n standplaas. 'n Dorp word bv. langs 'n waterstroom vir watermeulens of op 'n eiland vir verdediging gestig. Terwyl die

standplaas/

11. Nel, A. en van Zyl, J.A., op.cit., p. 63.

standplaas basies onveranderd is, het die betekenis daarvan van tyd tot tyd na gelang van nuwe tegnieke verander.

Om die fisiese aspekte t.o.v. die keuse van 'n standplaas en die ontwikkeling daarvan te begryp, is dit noodsaaklik dat 'n studie van die ligging, topografie, klimaat, dreinerings en grondgesteldheid gemaak word.

1.2 LIGGING

Reeds voor die oopstelling van die noordelike twee provinsies en Natal was daar gebiede in die nabyheid van Queenstown wat deur blankes bewoon was. Destyds was daar geen behoorlike paaie nie, maar sekere natuurlike roetes was algemeen bekend en in gebruik.

Volgens die Voortrekkers se roetes vanuit die Oosgrens na die Noorde het o.a. Retief en Trichardt tussen Tarkastad en Queenstown verbygetrek.

Een van hierdie roetes het oor die gebied waar Queenstown later aangelê sou word, geloop. In die proklamasie¹² van die Queenstownse distrik verwys Cathcart dan ook na die „Great Northern Road“. Hierdie pad moes die oostelike grens van die Queenstownse distrik uitmaak. Dit blyk uit 'n brief van Robinson aan Cathcart waarin hy skryf van: „The most southern part of the Queen's Town division, bounded by the summits of the Amatola range and easterly by the great road to King William's Town".¹³

In 'n memorandum van Robinson skets hy die ligging en rol van hierdie hoofpad soos volg: „The position of Queen's Town, in the direct channels of communication between the whole of the back country over the Orange River, Burgersdorp, and the district of Albert, and part of Cradock, with the nearest seaport, Buffalo Mouth, cannot fail (so soon the Road is opened for which the country affords peculiar facilities)/

12. Fotostatiese afdruk van die proklamasie van die Queenstownse distrik, in Queenstown en Grens Museum.
 13. Murray, J., Correspondence of General Sir G. Cathcart, 25.4.1854, p. 301.

facilities) to secure a large market and command of trade, and it will, doubtless, soon take its position among the largest villages on the eastern boundary." 14

Teen 1859 het daar reeds twee hoofpaaie deur Queenstown gegaan, nl. die pad van Grahamstad oor Queenstown na Bugersdorp en die pad van Oos-Londen oor Queenstown na Aliwal-Noord. 15

Uit bostaande blyk dit dat die standplaas waarop Queenstown aangelê sou word, reeds op 'n belangrike natuurlike roete geleë was. Die vernaamste roete het vanaf die huidige Oos-Londen deur King William's Town, Burgersdorp en Aliwal-Noord gegaan.

Die standplaas was dus in 'n toeganklike gebied met 'n nodale ligging geleë. Paaie vanaf Oos-Londen en Whittlesea na die Noorde het in die omgewing van Queenstown bymekaar aangesluit.

Verdedigingsposte was oor die hele Oosgrens versprei, en Whittlesea was voor die stigting van Queenstown die mees noordelike vesting. Bowker het dan ook aanbeveel dat die verdedigingslinie verder noordwaarts verleng moes word: „This system was suggested to the Governor, as he admitted, by mr. Thomas Bowker, , and it became the basis of a defensive system covering the whole Frontier line, from the foot of the Stormberg to the sea, ” 16

'n Nuwe nedersetting wat „Queen's Town” sou heet, was bestem om die gebied noord van Whittlesea tot aan die Stormberge te verdedig.

Die streeksligging van Queenstown kan nou uit bogenoemde bepaal word. Die nedersetting moes op 'n toeganklike terrein (d.w.s. langs 'n verkeersroete) geleë wees. Die

nuwe dorp/

14. Ibid., 31.8.1853, p. 323.

15. Lombard, P.J., Die Stigting en Vroeë Geskiedenis van Queenstown (1853 - 1859), M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1953, gepubliseer.

16. Wilmot, A., History of the Colony of the Cape of Good Hope (1820 - 1868), p. 474.

nuwe dorp moes in die middel van die nuwe afdeling van Queenstown en aan die suidekant van die Stormberge aangelê word.

Die keuse van 'n geskikte terrein is gevolglik met groot sorg en noukeurigheid gekies en na veel beplanning aangelê: „I have appointed a provisional land commission to select and recommend in the first place a site for a village,”,¹⁷ het Cathcart geskryf.

Volgens graadnetverwysing is Queenstown se geografiese ligging $26^{\circ} 52'$ oos van die Greenwichlyn en $31^{\circ} 54'$ suid van die ewenaar.

Queenstown is op 'n plato, tussen die kusvlakte van die Indiese Oseaan en die Hoëveld van die Oranje-Vrystaat en Transvaal, op 'n hoogte van 3,533 voet bo seespieël geleë. Die grens van die Transkeise Bantoegebiede is slegs 15 myl ten ooste van die dorp.

Queenstown is die belangrikse dorp in die noordelike gebied van die Grens. Dit is die handels-, administratiewe en opvoedkundige sentrum van 'n ryk landbougebied wat oor 'n gebied met 'n radius van ongeveer 100 myl strek. In hierdie gebied is 'n aantal kleiner dorpe, o.a. Dordrecht, Indwe, Barkly-Oos, Elliot, Maclear, Lady Frere, Jamestown, Molteno, Sterkstroom, Cathcart, Tarkastad en Whittlesea.

Verder is Queenstown op die hoofpad- en spoorwegroete wat die hawe van Oos-Londen met die Oranje-Vrystaat verbind, geleë. Vervoerdienste is gevolglik doeltreffend en dra grootliks by tot die vooruitgang van die dorp.

Die streeksligging van Queenstown is belangrik wanneer die reënval van hierdie nedersetting bestudeer word. Indien die reënval van die omliggende dorpe met dié van Queenstown vergelyk word, dan blyk dit duidelik dat lg. hom in 'n oorgangsgebied bevind. Aan die westekant is die Karoogebied en ten ooste die grasveldstreek.

Om 'n vergelyking/

17. Murray, J., op.cit., 29.11.1852, p. 157.

Om 'n vergelyking te tref, word die reënvalverslae van dorpe o.a. noord (Aliwal-Noord), wes (Cradock), suid (Oos-Londen) en oos (Elliot) van Queenstown geneem. Almal is binne 'n straal van ongeveer 100 myl vanaf Queenstown geleë.

TABEL 1.1

'n Vergelyking tussen reënval asook hoogte bo seespieël van die omliggende dorpe¹⁸

Queenstown	560 millimeter	3,533 vt.bo seespieël
Aliwal-Noord	522 "	4,368 " " "
Lady Grey	749 "	5,398 " " "
Molteno	525 "	5,183 " " "
Sterkstroom	475 "	4,405 " " "
Steynsburg	384 "	4,847 " " "
Hofmeyr	351 "	4,008 " " "
Cradock	308 "	2,860 " " "
Tarkastad	427 "	4,244 " " "
Cathcart	648 "	3,699 " " "
Stutterheim	776 "	2,748 " " "
Oos-Londen	808 "	410 " " "
Lady Frere	570 "	3,394 " " "
Cala	586 "	3,929 " " "
Elliot	769 "	4,759 " " "

'n Studie van bogenoemde reënvalsyfers toon duidelik dat dorpe noord van Queenstown min of meer dieselfde reënval ontvang.¹⁹ 'n Denkbeeldige lyn wat deur Queenstown, Aliwal-Noord, Smithfield en Bloemfontein strek, toon dat hierdie dorpe in 'n oorgangsgordel geleë is. In die gebiede oos van Queenstown kan intensiewe beesboerdery en droë-landsaaiboerdery (500 - 600 mm.) met redelike sukses beoefen word. Dorpe ten weste van Queenstown het 'n laer reënval, maar die dorpe suid en oos daarvan ontvang weer heelwat meer reën.

Hieronder volg 'n tabel wat temperatuurvergelings aandui van dorpe noord (Aliwal-Noord en Bloemfontein), wes (Cradock), suid (Stutterheim, King William's Town en Oos-Londen) en oos (Umtata) van Queenstown. T dui die gemiddelde maksimum/

18. Data verskaf deur die Weerburo, Pretoria.

19. Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, no. 30, 1960 (reënvalkaart).

delde maksimum (celsius) van elke maand en x die gemiddelde minimum aan. Hierdie waarnemingstasies bestaan reeds meer as 20 jaar.

TABEL 1.2

h. Verselyking van temperatuurgemiddeldes

	J	F	M	A	M	J	J	A	S	O	N	D	JAAR	MAKS.	MIN.
<u>Bloemfontein</u>															
T	29.8	28.3	26.3	22.8	19.0	16.6	19.4	19.6	22.8	25.8	27.5	29.2	23.7	37.6	-8.8
X	15.4	14.9	12.7	8.4	4.0	0.7	0.3	3.2	6.3	10.0	12.0	14.2	8.5		
<u>Aliwal-Noord</u>															
T	30.0	28.9	26.7	23.3	19.4	16.7	16.7	19.4	22.8	26.1	26.7	29.4	23.9		
X	13.9	13.3	11.7	6.7	2.2	-1.1	-1.7	1.1	4.4	8.3	10.6	13.3	6.7		
<u>Gradook</u>															
T	30.6	30.0	28.3	25.4	21.1	18.9	18.3	21.1	23.3	26.1	27.8	30.0	25.0		
X	13.9	14.4	13.3	8.3	4.4	1.1	0.6	2.8	6.1	8.9	11.1	13.3	8.3		
<u>Queenstown</u>															
T	29.6	29.1	27.6	24.6	21.5	19.0	18.0	20.7	23.2	25.5	26.5	29.1	24.5	40.6	-6.7
X	14.5	14.7	13.4	9.6	5.9	2.5	2.6	4.5	7.3	9.6	11.7	13.6	9.2		
<u>Stutterheim</u>															
T	26.1	26.7	26.1	24.4	22.2	20.0	19.4	21.7	22.8	22.8	23.9	25.6	23.3		
X	13.9	15.0	13.9	11.7	8.9	6.7	6.7	7.8	8.9	10.6	12.2	13.3	10.6		
<u>King William's Town</u>															
T	28.3	28.9	27.2	26.1	23.3	21.7	20.6	22.8	23.3	24.4	25.6	27.2	25.0		
X	16.1	16.7	15.0	12.2	8.9	6.1	5.6	7.2	9.4	12.2	13.3	15.0	11.7		
<u>Oos-Londen</u>															
T	25.2	25.6	24.7	23.5	22.6	20.9	21.0	21.3	21.4	21.6	22.8	24.0	22.9	41.3	2.8
X	17.9	18.3	17.5	15.1	12.8	10.5	10.2	11.2	12.5	14.2	15.2	16.7	14.4		
<u>Umtata</u>															
T	27.2	27.8	26.7	25.6	23.3	21.7	21.1	22.8	23.3	24.4	25.6	26.7	25.0		
X	15.6	15.6	14.4	11.1	6.7	2.8	2.2	5.0	7.8	11.1	13.3	14.4	10.0		

Volgens die temperatuurruiterstes kan bemerk word dat hoe verder die binneland ingegaan word, hoe laer is die minimumtemperatuur. Oos-Londen ondervind geen ryp nie, terwyl Queenstown en Bloemfontein minimumtemperature van -6.7°C en -8.8°C onderskeidelik ondervind.

Dorpe naby die kus se maksimumtemperatuur (Februarie) is laer as dié in die binneland (Januarie), maar die verskil tussen die maksimum- en minimumtemperature is baie kleiner; bv. in Oos-Londen en Queenstown is dit 7.3°C en 15.1°C onderskeidelik.

Dorpe naby die kus se minimumtemperatuur (Junie) is weer hoër as in die geval van binnelandse dorpe (Julie) waar die verskil tussen die maksimum- en minimumtemperatuur bv. in Oos-Londen en Queenstown 10.4°C en 15.4°C onderskeidelik is.

Oos-Londen het Februarie as warmste maand en Junie as die koudste maand, terwyl in Queenstown dit Januarie en Julie onderskeidelik is.

1.3. TOPOGRAFIE (Fig. 1.)

Queenstown kan nie alleen as 'n „voetheuweldorp“; maar ook as 'n „poortdorp“ beskou word. Dit is aan die voet-heuwels van die Stormbergreeks geleë. Die suidelike grens van die distrik word deur die Winterberge wat in die verte sigbaar is, asook die Amatola-reeks aangedui.

Die dorp is op 'n vlakte aangelê wat omring word deur heuwels waaruit 'n aantal poorte loop. Ten noordweste is Madeiraberg, in die noordooste Long Hill, ten suide is heuwels aan weerskante van Finchansnek en aan die suidwestekant nog 'n reeks heuwels.

Uitstaande topografiese kenmerke is Hangklipberg (6,482 vt.), Madeiraberg (5,278 vt.), Long Hill (4,819 vt.) en Bowkerskop (3,974 vt.). Laasgenoemde verleen 'n besondere skoonheid aan die dorp.

Die suidelike/

Die suidelike dorpsgebied is op 'n redelik gelyke terrein geleë, maar die bo-dorp, d.w.s. noord van die spoorlyn, lê op 'n hoër vlak met 'n effense helling. Die afloop van reënwater geskied dus vinnig en doeltreffend en bied gevolglik geen dreineringsprobleme nie.

Vanuit die vlakte loop 'n aantal poorte waardeur paaie en 'n spoorlyn aangelê is. Hierdie poorte lei o.a. na Oos-Londen, Bloemfontein, Cradock, Whittlesea en Dordrecht.

Die vraag ontstaan nou hoedat topografie die benoemde kommissie by die keuse van 'n terrein vir die aanleg van 'n nuwe nedersetting beïnvloed het.

Hierdie redes het Robinson in 'n memorandum aan Cathcart verduidelik: „The site selected, on the Kommane, is peculiarly adopted for a village; the ground very slightly falling, the soil fertile, building material both stone and clay for bricks, abundant and of good quality, and that great requisite of South Africa, water, plentiful and permanent, and with sufficient fall in the river to allow of any part, or at the whole, of the stream being led out over the village at a small expence.” 21

Dit is dus 'n onomstootlike feit dat die keuse van die terrein ook deur die topografie sterk beïnvloed is. Daar is reeds bepaal hoedat streeksligging die keuse van 'n standplaas beïnvloed het. Water en topografie was in die betrokke streek die oorwegende faktore by die keuse van die betrokke standplaas.

Die omringende heuwels, o.a. Bowkerskop, Long Hill en Madeiraberg, sou 'n besondere skoonheid aan die voorgenome dorpie verleen. Hierdie heuwels sou ook baie help om die wind, veral westewinde, weg te keer. Die benede-vlakte is

in hierdie/

21. Queenstown en Grens Museum. Fotostatiese afdruk van brief van George Cathcart se sekretaris aan die Koloniale Kantore te Londen i.v.m. stigting van 'n nedersetting te Queenstown.

in hierdie opsig aan die winde blootgestel.

Daar was dus iets in die onmiddellike fisiese omgewing van die dorp wat hierdie terrein by die mens aanbeveel het. Griffith Taylor het tereg opgemerk: „We can usefully apply the same concept of looking around you to city evolution.”²²

Topografie het ook 'n merkbare invloed op die reënval. Gedurende die wintermaande is die Storm- en Winterberge dikwels met sneeu bedek. Af en toe val daar sneeu selfs op die laer heuwels soos Long Hill en Madeira. Weens die vinnig stygende terrein word die vogtige lugmassas wat deur die suidoostewind vanaf die see na die binneland ingevoer word, afgekoel. Reliëfreën wat soms 'n hele paar dae duur, kom gevolglik voor. Ook die temperatuur word deur die topografie beïnvloed. Die hoogte bo seespieël, gemiddeld 3,533 vt., en die afstand van om en by 100 myl vanaf die kus gee aan die gebied 'n kontinentale klimaat.

1.4 KLIMAAT

Die waarnemingstasie in Queenstown is een van die oudstes in Suid-Afrika. Vroeg reeds het die inwoners die noodsaaklikheid van die opteken van reënval- en temperatuur-gegevens ingesien, want in vroeëre notules blyk hierdie belangstelling waarin 'n: „Memorandum of certain meteorological instruments by procuring a barometer and wind-gauge”,²³ bespreek is.

Die Queenstownse weerkundige waarnemingstasie is vandag, met die uitsondering van $\frac{1}{3}$ anemograaf, volledig met instrumente toegerus.

„Balmy in summer and bracing in winter”²⁴, is 'n kort samevatting van die klimaat van Queenstown. Hierdie gebied ondervind 'n betreklik droë klimaat, sonder die vogtigheid van die kus, maar met 'n redelik goeie gemiddelde reënval van/

22. Taylor, G., op.cit., p. 81.

23. Notuleboek 2, Munisipaliteit van Queenstown, Vergadering 27.10.1873.

24. Queenstownse Publisiteitsbrosjure, 1929, p. 9.

reënval van ongeveer 20 dm. of 560 mm. per jaar en 'n gemiddelde temperatuur wat wissel van 20.4°C (68.7°F) in die somer tot 13.3°C (56°F) in die winter.

Volgens Köppen ²⁵ se klimaatsklassifikasie word Queenstown onder die Cwb-klimaattipe geklassifiseer. Daar is 'n duidelike seisoensritme in reënval- en temperatuurstoestande met die wintermaande as die koue en droë seisoen. By die vasstelling van die klimaattipe waaronder Queenstown gegroepeer word, is reënval en temperatuur die belangrikste faktore.

TABEL 1.3/

25. Trewartha, G.T., An Introduction to Climate, plaat 2 en pp. 382 - 383.

TABEL 1.3
 KLIMAATSTATISTIEKE VAN QUEENSTOWN.

	TEMPERATURE							Gem. Relat. Vogtigheid		REÛNVAL				AANTAL REÛNDAE			AANTAL - DAE MET	
	GEM. DAAGL. MAKSIMUM	GEM. DAAGL. MINIMUM	UITERSTE MAKSIMUM	UITERSTE MINIMUM	GEM. DAE MAKS. BO 30° C	GEM. DAE MAKS. ONDER 10° C	GEM. DAE MIN. ONDER 0° C	GEM. DAE MIN. BO 20° C	OM 8 VM.	OM 2 NM.	MM	MM	MM	MM	DAE	DAE	DAE	DAE
JAN.	29.6	14.5	40.6	5.0	15.9	0.0	0.0	72	38	81	228	8	73	10	15	4	5.7	0.6
Feb.	29.1	14.7	37.8	4.4	12.2	0.0	0.0	78	44	89	221	8	47	11	16	8	6.5	0.5
MET.	27.6	13.4	37.2	3.9	10.3	0.0	0.0	80	45	85	192	15	46	11	15	5	5.2	0.1
APR.	24.6	9.6	33.9	-0.6	3.1	0.0	0.1	80	41	41	95	6	49	7	12	3	2.7	0.1
MET.	21.5	5.9	31.1	-3.6	0.2	0.4	1.4	74	41	24	105	0	58	5	14	0	1.0	0.1
JUN.	19.0	2.5	26.1	-6.7	0.0	0.4	9.7	71	35	13	79	0	28	3	7	0	0.0	0.1
JUL.	18.0	2.6	26.1	-6.1	0.0	1.1	10.4	68	35	14	144	0	30	4	8	0	0.3	0.0
AUG.	20.7	4.5	31.1	-5.0	0.3	0.3	4.5	65	33	14	72	0	19	3	10	0	0.5	0.1
SEP.	23.2	7.3	35.0	-2.8	3.6	0.1	1.1	64	28	27	155	0	41	4	10	0	1.3	0.3
OKT.	25.5	9.6	37.8	-1.7	6.4	0.0	0.1	67	35	39	157	1	29	3	15	2	3.7	0.4
NOV.	26.5	11.7	37.2	2.2	9.4	0.1	0.0	69	33	61	228	3	52	12	21	2	5.3	0.5
DES.	29.1	13.6	39.7	3.3	13.5	0.0	0.0	68	34	72	281	1	55	9	15	1	5.1	0.5
JAAR.	24.5	9.2	40.6	-5.7	74.9	2.4	27.3	71	37	560	1096	279	73	85	110	4.7	37.3	3.3

1.4.1 Insolasie

Volgens Tabel 1.4 ondervind Queenstown 'n goeie hoeveelheid sonskyn. 'n Algemene verskynsel gedurende die somermaande is die mistigheid wat dikwels voorkom en in die loop van die oggend verdwyn om sodoende die oggendhitte te verminder.

Madeiraberg ten noordweste en Long Hill aan die noordoostekant van Queenstown verhinder veral die bo-dorp om vir die volle aantal ure sonskyn te ondervind. In die winter het dit tot gevolg dat die son laat opkom en vroeg ondergaan.

TABEL 1.4

Aantal sonskynure wat Queenstown ondervind²⁷

1. Gemiddelde sonskynure per dag.
2. Die gemiddelde daaglikse sonskynure volgens die dorpsgeografiese ligging.
3. Gemiddelde sonskynure op 'n wolklose dag.

	J	F	M	A	M	J	J	A	S	O	N	D
1	9	8.5	6.3	6.6	5.1	4.9	7.7	5.8	9.9	8.1	6.4	8.1
2	14	13.2	12.6	11.2	10.7	10.5	10.6	10.9	11.9	12.9	13.8	14.5
3	13	12.6	11.5	9.3	8.9	8.0	8.7	9.4	10.7	11.0	12.3	13.1

Uit bostaande kan afgelei word dat die sonskynure gedurende die winter betreklik laag is. Aangesien die wintermaande hoofsaaklik wolkloos is, moet hierdie toestand aan die omringende heuwels toegeskryf word. Die sonskynmeter is in die bo-dorp naby Long Hill opgestel. Ongelukkig is daar nie gegewens van die suidelike dorpsgebied beskiikbaar nie. Aangesien dié gebied nie merkbaar deur heuwels beïnvloed word nie, sal die getal sonskynure gevolglik heelwat hoër wees.

Die heuwels/

27. Data deur mnr. Immelman verstrek.

Die newels is in 'n noordoostelike tot noordwestelike rigting t.o.v. die dorp geleë. Die noordelike dorpsgebied kry gevolglik minder sonskyn gedurende die winter. Aangesien die reënval hoofsaaklik in donderbuie voorkom, is die aantal ure waarin sonskyn verlore gaan, gering.

Die vraag kan nou gestel word of insolasie 'n merkbare invloed op die rigting van dorpsuitbreiding gehad het. Volgens die planologiese ontwikkelingskaart (Fig. 8) het die dorp aanvanklik in 'n noordelike rigting, m.a.w. in die rigting van Long Hill, uitgebrei. Dit is eers sedert 1960 dat grootskaalse uitbreiding suidwaarts geskied het. Hieruit kan afgelei word dat ander faktore die rigting van dorpsontwikkeling beïnvloed het en nie soseer insolasie nie.

1.4.2 Temperatuur

Die temperatuur van 'n dorp word grootliks deur ligging beïnvloed. Hier sal afstand van die see 'n besliste rol speel. Hoe nader aan die kus (veral aan 'n warm seestroom), hoe kleiner sal maksimum- en minimumtemperatuursverskille wees. Topografie speel hier ook 'n vername rol. 'n Dorp wat op 'n groot hoogte naby die ewenaar of die kus geleë is, ondervind groot temperatuursverskille.

Somertemperature: Die somers is warm en vertoon agt maande van die jaar 'n gemiddelde hoër as 22°C (70°F).

Alhoewel die gemiddelde hoog is, is die relatiewe vogtigheid laag, sodat die lug nie bedompig en neerdrukkend is nie.

Gedurende Januarie 1947 was die hoogste en laagste maksimumtemperatuur bv. 38°C en 17°C onderskeidelik gemeet: dit vertoon m.a.w. 'n temperatuurspeling van 21°C .

Hierdie uiterstes kan eerstens toegeskryf word aan die binnedringing van koue, vogtige suidoostelike lugmassas.

Tweedens kom wolklose en windstilte-dae voor. Laasgenoemde toestand bevorder intense insolasie en sodoende word die

lug verwarm/

lug verwarm. Terselfdertyd is die relatiewe voggehalte laag, nl. gemiddeld 38% om 2 nm.

Die warmste maand is Januarie met Februarie effens koeler. Alhoewel die relatiewe voggehalte tussen Januarie en Februarie met slegs 6% verskil, word lg. beskou as die maand met die ondraaglikste hitte. Gedurende die somer word gemiddeld 74.9 dae met temperature bo 30°C ondervind en die uiterste maksimum is 40.6°C .

Nagtemperatuur: Die maksimumtemperatuur toon ook 'n skommeling, bv. gedurende Januarie 1950 was die hoogste en laagste lesings 21°C en 11°C onderskeidelik - 'n speling van 10°C . Die gemiddelde maksimum- en minimumtemperatuur vir Januarie, d.w.s. 29.6°C en 14.5°C , gee 'n speling van 15.1°C .

Hierdie wisseling word toegeskryf aan die groot aantal wolklose nagte waarin uitstraling ongestoord plaasvind, asook aan lugmassas wat vanaf die kus die binneland binnedring en 'n afname in temperatuur teweegbring.

Gedurende die nagte van November tot Maart word geen ryp ondervind nie en die gemiddelde nagtemperatuur is 12.9°C .

Wintertemperatuur: Oor die algemeen ondervind Queens-town matige temperature met 10.3°C vir die laagste gemiddelde temperatuur. Daar is geen maand waarin die gemiddelde daaglikse minimum benede vriespunt is nie. Die uiterste minimum is -6.7°C en gedurende Julie word die ergste koue ondervind.

Volgens die Weerburo kan ryp vanaf April tot Oktober ondervind word, maar veral gedurende Mei tot Augustus, met Junie en Julie as die mees algemene maande. Jaarliks word gemiddeld 27.3 nagte met ryp ondervind. Dit kan geredelik aanvaar word dat daar agt rypvrye maande is.

Die dae is gewoonlik aangenaam en windloos behalwe gedurende Augustus/

durende Augustus wanneer die noordwestewind waai. Net soos in die somer is die daaglikse temperatuurspeling groot, bv. in Junie is die maksimum- en minimumtemperatuur 18°C en 2.6°C onderskeidelik. Dit gee 'n speling van 15.4°C .

Die gemiddelde maksimumtemperatuur is 21.1°C en die gemiddelde minimumtemperatuur is 5.6°C . Tussen dag- en nagtemperatuur is daar 'n verskil van 15.5°C . Dit kan toegeskryf word aan die hoedrukstelsel oor die binneland wanneer die lug vir dae stagnant en droog is. Hierdie toestand bring sterk insolasie mee en vinnige, intense uitstraling gedurende die nag met koel tot warm dae en koue nagte waarin selfs ryp voorkom. Daarby is die voggehalte van die lug laag, nl. 35% om 2 nm..

1.4.3 Heersende winde

Die opteken van statistieke i.v.m. plaaslike winde word nie deur die Queenstownse waarnemingstasie gedoen nie, maar noteer 'n dorpsbewoner[‡] wat o.a. 'n anemograaf besit, dieselfde gegewens. Alhoewel hierdie gegewens nie deur die Weerburo gekondoneer word nie, verskaf dit by gebrek aan amptelike statistieke, wel insiggewende data.

Uit 'n analise van die windrigtings en windsnelhede wat Queenstown gedurende die jare 1960 - 61 ondervind het, kan heelwat afleidings gemaak word.

In onderstaande tabel word die volgende aangedui:

1. i Dae waarin die weste- tot noordwestewind gewaai het.
 - ii Dae waarin die reën geval het.
2. i Dae waarin die ooste- tot suidoostewind gewaai het.
 - ii Dae waarin die reën geval het.
3. Gemiddelde windsnelheid in knope.

TABEL 1.5/

‡ Sien voetnote 27.

TABEL 1.5

Aantal Winderige Dae, Windrigting, Reën en Windsnelheid

		J	F	M	A	M	J	J	A	S	O	N	D
1	i N.W.-W.	13	8	13	12	18	20	17	18	14	12	8	12
	ii Reën	6	4	7	3	4	2	1	4	2	5	4	3
2	i S.O.-O.	10	12	11	6	4	2	1	4	5	7	14	14
	ii Reën	6	6	5	4	2	-	-	2	-	3	7	9
3	Knop	6.5	6.5	5.5	6	6	4	6	6.5	7.5	6.5	5.5	6.5

Uit bogenoemde gegewens kan afgelei word dat die noordweste- en suidoostewind oorheersend is.

Gedurende die winter is dit veral die noordwestewind wat kuswaarts beweeg en sy grootste frekwensie gedurende Augustus bereik. Gedurende die wintermaande is die suidooste- en oostewind gering.

In die somermaande kom die suidoostewind meer dikwels as in die wintermaande voor.

Queenstown ondervind matige winde, en kom stormwinde selde voor. 'n Tornado het egter in Desember 1959 oor die dorp getrek en heelwat skade tot gevolg gehad.

TABEL 1.6

Gemiddelde Windrigtings van Oos-Londen²⁸

	N	N.O.	O	S.O.	S	S.W.	W	N.W.
Januarie	1.4	21.6	1.8	1.2	2.1	18.3	3.9	.8%
Julie	6.1	8.5	.3	.2	1.1	6.6	11.4	16.4%

Uit bostaande gegewens (persentasies) blyk dit dat gedurende die somermaande noordooste- tot suidwestewinde waai; gedurende die winter is dit veral die noordweste- tot westewinde.

Hoe het heersende winde die keuse van die aanleg

bepaal?/

bepaal? Die huidige terrein word in 'n mate beskut deur die omringende heuwels, bv. Madeiraberg aan die noordwestekant en Long Hill aan die noordoostekant.

1.4.4 Reënval

Die reënvalgegewens vir die maande Januarie tot Junie wat beskikbaar is, strek oor 'n periode van 91 jaar en die maande Julie tot Desember oor 90 jaar. Die eerste aange-tekende reënvalverslag dateer vanaf Januarie 1873. In die Openbare Tuin is 'n reënmeter waar die reënval deur die Weerburo se waarnemingstasie 123 / 683 gemeet word.

Die weer en klimaat van Suid-Afrika, veral in die Westelike Provinsie, word beïnvloed deur 'n min of meer stabiele subtropiese hoogdrukgebied en 'n opeenhoping van sikloniese en anti-sikloniese steuringe met die Suid-Atlantiese Oseaan as oorsprong wat die binneland vanuit 'n westelike rigting nader. ²⁹

Hierna ontwikkel die weerstoestande as volg: „This type of weather situation often synchronises with the passage of an anticyclone moving around the coast from the west towards the northeast which, whilst gathering moisture as it proceeds over the warm ocean (Agulhas and Mocambique currents), forces southeasterly to easterly moist air against the escarpment, causes orographic rain” ³⁰

Die grootste deel van Queenstown se neerslag is a.g.v. konveksiereëns en kom as donderstorms voor. Omdat hierdie storms 'n lokale ontwikkeling met 'n relatief klein horisontale deursnee het, gaan die stortbuie gewoonlik gepaard met donderweer, weerlig asook noordwestewinde en word dit oor 'n beperkte gebied versprei.

Volgens statistieke deur die Weerburo verskaf, blyk
dit dat/

29. Ibid., no. 30, 1960, - p. 2.

30. Ibid., p. 2.

dit dat gemiddeld in 37.3 dae per jaar donderstorms voorkom en veral gedurende die maande Februarie, Januarie, November, Maart en Desember in dalende volgorde. Gedurende die winter is hierdie vorm van neerslag minimaal.

TABEL 1.7

<u>Reënvalverspreiding</u> ³¹				
Oos-Londen	61%	gedurende	die	somer
Umtata	74%	"	"	"
Aliwal-Noord	75%	"	"	"
<u>Queenstown</u>	77%	"	"	"

Omdat die reënval hoofsaaklik 'n donderstormtipe is, is dit baie wisselvalig en onbetroubaar. Die neerslag kom dus in stortbuie voor, gevolglik loop die meeste water weg sodat dit nie ten volle benut kan word nie.

Jaarliks val daar gemiddeld op 3.3 dae hael.³² Hael is hoofsaaklik tot die somer beperk en kom in Januarie, Februarie, Desember, November in dalende volgorde voor.

Dit sneeu jaarliks, veral gedurende Augustus, op die berge wat Queenstown omring, asook op die Katberge en Stormberge. Die laaste sneeuval wat die dorp ondervind het, was gedurende 1931 en daarna eers weer in 1967 toe 'n sneeu 'n paar duim dik gelê het.

Reliëfreën word ook ondervind wanneer ooste- en suidoostewinde vogtige lugmassas die binneland invoer: "Occasionally over the interior light rains occur with an east to northeast wind, less frequently with a south-east wind, and continue for three days or more (hence frequently described as, three-day rains)".³³

Uit die grafiese voorstelling (Fig. 5) is dit ook duidelik dat gedurende die wintermaande, veral tydens Junie, Julie en Augustus/

31. Moulton, F.L., East London and its Geographical Setting, p. 30.
 32. Data deur Weerburo verstrek.
 33. Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, no.7, 1910 - 1924, p. 57.

Julie en Augustus, die gemiddelde reënval min of meer 12 mm. is. Die maand met die hoogste reënval is Februarie, gevolg deur Maart, Januarie, Desember en November.

Queenstown vertoon 'n seisoensritme wat reënval betref met 'n maksimum in die laat somer. Van die gemiddelde jaarlikse reënval (560 mm.) beslaan die somerreënval (Oktober - Maart) 440 mm. wat aantoon dat 75% van die reën gedurende die somer voorkom.

Gedurende die somermaande is die relatiewe voggehalte om 8 vm. en 2 nm. gemiddeld 72% en 38% onderskeidelik. Gedurende die winter is dit 70% en 35%. Hoewel die voggehalte (om 2nm.) die hoogste gedurende die reënvalmaande is, is die verskil tussen die maand met die laagste relatiewe voginhoud (September) 28% en die hoogste voginhoud (Maart) 45%, d.w.s. 17%.

'n Algemene bewering dat Queenstown se reënval besig is om te verminder, kan na bestudering van Fig. 4 verwerp word. Dit is egter bekend dat Suid-Afrika gedurende die laaste aantal jare van die vorige eeu, en aan die begin van die huidige eeu, 'n besonder goeie reënval ondervind het. Hierdie verskynsel is ook in Queenstown te bespeur. In hierdie verband verklaar Board: "Both East London and King William's Town, however, have indications of a period of years with more wet days in the first decade of this century." 34

1.5 DREINERING

Die aanwesigheid van water was destyds van primêre belang: "I have appointed a provisional land commission ... to select and recommend in the first place a site for a village, with the advantages of water and capabilities of irrigation; these are requisites generally as difficult to be found as they are indispensable in this arid country;

but a place/

but a place has already been suggested on the Bush or Komane River only 20 miles in advance of the present occupied line " 35

In die omgewing van Queenstown is 'n breë vallei wat deur berge omring word en ongeveer 25 myl lank is. Deur hierdie vallei kronkel die Komanirivier. Die dorpie kon op 'n hele aantal terreine langs die rivier aangelê word, maar t.o.v. die keuse van die huidige standplaas was daar heelwat belangrike beweegredes.

Die riviertjie is klein en gedurende droogtetye bevat alleen die bo-lope water. Laer af was daar dus vir periodes geen water beskikbaar nie. Dit is as gevolg hiervan dat die huidige terrein gekies is. Op die dorpsplan van 1853 word daar aangedui dat water na enige deel van die dorp m.b.v. leivore geneem kon word. Verder was die gevaar van oorstroming deur die klein riviertjie minimaal. Langs die oewer was daar geen moerasse of vleiagtige grond nie. Laer die rivier af word hierdie ideale toestand nie ondervind nie.

Alhoewel Queenstown in 'n redelik droë streek geleë is, word die distrik deur 'n aantal standhoudende riviere en spruite dreineer.³⁶ Hierdie strome is snelvloeiend en gevolglik is moerasse en nat vleie ongekend. Die jaarlikse gemiddelde reënval van 22 dm. of 560 mm., wat hoofsaaklik in die somer val, bring mee dat die watervlak gedurende die wintermaande daal. Sommige riviere soos die Klaas-smits- en Komaniriviere bevat dan min of geen water nie.

Aan die noordoostelike kant van Queenstown, teen Hangklipberg, ontstaan 'n sytak van die Witkeirivier wat ten ooste van Cathcart by die Swartkeirivier aansluit.

Die Swartkeirivier/

35. Murray, J., op.cit., p. 157.

36. Kaart in besit van Afdelingsraad.

Die Swartkeirivier ontspring in die Winterberge, m.a.w. ten suidweste van die dorp. In die omgewing van Whittlesea sluit die Klipplaatrivier wat vanuit 'n suidelike rigting noordwaarts vloei, by die Swartkeirivier aan.

Hierdie twee riviere sal vir die toekomstige ontwikkeling van Queenstown ten volle ingespan kan word. 'n Skema vir die voorsiening van water aan die dorp vanuit die Klipplaatrivier is reeds voltooi.

Die Klaassmitsrivier ontspring naby Sterkstroom, en 'n paar myl ten weste van Queenstown ontmoet dit die Lesseytonrivier wat vanuit 'n noordelike rigting vloei. Ten suide van Queenstown sluit ook die Komanirivier daarby aan om uiteindelik in die Swartkeirivier te vloei.

Dit is dan ook die Komanirivier wat op die huidige tydstip vir die dorp van belang is. Hierdie rivier ontspring ten noordooste van Queenstown as die Bongolorivier en vloei dan in die Bongolodam. Daarvandaan staan die rivier bekend as die Komanirivier en vloei dan deur die suidelike wyke van die dorp. Hierdie rivier voorsien in byna al die dorp se huidige waterbehoefte.

Dit blyk dus, indien Queenstown in een van die Regering se sg. Grensnywerheidsdorpe gaan ontwikkel of indien intensiewe besproeiing beoog word, dan kan die dorp betreklik maklik volop watervoorrade bekom.

1.6 GRONDGESTELDHEID

Volgens die Geologiese Opname, is daar nog geen intensiewe geologiese navorsing in die Queenstownse omgewing gedoen nie. Queenstown word onder die Sisteem Karoo geklassifiseer en wel onder die Serie Beaufort (Triassiese periode).

Ten noorde van Queenstown, in die omgewing van die Stormberge, kom die Moltenobedding met 'n dikte van 2,000 vt.

waarin sandsteen/

waarin sandsteen, leiklip en konglomerate met dun steenkool-lae aangetref word, voor. Die vulkaniese bedekkingslaag wat oor die Bantoegebiede van Oos-Kaapland voorkom, strek verby Queenstown en verdwyn in die Stormberge.

Wat is die grondgesteldheid t.o.v. die terrein waarop die dorp aangelê is? Aangesien geen geologiese of grondkaart van Queenstown bestaan nie en voorts geen wetenskaplike verslag oor die geskiktheid van die gronde vir bou-doeleindes uitgebring is nie, is 'n baie oorsigtelike en elementêre kaart van die grondgesteldheid van Queenstown as uitgangspunt gebruik. Daar word basies tussen twee soorte gronde onderskei, nl. ideale bougronde en swak bougronde. Sien Fig. 7.³⁷

In Bergsig bied die voorkoms van potklei heelwat bouprobleme en is die rotslae voorts ook betreklik diep geleë.

Windsor ondervind heelwat minder probleme as Bergsig. By die Hangklip-Hostel het daar egter probleme opgeduik, so het bv. die plankvloere opgetrek. Dit is moontlik te wyte aan rotslae naby die grondoppervlakte en die aanwesigheid van potklei daarop; gevolglik word die water hierdeur verhoed om dieper in die grond weg te syfer.

Westbourne het 'n diep potkleilaag. Dié gebied is waterryk en water word betreklik vlak raakgeboor. Hierdie uitbreiding ondervind baie probleme o.a. mure wat bars en gevolglik word dit as die swakste terrein vir boudoeleindes beskou.

Sandringham en Southbourne word as die beste bouterrein beskou. Die bogrond bestaan hoofsaaklik uit goeie leemgrond en is gemiddeld sowat drie voet diep. Onder die bo-laag word gruis aangetref. Alhoewel water op 'n diepte van sowat 35 vt. aangetref word, skep dit geen bouprobleem/

37. Kaart saamgestel m.b.v. die bou-inspekteur en twee plaaslike boukontraakteurs, nl. mnre. Whitson, Stone en Russel.

probleem nie. Die rotslae is hier diep onder die oppervlakte en die grond is goed gedreineer.

Die sentrale dorpsgebied het 'n dun lagie potklei. Die rotslaag kom baie na aan die oppervlakte voor. Daar is 'n aantal geboue in Cathcartweg-Oos waar heelwat skade aan vloere aangerig is. Moontlik dien die mure as kapillêre buise waardeur die water na die oppervlakte syfer. Daar is in hierdie gebied 'n ondergrondse kanaal waarlangs die syferwater dreineer word. Boubedryghede geskied hier egter sonder veel probleme.

In die omgewing wes van Bowkerskop is daar ook potkleivoorkomste. Die watervlak is egter diep en boorgate is ongeveer 200 vt. diep. Die grondlaag wat sowat 4 vt. diep is, bestaan gevolglik uit droë grond. Hier is nie noemenswaardige bouprobleme nie.

2.1 GEBIEDSBESETTING

Dickinson wys op die belangrike wisselwerking tussen die geskiedenis en stedelike funksies van alle nedersettings en verklaar: „Recent researches by geographers have been largely directed to the quantitative analysis of urban problems, whereas the real quality of cities in their regional relations can only be adequately appreciated in the light of their history, in other words, through the historico-geographic approach. History reveals that the essence of the city lies in its ability to serve and lead the civilization that gives rise to it Even a strict economic interpretation of a city's functions require a historical evaluation”¹

Die geskiedenis van Queenstown begin by die eerste groep pioniers wat hulle in die middel van die vorige eeu in die vrugbare, maar destyds gevaarlike, Komani-rivier-vallei gevestig het.

Queenstown moes dien as skakel in 'n reeks grensvoorposte wat die skeiding was tussen dié gedeelte van die Oostelike Kaap, wat deur blanke nedersetters bewoon was, en die aangrensende Bantoegebiede.²

Die Agste Kafferoorlog het tussen 1850 - 1853 plaasgevind. Sir George Cathcart is gedurende 1852 as goewerneur van die Kaapkolonie aangestel.

Om hierdie lang en duur oorlog te probeer beëindig, was dit ook noodsaaklik om nog 'n verdedigingsvesting te stig. Hierdie nedersetting moes ten noorde van die heel noordelike besette gebied, d.w.s. Whittlesea, wees; daarom is

die dorp/

1. Dickinson, R.E., „The City in History”, in Annals of the Association of American Geographers, 1962, pp. 835 - 864.
2. Queenstown se Eerste 100 Jaar, 1953, p. 9.

die dorp aangelê in Noord-Victoria wat nog feitlik geen blanke inwoners gehad het nie.

Toe die eerste blankes agter die Katbergreeks ingetrek het, was die gebied deur swerwende Boesmans en Hottentotte bewoon. Die enigste sigbare tekens van beskawing in hierdie gebied was 'n militêre hoofpad en 'n sendingstasie op Whittlesea: "Along this route lay an early road to various mission stations such as Dohne, Goodwood, Howick and Whittlesea in what was known as Tambookie country." ³

Gedurende die jaar 1820, en ook daarna, het Tsjaka verwoesting onder die Tembu- of Tamboekie-stamme, tussen die Bashee- en Umtatarivier gesaai. Hierdie stamme het hul tussen die Swartkei- en Klipplaatrivier kom vestig. Die gebied is in 1847 deur Sir Harry Smith as gedeelte van die afdeling van Noord-Victoria geproklameer.

Queenstown en omliggende distrikte was oorspronklik deur naturelle bewoon, maar is later tot blanke gebied verklaar: "....., but in 1860 the Chief Commissioner of Roads of the Cape Colony, referring to the section of the road from Grahamstown to Keiskamma River, said: , the occupation of the divisions of Queenstown, Albert, Aliwal-North, Victoria, Peddie and Stockenstroom, and Kaffraria has converted a Country formely occupied by Natives into an extensive wool-producing district,". ⁴

Die grondgebied waarop Queenstown later aangelê sou word, is oorspronklik deur Tamboekies van wie Mapassa en sy volgelinge 'n deel uitgemaak het, bewoon. Vandaar het hulle plundertogte op die Oosgrensboere geloods.

Noodgedwonge is daar dan na die Sewende (1846) en Agste Kafferoorlog (1850 - 53) blanke kolonisasie aange-

moedig:/

3. Board, C., The Border Region, p. 133.

4. Hobart Houghton, D., Economic Development in a Plural Society (Studies in the Border Region of the Cape Province), p. 193.

moedig: „Een gevolg van die twee oorloë was dat daar nou twee groot distrikte van die Oranjerivier tot by die Amatolaberge by die Kolonie gevoeg is: Albert, met die hoofdorp Burgersdorp, wat in 1847 aan die Stormbergspruit aangelê is, en Queenstown, rondom die netjiese dorp wat in 1853 na die Engelse Koningin genoem is." 5

Weens die Bantoe se aggressiewe houding het Sir George Cathcart, die goewerneur van die Kaapprovinsie, besluit om hierdie gebied deur die Bantoe te laat ontruim en blanke koloniste daar te plaas.

Hierdie vrugbare gebied kon egter nie leeg lê nie en sir George Cathcart het dan ook verklaar dat: „The only way in which South African Aborigines whom it may have been necessary to expel from their former locations can be prevented from returning is by immediately replacing them by some other occupants." 6

2.2 REDES VIR DIE STIGTING VAN QUEENSTOWN

Die belangrikste beginsel in hierdie „militêre“ kolonisasieskema was dat die gemeenskap wat daar gevestig word, selfonderhoudend moes wees en self vir hulle eie verdediging moes sorg. Die gebied moes as 'n buffergebied tussen die Kolonie en die Bantoegebiede dien. So 'n plan sou ook by Brittanje byval vind, want dit bied 'n goedkoop plaaslike verdedigingstelsel i.p.v. troepe wat spesiaal aangehou moes word, aldus Lombard.⁷

Die rede waarom Queenstown tot stand gekom het, was omdat dit, soos reeds vermeld, as 'n skakel in die ketting van verdedigingsposte o.a. te Tylden, Dohne, Fort Cunningham, Whittlesea, ens. moes dien.

Walker skryf/

5. Böeseken, A.J., Krüger, D.W. en Kieser, A., Drie Eeue, p. 83.
6. Murray, J., Correspondence of General Sir George Cathcart, 29.11.1852, p. 156.
7. Lombard, P.J., op.cit., p. 87.

Walker skryf dat na die Agste Kafferoorlog van 1850 - 53: „The Europeans were grouped together as far as possible and held their farms on perpetual quit-rents as a check to land speculation. Thus Cathcart proposed that the old Ceded Territory and its northward prolongation in Queenstown should form a buffer between the Colony and British Kaffraria filled with a mixed population of Europeans, Hottentots and loyal Bantu. Cathcart's policy in British Kaffraria had been different. , Military control, and not colonization induced me to retain Kaffraria as a separate government instead of annexing it to the Cape Colony or abandoning it,' " 8

'n Memorandum opgetrek deur assistent-kommissarisse Owen en Ebdon en goedgekeur deur Sir George Cathcart, bevat die volgende ses punte t.o.v. die kolonisasie van Queenstown:

i) Stappe moes gedoen word tot die inbesitneming van dié gebied van Noord-Victoria wat van die Tamboekies weggeneem is.

ii) Die vernaamste oogmerk van Sy Eksellensie was om 'n dorp vir verdedigingsdoeleindes aan die Komani- of Bushrivier ongeveer 18 myl van Whittlesea te stig en stappe moes dadelik deur die Landmeter-generaal se departement gedoen word vir die uitlê van die erwe met deeglike inagneming van die geskiktheid van die rangskikking van die strate, ens.

iii) Tegelykertyd was dit noodsaaklik dat stappe gedoen moes word om te voorsien in die pastorale en landboukundige inbesitname van die onbewoonde gebied tussen Whittlesea en die genoemde dorp.

iv) Vir die uitvoering van bogenoemde maatreëls was dit nodig dat 'n Raad benoem word.

v) Dit sou/

v) Dit sou die plig van die Raad wees om aansoeke van persone wat begerig was om bewoners van die dorp en aangrensende gebied te word, te ontvang. Die besliste instruksie was egter dat die bewoning van die dorp eerste verseker moes word.

vi) By die ontvangs en optekening van bogenoemde aansoeke, moes voorkeur aan diegene wat aktief betrokke was in die verdediging van hul land gedurende die onlangse tye van gevaar, gegee word.⁹

In Januarie 1853 het die Raad dan ook te Whittlesea vergader om die aansoeke te ontvang en op te teken.¹⁰

Die plan van Queenstown verskil dan ook van dié van ander dorpe daarin dat sy funksie hoofsaaklik VERDEDIGING was. Soos daar uit die instruksies sal blyk, moes die dorp vir verdedigingsdoeleindes ontwerp word. In die middel van die dorp is daar 'n oop seskantige terrein wat die heksagoon genoem word. Vanuit hierdie terrein straal daar ses strate na alle rigtings. Die idee was dat die heksagoon as 'n laergebied moes dien indien die dorp aangeval sou word.

Cathcart was baie tevrede met die straatplan wat Robinson aan hom gestuur het en waarin verdediging 'n primêre rol moes speel. Hy skryf dan ook aan laasgenoemde: "You have precisely carried into affect, the idea I had formed, of a town equally adopted for convenience and comfort in quiet times, and for defensibility and security in case of Tambookie or kaffir annoyances should they ever again disturb the peace of that part of the country in which it is situated." ¹¹

2.3 AANLEG/

9. Lombard, P.J., op.cit., p. 87; vgl. D.S.G.E.P. 1: "Government Letters Received", Southey-Robinson, 4.12.1852, no. 1.
10. Ibid., p. 88.
11. Ibid., p. 89; vgl. D.S.G.E.P. 1: "Government Letters Received", Cathcart-Robinson, 16.2.1853, no. 5a.

2.3 AANLEG VAN QUEENSTOWN

Die distrik van Queenstown is amptelik in September 1853 geproklameer, maar die datum van die ontstaan van die dorp, d.w.s. die aanbou van die eerste huis, is ietwat onseker. In die munisipale rekords word daarop gewys dat in 1850 reeds 'n aantal huise bestaan het en dat die munisipalê gebied voor 25 November 1852 opgemeet is, want toe is daar al 'n brief aan die sg. „Land Commission” te Whittlesea gerig.¹²

Deur 'n regeringskennisgewing, gedateer Desember 1852, het sir George Cathcart 'n kommissie aangestel: „The first task was to set up a Provisional Land Commission. This consisted of the Rev. H. Calderwood (President and Civil Commissioner of Victoria), M. Robinson (Assistant Surveyor-General), W. Shepstone, J. Zeiler (a Dutch gentleman) and H. Bowker (an English gentleman). It was their task to select and recommend a site for a village, with the advantage of water.”¹³

Assistent-landmeter-generaal Robinson, gevolg deur landmeter Woodfield, is onmiddellik na die gebied waar Queenstown aangelê sou word. Dit het gevolg op die kommissie se vergadering te Whittlesea om Queenstown te stig en nadat sir George Cathcart die memorandum van Thomas Bowker (toenmalige kommandant van Whittlesea) waarin daar bepaal is dat die gemeenskap intrek in die streek sou neem, selfonderhoudend en in staat moes wees om hulle self te verdedig, aangeneem het. Bowker se memorandum het origins 'n besondere plan vir die aanleg van die dorp wat in hierdie streek sou ontstaan, bevat. Genoemde het dus oorspronklik aan die idee van 'n heksagonale dorpsaanleg gekom.¹⁴

Die terreinplan/

12. Centenary of Queenstown (1853 - 1953), 17.9.1953, p. 3.

13. Ibid., 16.9.1953, p. 3.

14. Queenstown se Eerste 100 Jaar, Eeufeesuitgawe, 1953, p. 10.

Die terreinplan is egter deur Robinson opgestel:

"For the Hexagon, the unique and most attractive feature of the town's lay-out, Queenstown has to thank surveyor M.R. Robinson. He had defence primarily in mind, but took the long view as well, and designed the six streets projecting from the hub." ¹⁵



Lugfoto no. 1. Die sentrale heksagonale straatpatroon.

Die heksagonale straattipe ¹⁶ het sy ontstaan in die laat Middeleeue gehad. Die katedraal was gewoonlik sentraal geleë met beskermende mure daaromheen. Toe die kanonne egter in oorlogvoering aangewend is, moes die geniekorps stervormige mure ontwerp om sodoende die koeëls beter te weerstaan, bv. Nizza (1480). In die geval van Karlsruhe (1750) was die Paleis in die middel met die administratiewe kantore naby die sentrale gebied. Straate het radiaal vanaf die paleis na die buitewyke geloop. Versailles (1668) se radiale straatpatroon moes inskakel by die pragtige tuin-uitleg en is Washington (1791) weer

so ontwerp/

15. Centenary of Queenstown (1853 - 1953), 16.9.1953, p. 3.
 16. Taylor, G., Urban Geography, pp. 158 - 165.

so ontwerp dat die inwoners rondom die land se hoof administratiewe geboue kon woon.

Canberra (1908) bestaan uit 'n aantal strate wat na verskillende sentrale punte loop. Die stad bestaan uit 'n aantal spinnerak-straatpatrone met hul onderskeie kerne.¹⁷

Oor die doel wat hierdie besondere tipe straatplan moes vervul, verklaar Smailes: „Renaissance and Baroque townplanning introduced new aesthetic and military principles into the designs for towns conceived in the grand manner for autocratic rulers. The grid plan did not fall into desuetude, but others, such as the spiderweb or radioconcentric plan, were used, as at Versailles, St. Petersburg, and Karlsruhe.”¹⁸

Floyd verwys ook na die besondere en unieke straatplan, veral t.o.v. Queenstown en verklaar: „So te sê almal, (d.w.s. Suid-Afrikaanse dorpe en stede) met die uitsondering van Queenstown, is op die roosterpatroon beplan. Met Queenstown is van die seshoekpatroon, in die sentrale deel, gebruik gemaak, en daarna is daar met ongelukkige gevolge op 'n baie onoordeelkundige wyse tot die roosterpatroon oorgeslaan.”¹⁹

Volgens die oorspronklike terreinplan moes Queenstown die vorm van 'n wawiel aanneem. Vanuit die heksagoon moes die strate na buite straal. Om die middelpunt sou strate min of meer sirkelvormig loop bv. Robinsonweg. Met Alexandraweg is die plan gedeeltelik uitgevoer, want gedurende 1879 wou die dorpsbestuur die oorspronklike wawielpatroon nog verder voer: „..... to select the recreation ground for the purpose of having the site of said ground moved to the eastward side of Shepstone Street

..... the recreation/

17. Ibid., pp. 358 - 363.

18. Smailes, A.E., The Geography of Towns, p. 105.

19. Floyd, T.B., „Stadsbeplanning in Suid-Afrika”, in Lantern, Vol. 2, no. 1, Aug. 1952, pp. 33 - 38.

.... the recreation ground was in direct line of the continuation of Shepstone Street" 20

Hierdie plan is egter later laat vaar, omdat dit o.a. die graadhoek by uitmeting van die erwe baie bemoeilik het. 21

Daar is reeds aangetoon hoedat die beplanning en besetting van die Queenstownse nedersetting deur 'n benoemde Raad, vanuit Whittlesea plaasgevind het.

Deur 'n regeringskennisgewing, gedateer 3 Desember 1852, het sir George Cathcart die here Calderwood, Shepstone, Zeiler, Bowker en Robinson as lede van die Raad aangestel. Laasgenoemde het later voorsitter van die Raad geword. Die doel van die Raad was om 'n dorp aan die Bush- of Komanirivier, sowat 18 myl van Whittlesea, te stig, asook om die omliggende gebied vir landbou en veeboerdery oop te stel. 22

Reeds gedurende Januarie 1853 het die Raad te Whittlesea vergader om die aansoeke van voornemende koloniste in die nuwe dorp en distrik, wat in die vooruitsig gestel is, te ontvang en op te teken. 23

Terwyl die Raad te Whittlesea nog besig was om aansoeke te ontvang, het Robinson na die plek waar die nuwe dorp aangelê moes word, vertrek. Landmeter Woodfield sou op 20 Februarie van Kaapstad na Queenstown reis om hom behulpsaam te wees en landmeter Van Reenen het ook opdrag ontvang om so spoedig moontlik na Queenstown te gaan. 24

Die vraag kan gestel word of Queenstown as 'n faset in 'n breër streeksbeplanning, soos in die geval van die Vrystaatse/

20. Notuleboek 5, Munisipaliteit van Queenstown, Vergadering 29.9.1879.

21. Volgens mr. Dashwood, 'n voormalige stadsklerk.

22. Lombard, P.J., op.cit., p. 87; vgl. C.O. 5842: "Government Notice and Proclamations", 1852.

23. Lombard, P.J., op.cit., p. 30, vgl. D.S.G.E.P. 25: "Letters dispatched", 9.2.1853 - 26.5.1854, Robinson Liddle, 30.8.1853.

24. Lombard, P.J., op.cit., p. 88.

staatse Goudveldkompleks, beplan is. Het Queenstown 'n natuurlike ontstaan gehad? Hoewel nie uiters opsigtelik nie, het streeksbeplanning 'n rol gespeel, want in die stigtingsgeskiedenis is verklaar dat Queenstown: "..... as skakel in 'n reeks grensvoorposte", moes dien.

Alhoewel die eerste stadsbeplanningskemas in 1933 in Suid-Afrika 'n aanvang geneem het ²⁵ en Queenstown reeds in 1853 aangê is, kan die betrokke instansies nie van algemene kortsigtigheid beskuldig word nie. Die goewerneur het eerstens 'n kommissie aangestel om 'n terrein vir die aanleg van 'n dorp uit te soek. Daarna is die ontwerpplan sorgvuldig saamgestel sodat opmetings met die oog op 'n permanente nedersetting gedoen kon word.

Die stigting, aanleg en uitbouing van Queenstown het in 'n moderne industriële of tegnologiese era geskied nie. Persone, soos o.a. Bowker en Robinson, het egter die grondslag vir 'n mooi en goed beplande dorp, wat in 'n skilderagtige omgewing geleë is, gelê.

Reeds op 9 Februarie 1853 stuur Robinson aan die sekretaris van die goewerneur die eerste sketsplanne van Queenstown en vra hom om die plan aan Cathcart voor te lê.²⁶

Cathcart was baie tevrede met die plan wat Robinson aan hom gestuur het. Hy skryf dan ook aan Robinson, dat hierdie dorpie aan sy doel as verdedigingsvesting en as 'n gewone dorp sal beantwoord.

Cathcart het verder voorgestel dat die straat wat die heksagoon omring na Robinson vernoem moes word en dat die ander vier strate wat van die seskant uitstraal, die name van die ander vier raadslede moes kry, nl. Calderwood, Shepstone, Bowker en Zeiler. Cathcart het ook die voorstel dat/

25. Floyd, T.B., op.cit., pp. 33 - 38.

26. Lombard, P.J., op.cit., p. 89., vgl. G.S.G.E.P.: "Letters Despatched", 9.2.1853 - 26.5.54.

voorstel dat die hoofstraat na hom vernoem word, aanvaar.

Ratcliff het tereg opgemerk: „Thus in most of the cities of the land, the skeleton of the street and utility systems is a relic of earlier times, and a majority of the buildings are representative of generations past”.²⁷

Wanneer die oorspronklike straatplan (Foto 1.) met die huidige plan vergelyk word, dan blyk Ratcliff se stelling ook in die geval van Queenstown waar te wees.

Om 'n goeie begrip van die oorspronklike dorpsuitleg te verkry, het die bestudering van die eerste dorpsplan (1853) waardevolle gegewens opgelewer. Die replika (in die plaaslike museum) van die oorspronklike kaart (tans in die Londense Museum) bevat dan ook heelwat interessante en belangrike inligting.

Kenmerkend is die besondere ontwerp van 'n breë straat, nl. Cathcartweg met Joubert- en Cathcartplein aan die westelike en oostelike eindpunte onderskeidelik. In die middel is die heksagoon waaruit nog vier nouer straatjies, nl. Zeiler-, Shepstone-, Bowker- en Calderwoodstraat straal. Hierdie vier strate is heelwat smaller as Cathcartweg.

Die Komanirivier (Komaney op oorspronklike plan) het reeds op daardie tydstip inbreuk op die uitvoering van die voorgenome wawiel-straatpatroon gemaak. Dit was toe al duidelik dat deur slegs die rivierloop te verander, en baie ander verbeteringe aan te bring, die plan werklikheid kon word.

Watervoorsiening was van primêre belang, want langs die rivier staan geskryf: „Reservoir from which the water to be led above any part of town.”

Soos reeds vermeld het Robinson op 9 Februarie 1853 die eerste skets van die plan van Queenstown aan die sekretaris van/

27. Ratcliff, R.U., „Internal Arrangement of Land Uses”, in Mayer, H.M. en Kohn, C.F., Readings in Urban Geography, pp. 277 - 286.

retaris van die Goewerneur gestuur. Robinson verduidelik dat die eerste erwe gedurende die eerste week van Februarie 1853 uitgegee is. Die erwe wat op die plan in rooi gekleur is (53), is alreeds uitgegee en die mense is besig om dit te omhein en te bewoon. Die erwe wat in blou gekleur is (20), is gereserveer vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk.²⁸



Foto no. 2. Die oorspronklike dorpsuitleg (1853).

Die eerste erf is aan mnr. John Staples teen 'n totale bedrag van £4 - 10s verkoop. Teen 1950 was dieselfde erf en geboue se waarde £200,000.²⁹ Vandag is Woolworths Bpk.,
op erf/

28. Lombard, P.J., op.cit., p. 88; vgl. D.S.G.E.P.: 25 : "Letters Despatched", 9.2.1853 - 26.5.1854, p. 1.

29. Centenary of Queenstown (1853 - 1953), 16.9.1953, p. 3.

op erf 2299 wat vroeër as erf 1 bekend gestaan het, geleë.

Die eerste 50 erwe wat elk 'n halwe acre groot was en wat aan bona fide bewoners verkoop is, het altesaam £4 10s per erf gekos. Die erf self het slegs £2-00 gekos, maar dan moes elke koper £1 10s vir opmetingskoste en dorpsgrond betaal en £1-00 vir die bou van 'n dam en 'n watervoor vir die dorp. Die erf moes ook binne 'n sekere tyd bebou en omhein gewees het. Vyftig ander erwe is verkoop teen £7 10s stuk aan persoonlike applikante op voorwaarde dat dit binne drie maande omhein moes word. Die erwe het £5-00s gekos, maar die koper moes £1 10s vir opmeerkoste en dorpsgrond betaal en £1-00 vir die bou van die dam en die watervoor.

Laasgenoemde erwe is vir die boere van die distrik bedoel. Dit sou hulle geleentheid gee om 'n erf in die dorp te bekom waarop hulle 'n huis kon bou wat aan hulle 'n belangstelling in die dorp sou verseker.

Cathcart het ook die voorstel dat £50-00 uit die opbrengs van die erfverkope aangewend moes word vir die bou van die dam, goedgekeur. Die ander erwe sou voortaan op die gewone manier per openbare veiling verkoop word, want die Raad het gemeen dat hulle doel met die stigting van die dorp reeds bereik was.

Daar is grond gereserveer vir openbare geboue, Wesleyaanse en Anglikaanse Kerkgeboue en die reedsgenoemde 10 acre (20 erwe) vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Laasgenoemde erwe sou op die volgende voorwaardes aan die lede van die N.G. Kerk gegee word:

- (i) Die erwe sou alleen aan persone wat dit binne ses maande vanaf 28 Januarie 1853 bewoon, verkoop word.
- (ii) Die geld wat uit die verkoop van erwe verkry word, sou vir die oprigting van 'n kerkgebou in Queenstown aangewend word.

(iii) Indien /

(iii) Indien daar nie aan hierdie voorwaardes binne twaalf maande vanaf 28 Januarie 1853 voldoen word nie, sou die erwe staatseiendom word.

Daar is gemeen dat die Afrikaanssprekendes - wat baie geheg aan die kerk was - dadelik groot belangstelling in die nuwe dorp sou toon indien daar eers 'n kerkgebou was.³⁰

Die dorp het aanvanklik uit 'n paar blokke bestaan. Ses hiervan (86, 87, 88, 96, 97, 98 - sien Fig. 9), deur Robinsonweg begrens, vorm die heksagoon. Aan weerskante van Cathcartweg en wel ten weste ten ooste van Robinsonweg onderskeidelik, word slegs vier langwerpige blokke (83, 85, 89, 90, 91, 92, 93, en 94, 95, 99, 101, 102) aangetref. Hierdie blokke word aan die noordekant deur Tylden- en Ebdstraat en aan die suidekant deur Joubert- en Owenstraat begrens. Aan die westelike en oostelike eindpunte was Joubert- en Cathcartplein onderskeidelik.

Net soos die seshoek deur Robinsonweg begrens word, is die twaalfhoekige Alexandraweg daaromheen geleë. Noord van Robinsonweg-noord en aan weerskante van Zeiler- en Shepstonestraat was drie blokke (74, 75, 64, 65, 76) en suid van Robinsonweg-suid was drie blokke (105, 110, 111, 106).

Slegs die vier langwerpige blokke en die ses vierhoekige blokke om die heksagoon is in erwe verdeel. Die onderskeie skakerings op die kaart dui o.a. die erwe aan wat gratis aan kerklike instellings, asook teen die onderskeie bedrae verkoop is.

Die erfgroottes op blokke 86, 87, 88, 96, 97 en 98 het a.g.v. die blokke se vorm verskillende groottes gehad. Die heel besondere wyse waarop Queenstown uitgelê is,

bring egter/

30. Lombard, P.J., op.cit., pp. 88 - 89.

bring egter sekere nadele mee. Dit bemoeilik bv. die bou van huise, want sommige erwe loop na 'n punt en die gebou moet dan volgens die vorm van die erf opgerig word. Erwe op die vier langwerpige blokke het daarenteen ongeveer dieselfde oppervlakte, nl. 'n halwe acre, beslaan. Die eerste erwe langs Cathcartweg, bv. blok 90 het 'n frontbreedte van 120 vt. en 'n oppervlakte van 21,600 vk. vt. gehad. Op hierdie erwe het die eienaars 'n huis, tuin en sakeonderneming tot stand gebring. Hierdie erwe is later onderverdeel en by sommige residensiële persele, bv. op blok 95, is die frontbreedte tot 60 vt. verminder.

Gedurende die eerste paar maande is die nuut gevestigde gemeenskap deur mnr. W. Shepstone met die hulp van T. Bentley, die markmeester, beheer. In Julie 1853 besluit al die dorpsinwoners om 'n „Raad vir Algemene Belange" te kies. Die lede was: C. Griffith (voorsitter), E. Bell, J. Jennings, G. Barnes, S. Trollip en G. Beale. ³¹

Tydens Cathcart se besoek aan Queenstown in Oktober 1853 het die inwoners hom 'n adres aangebied en hierin is hy gevra om munisipale bestuur aan Queenstown te verleen. Cathcart het belowe om dit te oorweeg. ³²

Die eerste notule van Queenstown se munisipaliteit dateer vanaf 10 Mei 1854 toe mnre. Chas. Brown (voorsitter), S. Trollip, J. Jennings, R. Giddy en J. Wagner gekies is om die munisipale regulasies op te stel. Die siviele kommissaris (Shepstone) moes dit weer aan die koloniale sekretaris vir goedkeuring voorlê.

Die regulasies is spoedig aanvaar want: „On the 15th May, 1855 The regulations with some trifling amendments made by the Governor were proclaimed in the
Government/

31. Queenstown se Eerste 100 Jaar, Eeufeesuitgawe, 1953, p. 18.

32. Lombard, P.J., op.cit., p. 129, vgl. Grahamstown Journal, 5.11.1853, p. 4.

Government Gazette " 33

Daarin word voorsiening vir 'n dorpsbestuur met vyf verkose lede gemaak. Die lede wat op 12 Junie 1855 deur huiseienaars gekies is, was Charles Brown (voorsitter), J. Jennings, W. Ridgeway, R. Giddy, en J. Edkins.³⁴

Die inwoners het hulle spoedig vir die proklamasie van die munisipaliteit beywer. Uiteindelik in 1879 is Queenstown tot dorp verklaar ooreenkomstig wetsontwerp no. 39 van 1879. Nadat Queenstown deur spesiale wetgewing as munisipaliteit geïnkorporeer is, is die munisipale gebied met 'n straal van 1,000 tree vanaf die heksagoon gemeet.³⁵

'n Burgemeester is spoedig verkies en in die notule van 1880 staan daar dat mnr. Berry tot burgemeester verkies is.³⁶

Op 1 Maart 1880 word laasgenoemde, wat vir die voorafgaande drie jaar voorsitter van die dorpsbestuur was dus die eerste Burgemeester.³⁷

Alhoewel Queenstown telkens deur die aanvalle van Bantoes bedreig is, het hierdie gevaar nooit werklikheid geword nie. Die inwoners se lewenswyse was dus noodwendig vir lang periodes op verdedigingsbasis ingestel.

Gedurende April 1853 verklaar sir George Cathcart dat die dorpie en omgewing van Queenstown tot so 'n mate ontwikkel het, dat hy alle militêre hulp kon onttrek en dat 50 berede polisie voldoende beskerming aan hierdie gebied sou verseker.³⁸

In 1856 - 57 is die polisiemag, waarskynlik ten gevolge van/

33. Notuleboek 1, Munisipaliteit van Queenstown.
 34. Queenstown se Eerste 100 Jaar, Eufeessuitgawe, 1953, p. 19.
 35. Centenary of Queenstown (1853 - 1953), 17.9.1953, p. 3.
 36. Notuleboek 5, Munisipaliteit van Queenstown, Vergadering 24.2.1880.
 37. Queenstown se Eerste 100 Jaar, Eufeessuitgawe, 1953, p. 20.
 38. Lombard, P.J., op.cit., p.121; vgl. Blouboek: Cathcart - Newcastle, 14.4.1853,

volge van die Umhlakaza-episode, baie versterk. Die sterkte op 1 Desember 1857 was 1 inspekteur, 3 subinspekteurs, 5 sersante, 3 korporaals en 94 manskappe in die dorp en distrik.³⁹ Daarna is die getalsterkte weer tot 45 manskappe verminder.

Die dorpsbestuur het baie aandag aan die verdediging van Queenstown bestee, want op 'n vergadering van 6 November 1876 is o.a. die volgende opgeteken: „The Civil Commissioners attended and placed at the disposal of the Board, Lieutenant Maine's scheme for the defence of Queenstown two steel guns and ammunition would be set municipality would give accomodation for 100 men ”⁴⁰

Op erf 75 is die eerste geboue vir die polisie aangebring. Hulle was egter in so 'n swak toestand dat die dorpsraad besluit het om die erf te laat ontruim. Gedurende Junie 1858 is die erf teen £10-00 aan die dorpsbestuur oorgedra. 'n Gedeelte daarvan is aan die afdelingsraad in November vir die oprigting van openbare kantore afgestaan.⁴¹

Eerstens was daar die minisipale polisie wat 'n gebou (vandag 'n drankwinkel) langs die poskantoor betrek het. Tweedens het die Kaapse Berede Polisiemag 'n gebou (waar die Louvre tans is) beset waarvan die perdestalle in die omgewing van die Hoërskool Hangklip geleë was. Gedurende 1894 het die amalgamasie van regerings- en munisipale polisie plaasgevind.

Om die vrede op die Oosgrens te bewaar, het sir George Grey hom vir blanke kolonisasie beywer. 'n Toevoeging/

39. Ibid., p. 121; vgl. C.O. 5.999: „Cape of Good Hope Bluebook”, p. 7.

40. Notuleboek 3, Munisipaliteit van Queenstown, Vergadering 6.11.1876.

41. Ibid., Notuleboek 1.. .

voeging tot die blanke se getalle sou die oostelike gebied baie veiliger en meer beskaafd maak.

Daar is genoeg rede om te glo dat Duitse koloniste ook 'n rol in die uitbouing van Queenstown gespeel het. Na die Krimoorlog wat in 1853 begin het, is die Duitse Legioen wat vir Engeland geveg het, deur sir George Grey na Suid-Afrika gebring. In 1857 kom 'n groep van hulle in Oos-Londen aan. Die immigrante sou dien as buffer tussen Brits Kaffraria ('n Britse kroonkolonie) en die Kolonie. Nog groepe in 1858 -59 het geëmigreer en is hulle in die omgewing van o.a. King William's Town gevestig. ⁴²

Die teenwoordigheid van Duitsers in Queenstown word bevestig deur 'n versoek aan die munisipaliteit wat as volg genotuleer is: „..... requesting the use of the Town Hall in which to hold Divine Service for the Germans.”⁴³ Die Duitsers het ook gehelp om Queenstown teen invallers te beveilig deurdat 20 van hulle by berede polisie aangesluit het. ⁴⁴

2.4 PLANOLOGIESE ONTWIKKELING

„Die stedelike grondplan toon die opgemete gebied binne die administratiewe grense van die stad plus voorstede. Essensieel bestaan dit uit die straatpatroon en straatblokke, maar kennis moet ook geneem word van riviere, kanale, markplekke en ander oop stedelike ruimtes soos parke en speelgronde”, aldus Nel en Van Zyl. ⁴⁵

Bogenoemde twee skrywers ⁴⁶ wys ook op verdere aspekte i.v.m. die straatnetwerk: Die straatnetwerk kan beskryf word as die skelet van die stedelike gebied wat die verskillende/

42. „Die Duitse Bydrae tot die Ontwikkeling van Suid-Afrika”, in Lantern, vol. 11., no. 4, Junie 1962, pp. 7 - 21.

43. Notuleboek 1, Munisipaliteit van Queenstown, vergadering 22,7.1861.

44. Lombard, P.J., op.cit., p. 95.

45. Nel, A. en van Zyl, J.A., op.cit., p. 39.

46. Ibid., p. 120.

skillende stedelike funksies saamsnoer; aangesien die strate sowat 'n kwart van die dorp se oppervlakte beslaan, is dit 'n belangrike ruimtelike aspek van die nedersetting; dit is die slagare of kanale waarlangs mense en goedere beweeg; 'n goedbeplande straatpatroon het tot gevolg dat 'n dorp 'n georganiseerde en ordelike ontwikkeling ondergaan.

Wanneer die planologiese ontwikkeling van 'n nedersetting bestudeer word, kan daar nie slegs op die straatpatrone gelet word nie. Ander faktore, soos o.a. blokvorme en erfverdeling, moet nagegaan word. Die ontwikkeling van 'n stad of dorp word deur fisiese en menslike faktore beïnvloed. Dit is dus wenslik dat aan hierdie aspek ^c deeglike aandag geskenk moet word.

Die oorspronklike terreinplan van Queenstown (1853) is reeds ontleed. Om verdere insig in die ontwikkeling en uitbreiding van Queenstown te verkry, kan van kaarte wat dateer uit die jare 1855 en 1879 ⁴⁷, gebruik gemaak word. Hierdie twee kaarte moet met die huidige dorpsplan vergelyk word, sodat ooreenkomste en verskille waargeneem kan word. Uit hierdie vergelyking sal duidelik blyk of die huidige dorpsplan t.o.v. die oorspronklike dorpsplan (1853) enige radikale afwyking toon, asook of daar enige kontinuiteit is.

Dorpsplan (1855)

Hierdie kaart is reeds gehawënd en dit is nie raadzaam geag om enige fotografiese afdrukke daarvan te laat maak nie. Hierop word 'n pad vanuit Cathcartweg na King William's Town aangedui. Die hoofpad het egter vanuit Owenstraat (regeer Joplinstraat) oor die rivier na King William's Town en Whittlesea gegaan. 'n Pad vanaf Craddock, Aliwal-Noord en Burgersdorp het die dorp deur Calderwoodstraat/

47. Die Queenstown en Grens Museum beskik oor afdrukke van hierdie kaarte.

derwoodstraat bereik. Cathcartweg was gevolglik destyds nog nie 'n deurverkeerstraat nie, want aan die eindpunte was twee klein pleine.

Verder kan op hierdie besondere plan 'n aantal gereserveerde erwe waargeneem word. Daar is 'n aantal erwe opgemeet wat tot die voorgenome Duitse immigrante se beskikking gestel sou word. Hierdie kaart toon geen wysiging van die oorspronklike terreinplan nie.

Queenstown gedurende 1879




Foto no. 3. Queenstown as munisipaliteit geproklameer (1879).

Gedurende 1879 is Queenstown as munisipaliteit geproklameer en die dorp is in vier wyke verdeel. Basies het die kaart dieselfde uitleg van 1853 vertoon met slegs geringe wysigings, nl. die groter blokke aan weerskante van Cathcartweg is in kleiner blokke verdeel en het daar heelwat meer strate, o.a. Porter-, Ebdon-, Grey- en Wodehousestraat, bygekom.

Op baie van die erwe is nog geen geboue opgerig nie. Die stasie is bv. reeds afgebaken, maar die treinspoor het Queenstown eers in 1880 bereik (vgl. Fig. 8).

'n Groep blokke is reeds suid van die Komanirivier en bokant die spoorwegstasie opgemeet. Wes van Joubertplein is ook aanduidings dat daar erwe uitgemeet sou word. Robinsonweg is behou, maar Alexandraweg is net gedeeltelik voltooi.

Verder is 'n aantal nuwe blokke wes van Calderwoodstraat en suid van Joubertstraat uitgemeet. Hier is vir 'n uitspanning voorsiening gemaak. Daar is ook 'n straat wat parallel met Calderwood moes loop, uitgemeet. Hierdie straat is egter nooit aangelê nie.

Met die opstel van die kaart i.v.m. die planologiese ontwikkeling van die dorpsplan (Fig. 8) is m.b.v. die hooftekenaar ⁴⁸ die jaartalle van die onderskeie blokke nagegaan. Data was van so 'n aard dat 'n hoogs betroubare kaart saamgestel kon word. Ook is daar 'n lugfoto gedurende 1943 van Queenstown geneem. Daarop kan die geweldige groei gedurende die afgelope aantal jare baie duidelik waargeneem word.

In verband met/

48. Mnr. Parsons van die Munisipale Tekenkantoor.

Kaarte is beskikbaar van elke blok waar erwe uitgemeet, verkoop en later bebou is.



Lugfoto no. 4. Queenstown met Hangklipberg in die verte sigbaar (1943).

In verband met bogenoemde verklaar Bull: „An urban regions map is closely related to one showing the chronological stages by which the town has grown to its present extent. Additional assistance for drawing a town-growth map can be obtained from old maps and street directories,

Die probleem wat opgeduik het, was: moes intervalle van 10 of 20 jaar op die kaart gebruik word, al dan nie? Indien lg. gebruik word, sou veralgemening moes plaasvind. Binne 'n tydperk van 10 jaar was daar, veral gedurende sekere tydperke, groot uitbreiding. By die bespreking word veral gebruik gemaak van die kaart met die 10 jaar-intervalle. Weens kartografiese probleme is die kartering volgens die 20 jaar-intervalle gedoen.

Tot 1860 is slegs die grootste deel van die oorspronklike aanleg behou. Teen 1880 was daar hoofsaaklik nog
net tussen/

49. Bull, G.B.G., „Field works in Towns”, in Geography, Julie 1964, pp. 206 - 221.

net tussen die treinspoor en die Komanirivier gebou. (vergelyk met Foto no. 3). Hierdie terrein was teen ongeveer 1900 feitlik volgebou. 'n Aantal erwe is ook bokant die spoorlyn verkoop. Tot 1910 is veral dele aan die oostelike punt van Livingstoneweg en die boonste gedeelte van Westbourne aangelê.

Gedurende die oorlogsjare blyk dit dat minder erwe aan die publiek beskikbaar gestel is. Die daaropvolgende twintig jaar, d.w.s. vanaf 1920 tot 1940, was uitbreiding traag. Dit kan aan die invloed van die Eerste Wêreldoorlog en die daaropvolgende depressiejare toegeskryf word.

Na Wêreldoorlog II en voor 1950 is Windsor en Southbourne aangelê. Die sentrale gebied en noord van die spoorlyn (behalwe Bergsig) het nou grotendeels versadigingspunt bereik. Alhoewel daar suid van die rivier teen 1880 'n paar blokke beset is, was dit eers na 1920 dat die groeitempo in hierdie gebied versnel het. Na 1950 het groot uitbreiding plaasgevind. Dit was 'n tydperk van welvaart en hoë wolpryse.

Sandringham, die suidelike deel van Westbourne, en 'n gedeelte van Weshof is aangelê.

Na 1960 het verdere uitbreiding plaasgevind. Bergsig is aangelê en Weshof het verder uitgebrei. 'n Globale indruk is dat gedurende die jare 1920 tot 1940 daar 'n skerp daling in boubedrywighede was. Die rede vir hierdie neiging is reeds bespreek.

Sedert 1945, maar veral gedurende die jare 1950 tot 1967, was daar 'n opbloei en geweldige groeitempo te bespeur. Aangesien die Republiek 'n tydperk van voorspoed beleef, is daar geen tekens van 'n afname in die nabye toekoms nie.

Op die lugfoto van 1950 kan duidelik onderskei word water uitbreidings sedertdien aangelê is.

2.5 HUIDIGE DORPSPLAN

Die patroon van die sentrale dorpsgebied vertoon twee kenmerke. In die middel word 'n wawielpatroon waargeneem. Tweedens, blyk dit dat ontwikkeling aanvanklik veral langs een straat, nl. Cathcartweg, plaasgevind het. Die eerste inwoners het hulle wonings en ondernemings langs die hoofstraat gehad.

Cathcartweg met 'n breedte van 100 Kaapse voet moes as 'n verkeersweg vir ossewaens, wat in die heksagoon kon draai, dien. Strate, soos o.a. Bowkerstraat, is veel smaller, want hulle was merendeels vir verdedigingsdoelendes beplan en nie soseer as verkeersweë nie.

Afgesien van die veiligheids- en doeltreffendheidsaspekte, skep die sentrale wawielpatroon heelwat addisionele probleme. Weens tegniese probleme is met hierdie straatplan gevolglik nie verder gegaan as die gedeeltelike beplanning van Alexanderweg nie. Die besondere vorme m.a.w. die blokpatrone wat deur hierdie straatpatroon gevorm is, het die opmeting en bebouing van erwe bemoeilik.

Smailes verklaar dat hierdie probleme dikwels voorkom en wel: "..... in particular defensive sites, their further growth has been fraught with difficult problems."⁵⁰

Die aansluiting van die roosterpatroon by die ster-vormige aanleg, het baie probleme opgelewer. Eienaardige blok-vorme, bv. die driehoekige blokke tussen Alexanderweg, Bouwer- en Zeilerstraat en tussen Shepstone-,

Naudestraat/



Naudestraat en Alexandraweg onderskeidelik, word aangetref. Sommige van hierdie straatblokke se hoeke is so skerp dat die moontlikheid van volskaalse bebouing van die betrokke blok minimaal is. Hier word o.a. verwys na die terrein waarop die biblioteek en museum staan.

Besondere klein blokke, bv. tussen Ebden- en Naudestraat, word aangetref. Hierdie aspekte is baie belangrik aangesien genoemde blokke, weens hul nabyheid aan die sentrale gebied, van groot waarde kon gewees het.

Daar is 'n hele aantal faktore wat die beplanning van die straatpatrone nie alleen bemoeilik nie, maar ook beperk het. Die Komanirivier het die kontinuïteit van die oorspronklike wawielpatroon en latere roosterpatroon onderbreek.

Verder was daar nog faktore soos o.a. die spoorweglyn, Long Hill, Bowkerskop en die spruit aan die westekant (Joubertplein) van die dorp, wat die voorkoms van 'n aanlopende straatpatroon in Queenstown belemmer het. Veral die spoorlyn het die straatplan onderbreek en soos later sal blyk, verkeersprobleme geskep. In Sandringham is die spoorwegtaklyn aangelê en daarna is die gebied bebou.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die menslike invloed op die planologiese ontwikkeling van groot belang is. Die natuur kan wel die hooftrekke van die stedelike patroon beïnvloed, maar die besonderhede word onder alle omstandighede deur die mens geskep.

Daar is twee maniere waarop 'n dorp kan uitbrei: Ten eerste kan geboue een na die ander opgerig word sonder dat dit enige verband met 'n voorafbepaalde plan hou. Die roetes wat die eerste paaie van of na die vroeë nedersetting gevolg het, het dikwels in sulke gevalle van die uiterste

belang blyk te wees. Hierdie paaie het die status behou van groot deуроetes wat die belangrikste verkeer dra, sodat die res van die stedelike patroon daarvolgens moes ontwikkel.

Tweedens, is daar ook dorpe wat vanuit die staanspoor 'n beplande groeipatroon vertoon. Hierdie dorpstipe is egter betreklik skaars. Veel meer algemeen is die stad of dorp wat 'n samestelling van beplande en onbeplande patrone openbaar.

Die grootste gedeelte van Queenstown is volgens die roosterpatroon uitgelê. Onder 'n roosterpatroon word nie slegs 'n stedelike gebied waar gelyksoortige ewe groot vierkantblokke voorkom, verstaan nie. Dit moet slegs die eerste en oorwegende indruk van 'n reëlmatige straatplan, sonder 'n verskeidenheid van blokforme en blokgroottes, en waar die reghoek deurgaans oorwegend gebruik is, vertoon.

Een voordeel, veral uit die oogpunt van die stadsbeplanner, is dat dit sonder twyfel die maklikste tipe dorpsplan is om te ontwerp, veral as die stedelike uitleg op 'n gelyke terrein plaasvind. Vir die maksimale benutting van die stedelike oppervlakte en uit die oogpunt van maklike stedelike administrasie gesien, is die reghoek die aangewese plan. Dit voorsien ook die maksimum getal waardevolle hoekerwe.

Bogenoemde voordele dra besonder veel gewig. Die grootste beswaar teen hierdie terreinplan is dat dit nie altyd beantwoord aan die funksionele bedrywigheid wat in die afsonderlike dele van die dorp beoefen word nie. Geen voorsiening word gemaak vir verskillende tipes strate of blokke vir residensiële, kommersiële of industriële gebruik nie. Dit is logies dat die verkeersvereistes

vir die drie gebiede verskillend sal wees. Residensiële strate is soms onnodig wyd vir die relatief geringe verkeer, terwyl kommersiële strate soms glad te nou is om aan die behoeftes van 'n druk verkeer te voldoen en voorts t.o.v. die hantering van die verkeer, talle probleme oplewer.

'n Tweede beswaar is dat die roosterpatroon na willekeur op enige tipe terrein, of dit gelyk of onreëlmatig is, toegepas word.

Derdens, streef die individu na privaatheid. Die huis moet verkieslik vanaf 'n minimale aantal geboue sigbaar wees. In reguit strate is dit nie die geval nie, maar slegs waar strate 'n kromme of kurwe het. 'n Straatplan waarin talle kurwevormige strate voorkom, word beplande onreëlmatige straatpatrone genoem en dit is geskik vir residensiële uitbreiding.

Taylor het 'n studie van die besondere ontwerp van Canberra gemaak. Hierin toon hy watter gunstige indruk die spinneraktipe-ontwerpplan maak: "The cobwebpattern was adopted with two main cobwebs. But other cobwebs were also laid out, most of which are still in the embryo stage. Clearly we have here a departure from the plans of most cities today. The experiment of splitting up a small town of some 7,000 people into civic and political units is very interesting." 51

Die vraag kan gestel word of hierdie tipe straatpatroon in bepaalde omstandighede nie 'n oplossing aan verkeersprobleme, ens. sal bied nie?

Die verbindingsweë in Queenstown kan op die huidige tydstip as doeltreffend beskou word. Die belangrikste straat is/

51. Taylor, G., Urban Geography, pp. 362 - 363.

straat is die hoofstraat, nl. Cathcartweg. Dit loop in 'n oos-wes-rigting deur die sentrale dorpsgebied. Die roete vanaf die kus na die binneland (Vrystaat en Karoo) gaan deur hierdie straat.

Vanuit Cathcartweg, Griffith-, Grey-, Peacockstraat en Livingstoneweg gaan die pad na Dordrecht en Lady Frere. Deur Hangklipweg en Komanistraat loop paaie na plase noord en suid van die dorp onderskeidelik.

Die noordelike dorpsgebied is verbind met die sentrale gebied deur twee brûe oor die treinspoor. Eerstens word Queenstown met Kingsway en tweedens Greystraat met Peacockstraat verbind. Veral eersgenoemde skep heelwat probleme aangesien die konvergensie van drie strate teen 'n hoogte geskied en verkeer sodoende baie bemoeilik. Ook is die verkeer druk aangesien dit die dorp nie alleen met die hospitaal, maar ook met die skole en residensiële wyke verbind. Daar word egter reëlings getref vir direkte verlenging van Kingsway deur die noordelike gedeelte van die openbare tuin tot waar dit by Alexandraweg aansluit.

Die suidelike dorpsgebied word d.m.v. brûe oor die Komanirivier met die sakesentrum verbind, vanuit Bowker-na Komanistraat asook die verlenging van Griffith- na Spriggstraat onderskeidelik. Derdens vertak 'n straat vanuit die nasionale pad na Sandringham. 'n Pad vanaf die westelike eindpunt van Cathcartweg asook vanuit Bushellstraat verbind Weshof en Westbourne met die sentrale gebied.

Vanuit 'n veiligheidsoogpunt gesien, bied die roosterpatroon baie probleme, want elke straat word gewoonlik as 'n „hoofstraat" beskou. Die meeste strate met 'n oos-

wes strekking kan as deurverkeerstrate beskou word. Hulle word gewoonlik breed gemaak en bevat geen of weinig stoptekens.

Sommige van hulle is Komani-, Wodehouse-, Prince Alfred-, Grey-, Livingstone-, Berry- en Froststraat. Grey- en Ebdenstraat is bv. 100 Kaapse voet wyd en boonop het lg. 'n dubbelbaanweg. Froststraat wat as gedenkstraat beplan is, is 170 Kaapse voet wyd. Net die helfte daarvan word egter as 'n straat gebruik.

Die dwarsstrate, d.w.s. die wat van noord na suid loop, is nouer, bv. Kollegelaan is 80 vt. en Dugmorestraat 60 vt. wyd. Verder is daar heelwat stop- of toegeetekens aangebring. Die belangrikste verbindingskanale soos Griffithstraat is egter weer breed.

In die meeste gevalle skep die reghoekige blokke probleme, omdat die uitsig na die kante beperk is. Die wawielpatroon het hier tot gevolg dat sekere kruisings gevaarlik is. Die sameloop van Bouwer-, Zeilerstraat en Robinsonweg-noord bring mee dat verkeer vanuit vyf rigtings ineen vloei. Op al die punte waar Robinsonweg anderstrate kruis, word hierdie gevaarpunte aangetref. Dit is veral hier waar daar in die toekoms meer aandag aan bestee sal moet word. Teenswoordig word die verkeer deur miniatuur-sirkels gereguleer.

Oor die algemeen kan die verkeer doeltreffend beheer word en sal latere uitbreidings nie veel addisionele probleme meebring nie. 'n Vername kenmerk is dat die strate wyd en reguit is en van wye sypaadjies voorsien is.

Cathcartweg is 'n doeltreffende verkeersweg. Verkeersopeenhoping kan ook nie maklik plaasvind nie omdat dit, behalwe 'n robot by die oostelike kruising met Robinsoneg, en 'n sirkel in die heksagoon, verder 'n deurweg

vorm.

Die sirkel in die heksagoon reguleer die verkeer vanuit die straalvormige strate. Bowkerstraat met 'n breedte van 60 vt. kan in die toekoms waarskynlik 'n probleem lewer. In al die ander straalvormige strate sal dieselfde probleem ondervind word.

Op die oomblik is parkeerruimte voldoende. Daar is egter 'n terrein aan die suidelike oewer van die Komani rivier waar Bellsweg die rivier kruis, vir hierdie doel gereserveer. Hierdie terrein is binne bereik van die sentrale dorpsgebied geleë.

Teenswoordig word daar 'n „mid-block service road“, d.w.s. 'n dienslaan van 40 vt. breed, beplan. Dit sal deur die blokke wat aan Cathcartweg grens en ten ooste van die kruising van Robinsonweg en die hoofstraat geleë is, loop. Hierdie dienslaan sal die op- en aflaai van goedere in die hoofstraat uitskakel.

'n Faktor wat 'n uiters belangrike rol in die ordelike groei en beplanning van Queenstown gespeel het, was die feit dat die dorp langsaam gegroei het.

Die vraag kan gestel word of funksionele differensiasie in oppervlaktegebruik tydens die beplannings- en latere ontwikkelingsfase in die oog gehou is? Volgens die huidige toestand blyk dit die geval te wees aangesien daar ordelikheid in die beplanning van die sakegebied, nywerhede, ontspanningsterreine en die residensiële gebiede waarneembaar is.

Ten opsigte van lg. kan Queenstown met Oos-Londen vergelyk word: „The late start of East London in the industrial sphere is fortunate since the city can call upon the services of expert town planners, and so preserve

the clean/

the clean appearance of the town, and avoid mistakes in the siting of industries, residences, commercial centres, schools and recreational facilities, which would be extremely expensive or impossible to correct at some future date." 52

3.1 KLEINHANDEL3.1.1 Proudfoot se konsep van kleinhandelstruktuur

Volgens Proudfoot¹ bevat die meeste stede vyf soorte kleinhandelstrukture:

(i.) Sentrale Sakekern (Eng.: Retail Heart). Hier word die meeste sake gedoen en verdiepingsgeboue kom oorheersend voor. Dit is hier waar kleinhandelaars om persele, wat langs die toeganklikste strate en op strategiese punte front, wedywer. Sekere ondernemings wat dienste lewer, word in verdiepings bokant die winkels aangetref. Residensiële bewoning is hoofsaaklik beperk tot verspreide hotelle.

Aangesien die kommersiële kerngebied al die verskillende kleinhandelondernemings bevat, is die klante vanaf al die stadswyke en omliggende dorpe afkomstig. Die ondernemings bestaan hoofsaaklik uit groot afdelingswinkels, vroue- en mansuitrusters, meubel-, skoen- en juwelierswinkels, restaurante, apteke en ondernemings wat in alledaagse lewensbehoefte voorsien.

Aangesien werknemers en voornemende klante hierdie kerngebied daagliks besoek, sentreer intrastedelike vervoerdienste in die SSK.

(ii) Verderliggende sakegebied (Eng. Outlying business centre). Dit is 'n "kleiner" sentrale sakekern en ontwikkel by belangrike verkeerspunte van intrastedelike verkeer. Voornemende kopers is nie oral in die stad versprei nie, maar klante is dikwels van verderliggende gebiede afkomstig. Die voetgangerverkeer word deur mense wat van massavervoerdienste gebruik maak, vergroot.

Hierdie sakegebied/

1. Proudfoot, M.J., "City Retail Structure", in Economic Geography, vol. 13, Okt. 1937, pp. 425 - 428; soos saamgevat in Mayer, H.M. en Kohn, C.F., op.cit., pp. 395 - 398.

Hierdie sakegebied bevat gewoonlik slegs een afdelingswinkel, vroue- en mansuitrusters, meubel-, skoen- en juwelierswinkels en winkels wat in die alledaagse lewensbehoefte voorsien.

(iii) Die hoof sakedeurweg (Eng.: Principal business thoroughfare) is geleë op 'n straat wat tegelykertyd as sakedeurweg en verkeersweg dien. Hier word hoofsaaklik alledaagse lewensbehoefte verkoop. Weens voldoende parkeergeriewe word 'n aantal klante wat van die deurweg gebruik maak, gelok. Die druk verkeer is afkomstig van die residensiële uitbreidings. Die sakedeurweg word deur groot winkels, waar wye tussenruimtes voorkom, gekenmerk.

(iv) Die omgewingsakestraat (Eng.: neighbourhood business street) word gewoonlik op die hoofverkeersroete van 'n uitbreiding aangetref. Die winkels is binne loopafstand van die residensiële gebied. 'n Kenmerk van hierdie kleinhandelsentrum is die teenwoordigheid van kruidenierswinkels, slaghuise, vrugte- en groentewinkels, apteke en winkels wat in alledaagse lewensbehoefte voorsien.

(v) Afgesonderde kleinhandelondernemings (Eng.: Isolated store cluster) verskaf aanvullende goedere soos kruideniersware, aptekersware, vleis en groente. Gewoonlik is daar net een winkel of kafee en die klante is binne loopafstand daarvan woonagtig. Die ondernemings wedywer nie met mekaar nie, maar is veel eerder aanvullend.

Soos in die geval van woonbuurtes, is daar ook in hierdie verband die proses van kommersiële desentralisasie te bespeur en word subsentra sodoende gevorm. Lg. bevat nie gespesialiseerde sakeondernemings soos banke, bioskope, meubelwinkels, ens. nie en bedien ook nie die hele stadsgebied nie: Dit bevat slegs alledaagse lewensbehoefte.

Die vorming van dergelike kommersiële subsentra is volgens Nel² egter nie altyd die gevolg van desentralisasie nie. Soms is 'n bepaalde gebied in die buitewyke van 'n dorp besonder geskik vir handelsbedrywighede eenvoudig omdat dit by 'n strategiese verkeersknoop lê, of omdat die lokaliteit uitermate toeganklik is vanuit 'n groot kleurling- of Bantoewoonbuurt.

Die subsentrum ontwikkel op die oorgangsgebied tussen die blanke residensiële gebied en die besonder digbevolkte kleurlingwoonbuurt.

Davies³ wys daarop dat ondernemings met 'n voorstedelike ligging deur die nabyheid van die klante en hul werknemers se wonings positief gestimuleer word. Ondernemings in die sentrale gebied het die voordeel dat hulle toeganklik vir die hele stad en omgewing is.

Die keuse van die ligging van 'n onderneming word dus bepaal deur die tipe goedere of dienste gelewer, asook die aard van die markgebied wat bedien moet word.

Louw⁴ klassifiseer sakegroepe in die volgende ses kategorieë, nl.: die sentrale sakekern (SSK); die gebied wat onmiddellik op die SSK volg; stringontwikkeling; gespesialiseerde sakekerne ('n sekere tipe sakefunksie binne die reeds genoemde sakegebiede); geïsoleerde sakekerne en hoekwinkels.

3.1.2. Faktore wat die Ligging en Lokalisasie van Sakebelange Bepaal

Die lokaliteit van enige sakeonderneming word bepaal deur die toeganklikheid wat aan voornemende klante gebied word: ook is die ligging van die perseel van die grootste belang. Daar is 'n aantal algemeen aanvaarde faktore wat

die lokalisasie/

2. Nel, A., "Worcester: 'n Proefneming in Funksionele Differensiasie", in S.A. Geographical Journal, Vol. 34, Des. 1952, pp. 63 - 77.
3. Davies, D.H., Land Use in Central Cape Town, p. 2.
4. Louw, M.J., Geografiese Studie van Funksionele Differensiasie in die Metropolitaanse Gebied van Pretoria, p. 115.

die lokalisasie, grootte en vorm van 'n kleinhandelsonderneming beïnvloed. Hierdie ondernemings wedywer gedurig vir die mees toeganklike ligging.

Davies ⁵ verklaar dat: „The central area of the typical occidental city is pre-eminently an aggregation of private enterprises inspired by profit motives, and as such is best explained in economic terms. All enterprises require sites for premises, the qualitative aspects of which are location, size, and shape; of these the first is generally the most important. the geographical value of a location normally alters with the passage of time. Nor can any two locations have identical significance and value at the same time,”

Davies beklemtoon die waarde van 'n perseel waarvan die ligging gunstig is, as volg: „It has been observed that costs of friction have two complementary dimensions. The less is the overall convenience of the location, the greater is the cost of overcoming friction; on the other hand, the greater the convenience, the higher the cost of land tends to be because of competition in the urban market. Efficiency in the layout of a city is inversely proportional to the aggregate costs of friction, and the city's spacial structure is largely determined by a monetary evaluation of the importance of convenience.” ⁶

Oor die waarde van 'n perseel se ligging of lokalisasie skryf Hartman: „The underlying determinant of the use of the land base in competition for strategic space, and the strangest competitors of all (as shown by the ability to pay higher rents) are the commercial establishments. The business man dispensing or facilitating the exchange of goods and services, the most advantageous location with respect to all activities is in the very midst of
those activities/

5. Davies, D.H., op.cit., p. 1.

6. Ibid., p. 1.

those activities." 7

Hartman dui verder aan dat die samestelling van die SSK deur die getal en tipe potensieële klante bepaal word. 'n Klein dorpie sal slegs alledaagse en nie-gespesialiseerde ware aanhou. In groter stede met groot getalle mense, bestaan die SSK uit hoë-gradse ondernemings en gespesialiseerde persoonlike- en professionele dienste.

Volgens watter maatstawe kan die waarde van 'n sakeperseel bepaal word? Alle persele kan tog nie almal ewe geskikte liggings t.o.v. voornemende klante hê nie, gevolglik kompeteer kleinhandelaars om prioriteitspersele. Vir elke tipe kleinhandelonderneming is daar, volgens Ratcliff⁸, 'n aantal min of meer bepalende vereistes waaraan 'n perseel se ligging moet voldoen.

Laasgenoemde skrywer het die waardebepaling van die erwe as volg gedoen: hy het die maksimum huur bereken; 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe analise van voetgangerverkeer gedoen; die verkoopsvolume bereken deur die verhouding tussen die ondernemings se klerke te bepaal; 'n opname van toonbanklengtes gemaak en ten slotte vasgestel gedurende watter uur van die dag en op watter dag in die week die maksimum voetgangerverkeer voorkom.

Na die ondersoek kom Ratcliff tot die volgende slotsom: Vroue-uitrusters word gedurende die middag die drukste besoek en Saterdag is die vernaamste dag waarop vroue hulle inkopies doen; blokke met kort sye of waar die kontinuïteit van winkels deur banke, of ander instellings, onderbreek word, is nie bevorderlik vir kleinhandelsaktiwiteite nie; 'n gelyk terrein, aan die koeltekant gedurende die somer

en aan die/

7. Hartman, G.W., "The Central Business District - A Study in Urban Geography", in Economic Geography, Vol. 26, no. 4, Okt. 1950, pp. 237 - 244.
8. Ratcliff, R.U., "Demand for Non-Residential Space", in Urban Land Economy, 1949, pp. 123 - 138; soos saamgevat in Mayer, H.M. en Kohn, C.F., op.cit., pp. 399 - 409.

en aan die sonkant gedurende die winter, is verkieslik; buitensporige verkeersopeenhoping is nadelig en die nabyheid van bouvallige en onooglike geboue en leë pakkamers moet vermy word.

Ratcliff toon ook hoedat die onderskeie soorte ondernemings 'n verskeidenheid lokaliteite verkies: vroue-uitrusters verkies slegs die goeie sakedeel waar 'n verskeidenheid ondernemings voorkom; apteke verkies hoofsaaklik die sentrale gebied met potensiële kliënte asook 'n hoekligging, alhoewel vertoonvensters nie so belangrik as by enige mans- of vroue-uitrusters is nie. Daar is voorts 'n verskeidenheid restaurante; die kwaliteit- en spyskaartaanbieding het tot gevolg dat laasgenoemde naby strategiese plekke geleë is. Restaurante verkies 'n posisie waar baie voetgangers voorkom en waar mense gedurende sluitingstye van voedsel voorsien kan word; mansuitrusters verkies 'n hoekligging en is dit gewoonlik naby skoen-, sportwinkels en restaurante geleë. Die nabyheid van hotelle en kantoorgeboue is van w^seenlike belang terwyl skoenwinkels verkies om digby klerasie-, afdelings-, kettingwinkels en kantoorgeboue geleë te wees. Daar is 'n verskeidenheid geskikte plekke vir kruidenierwinkels in die sentrale sakedeel en in die residensiële gebiede. 'n Hoekligging is verkieslik asook die teenwoordigheid van florerende ondernemings.

In die geval van Kaapstad het Davies ⁹ die volgende verspreidingspatroon t.o.v. kleinhandel en dienste waargeneem: voedsel- en drankhandelaars verkies gewoonlik 'n hoekligging in die residensiële gebied; klerasiewinkels wat hoëgraadse klere verkoop, kom verspreid in die SSK asook in die finansiële sektor voor; laegraadse winkels wat Bantoe-dokwerkers bedien, is tussen die dokke en

spoorwegstasie/

9. Davies, D.H., op.cit., p. 62.

spoorwegstasie geleë - die ligging word in hierdie geval deur die werksterrein en bewegingskanale van die Bantoe bepaal; apteke kom verspreid binne die SSK voor, maar konsentreer veral dikwels in die finansiële distrik; boekwinkels kom verspreid binne die SSK voor, maar is veral gerieflik vir professionele persone en skoliere geleë; winkels wat kantoorbenodigdhede verkoop, benodig groot ruimte vir uitstalling en kan gevolglik nie die hoë huur van die sentrale sakekern bekostig nie, terwyl die algemene handel, in teenstelling met gespesialiseerde winkels, nie afhanklik van 'n sentrale posisie in die SSK is nie.

Die behoefte aan persele vir gebruik deur klein- en groothandelaars, ander finansiële instellings en nywerhede is deurentyd te bespeur. Die keuse van die ligging van die persele verskil in al drie gevalle.

Hierdie aanvraag na ruimte, d.w.s. die benutting van hoofsaaklik ou woonhuise in die SSK-raamgebied, oorwegend vir kleinhandels- en kantoordoeleindes asook die uiters intensiewe gebruik van die kerngebied, het 'n tweeledige gevolg¹⁰, nl.: horisontale ekspansie van die sakekern en hoë grondwaardes. Die kombinasie van hoë grondwaardes enersyds en ou bouvallige geboue andersyds, verklaar hierdie vervalsonne wat rondom die sentrale sakekern aangetref word. Laasgenoemde raak vervalle omdat eienaars besef dat eiendom se waarde ontsaglik styg vanweë die nabyheid aan die stadskern asook die feit dat diesulke eiendomme gewoonlik vir kommersiële gebruik herbenut word. Later word die ou geboue tog vir moderne strukture opgeruim sodat die nuwe funksies (vroeër residensieel, nou kommersieel) doeltreffend kan fungeer; vertikale ekspansie geskied wanneer horisontale uitbreiding onmoontlik is en sodoende

ontstaan/

10. Nel, A. en van Zyl, J.A., op.cit., pp. 113 - 114.

ontstaan verdiepinggeboue. Die grondvloer van dergelike geboue word gewoonlik vir kleinhandel gebruik, terwyl die boonste verdiepings as kantore vir professionele dienste, ingerig word. Laasgenoemde groep is nie direk van 'n maksimum toeganklikheidsligging afhanklik nie. Hierdie verskynsel word veral in die sakedeel van stede en nie soseer in dorpe aangetref nie.

3.1.3. Kompakte Vorm

3.1.3.1 Omskrywing van die Sentrale Sakekern

Smailes omskryf die SSK: „As the seat of commerce and other highly centralized services, the core is the hub of the city's life by day, but is largely deserted by night.”¹¹

Nel¹² wys daarop dat die sentrale sakekern die sentrale aantrekkingspunt is, nie slegs vir die groot getalle wat daar kom koop nie, maar ook vir die honderde wat daar werk. Die geboue is hier nie alleen hoër en wat die struktuur betref meer uiteenlopend van aard nie, maar hul-le is ook veel meer geslote in bebouing en beslaan 'n groter oppervlakte van elke beskikbare perseel as wat in enige ander funksionele buurt die geval is.

Nel en van Zyl¹³ beskou die sentrale sakedeel as die senuweesentrum van elke dorp of stad. Dit is 'n gebied van kleinhandelaars wat die direkte skakel tussen produsent en verbruiker is: banke, restaurants, hotelle en garages is aanvullend. Die SSK is dié deel van die stedelike gebied waar almal, afgesien van kleur of ekonomiese status, tuis voel.

„The CBD/

11. Smailes, A.E., op.cit., p. 96.

12. Nel, A., op.cit., pp. 113 - 114.

13. Nel, A. en van Zyl, J.A., op.cit., p. 112.

"The CBD is that part of a town which owes its distinctiveness to the important public buildings, central branches of banks and insurance companies, and specialized high-class shops which it contains, and the almost complete absence of residential property", aldus Bull.¹⁴

Die SSK is volgens Murphy en Vance die hart van 'n stad en dit verrig 'n kommersiële funksie: "Here one finds the greatest concentration of offices and retail stores, reflected in the city's highest land values and its tallest buildings. Here too, is the chief focus of pedestrian and automobile traffic." ¹⁵

Die interne struktuur ¹⁶ van die SSK is nie homogeen nie. Daar kom 'n groepering van sekere funksies binne die SSK voor, bv. 'n groep banke, 'n groep teaters, ens. Hierdie groepering van funksies, die voorkoms van hoë geboue en die grootste voetgangerverkeer naby die middestad is almal komponente van die interne struktuur van die SSK.

Die faktore wat die interne struktuur van die SSK beïnvloed is: grondwaardes, grondgebruik; straatpatrone en blokgroottes, asook variasies t.o.v. die Sentrale Saakhoogte-indeks en Sentrale Saakintensiteitsindeks.

Grondwaardes vorm die fondament van die interne struktuur van die SSK. Grondwaardes kan uitgedruk word as persentasies van die maksimum grondwaarde-interseksie (MGI). Hierdie persentasies sal dan wissel tussen 100% op die MGI en 5% langs die SSK se grens. Hieruit kan afgelei word dat grondwaardes afneem met toename in afstand vanaf die MGI. Gewoonlik is die MGI na aan die geogra-

fiese middelpunt/

14. Bull, G.B.G., op.cit., p. 113.
 15. Murphy, R.E., en Vance, J.E., "Delimiting the CBD", in Economic Geography, Vol. 30, Julie 1954, pp. 189--222, soos saamgevat deur Mayer, H.M. en Kohn, C.F., op.cit., pp. 418 - 446.
 16. Murphy, R.E., Vance, J.E. en Epstein, B.J., "Internal Structure of the CBD", in Economic Geography, Vol. 31, Jan. 1955, pp. 21 - 46.

fiese middelpunt van die SSK geleë.

Grondgebruik is die stad se aanpassing by grondwaardes en bied die mees geskikte basis vir die studie van die interne struktuur omdat dit maklik is om waar te neem, te karteer en te analiseer.

Die grondgebruik binne die SSK word beide in die horisontale en vertikale vlakke ontleed en kan in loopafstandsones van die MGI ingedeel word. Murphy, Vance en Epstein het vier sulke sones onderskei terwyl Davies¹⁷ nege afbaken om die hele SSK van Kaapstad te dek. Eersgenoemde drie geograwe se sones is as volg: Sone 1 - 100 tree; sone 2 - 100 - 200 tree; sone 3 - 200 - 300 tree.

Voordat die funksie binne hierdie sones ontleed kan word, moet die grondgebruik geklassifiseer word. Murphy, Vance en Epstein onderskei drie hoofgroepe, nl. grondgebruik t.o.v. kleinhandelsake, bv. kos-, klere-, motor- en huisraadwinkels; grondgebruik t.o.v. dienslewering, finansies en kantore (DFK) bv. parkering, dienshandel, finansiële dienste, hoofkantore, hotelle, losieshuise, ens. en grondgebruik t.o.v. nie-sentrale sake, bv. residensiële geboue, nywerhede, openbare geboue, groothandel, ens.

Sone 1 is die kompakte gebied om die MGI waar die grondwaardes die hoogste en die konsentrasie mense die grootste is. Kleinhandelsake neem meer as een helfte van die ruimte in beslag. Die DFK-groep is die tweede belangrikste gebruik in hierdie sone, maar sy hoogste konsentrasie vind egter nie daar plaas nie. Die nie-sentrale sakegebruik soos fabriek en wonings word selde daar aangetref. Sekere individuele kleinhandeltipes, bv. motor- en huisraadwinkels vermy hierdie sone. Die rede is om-

dat parkeerruimte/

17. Davies, D.H., op.cit., p. 30.

dat parkeerruimte min is en die huur van persele net groot vloerruimtes te duur is.

Met 'n toename in afstand na buite vind sekere veranderings plaas. Kleinhandelsake verminder van 55% in sone 1 na 33% in sone 2 en 25% in sone 4. Die DFK-grondgebruik bereik 'n maksimum verbreiding in sone 2 en neem dan verder af na buite.

In sone 4 is daar 'n relatiewe afwesigheid van kleinhandelsake. Nie-sentrale sakefunksies, soos bv. openbare grondgebruike en nywerheidsgrondgebruike is prominent.

Tesame met horisontale variasies in grondgebruik is daar ook 'n vertikale funksionele verplasing: op die grondverdieping domineer kleinhandel- en finansiële funksies, terwyl die tweede en boonste verdiepings hoofsaaklik deur die DFK-funksies beset word.

Afstand vanaf die MGI is nie al motivering vir die voorkoms van verskeie funksies nie. So kom daar ook groeperings van soortgelyke funksies voor, asook 'n neiging vir sake-ondernemings wat onderling afhanklik is, om saam te groepeer, bv. firmas wat kantooruitrusting verkoop, word gewoonlik naby kantoorgeboue aangetref. Vertikale groeperinge kom ook voor, bv. prokureurs, assuransiematskappye en eiendomsagente word dikwels saam aangetref.

Die SSK van 'n stad is dinamies van aard. Die begrensing daarvan verander voortdurend, die grondgebruikpatrone is selde staties, terwyl die hele SSK 'n bewegingskarakter vertoon.

Die SSK het die neiging om langs sekere fronte uit te brei en langs ander in te krimp. Daar word dus gepraat van sones van assimilasie en sones van verwerping. Die SSK beweeg gewoonlik na gebiede van hoër residensiële kwa-

liteit, waarskynlik omdat die swakker klas nywerheidsgebiede dit afstoot.

Met die beweging van die SSK verskuif die MGI ook saam met die verskuiwing van die geografiese middelpunt daarvan. Die MGI beweeg nie gelykmatig nie, maar eerder met spronge wat enkelvoudig of meervoudig kon wees.

3.1.3.2 Teoretiese Fundering van SSK-afbakening

Die SSK-grens is 'n vae oorgangsgebied wat nie duidelik sigbaar is nie. Aangesien hierdie grens nie permanent van aard is nie, maar tog 'n normale karakter openbaar, behoort dit moontlik te wees om 'n lyn te kan trek wat die rand van hierdie sone sal aandui, aldus Murphy en Vance.¹⁸

Dickinson beweer dat: " . . . the combination of high land values and^d obsolescent buildings, ripe for demolition accounts for the dingy-looking zone of deterioration that surrounds the business district of almost every city." ¹⁹

Murphy en Vance is die belangrikste eksponente van die SSK-afbakeningsteorie. Volgens die twee skrywers bied grondgebruikopnames die mees praktiese oplossing vir die afbakeningsprobleem. Die uitgangspunt is dat die SSK 'n versameling van sekere grondgebruike is. Eers moet daar besluit word watter grondgebruik-tipes kenmerkend van die SSK is. Die essensiële sentrale sakefunksie is die kleinhandelsverkope van goedere, winsgewende dienste en die verskaffing van verskeie kantoorfunksies.

Soortgelyke grondgebruike word elders in die stad gevind, maar die gebied van maksimum konsentrasie is die SSK waar hulle om die MGI georiënteer is en die hele stad eerder as 'n bepaalde seksie of groep mense daarvan, bedien.

Grondgebruike/

18. Murphy, R.E. en Vance, J.E., op.cit., pp. 189 - 222.
19. Dickinson, R.E., City Region and Regionalism, p. 96.

Grondgebruike soos fabriek, woonstelle, kerke, staatsgeboue, ens, is nie-sentrale gebruike.

'n Bruikbare karteringsproses is gebaseer op 'n kaart met 'n groot skaal van die sentrale sakegebied waarop die straatblokke en persele aangedui is, bv. 1" = 200'. Persele wat gebruik word vir sentrale saakgebruike word met 'n "C" aangedui. Die opname word in die horisontale sowel as die vertikale vlak gemaak. Vertikale grondgebruike word gekarteer vir die grond-, tweede- en hoër verdiepings.

Die vloerruimte van die verskillende verdiepings word dan bepaal en interessante en waardevolle verhoudings kan as volg vir elke blok bepaal word d.m.v.:

(i) Die Sentrale Saakhoogte-indeks d.w.s.

$$\text{SSHI} = \frac{\text{Sentrale saakgebruikruimte}}{\text{Totale grondvloerruimte}}$$

Hierdie verhouding gee dus die gemiddelde hoogte in verdiepings van sentrale grondgebruik per blok aan. Die aantal verdiepings waar SSK-funksies uitgevoer word, is 'n baie beter basis vir die berekening van die SSK. Selfs hier is 'n groot tekortkoming te bespeur, nl. die feit dat dit nie die proporsie ruimte wat deur SSK-funksies gebruik word, aandui nie.

(ii) Die Sentrale Saakintensiteitsindeks d.w.s.

$$\text{SSII} = \frac{\text{Sentrale Saakgebruikruimte}}{\text{Totale vloerruimte}} \times \frac{100}{1}$$

Hierdie verhouding gee dus die persentasie wat sentrale saakgebruike van die totale vloeroppervlakte per blok uitmaak. Hierdie verhouding openbaar die leemte dat dit nie rekening hou met die gros hoeveelheid van sentrale saakvloerruimte nie.

(iii) Die Sentrale Saakindeks (SSI). Hierdie indeks is 'n kombinasie van die SSHI en die SSII en lewer 'n realis-

tiese afbakening. 'n Blok kwalifiseer om ingesluit te word in die SSK as dit 'n SSHI van een of meer het en 'n SSII van 50% of meer; tog is daar ander probleme hieraan verbonde al het die blok 'n SSHI van een en 'n SSII van 50%. In hierdie verband word gedink aan 'n blok wat nie deur 'n aangrensende groep blokke begrens word nie.

Wat is die waardebeplanning van die SSI-metode? Hierdie metode is nie die absolute uitweg nie, maar dit gee wel die mees praktiese afbakening van die SSK en boonop is dit direk en tydbesparend. Afbakende SSK-gebiede van verskeie stede kan ook vergelyk word omdat die afbakening volgens dieselfde indekse geskied het.

Ongelukkig is daar ook beperkinge, so word die sentralesaak en nie-sentralesaakgrondgebruike dikwels subjektief gekies.

Murphy en Vance het ook ander moontlikhede bestudeer, o.a. bevolkingsverspreiding en verwante data soos indiensnemingspatrone, voetgangeropnames en verkeersvloei. Ten spyte van ander kriteria wat reeds toegepas is, bly die SSI-metode die mees aanneemlike.

Bohnert en Mattingly²⁰ het bevind dat die SSK slegs in 'n sentrum, waar die inwonertal ten minste 10,000 is, behoorlik afgebaken kan word. Aangesien straatblokeenheid die eenheidsoppervlakte van kartering is, kan hierdie metode beswaarlik op kleiner dorpe toegepas word. Bogenoemde twee skrywers beskou ook die data wat van funksionele grondgebruikkaarte verkry word, as die geskikste kriterium.

Bohnert en Mattingly het in hulle metode nie die ver-

houding in/

20. Bohnert, J.E. en Mattingly, P.F., "Delimitation of the CBD Through Time", in Economic Geography, pp. 337 - 346.

houding in vierkante voet van SSK- en nie-SSK-funksies bepaal nie, maar wel die verhouding t.o.v. die aantal erwe. Na 'n opname in vyf stede het hulle bepaal dat 40% van elke blok SSK-funksies moet bevat m.a.w. 4 uit elke 10 erwe is die minimum vereiste. Hulle het ook verklaar dat 'n 50% vereiste nie veel verskil aan die grense sal maak nie.

Aangesien die sentrale-saak- en nie-sentralesaak-grondgebruike soos reeds gemeld, subjektief gekies word, ontstaan die vraag dikwels, nl. onder watter groep moet 'n besondere funksie geklassifiseer word. Davies ²¹ het hierdie probleem opgelos deur onderstaande grondgebruik-klassifikasie te maak:

Kleinhandel

1. Voedsel : restaurante, kafee, teekamer, algemene voedsellokaal, drankwinkel, kroeg, ander.
2. Klerasie : mans- en vroue-uitrusters, algemene uitrusters, skoene, ander.
3. Huishoudelike benodigdhede: meubels, ysterware en toebehore, linneware, tweedehandse meubels, ander.
4. Motor : motorverkope, motorverhuring, motoronderdele, diens en herstelwerk.
5. Afdelingswinkel
6. Vermaak : bioskoop, nagklub, teater, ander klubs, biljart.
7. Allerlei Kleinhandel: luukse ware, boeke, skryfbehoeftes, tabak, farmaseuties en kosmetiek, kantoorbenodigdhede en voorrade, fotografie, sport, speelgoed, musiek, boubenodigdhede, ander.

Dienslewering/

21. Davies, D.H., op.cit., p. 90.

Dienslewering, finansies en kantore

1. Finansiële kantore: bankwese, assuransie, grond- en eiendomsagente, persoonlike lenings, ander.
2. Dienshandel : persoonlike dienste (o.a. dokters, tandartse), droogskoonmakery, huishoudelike dienste (loodgieter), sakedienste, koerantdruckers en drukkerij.
3. Hoofkantore
4. Openbare vervoer
5. Kommersiële en beperkte parkering
6. Hotel (nie-residensiële hotelle)

Nie-sentrale saakgebruike

1. Residensiël : residensiële hotel, losieshuis en hostel, huise, woonstelle
2. Openbare en Regeringsgeboue: regeringskantoor, munisipale kantoor, openbare onderwys, openbare oop ruimtes, mediese kliniek, ander.
3. Nywerheid : ligte ingenieurswerke, voedsel en drank, klerasie en tekstielware, skryfbehoeftes
4. Organisasies : godsdienstig, privaat onderwys, liefdadigheid, ander.
5. Groothandel (met voorrade)
6. Kommersiële opberging
7. Vakant : geboue op erf

Aan die hand van bogenoemde indeling het Davies 'n opname van die funksionele gebruike van elke perseel in die horisontale sowel as die vertikale vlak van Kaapstad se sakesentrum gemaak.

Davies ²² het sestien moontlike afbakeningsmetodes van die SSK oorweeg. Hiervan het hy sewe gekies wat as kartografiese- en veldtoetse moes dien. As finale afba-

kingsmetode/

kingsmetode is Murphy en Vance se Sentrale Saakindeks (SSI) gebruik. Elke blok se SSHI en SSII is bereken. 'n Blok kwalifiseer om in die SSK ingesluit te word indien dit 'n SSHI van een of meer het en 'n SSII van 50% of meer. Hierdie syfers is die finale kriterium.

Davies ²³ het as gevolg te werk gegaan met die afbakening van Kaapstad se SSK: Stadia 1 en 2 is die bepaling van afbakeningskriteria en die aanvanklike afbakening self. Die grense van die binne-kerngebied word bepaal waar die SSHI vier en die SSII 80% is; stadium 3 is 'n onafhanklike kartografiese kontrole - 'n aanpassing van die SSK-grens is gemaak nadat die verkeersvolume bestudeer is en die munisipale waardasies van grond nagegaan is; vierdens, word van 'n onafhanklike veldkontrolekaart gebruik gemaak. Na 'n visuele ondersoek en gesonde beredenering word die SSK-grense weereens aangepas; die finale afbakening (stadium 5) is gedoen nadat Murphy en Vance se kriterium, nl. waar die SSHI een of meer en die SSII 50% en meer is, van toepassing gemaak is. Davies het hier egter 'n uitsondering gemaak deur bioskope, hotelle, hoofkantore en drukkerie wat op die randgebied van die SSK voorkom, as nie-sentrale sakegebruike te klassifiseer.

Davies ²⁴ het bevind dat Kaapstad se SSK-grense hoofsaaklik duidelik onderskeibaar is. Afbakening kan in sulke omstandighede nie sonder deeglike navorsing geskied nie.

Die reëls vir die afbakening van dié grens, aldus Davies ²⁵, sluit o.a. die volgende in: in die geval waar blokke funksies soos motorverkope, nywerheid, groothan-

del, kommersiële/

23. Ibid., p. 22.

24. Ibid., p. 17.

25. Ibid., p. 27.

del, kommersiële stoorplekke en algemene kantore bevat, moet die ondernemings ten minste 5% van die totale vloeroppervlakte in beslag neem. Indien die syfer laer is as 5% moet die blok nie as deel van die SSK beskou word nie; blokke waarop bogenoemde funksies voorkom en waar residensiële gebruike meer as 20% van die vloeroppervlakte beslaan, word nie as deel van die SSK beskou nie; indien residensiële vloeroppervlakte minder as 20% is, maar wanneer motorverkope, nywerhede, ens., egter minder as 5% van die vloeroppervlakte beslaan, word die blok as deel van die SSK beskou; die ideale SSK-grens moet 'n eenvoudige, onafgebroke lyn wees en daarom word blokke wat hierdie toestand belemmer, buite rekening gelaat.

Murphy ²⁶ het ook 'n verdere duidelike uiteensetting van die reëls vir die afbakening van die SSK gegee, nl.: 'n blok kwalifiseer om in die SSK ingesluit te word wanneer dit 'n SSHI van een of meer en 'n SSII van 50% of meer het; 'n blok moet aan blokke wat rondom die MGI gegroepeer is, grens; 'n blok wat nie aan die indeksvereiste voldoen nie, maar wat deur kwalifiserende blokke omring word, word as deel van die SSK beskou; indien 'n blok deur 'n stadsaal, poskantoor, polisiekantoor, munisipale- en regeringsgeboue, ens. beset word en aan die SSK grens, dan word hierdie blok by die SSK ingesluit. Daar mag egter nie meer as twee van hierdie tipe blokke ingesluit word nie. Indien regeringsgeboue egter meer as twee blokke beset, dan word die blokke weggelaat.

Ander sekondêre afbakeningsmetodes wat Murphy ²⁷ kortliks behandel, sluit o.a. die winkeluur-, handelsindeks, die verhouding tussen blokfront en verkoopsvolume,

gebouhoogtes/

26. Murphy, R.E., The American City. An Urban Geography, p. 297.

27. Ibid., pp. 285 - 289.

gebouhoogtes, verkeersvloei en voetgangerverkeer, grondwaardasies en die bepaling van die SSK-grens deur te let op die blokke waar SSK-funksies minimaal is.

3.1.3.3 Afbakening van Queenstown se SSK

By die afbakening van Queenstown se SSK is van vier metodes gebruik gemaak. Hulle word in volgorde van belangrikheid bespreek. Perseeluur is nagegaan hoofsaaklik met die doel om bogenoemde metodes te kontroleer.

3.1.3.3.1. Grondgebruik

Eerstens is bepaal watter funksie kenmerkend aan die SSK is. Die klassifikasie van grondgebruike, volgens Davies²⁸, is as kriterium gebruik.

Tweedens is die karteringsproses op 'n kaart met 'n groot skaal van die sentrale stadsgebied waarop die straat-blokke en persele aangedui is, gebaseer. Alle sentrale saakgebruike op elke perseel is met 'n „C" en nie-sentrale saakgebruike met 'n „X" aangedui. Die opname is in die horisontale sowel as die vertikale vlak uitgevoer.

Derdens is die oppervlakte d.w.s. die vloerruimte van elke sakeonderneming vasgestel.²⁹

Die kartering van die SSK se funksionele differensiasie (Fig. 13.) is slegs op die grondverdieping gebaseer. Kenmerkend in die geval van Queenstown is die verskynsel dat die eerste verdieping (in die meeste gevalle is dit dan ook die boonste verdieping) vir kamtoordoeleindes van die sakeondernemings op die grondverdieping gebruik word. Verdiepinggeboue (in die meeste gevalle nie meer as een verdieping nie en in 'n beperkte aantal geboue hoogstens vier verdiepings) kom nie algemeen voor nie en dus is die kartering van grondgebruike op die verdieping-

vloere nie/

28. Davies, D.H., op.cit., p. 90.

29. Munisipale kantoor het inligting verstrek.

vloere nie onderneem nie.

Queenstown se SSK is afgebaken deur van die Sentrale Saakintensiteitsindeks (SSII), d.w.s.

$\frac{\text{Sentrale Saakgebruikruimte}}{\text{Totale vloerruimte}} \times \frac{100}{1}$, gebruik te maak. 'n Blok kwalifiseer om in die SSK ingesluit te word wanneer dit 'n SSII van 50% of meer het. Daar is dus nie van die Sentrale Saakindeks (SSI) waar die SSII 50% en meer en die SSHI een of meer is, gebruik gemaak nie. Die rede, soos reeds genoem, is dat talle ondernemings nie in verdiepinggeboue voorkom nie. Daar kan dus nie verwag word dat die SSK van 'n dorp so groot soos Queenstown, aan bv. die vereistes van 'n SSHI van een of meer, moet voldoen nie. Blokke wat in werklikheid tot die SSK behoort, sal gevolglik uitgesluit word.

Bohnert en Mattingly³⁰ waarsku egter dat bogenoemde metode, indien streng toegepas, nie met bevredigende noukeurigheid afgebaken kan word nie. In die geval van kleiner sentra (met 'n bevolking van 10,000 inwoners en minder) kan positiewe resultate verkry word, indien blokke wat minstens 4 uit 10 persele SSK-funksies bevat, as deel van die SSK beskou word. Hierdie metode is in die geval van Queenstown gebruik, maar dit het net as kontrole vir die SSII-afbakening gedien.

Die finale afbakening van Queenstown se SSK is as volg gedoen: ten eerste is die grense van die SSK d.m.v. voetgangerverkeer bepaal (hier is die grens deur 'n voetgangerverkeer van minstens 30% van die maksimale voetgangerverkeer aangedui en is die afbakening nie slegs tot hele blokke beperk nie, maar soms word 'n gedeelte van 'n blok tot die SSK gereken; tweedens is van grondwaardes gebruik

gemaak/

30. Bohnert, J.E. en Mattingly, P.F., op.cit., pp. 337 - 346.

gemaak. Die grens word in hierdie geval deur die persele waar die grondwaardes ten minste 30% van die maksimum grondwaarde-interseksie uitmaak, aangedui. In hierdie geval is ook selfs gedeeltes van sommige blokke as deel van die SSK beskou. Derdens is die blokke waar die SSII 50% en meer is by die SSK ingesluit. Die grense het egter in hierdie geval hele blokke ingesluit. Vierdens is die aantal persele wat SSK-funksies bevat, bepaal. Alle blokke waar 40% en meer persele SSK-funksies het, word by die SSK ingesluit. Die blok as geheel is in die SSK ingesluit. Ten slotte is visuele indrukke en perseeluur as sekondêre kontrolemiddels gebruik.

3.1.3.3.2. Grondwaardes (Fig. 11)

Volgens Murphy ³¹ is grondwaardes 'n beter afbakeningskriterium as wat bogenoemde twee metodes is. Grondwaardes bied egter heelwat probleme: grond- en gebouwaardes is nie geredelik bekombaar nie; aangesien waardasie metodes merkbaar verskil, kan die direkte gebruik van grondwaardes van stede nie as interstedelike vergelykingsmetode aangewend word nie; munisipale beamptes weier soms om waardasies bekend te maak; die data is soms nie verwerk nie; daar is geboue wat dikwels van belasting vrygestel is; grondwaardes diskrimineer nie tussen grondgebruik nie, bv. 'n fabrieksblok kan ook 'n hoë waardasie hê.

Murphy het die grondwaardes van elke perseel tot op 'n diepte van 100 vt. bepaal. Die hoogste waarde is gelyk aan 100% en die ander erfwaardes word as 'n persentasie van die erf met die hoogste waarde uitgedruk. Die 5%-isolyn word as die raangebied van die SSK beskou.

Davies ³² het die volgende metode, wat as onafhanklike

kontrole/

31. Murphy, R.E., op.cit., p. 287.

32. Davies, D.H., op.cit., p. 22.

kontrole van die finale afbakening van die SSK moes dien, toegepas. Die SSK-grens is in hierdie geval verkry deur die grens te trek waar die grondwaarde 30% van die maksimum grondwaarde is. Die grondwaardekaart bevat isolyne met waardes van 500c, 1,000c, 2,000c, 2,500c, 3,000c en 4,000c. Die SSK-grens wat verkry is deur die toepassing van die Sentrale Saakindeks (SSI) het, nadat dit met die grense wat d.m.v. verkeersdata en grondwaardes in die SSK afgebaken is, 'n hoë korrelasie getoon.

Die fundamentele belang van grondwaardes as basis vir 'n stedelik-geografiese studie word deur Gist en Halbert beklemtoon wanneer hulle verklaar: „No analysis of the ecology of the city can be complete without reference to land values, their pattern and changes. Values of real estate are of more than economic importance, they profoundly affect human relations at many points and in turn are affected by the movement and distribution of people and commodities, by race and culture, by standards of living and by facilities of transportation.”³³

Waar vooruitsigte vir benutting van die grond goed is, sal die grondwaarde styg. Die benuttingsmoontlikhede van grond verskil egter van erf tot erf. Indien as 'n geldwaarde uitgedruk, bied hierdie grondwaardes van die verskillende erwe 'n ideale uitgangspunt vir die ontleding van die stedelike gebied van enige dorp, aldus Van der Merwe.

Die grondslag vir die waardeskatting van grond is die normale prys wat 'n koper gewillig sou wees om te betaal en 'n verkoper gewillig sou wees om aan te neem, indien die grond vrywillig te koop aangebied sou word.

Stedelike grondgebruik en grondwaarde hang baie nou

saam/

33. Van der Merwe, I.J., „Grondwaardes as Element in Stedelike Geografiese Studies”, in Tydskrif vir Aardrykskunde, Vol. 3, no. 1, Sept. 1967, pp. 19 - 25.

saam, in dié sin dat intensief benutte grond se waarde in die algemeen hoër is as onbesette grond. Binne die sentrale sakekern is die aanvraag na grond maksimaal en gevolglik is die intensiteit van grondbenutting en grondwaardes hier die hoogste. Namate verder weg van die sakekern beweeg word, neem die grondwaardes dienooreenkomstig af. Aspekte soos straatfront en hoekligging van erwe, aard en toestand van verkeersweë, uitsig, bodemgesteldheid en topografie, omvang en ouderdom van die dorp beïnvloed grondwaardes positief of negatief.

Die metode waar isolyne gebruik word om gebiede met dieselfde grondwaardes af te baken, word deur Van der Merwe gekritiseer. Volgens hom is die erwe self belangrik by die identifisering van die verspreidingspatrone. Die skakering van die individuele erf is die mees bevredigende metode. In die geval van Die Strand is die gemiddelde waarde per straatblok bereken.

Die grondwaardes van Queenstown se SSK is verkry uit statistieke van 1964 se waardasielyste. Die voorstelling van die grondwaarde geskied in rand per vk. vt.³⁴ Die waardasie van erwe is op liniêre "diepte"-afstande gebaseer. In die geval van Queenstown is elke erf in drie dele nl. 50 vt., 100 vt. en 150 vt. vanaf die straatfront onderverdeel. Die geldwaarde wat in die bespreking en kaart gebruik word, is die waarde per vierkante voet van die eerste 50 vt.

Die laagste waardes wissel van 15c tot 85c per vk. vt. en die hoogste waardes bedra R7.00 (700c) per vk. vt. Die maksimum grondwaarde-interseksie (Fig. 11.) lê op die kruising van Cathcartweg en Robinsonweg-Oos. Hierdie

punt word/

34. Hierdie kaart (Fig. 11.) is deur mnr. Hunter, wat verbonde aan die munisipale kantore is, saamgestel.

punt word deur blokke 88, 89, 98 en 99 omsluit.

Wanneer die erwe wat 30% (volgens Davies) en meer, d.w.s. minstens R2.10 van die maksimum grondwaarde uitmaak, in die SSK ingesluit word, dan kan die volgende afleiding gemaak word: slegs blok 88 voldoen geheel en al aan bogenoemde vereiste en dit is gevolglik die belangrikste blok in die SSK; blokke 89, 90, 98 en 99 is die tweede belangrikste groep; blokke 100 en 101 vul die derde posisie; slegs 'n klein oppervlakte van blokke 86, 87, 91, 96, 97 en 102 behoort tot die SSK; die belangrikste deel van die SSK lê oos van die heksagoon; al die blokke oos van die heksagoon is in die SSK ingesluit; slegs 'n baie klein oppervlakte van die vier blokke onmiddellik wes van die heksagoon is in die SSK ingesluit; die heel westelike blokke in Cathcartweg wissel van R1.00 tot R2.00; die heel oostelike blokke in Cathcartweg se waarde wissel van R2.00 tot R4.00 per vk. vt. terwyl blokke 105, 106, 107, 110 en 111 besonder lae waardes toon wat van 15c tot R1.50 wissel.

3.1.3.3.3. Voetgangerverkeer (Fig. 12.)

Murphy³⁵ tel die aantal voertuie op sekere punte in die SSK en vandaar word die verkeersvloei bepaal. Waar die verkeer 'n minimum bereik, geskied die grensafbakening. Hierdie metode het hy later laat vaar aangesien daar dikwels van omweg-roetes gebruik gemaak word en boonop word parkering dikwels gedurende sekere ure verbied. Bogenoemde metode is nie op die afbakening van Queenstown se SSK toegepas nie.

Murphy wys daarop dat voetgangerverkeer beter resultate lewer. Fabriekswerkers en studente kan gedurende

sekere periodes/

35. Murphy, R.E. en Vance, J.E., op.cit., pp. 189 - 222.

sekere periodes sake bemoeilik. Die steekproef moet dus met oorleg gekies word, terwyl in gedagte gehou moet word dat die afbakeningsyfer van stad tot stad wissel. Alle tellings in die stad word as 'n persentasie van die maksimumtelling uitgedruk.

Davies ³⁶ het d.m.v. verkeerstellings die punte, waar 30% van die maksimale verkeer voorkom, bepaal. Dit was een van die aanvanklike metodes wat hy by die bepaling van Kaapstad se SSK-grensafbakening gevolg het. Die 30%-isolyn het dan ook positiewe resultate by dié afbakening gelewer.

In Queenstown is 'n opname van die voetgangerverkeer gedurende 'n Saterdagoggend vanaf 10 vm. tot 11 vm. gemaak. Alle blanke en nie-blanke voetgangers is getel vanaf observasiepunte op die sypaadjes van elke straatblok. In die sentrale gebied is die voetgangers gevolglik op elke straatblok se vier sye getel.

Uit die opname kan die volgende waargeneem word: blokke 88 en 98 dra die grootste voetgangerverkeer; die twee sye van bogenoemde twee blokke, wat aan Cathcartweg grens, toon veral die grootste digtheid: in die geval van blokke 99 en 100 word die tweede meeste voetgangers hier aangetref; die twee suidelike radiale strate het 'n groter verkeer as wat die geval met die twee ander strate is. Bantoevoetgangers is in Bowker- en Calderwoodstraat oorheersend. Blokke 83 en 84 het dan ook die minste aantal voetgangers, terwyl die verkeer oos van die heksagoon ook geleidelik afneem. Opmerklik hier is die feit dat die voetgangers op die oostelike blok, nl. 91, nog veel meer is in vergelyking met blok 86, wat net ten weste van die heksagoon is.

Die sentrale/

Die sentrale sakekern se maksimum voetgangerverkeer-interseksie lê op die kruising van Cathcartweg en Robinsonweg-Oos. Hierdie punt word deur blokke 88, 89, 98 en 99 omsluit.

Positiewe resultate in die afbakening van die SSK is deur die toepassing van Davies se metode (30%-isolyn van voetgangerverkeer) verkry. Slegs drie blokke nl. 88, 97 en 98 is geheel en al ingesluit. Blokke 86, 87, 89, 90, 91, 96, 99 - 101 is gedeeltelik ingesluit. Die vier sye van blok 88 dra die swaarste voetgangerverkeer gevolg deur blok 98.

3.1.3.3.4. Perseelhuur

'n Opname by 'n aantal sakeondernemings t.o.v. die huur wat hulle betaal, is ook vir hierdie begrensingstudie gemaak. Hier kan gemeld word dat die huur nie altyd op die hele gebou betrekking het nie, maar wel op die afsonderlike ondernemings in die betrokke gebou. 'n Probleem wat hier opgeduik het, was die feit dat sommige huurders nie die verlangde inligting wou verstrek nie. Daarenteen word heelwat ondernemings self deur die eienaar van die gebou beset, m.a.w. hierdie spesifieke metode kan gevolglik nie op alle geboue van toepassing gemaak word nie.

Die huurder asook die verhuurder kon in die meeste gevalle nie die grootte van die betrokke sakeonderneming verstrek nie. Verder besit die Munisipaliteit slegs die grootte van die gebou self en nie die oppervlakte van die afsonderlike winkels nie.

Slegs in die geval van 'n paar sakeondernemings betaal die huurder per vierkante voet. Die res se huur word deur die eienaar direk volgens die heffing van munisipale belasting bereken. Uit die aard van die saak is dit

duidelik/

duidelik dat daar nie direk na 'n onderneming verwys kan word nie. Fig. 9 kan in hierdie gevalle geraadpleeg word.

Deur persoonlik op die gebou se grootte en toestand te let, kon gou bepaal word of die huur hoog is, al dan nie. 'n Studie van die huur dui aan watter persele op 'n sentrale en toeganklike terrein geleë is: persele met 'n hoë huur is dus om hierdie rede gesog.

TABEL 3.1

Winkelhuur in SSK bereken volgens grootte van gebou waar-
in sakeonderneming gehuisves is en die heffing van muni-
sipale belasting

Straat	Blok no.	Perseelgrootte		
		Groot	Middelmatig	Klein
Cathcart	86	R250		
"	86			R35 of 4.4c/vt ²
Hexagoon	86		R80 of 4c/vt ²	
Shepstone	87		R120	
Cathcart	88		15c/vt ²	
Hexagoon	88			R100 of 1.6c/vt ²
Robinson-N	89			R 75 of 7.5c/vt ²
Cathcart	89		R136 of 13.2c/vt ²	
Robinson-N	89		R 85	
Cathcart	90		R140 of 8.5c/vt ²	
Cathcart	90		R110 of 9.1c/vt ²	
Cathcart	91	R200		
Cathcart	91		R100 of 6.1c/vt ²	
Griffith	91			R29
Cathcart	91	7c		
Robinson-S	96		R 70	
Hexagoon	98			R19.35c/vt ²
Cathcart	98			R18.77c/vt ²
Bowker	98			R10.91c/vt ²
Robinson-S	98			R66
Cathcart	98			R50
Robinson-S	98			R60
Robinson-S	99			R30
Robinson-S	99		R55	

Cathcart/

Cathcart	100	R100
Cathcart	102	R 60
Robinson-S	106	R110 of $6.5c/vt^2$
New	111	R 50
Calderwood	111	R 40
Robinson-S	111	R 87

Uit bostaande word die volgende afgelei, nl. dat daar veral twee blokke (88 - 15c en 98 - 19.35c) is waar die huur hoog is en dat blokke 89 (13.2c), 90 (9.1c) en 100 'n heelwat laer tarief het. Verder ooswaarts word die huur laer, bv. by blok 91 is dit (7c). Wes van die heksagoon is die tariewe die laagste, bv. 4c per vierkante voet op blok 86. Hieruit blyk dit duidelik waarom blokke 88 en 98 die kern van die sentrale sakedeel uitmaak.

Verder kan afgelei word dat die straat waarin 'n winkel front, die huur beïnvloed. By blok 98 is daar drie winkels wat in baie opsigte byna identies is. Die winkels wat op die heksagoon front, het die hoogste tarief met die winkels in Cathcartweg tweede en dié in Bowkerstraat die hoogste. Die keuse en waarde van 'n perseel word bepaal deur die getal voetgangers wat daar aangetref word. Erfbelasting en huurtariewe is die hoogste waar intensiewe benutting deur handelonderneming geskied.

Die SSK se maksimum perseeluur-interseksie lê egter op die kruising van Cathcartweg en Robinsonweg-Oos. Hierdie punt word deur blokke 88, 89, 98 en 99 omsluit.

Uit die aard van die saak is dit duidelik dat die beskikbare data insake perseeluur nie 'n behoorlike kaartvoorstelling regverdig nie.

Onderstaande tabel toon die potensieële SSK-blokke wat aan eersgenoemde vier metodes getoets is. Waar 'n blok aan al die vereistes voldoen, word dit as deel van die SSK beskou.

TABEL 3.2

Bepaling van blokke wat deel van die SSK uitmaak

Blok no.	SSII 50%	Bohnert en Mattingly 40%	Grondwaardes 30%	Voetganger- verkeer 30%	Totaal
83	-	-	-	-	0
86	-	-	x	x	2
87	-	x	x	x	3
88	x	x	x	x	4
89	x	x	x	x	4
90	x	x	x	x	4
91	-	x	x	x	3
92	-	-	-	-	0
93	x	x	-	-	2
94	-	-	-	-	0
95	-	-	-	-	0
96	-	x	x	x	3
97	x	x	x	x	4
98	x	x	x	x	4
99	x	x	x	x	4
100	x	x	x	x	4
101	-	x	x	x	3
102	-	x	x	-	2
105	-	-	-	-	0
106	-	-	x	-	1
107	-	-	-	-	0
110	-	-	-	-	0
111	-	x	-	-	1

Die finale afbakening van die SSK (Fig. 13.) is op bogenoemde gegewens gebaseer. Queenstown se SSK bestaan uit blokke 88 - 90 en 97 - 100. Alhoewel blokke 96, 87, 91 en 101 aan slegs drie uit die vier vereistes voldoen, maar nie binne die SSK voor kom nie, is hulle nogtans belangrik.

Die maksimum grondwaarde-interseksie is tussen die blokke 88, 89, 98 en 99.

3.1.3.4. Bepaling van die Maksimum-grondwaarde-interseksie (Fig. 11.)

Daar is, soos reeds bespreek, 'n hele aantal faktore wat die waarde van persele bepaal. Nadat die perseeluur, voetgangerverkeer, intensiteit en verskeidenheid van grondgebruike en ten laaste die grondwaardes van die persele op die blokke in die sentrale sakedeel nagegaan is, is tot die slotsom geraak dat: blok 88 die belangrikste in die SSK is en dit kan ook as die middelpunt van die sakekern beskou word; blok 98 die tweede belangrikste is; genoemde twee blokke heelwat verdiepinggeboue bevat; blokke 89, 97 en 99 wat aan weerskante van blokke 88 en 98 geleë is, die derde belangrikste groep uitmaak; Cathcartweg, d.w.s. die straat waarin hoofsaaklik sakeondernemings voorkom, een myl lank is; die heksagoon die geografiese middelpunt van die SSK is; die maksimum grondwaarde-interseksie op die kruising van Cathcartweg-Oos geleë is; die hoogste grondwaardes grotendeels oos van die heksagoon voorkom; die M.G.I. nie in die geografiese middelpunt van die SSK geleë is nie.

3.1.3.5. Funksionele Benutting van Queenstown se SSK

Na 'n deeglike studie van die SSK kon heelwat gevolgtrekkings gemaak word. Aan weerskante van die twee ingange van Cathcartweg is vier motorhawens. Al die blokke (83 - 85, 92 - 95) wes van die Cathcartweg-Wes en Robinsonweg-Noord kruising bevat slegs 'n paar sakeondernemings: daar is selfs woonhuise tussenin, maar merendeels is die winkels klein, ver van mekaar geleë en verkoop hulle ware met 'n laer prysgrens. Die voetgangers, d.w.s. die potensieële klante, is hier minimaal. Hierdie sakeondernemings se omset is gevolglik laag.

In die afgelope tyd is daar egter heelwat nuwe winkels opgerig. Dit lyk egter nie of daar binne afsienbare tyd 'n opbloei in handelsbedrywighede sal wees nie, aangesien klante hoofsaaklik van deurverkeer en die aangrensende residensiële gebiede afkomstig is.

Die volgende blokke (86 en 96), onmiddellik wes van die heksagoon, is van meer belang. In teenstelling met die pas bespreekte blokke, word dié blokke se vier sye beset deur ondernemings met slegs enkele wonings tussenin. Hier is groothandelondernemings, ligte nywerhede, 'n hotel en die markgebou aan te tref.

Blokke 87 en 97 beklee die sentrale posisie van die SSK. Daar is bevind dat blok 87 waarop die Hotel Hexagon geleë is, die minste van die ses blokke om die heksagoon ontwikkel is. Behalwe vir een of twee winkels bevat dit net woonhuise en woonstelle. Blok 97 daarenteen, is funksioneel digter beset, behalwe die deel wat aan Robinsonweg-Suid grens. Hier word twee groot motorhawens, 'n hotel en die nuwe O.K.-Bazaarsgebou aangetref.

Blokke 88 en 98 waarin Morums en die Sanlangebou onderskeidelik geleë is, is die sakekern. Blok 88 bevat Queenstown se prestigewinkels en word die maksimum voetgangerverkeer hier aangetref.

Blok 89 bevat o.m. ondernemings wat t.o.v. fotografie, elektriese ware, meubels, aptekersware en boeke spesialiseer. Hierdie blok is ná blok 88 die mees gesogte blok vir algemene handel. Hier kan in die onmiddellike toekoms die grootste ontwikkeling plaasvind. Twee versekeringsmaatskappye het onlangs hier groot geboue opgerig.

Wat is die hoofrede waarom sakeondernemings na die oostekant uitbrei? Hierdie vraag kan aan die hand van



Lugfoto no. 5. Blokke 38 en 98 is onmiddellik oos van die heksagoon geleë.



Foto no. 6. 'n Blik op die sakekern.

die historiese besetting van blokke 88 en 89 verklaar word. Ondernemings vestig hulle verkieslik naby ander gevestigde ondernemings. Blokke 89 en 99 is nader aan die sakekern as wat die geval met blokke 86 en 96 is.

Sedert die vroegste jare het die die dorp hoofsaaklik na die oostekant en noordwaarts uitgebrei. Die winkels is gevolglik so na as moontlik aan hierdie residensiële gebied geplaas. Daarenteen was die uitbreiding weswaarts traag; in hierdie dele is ook swakker woonbuurtes. Vergelyk die huiswaardasies (Fig. 17.) van Westbourne en o.a. blokke 85 en 104. Boonop is Cathcartweg-Oos ook nader aan die spoorwegstasie.

Blok 99 word deur munisipale- en regeringsgeboue, o.a. die stadsaal en poskantoor oorheers. Die beste sakeondernemings hier is egter in Robinsonweg-Suid geleë. Blok 90 vertoon 'n afname in kommersiële belangrikheid omdat die kontinuïteit van handelondernemings deur die Hotel Grand en 'n groothandelsaak onderbreek word. By blok 91 word hierdie tekens voortgedra en is daar 'n duidelike afname weens die feit dat dit te ver van die sakekern geleë is. Die klante sien gevolglik daarteen op om so ver te stap. Hier word motorhawes en kleiner winkels aangetref. Die laer huur moedig sekere soort ondernemings soos o.a. slaghuise, die verkoop van veemiddels, ens. aan om hulle hier te vestig.

Blok 100 bevat enkele spogwinkels en alhoewel dit nog steeds binne 'n goeie sakegebied is, doen blok 99 tot 'n mate afbreuk daaraan, omdat dit die kontinuïteit van kleinhandelondernemings onderbreek. Aangesien blok 101 byna uitsluitlik deur die Hotel Windsor beset word, is dit nie van veel belang nie. Blok 102 daarenteen doen betreklik goeie besigheid; dit bevat 'n motorhawe, groothandelonderneming en 'n aantal kleiner winkels asook 'n

paar woonhuise, alhoewel sommige geboue reeds tekens van fisiese verval toon.

Normaalweg sou verwag word dat die heksagoon die midelpunt van die sentrale sakedeel sou uitmaak, maar dit is egter nie die geval nie. Soos reeds genoem, geskied ontwikkeling veral in die westelike sektor.

Die belangrikste sakegebied is egter ten ooste van die heksagoon waar dit 'n dinamiese ontwikkelingsgang ondervind. Kenmerkend is die feit dat die finansiële instellings soos banke en versekeringsmaatskappye hoofsaaklik aan die suidelike kant van Cathcartweg saamgetrek is. Die winkels vertoon meestal 'n noordfront. Slegs in groter stede word daar afsonderlike kleinhandels- en finansiële groeperinge binne die SSK aangetref. In Queenstown is daar dus geen sprake van 'n spesifieke finansiële „buurt" nie, maar hierdie instansies kom naby die sakekern op goed geleë persele voor en word verspreid tussen ander kleinhandelsake aangetref. Verkeersaangetrokke sakebelange, soos hotelle en motorhawes, kom verspreid langs Cathcartweg voor.

In Ebdenstraat is daar wel enkele sakeondernemings sowel as dokters se spreekkamers, maar dit vertoon geen dinamiese gravitasie-eienskappe nie. Dieselfde geld vir Tyldenstraat waar hoofsaaklik verouderde woonhuise voorkom en Robinsonweg-Noord.

Alvorens die sakegebied langs Cathcartweg versadig is, d.w.s. nadat horisontale en vertikale ekspansie ten volle plaasgevind het, sal hierdie strate (Robinsonweg-Noord, Tyldenstraat, ens.) nie deur sakebelange beset word nie. Die verkeer van potensiële kopers sal nog onvoldoende wees, aangesien Queenstown se bevolking nog te klein is en die sentrale gebied nie eers ten volle benut is nie.

'n Tweede handelsgebied is in Robinsonweg-Suid, d.w.s. suid van die poskantoor en wel op twee reeds genoemde blokke (98 en 99), asook blokke 106 en 111 geleë. Hierdie winkels verskaf goedere teen lae en gemiddelde pryse en konsentreer hulle dus hoofsaaklik op Bantoe-handel. Hierdie gebied vertoon 'n beslisde groeikrag ten spyte van die feit dat talle van die geboue nie meer in 'n goeie toestand is nie. Aangesien die Bantoes langs Calderwood- en Bowkerstraat vanaf die lokasie na die dorp beweeg, is dit logies dat Bantoe-handel voorkeur sal geniet.

In Owenstraat is 'n paar ondernemings wat o.a. boumateriaal verskaf en word ligte nywerhede, woonstelle en huise daarin aangetref. In Joubertstraat word huise aan die agterkant van die handelsblokke aangetref.

3.1.4. Verspreide Vorme

Kommersiële en subsentra, in teenstelling met die SSK, bedien nie die hele stedelike gebied nie, maar is hoofsaaklik van die onmiddellik aangrensende woonbuurtes afhanklik. Hierdie tipe ondernemings is minder gespesialiseerd en bestaan hoofsaaklik uit winkels wat alledaagse lewensbehoefte aan die omliggende woonbuurtes voorsien.

Op blokke 117 en 118 is daar 'n aantal ondernemings wat deur o.a. blankes, kleurlinge en Chinese beheer word, maar vanweë hulle ligging t.o.v. die lokasie, is die Bantoes die vernaamste klante.

Op blokke 113 en 126 word die Boere Koöperasie, 'n droogskoonmakery, groothandelsake, winkels met landboumasjienerie en boumateriaal verkoop, asook 'n onderneming wat spesialiseer in die herstel van dieselenjins, aangetref. Hierdie groep ondernemings bedien egter die hele gemeenskap.

In Westbourne is een winkeltjie en op blokke 59, 66

en 69 is ook klein kafeetjies. Noord van die spoorlyn kom daar met een enkele uitsondering, geen sakeondernemings voor nie.

Uit bostaande blyk dit dat kleinhandelsbedrywighede grotendeels tot die SSK beperk is.

3.2 GROOTHANDEL

3.2.1. Faktore wat die Lokalisasie van Groothandel Bepaal

Houghton definieer groothandel as volg: "The definition of a wholesaler accepted by the census is one who sells goods to dealers or distributors for resale or to purchasers for consumption in their own business. For a firm to be classified as a wholesaler, 75 per cent or more of its total turnover must be wholesale trade." 37

Oor die posisie wat Oos-Londen en Queenstown as groothandelsentra bekleer verklaar Houghton: "East London enjoys a virtual monopoly of the overseas trade of this whole area, and in relation to consumer goods imported from abroad merchants in East London are strategically placed to control wholesale distribution. Increasingly, however, consumer goods are coming to be of South African manufacture, and the origin of many of them is the huge complex of the Southern Transvaal. For the distribution of these goods a wholesaler in Queenstown or further north would appear to be more strategically placed." 38

Daar is 'n duidelike verandering in die huidige posisie van groothandelaars in Oos-Londen in vergelyking met die verlede te bespeur. Aan die begin van die eeu het groothandelaars in dié stad en King William's Town

'n bloeitydperk/

37. Houghton, D.H., Economic Development in a Plural Society (Studies in the Border Region of the Cape Province), p. 95.

38. Ibid., p. 9.

'n bloeitydperk beleef. Hulle het 'n groot en winsgewende twee-rigting handel beoefen. Terwyl wol, huide en velle uitgevoer is, is alle soorte fabrieksware ingevoer en aan kleinhandelaars in die Grensgebied, selfs so ver as die Vrystaat, Lesotho en Transvaal versend.

Groothandelaars ondervind egter tans probleme.

Eerstens is daar 'n toename in funksionele verskeidenheid. Gespesialiseerde firmas en koöperasies behartig self die uitvoer van o.a. landbouprodukte, terwyl handelsonderne- mings, met 'n verskeidenheid verkoopsware, sterk kompeti- sie van gespesialiseerde firmas ondervind.

Tweedens is die fabrieksproduksie in Suid-Afrika verhoog. 'n Paar dekades gelede is klerasie, skoeisel, ens. ingevoer. Vandag is die posisie egter omgekeerd. 'n Groothandelaar in Oos-Londen was strategies t.o.v. oor- sese produkte geleë en het die verspreiding van fabrikate deur die land behartig. 'n Firma het dus nie slegs die funksie van 'n groothandelaar vervul nie, maar ook dié van invoerder. Vandag is die plaaslike produksielyne gewel- dig uitgebou sodat groot kleinhandelaars hulle bestel- lings direk by die fabriek plaas.

Derdens werk talle nywe wette en regulasies wat groothandelsbedrywighele aan bande lê, ernstige probleme in die hand. Die ondernemingsgees van die groothandelaar word beperk deur bv. die toepassing van streng invoerbe- heermaatreëls.

In 'n artikel het Ratcliff³⁹ daarop gewys dat die groothandel- en ligte fabrieksone nie konsentries om die SSK geleë is nie. Groothandelaars is geneig om hulle aan een kant van die SSK, naby vervoerfasiliteite, te

vestig/

39. Ratcliff, R.U., "Internal Arrangement of Land Uses", in Urban Land Economics, pp. 386 - 397, soos saam- gevat in Mayer, H.M. en Kohn, C.F., op.cit., pp. 401 - 417.

vestig. Weens die proses van inname en opvolging word groot en ouer geboukonstruksies heel dikwels deur groot-handelaars vir verpakkingsruimte beset.

Die belangrikheid van die ligging van groothandels-ondernemings word deur 'n aantal faktore ⁴⁰bepaal. Hoofsaaklik word dit beïnvloed deur die manier waarop die onderneming sy handelware van die hand sit. Daar is drie metodes. Eerstens word van nasionale advertensies gebruik gemaak en katalogi of monsters word aan voornemende klante voorsien. Tweedens word voorrade aan die kleinhandelaar d.m.v. handelsreisigers verskaf en derdens onderhandel groothandelswinkels direk met die klante.

Vervoerfasiliteite speel ook 'n belangrike rol t.o.v. die ligging van groothandelondernemings. Lywige en swaar goedere word hoofsaaklik deur die Spoorweë vervoer vanuit die pakhuse binne die spoorwegterrein. Goedere van kleiner omvang kan van motorvervoer gebruik maak. Die nabyheid van 'n spoorwegstasie is noodsaaklik vir die ontvangs en versending van goedere.

Die tipe handelware bepaal ook die vloerruimte wat diesulke handelaars benodig. Hoe groter en swaarder die ware is, hoe groter moet die ruimte wees. Voornemende kopers dring daarop aan om goedere te besigtig en daarom moet daar vir uitstalruimte voorsiening gemaak word. 'n Sentrale ligging sal in sulke gevalle uitgesluit wees.

Ondernemings moet so geleë wees dat dit vir voornemende kopers, plaaslik sowel as van elders, maksimum toeganklikheid besit. Hierdie firmas verkies 'n posisie waar hulle sonder enige ongerief deur voornemende klante bereik kan word. Die bemerking van gespesialiseerde goe-

dere verkies/

40. Ratcliff, R.U.: "Demand for Non-Residential Space", op.cit., pp. 123 - 138.

dere verkies egter weer 'n goeie ligging t.o.v. die kleinhandelaar met wie hulle daagliks sake doen.

Hoewel baie groothandelondernemings by 'n sentrale ligging baat, vervul dit nie 'n sentrale sakefunksie nie. Groothandelaars wat katalogi, die poswese sowel as die kommunikasie-middel gebruik, het nie persele met 'n hoë toeganklikheid nodig nie. Handelaars met 'n nasionale mark soek egter weer persele wat gerieflik t.o.v. die spoorweë, hotelle en vermaaklikheidsplekke geleë is.

3.2.2. Queenstown se Groothandelstruktuur

Queenstown se groothandelsverbreiding binne die munisipale grens moet egter van naderby beskou word. Met die eerste oogopslag (Fig. 13.) blyk dit dat byna al die groothandelondernemings verspreid in Cathcartweg en enkele in Robinsonweg-Suid geleë is.

Daar is 'n paar rigtings waarin die ondernemings spesialiseer, nl. voedsel aan die nie-blanke bevolking, besproeiingsapparaat, trekker- en motoronderdele, sementpype, veemiddels, plant- en insekdoders, draad en pale, tabak, klerasie, kruideniers- en ysterware. Heelwat ondernemings vertoon 'n tweeledige funksie, nl. dié van groot- en kleinhandel.

Die oorwegend sentrale posisie van groothandelsake in Queenstown is toe te skryf aan die feit dat die klante hoofsaaklik plaaslik is, die sentrale sakegebied nog nie ten volle benut is nie, groothandelondernemings nie die hoë huur en belasting, soos in die geval van kleinhandel, kan dra nie en gevolglik wyk hulle verder weg van die SSK. In Queenstown, waar grondbenutting nog nie besonder intensief is nie, kan ondernemings hulle egter in die SSK vestig.

In Queenstown kan daar nie van 'n groothandelsgebied gepraat word nie. Die aspek wat die ligging van groot-

handelsake grotendeels beïnvloed, is die beskikbaarheid van 'n gebou wat aan die spesifieke onderneming se vereistes voldoen. In die meeste gevalle bied die perseel en gebou groot pakuimte.



Lugfoto no. 7. Cathcartweg-Oos.

4.1. INLEIDING

Op die huidige tydstip toon Queenstown nog weinig te-
kens dat dit in 'n noemenswaardige nywerheidsentrum kan
ontwikkel. Plaaslike owerhede beywer hulle tans vir die
vestiging van nuwe nywerhede.

Hobart Houghton ¹ verklaar dat nywerheidsontwikke-
ling in Oos-Londen tot enkele jare gelede 'n trae tempo
vertoon het. Die betrokke stadsrade het in die jare
voor die Tweede Wêreldoorlog nie daadwerklike stappe ge-
doen om nywerhede in Oos-Londen te vestig nie. Die
plaaslike owerhede het slegs in dié soort nywerhede be-
lang gestel wat nie die karakter van Oos-Londen as vakan-
sie-oord en toeristesentrum sou verander nie.

Tot 'n aantal jare gelede was die stadsraad van
Queenstown ook nie ten gunste van enige tipe nywerheid
nie. Die owerhede wou liever die skole as inkomstebron
ontwikkel. Hierdeur sou Queenstown dan die goeie middel-
klas behou.

Die regeringsplanne vir die vestiging van grensnywer-
hede, veral in die Queenstownse gebied, het egter nog nie
verder as die beplanningstadium gevorder nie.

Volgens die Minister van Ekonomiese Sake ² word maat-
reëls getref om die desentralisasie van nywerhede aan te
moedig. Verdere konsentrasie bv. aan die Witwatersrand,
moet vermy word en die blanke platteland moet ook sy deel
van die nywerheidsontwikkeling kry. 'n Studie van die
voorsiening van sekere diverse basiese dienste soos wa-

tervoorsiening/

1. Hobart Houghton, D., op.cit., p. 141.
2. Toespraak gelewer deur min. Haak, in Die Volksblad,
18.3.1965, p. 3.

tervoorsiening, spoor- en padvervoer en moontlike belastingkorting op die koste van krag, water en vervoer, moet gemaak word. Hieroor sal die druk op bestaande watervoorrade, bv. in Suid-Transvaal, verminder. Verder moet daar aan nywerhede gedink word wat die minimum nie-blanke arbeid benodig sodat hulle nie na dorpe gelok word nie.

Volgens Houghton is dit Regeringsbeleid dat die platteland blank gehou moet word en gevolglik moet die nywerhede na die werker geneem word. Houghton skryf vervolgens: "If the policy of developing industries in areas adjacent to the Native reserves, outlined in the Government's White Paper on the Tomlinson Report, is to be put into execution, particular attention should be directed to the Border. Along the main railway line between East London and Queenstown, and around King William's Town there are areas suitable for industrial development where most of the essential services could be offered at relatively little construction cost." ³

Gedurende 1964 is daar voorgestel dat 'n komitee ⁴ in die lewe geroep word om met die Federale Kamer van Nywerhede in verbinding te tree. Die Oos-Kaaplandse Openbare Liggaam het reeds gedurende dieselfde jaar vergader met die uitsluitlike doel om die vestiging van grensnywerhede te ondersoek en daar is as volg besluit: 'n aksiekomitee bestaande uit die burgemeesters van die omliggende dorpe moet die Premier of Minister van Ekonomiese Sake spreek; 'n vraelys wat die probleme en potensiaal van die dorpe kan bepaal, moet opgestel word sodat 'n memorandum dan aan die Premier voorgelê kan word.

Die dorpe wat geraak word, is die volgende: King William's Town, Molteno, Stutterheim, Cathcart, Queens-

town/

3. Hobart Houghton, D., op.cit., p. 342.

4. Daily Representative, 1.9.1964, p. 2.

town, Sterkstroom, Burgersdorp, Dordrecht, Indwe, Lady Frere, Komga, Fort Beaufort, Alice en Adelaide.⁵

Dit het vir die afgevaardigtes duidelik geword dat die vestiging van nywerhede slegs kom slaag indien dit op 'n streeksbasis beplan word.

Die voorvereistes waaraan 'n dorp egter moet voldoen indien nywerhede daar gevestig kan word, is die volgende: 'n gunstige geografiese ligging; sport- en onderwysgeriewe; 'n goeie verspreidings- en inkoopentrum sowel as die beskikbaarheid van nywerheidspersele, water, krag en woongeriewe.

Queenstown se nywerheidsvestiging en -potensiaal sal na aanleiding van bogenoemde vereistes nagegaan word. In watter mate is Queenstown geskik vir die ontwikkeling van grensnywerhede?

4.2. Omskrywing van Nywerhede

Alvorens 'n deeglike studie van nywerhede gemaak word, is dit nodig om eers ondersoek in te stel na die omskrywing van nywerhede asook die ondernemings wat daaronder geklassifiseer word.

Dickinson onderskei tussen nywerhede en diensnywerhede en verklaar: „Industry means in this broad sense, the manipulating or handling of goods, whereas service means the satisfaction of human wants by direct contact with the consumer. Industries are classed as primary or basic and are not predicated on the existance of other types of production. Secondary or local industries cater for the needs of the working population and for the surrounding towns, i.e. laundering, baking, public utilities,

which are/

5. Memorandum van die Oos-Kaaplandse Openbare Liggaam.
(Maatreëls wat getref moet word vir die vestiging van grensnywerhede, .

which are therefore distributed proportionally to the density of population and local living standard. The services may be classed as commercial, cultural, professional and administrative." 6

Dickinson verwys vervolgens daarop dat 'n klein dorp in 'n mate dieselfde funksies as 'n stad het. Die stad verskil eerder in die verskeidenheid en kwaliteit en nie soseer in die basiese karakter van sy funksie nie. Basiese nywerhede het markte vir sy produkte wat nie slegs lokaal is nie, maar 'n wye gebied insluit en selfs tot in die buiteland strek.

'n Breë klassifikasie van nywerhede sluit o.m. die volgende in:

(i) ekstraherende nywerhede bv. die verwerking van vis, landbouprodukte en minerale; (ii) vervaardigingsnywerhede, nl. werksinkels en fabriek; (iii) diensnywerhede bv. vervoerwese, boubedryf, regerings-, professionele dienste en handel.

In 'n bespreking van Pretoria klassifiseer Louw 7 die nywerhede as volg: (i) nywerhede wat goedere lewer, o.a. (a) ekstraherende- (b) swaar- (c) skakelnywerhede, d.w.s. grondstowwe en halfverwerkte produkte gebruik om 'n eindprodukt te lewer en (d) ligte of mobiele nywerhede: (ii) diensnywerhede. Waar die reeds genoemde nywerhede almal produkte lewer wat weer verhandelbaar is, lewer hierdie groep dienste wat nie op die gewone wyse gehanteer en verkoop kan word nie, bv. krag, ligte, water, gas, wasserye en droogskoonmakers.

Van Staden 8 klassifiseer ondernemings wat o.a.

voedsel/

6. Dickinson, R.E., City Region and Regionalism, p. 25.
 7. Louw, M.J., op.cit., p. 147.
 8. Van Staden, M.P., 'n Geografiese Analise van die Stedelike Gebied Virginia, p. 125.

voedsel, klerasie, skoene, meubels, blomme, horlosies, motors en aptekersware verkoop, asook tandartse, droogskoonmakers, hotelle en bioskope, m.a.w. diensnywerhede, as tersiêre nywerhede. Tersiere nywerhede voorsien in die noodsaaklike behoeftes van die gemeenskap, wat in teenstelling met die noodsaaklike dienste wat die plaaslike owerheid verskaf, deur die privaatsektor van die dorp behartig word.

Die offisiële omskrywing⁹ van nywerhede, volgens die sensus van nywerheidsinrigtings, is as volg:

„(a) Elke perseel waarop of in verband waarmee, stoom, elektrisiteit of ander meganiese krag of toestelle gebruik word vir die bereiding of vervaardiging van goedere vir handels- of verkoopsdoeleindes, of van voedingsmiddele of drank vir menslike gebruik, of van oprigtings-, voltooiings- of herstelwerk. (b) Elke perseel wat gebruik word vir die skoonmaak of kleur van enige kledingstuk vir geldelike wins in verband waarmee drie of meer persone voltyds in diens is. (c) Elke perseel (hoewel dit nie onder paragraaf (a) val nie) waarop die volgende vervaardigingsprosesse of werksaamhede vir winsbejag verrig word: die maak, verpak of berei van goedere vir verkoopsdoeleindes of oprigtings-, voltooiings-, of herstelwerk - indien drie of meer persone in verband daarmee voltyds in diens in.”

Samevattend kan die omvang van nywerhede as volg aangedui word: stuwende of primêre nywerhede het 'n veel groter omvang en betekenis met 'n afsetgebied ver buite die stedelike grens; versorgende of lokale nywerhede voorsien oor die algemeen in plaaslike behoeftes sodat die afsetgebied dus noodwendig kleiner in omvang is.

4.3. Faktore/

9. Sensus van Nywerheidsinrigtings, Pretoria, 1954.

4.3. FAKTORE WAT FABRIEKSNYWERHEDE BEÏNVLOED

4.3.1. Watervoorsiening

Watervoorsiening geskied hoofsaaklik deur twee bronne, t.w. die Bongolodam in die Komanirivier en die Klipplaatdam in die Klipplaatrivier. Eersgenoemde rivier is sowat 3 myl vanaf die dorp en die Klipplaatdam 28 myl van Queenstown naby die dorpie Whittlesea geleë.

Die Bongolodam kan 1,600 miljoen gelling water bevat en die Klipplaatdam wat in 1957 voltooi is, het 'n kapasiteit van 8,400 miljoen gelling. Lg. is selfs groter as die Churchilldam naby Port-Elizabeth.

Die Bongolodam wat 'n oppervlakte van 4,000 akker beslaan, bied ook ontspanningsgeleenthede vir hengelaars en motorbootentoesiaste. Die Klipplaatdam beslaan 24,000 akker voet en hier is forelle 'n aantrekkingskrag, asook seiljag. Derdens is daar die Berrydam wat as opgaardam gebruik word. Van eersgenoemde twee damme word die water hierin gepomp. Dit word hoofsaaklik gedoen, sodat alle materiaal in suspensie na die bodem kan daal. Die Berrydam het 'n kapasiteit van 58 miljoen gelling water.

Water vanaf die Bongolo- en Klipplaatdam kan ook direk in die moderne en doeltreffende suiwingstelsel gepomp word. Bo-op Bowkerskop is twee opgaartenks van 50,000 gelling elk geplaas. Aangesien die tenks hoër geleë is as die res van die dorp, is die drukking van die water in die waterpype hoog. Bykomstige pompgeriewe is gevolglik nie nodig nie.

Gedurende 1961 is 'n 18 duim pypleiding vanaf die Klipplaatdam in gebruik geneem. Dit kan 'n genoegsame watervoorraad bied, selfs wanneer nywerhede in die toekoms in dié dorp opgerig gaan word.

Boere het in die verlede 'n versoek gerig dat die Klipplaatdam se water vir besproëing aan hulle beskikbaar gestel moet word. Die raadgewende ingenieurs het bepaal dat dit onprakties sou wees.

Daar word dikwels aangevoer dat die watertarief, nl. 40c per 1,000 gelling of 37½c vir ongefiltreerde water vir beide huishoudelike-, kommersiële- en nywerheidsgebruik te hoog is. Dit is dus wenslik om 'n vergelyking met 'n paar ander plekke te tref.

TABEL 4.1.

'n Vergelyking van Watertariewe ¹⁰

Oos-Londen	15 - 37c	per 1,000 gel.	- nywerheid
King William's Town	25c	" " "	- huish. en nyw.
Aliwal-Noord	20c	" " "	- kommersieel
	25c	" " "	- nywerheid
Beaufort-Wes	50c	" " "	- huish. en nyw.
Benoni	40c	" " "	- huishoudelik
	25c	" " "	- nywerheid
Bloemfontein	50c	" " "	- huishoudelik
Boksburg	50c	" " "	- huishoudelik
	40c	" " "	- nywerheid
Kaapstad	27.5c"	" " "	- huishoudelik
	27.5c"	" " "	- nywerheid

Queenstown is in 'n betreklik droë streek geleë. Volgens Tabel 4.1. blyk dit dat die tarief gunstig met baie ander gebiede vergelyk.

Die Bongolodam lewer daaglik 750,000 gellings, maar dit kan selfs 1,250,000 gellings lewer. 'n Genoegsame watervoorraad is dus beskikbaar. Die probleem is dat nie veel meer gefiltreerde water per dag gelewer kan word alvorens bykomende opgaartenks aangebring is nie.

4.3.2. Elektrisiteits-/

4.3.2. Elektrisiteits- en Kragvoorsiening

Op 9 November 1912 is Queenstown vir die eerste keer van elektrisiteit voorsien, met mnr. Belled-Ellis as elektrotegniese-ingenieur. Die gelykstroom-masjiene kon slegs 100 K.W. opwek. Gedurende 1921 word na wisselstroom oorgeskakel.

Die kragentrale is langs die spoorlyn na Oos-Londen aan die buitewyke van die dorp geleë. Hoewel die kragentrale vroeër 'n randligging gehad het, word dit tans deur woonhuise omring. Afgesien van die feit dat die ligging van die kragentrale, weens estetiese redes, 'n nadelige uitwerking op omliggende huise het, is die sentrale om verskeie redes egter op die huidige terrein geplaas. Eerstens, moes dit naby die Berrydam en tege-lykertyd naby die spoorlyn geleë wees, sodat die steenkool makliker gehanteer kon word.

Verder is ook 25 akker deur die Munisipaliteit ten suid-weste van die dorp gereserveer. Hier kan, indien daar in die toekoms nie in die dorp se behoeftes deur die huidige kragentrale voorsien kan word nie, 'n tweede kragentrale opgerig word. Hierdie terrein is naby die rioolplaas geleë en sodoende kan van die gesuiwerde water gebruik gemaak word.

Die Munisipaliteit voorsien die dorp van alle elektrisiteit en so pas is 'n vyfjaar-uitbreidingsprogram, waarin die kragentrale en verdelingstelsel teen sowat R2 miljoen opgeknep is, voltooi.

Die masjiene bestaan uit die volgende:

2 masjiene van 1,250 Kw. elk;

3 " " 3,000 Kw. elk.

Hierdie masjiene is stoomaangedrewe. Verder is daar een dieselturbine wat 116 Kw. opwek. Laasgenoemde word al-

leenlik in noodgevalle deur die kragentrale vir eie behoeftes gebruik.

Hierdie masjiene het die kapasiteit van 5,500 Kw. tot 11,616 Kw. vergroot. Vir sy grootte is hierdie kragentrale een van die modernste en doeltreffendste installasies. Die maksimum kragverbruik of sg. maksimum lading wat ooit geregistreer is, was 1,950 Kw. Die maksimum veilige vrag (Eng. - safe load) is 8,500 Kw. Dit beteken dat daar altyd een masjien staan en gevolglik byderhand is wanneer een van die masjiene defek raak.

Vanaf 1931 tot 1953 was die jaarlikse toename in die kragverbruik ongeveer 7%. Hiervolgens sal die huidige kragentrale teen 1974 nie meer in die dorp se kragverbruik kan voorsien nie.

Hieronder volg 'n tabel (verskaf deur die Munisipale Elektrisiteitsafdeling) wat 'n vergelyking tussen 1962 en 1963 tref.

TABEL 4.2.

Kragopwekking

	1962	1963
Maksimum kragopwekking	3,900 Kw.	3,950 Kw.
Eenhede opgewek	17,471,088 "	18,403,336 "
" verskaf	13,921,195 "	14,630,007 "
Steenkoolverbruik (ton)	16,049	16,778
Jaarlikse vrag-faktor	51,14%	53,19%
Water per eenheid ontwikkel (gell.)	1.795	1.655

Uit elke 1.822 lb. steenkool word 1 eenheid elektrisiteit ontwikkel.

Die verskaffing van elektrisiteit aan die residensiële gebiede is bevredigend. Kragonderbrekings of enige

ander fout in die kragtoevoer is minimaal. Straatbeligting word dwarsdeur die nag in die sentrale sakegebied verskaf. In die res van die dorp brand die straatligte tot 12 nm.

Aangesien daar 'n elektrisiteits-geleidingstelsel na Sterkstroom, Molteno en Dordrecht aangelê is, voorsien Queenstown hierdie dorpe van die nodige elektrisiteit. As gevolg hiervan en die moontlikheid van grensnywerhede, asook die algemene verhoging in plaaslike kragverbruik, sal spoedig 'n swaar las op die huidige kragentrale geplaas word.

Wat is die posisie t.o.v. die verskaffing van elektrisiteit deur ander instansies? Voordat daar met uitbreidings aan die huidige kragentrale begin is, het 'n kommissie die hele aangeleentheid noukeurig ondersoek. Die Grens-Evkomnetwerk vanaf Oos-Londen het reeds Stutterheim bereik, lg. is slegs 70 myl vanaf Queenstown.

Deur normale statutêre kanale het Evkom 'n noukeurige ondersoek van alle planne, spesifikasies en beramings vir 'n stoomopwekkende en elektrisiteitsopwekkende installasie vir die Queenstownse munisipale kragentrale gelas en goedgekeur.

Evkom kan onder huidige omstandighede nie elektrisiteit teen 'n laer tarief verskaf nie. Aangesien die huidige kragentrale teen 1974 nie meer in Queenstown se behoeftes sal kan voorsien nie, sal die munisipaliteit moet besluit of hy van Evkom se krag gebruik wil maak. Dié alternatief sal wees om 'n tweede kragentrale op die gereserveerde terrein op terig.

Oor elektrisiteitstariewe in Queenstown is dikwels in die verlede hewig geargumenteer. Die vraag waarom Queenstown nie van die Evkom-skema gebruik maak nie, is na die verslag nie weer gestel nie.

Volgens min. Haak ¹¹, is 'n tweede moontlikheid dat hidro-elektrisiteit deur die Oranjerivierskema verskaf kan word. Volgens die jongste uitgawe van die Witskrif is Queenstown nie by die O.R.S. ingeskakel nie en die naaste kragentrale is naby Cradock geleë. Vir die huidige kan hierdie skema buite rekening gelaat word.

'n Derde skema, nl. die oprigting van 'n Evkomkragentrale by Indwe, is ook bespreek. Queenstown kry sy steenkool vanaf Witbank en aangesien spoortariewe hoog is, het gerugte oor die heropening van die Indwe-steenkoolmyn belangstelling in hierdie projek aangewakker.

Min. Haak het, toe hy die Oos-Kaapse Openbare Liggaam toegesprek het, die saak in detail bespreek. Die steenkoolvoorrade in Indwe is genoeg om 'n kragentrale met 'n omvang van dié in Oos-Londen vir ongeveer 100 jaar van steenkool te kan voorsien. Evkom het egter tot die gevolgtrekking gekom dat 'n kragentrale teenswoordig nie ekonomies geregverdig is nie.

Aangesien Evkom nog vir die volgende 20 jaar in die Grens se behoeftes kan voorsien, is die voorgenome bou van 'n kragentrale op Indwe op die huidige tydstip nie 'n noodsaaklikheid nie. So 'n kragentrale se boukoste sal baie geld verg en ander kragentrales met konvensionele verbrandingsapparaat kan nie hierdie steenkool gebruik nie. Professor W. van Biljon ¹² verklaar dat die neerslae van 'n lae gehalte is en nie ekonomies ontgin kan word nie.

Plaaslike en voornemende nyweraars gebruik dikwels die argument dat die elektrisiteitstariewe te hoog is. Volgens amptenare by die kragentrale kan nyweraars hul

elektrisiteitsrekening/

11. Daily Representative, 5.11.1963, p.3.

12. Die Volksblad, 14.8.1964., p. 6.

elektrisiteitsrekening baie laer hou indien hulle krag intelligent en met oorleg gebruik. Die tarief is volgens die sg. maksimum aanvraagtarief vir alle verbruikers, wat meer as 200 eenhede per maand verbruik. Diegene wat minder gebruik, is op die sg. „two-step block“ tarief geplaas. Sodoende word intelligente kragverbruik afgedwing, d.w.s. 'n besparing van 20% word op maksimum vragte verkry. Gevolglik sal die normale groei van 'n maksimum vrag van 'n onderneming proporsioneel verminder word.

Bogenoemde stelling kan as volg verduidelik word: veronderstel 'n fabriek het 6 masjiene van 100 Kw. elk; die ses masjiene word vir ses uur gebruik, die maksimum aanvraag is 600 Kw. en die eenhede verbruik is 3,600 Kwu; gedurende die daaropvolgende dag word drie masjiene vir 12 uur gebruik, die maksimum aanvraag is 300 Kw. en die eenhede verbruik is 3,600 Kwu.

Laasgenoemde is dus die mees ekonomiese vorm van kragverbruik. Vir huishoudelike gebruik geld dieselfde reël dat deur al die elektriese aparate gelyktydig te gebruik dit duurder sal wees as om hulle afsonderlik te gebruik.

4.3.3. Vervoer

Hierdie aspek word volledig in hoofstuk 7 bespreek.

4.3.4. Arbeid

Die Grensgebied ondervind twee probleme, nl. die beskikbaarheid van arbeid en steenkool. Eersgenoemde (ongeskool) is oervloedig en aan lg. is daar 'n tekort. Die voortbestaan van die blanke in hierdie gebied hang waarskynlik nou saam met die voorsiening van werkseleenthede aan die Bantoe. Hier kan die Xhosa gehuisves word waar hy in sy tradisionele omgewing kan ontwikkel. Sy arbeid en inkomste kan tot die sosio-ekonomiese ontwikke-

ling van sy tuisland bydra.

Van der Merwe beskou dit as volg: „Die oplossing van ons terugvloei van die Bantoe uit die stedelike gebiede lê nie soseer in 'n terug na die etniese reservate nie, as wel in die eerste instansie in: Weg na die Grensgebiede.”¹³

Die Transkei bevat een derde van Suid-Afrika se nie-blanke bevolking. Een van Queenstown se grootste bates is moontlik die groot getal nie-blanke arbeiders want soms is daar tot 500 Bantoes as werkloos geregistreer. Hoewel goedkoop arbeid 'n vereiste vir nywerheidsontwikkeling is, het gespesialiseerde nywerhede geskoolde arbeid nodig. Laasgenoemde arbeid sal dus hoofsaaklik op ander plekke gewerf moet word.

Queenstown en Oos-Londen ondervind soortgelyke voordele en probleme t.o.v. nywerheidsvestiging. Board skryf dan ook die volgende oor lg.: „No special advantage of location is possessed by East London except proximity to the large potential Bantu labour and market in the Transkei and Ciskei.”¹⁴

Volgens Hobart Houghton¹⁵ skeep die kwantiteit van Bantoe-arbeid asook die kwaliteit daarvan heelwat probleme. Houghton verduidelik dat Bantoe-arbeid 'n invloed op dié Grensnywerhede sal hê en verklaar: Because of its proximity to the Transkei, the Border might be able to attract those industries that require large quantities of relatively unskilled labour The scientific study of the problems, and attempt to improve the quality of labour by the institution of affective methods of training and selection, together with the improvement of living

conditions/

13. Van der Merwe, H.J.J., Segreger of Sterf, p. 131.

14. Board, C., op.cit., p. 126.

15. Hobart Houghton, D., op.cit., pp. 148 en 341.

conditions, would seem to be an urgent task confronting industry and the public bodies concerned "

Queenstown se lokasie is na aan die nywerheidsterrein geleë en nie-blankes hoef gevolglik nie deur blanke gebiede te beweeg nie. Blanke en nie-blanke behuising is voldoende, maar t.o.v. kleurlingbehuising moet nog heelwat gedoen word. Daar is voldoende skole, hospitale en ontspanningsgeriewe vir blanke werknemers beskikbaar.

4.3.5. Regeringskonsessies

Gedurende 1964 het Dr. Diederichs ¹⁶ belasting- en ander toegewings aan die nyweraars in die Grensgebied bekend gemaak: 'n korting van 10% op vervoerkoste van alle nywerheidsprodukte vervaardig in die Transkei/Ciskei na gebiede buite per bus of spoor; watervoorsiening teen 'n spesiale lae tarief; bystand aan plaaslike nywerhede met die oprigting van rangeerwerke en spoorwegdienslyne; spesiale aandag aan padvervoer; 'n belastingkorting van 10% vir krag, water en vervoer by nuwe nywerhede; beleggingstoelae van 25% op fabrieksgeboue en . 35% op masjinerie in alle nuwe nywerhede, ook sal die Departement van Bantoe Onderwys vak- en tegniese skole oprig.

Bogenoemde is 'n aanloklike aanbod vir voornemende nyweraars. Die probleem lê egter daarin of hierdie bystand in die nabye toekoms nog gegee sal word en wat die Regeringsbeleid dan sal wees. Kan die nyweraars werklik gerus wees? Hobart Houghton wys daarop dat nie slegs ekonomiese maar ook ander oorwegings in gedagte gehou moet word: „This introduces an unpredictable element into the situation, because Government policy may change suddenly and trends that had been initiated by legislative

or administrative/

16. Daily Dispatch, Mei 1964.

or administrative action may suddenly be reversed. Changes in tariff policy, in import control, in labour, legislation, in railway rating, and in the regulations governing the marketing of agricultural products, are all examples of this." 17

Daar is egter reeds tasbare bewyse dat iets in hierdie verband gedoen is. Die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging en Grensgebied-ontwikkeling het die volgende toegewing (bedrae is denkbeeldig) aan 'n plaaslike nyweraar gemaak.

TABEL 4.3.

Aansoek om Inkomstebelastingtoegewings 18

(a) Addisionele Beleggingstoelae

	<u>Koste</u>	<u>Persentasie</u>	<u>Belastingstoelae</u>
Fabrieksgeboue	R40,000	15	R6,000
Masjienerie	R60,300	15	R9,045
	<u>R100,300</u>	-	<u>R15,045</u>

(b) Addisionele 10% toegewings op die koste van krag vir 5 jaar: Koste is R6,000 p.j., dus is 10% R600 p.j. of R3,000 oor 5 jaar.

(c) Addisionele Aanvangstoelae:

Masjienerie	R6,300	15%	R9,045
-------------	--------	-----	--------

Die Oos-Kaaplandse Openbare Liggaam het egter verklaar dat huidige konsessies onvoldoende is teenoor die afsetnadele in hierdie gebied in vergelyking met gebiede naby markte; die Regering behoort munisipale dienste bv. water en krag te subsidieer; die faktore wat ontwikkeling verder teenwerk die feit is dat vervoerkoste na an-

der bemarkingsentra/

17. Hobart Houghton, op.cit., p.342.

18. Data verskaf deur plaaslike meubelfabrikant.

der bemarkingsentra hoog is, sodoende bied nyweraars wat gunstiger geleë is baie sterker kompetisie.

Oor die spoortariewe wys Houghton ook daarop dat:
 „The railway tariff rates on goods of different classes are often the final determinant of the economic location for a factory, and sudden arbitrary changes in tariff rates may bring unexpectedly profit, or ruination, to a long-established factory." 19

Die Queenstownse stadsraad het egter in beginsel aanvaar om aansoeke om tariefkonsessies te oorweeg.

4.3.6. Afsetgebiede

Indien daar 'n studie van 'n gebied se bemarkingspotensiaal gemaak word, moet na die volgende gelet word: die bevolkingsdigtheid in 'n beoogde nywerheidsgebied; volksaard; aan wie die fabrikate gelewer moet word; koopkrag van bevolking; vervoerfasiliteite en afstand na die mark.

Verder moet in gedagte gehou word dat: primitiewe volkere betreklik min nodig het, selfversorgend is, in tuisnywerhede spesialiseer, hul koopkrag klein is en dat hulle hul op landbou of veeteelt toespits; doeltreffende spoorweë, bevaarbare riviere, kanale en paaie bemarking bevorder, dit voordelig is vir nywerhede om naby markte te wees, want dan word vervoerkoste uitgeskakel, veral as verkoelingsgeriewe beskikbaar is.

In die geval van die geografiese ligging van nywerhede wys Shorter hoe belangrik dit in sekere gevalle kan wees: „The importance of some of Exeter's industries, for example brewing, engineering and the repair and ser-

vice of/

19. Hobart Houghton, D., op. cit., p. 134.

vice of vehicles, is closely related to her geographical situation." 20

In die toekomst mag dit blyk dat Queenstown se nywerhede 'n ideale ligging t.o.v. die Transkei het. Queenstown moet hom gevolglik in 'n mate toespits op die markte wat die Transkei bied.

Daar is egter nog heelwat probleme. Op die huidige tyd-stip word daar in die Transkei 'n vyfjaar-ontwikkelingsplan gevolg. Dit behels die stigting van dorpe, besproeiingskemas, bosaanplantings, vesel-, katoenverbouing, aanbou van paaie en die herwinning van grond. Sulke skemas neem 'n lang periode om te verwesenlik en die beplanningstadium is veral tydrowend. Wanneer hierdie skemas eers ontwikkel het, sal die Bantoe 'n groter koopkrag hê. Dit sal 'n goeie geleentheid vir nywerhede in Queenstown wees om verbruikersgoedere te vervaardig.

Volgens Houghton is die agterland van Oos-Londen d.w.s. die Ciskei en Transkei onder-ontwikkel en gevolglik is die koopkrag laag: „Although the population of East London's hinterland is nearly a million and a half, the poverty of the great majority reduces the aggregate purchasing power. Only factories producing especially for the Native Market are likely to find a situation in the Border to their advantage. The position would however be radically changed if the productivity and incomes of the people of the reserve were to be effectively raised." 21

Houghton ²² wys verder op die talle voordele wat die Suid-Transvaalse nywerheidskompleks bo die van die Grensgebied het. Die voordele oorskadu die nadele: Suid-

Transvaal/

20. Shorter, A.H., „The Site, Situation and Functions of Exeter", in Geography, Nov. 1954, pp. 250 - 261.
 21. Hobart Houghton, D., op.cit., p. 341.
 22. Ibid., p. 132.

Transvaal het 'n groot en relatief welvarende bevolking van $2\frac{1}{2}$ miljoen met 'n groot koopkrag, grondstowwe is voldoende beskikbaar, die bedieningsgebied bestaan uit 'n produktiewe en vrugbare gebied, onbeperkte hoeveelhede goedkoop steenkool is beskikbaar, daar is genoegsame grondstowwe vir gebruik deur swaar nywerhede en die hoë spoortariewe vanaf die kus stel ingevoerde goedere in 'n swakker posisie as mededinger met plaaslike fabrikate.

Houghton wys verder daarop dat die Grensnywerhede hulle nog tot die plaaslike mark beperk. Hy stel voor dat buitelandse markte, veral die kontinent van Afrika, meer aandag regverdig.

Die Oranjerivierskema behoort in die nabye toekoms in 'n belangrike afsetgebied te ontwikkel. Die Grensgebied is met 'n direkte en vinnige spoorwegstelsel binne maklike trefafstand van hierdie nuwe skema.

'n Groep nyweraars* het onlangs Queenstown besoek met die doel om hier 'n tekstielfabriek te vestig. Hierdie nyweraars verklaar dat plaaslike tariewe redelik is en die voordeel wat konsessies bied, ten koste van die groot afstand vanaf grondstowwe en afsetgebiede, is sterk oorweeg. Bystand wat deur die munisipaliteit en Regering d.m.v. die Permanente Komitee vir die Lokalisasie van Nywerhede en Ontwikkeling van Grensgebiede aangebied is, was egter onvoldoende om te vergoed vir fasiliteite wat elders beskikbaar was. Die konsessies kon dus nie teen die gebrek aan 'n afsetgebied en plaaslike grondstowwe opweeg nie.

'n Plaaslike seepfabriek het enkele jare gelede gesluit. As rede vir die stap het die bestuurder aangevoer dat die fabriek nie met seepfabrieke wat nader aan

groot afsetgebiede/

* Inligting deur die stadstesourier, mnr. Nicholls, verstrek.

groot afsetgebiede geleë is, kan meeding nie.

Oos-Londen en sy agterland (waaronder Queenstown res-
sorteer) bestaan uit 42 magistraatsdistrikte.

TABEL 4.4.

Bevolking van die Transkei, Ciskei en Grens - 1951 ²³

	Oppervl. vk. myl	Totale bev.	Blank	Asiaat	Kleurl.	Bantoe
Gem. Distrik	16,987	396,686	58,943	407	19,625	317,711
Bantoe "	10,019	894,798	11,601	2	6,757	876,438
Oos-Londen	693	133,102	48,908	1,568	6,512	76,121
	<u>27,699</u>	<u>1,424,586</u>	<u>199,452</u>	<u>1,970</u>	<u>32,894</u>	<u>1,270,270</u>

In die blanke magistraatsdistrikte is die blankes yl versprei, nl. ongeveer 6 persone per vierkante myl. Die grootste konsentrasie is in Oos-Londen en 'n paar ander dorpe. Aangesien koopkrag hoofsaaklik tot die blanke beperk is, is Queenstown dus ver van 'n goeie afsetgebied verwyder. 'n Digbewoonde gebied soos die Witwatersrand en Kaapstad en sy onmiddellike omgewing is etlike honderde myle vanaf die Grens geleë.

Houghton ²⁴ wys daarop dat markte vir nywerheids- en handelondernemings deur 'n aantal faktore, wat 'n onderlinge verband toon, bepaal word. Eerstens, is daar geografiese faktore. Tweedens moet smaak en koopkrag van die inwoners van die agterland bepaal word. Laastens, sal die veranderinge in die nasionale ekonomiese struktuur of internasionale aanvraag 'n belangrike rol speel.

TABEL 4.5./

23. Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek, 1964-1965, p. 347.

24. Hobart Houghton, D., op.cit., pp. 275 - 287.

TABEL 4.5.

Beraamde Gemiddelde Inkomme van Oos-Londen se Agterland se Bevolking (Een-en-veertig distrikte: Oos-Londen uitgesluit)

(1951)	Getal Persone	Gem.inkome p.a. R	Gem.inkome (R000,000)
Blankes	70,544	300	21.2
Kleurlinge	26,791	96	2.6
Bantoes, stad	90,661	70	6.4
" , plattel.	1,103,388	14	15.4
	<u>1,291,484</u>	<u>-</u>	<u>45.6</u>

Uit elke 100 persone was 92 Bantoes, 6 blankes en 2 kleurlinge. Alhoewel die gemiddelde inkomste per kapita van die Bantoe klein is, is die totale koopkrag gelykstaande aan die van die blankes.

Die Bantoe-mark is baie belangrik en daarom het 'n groot persentasie handelaars hulle hierop toegespits. Hierdie enkele aspek het baie bygedra tot die groei en uitbouing van die Grensdistrikte.

Die gemiddelde persoonlike inkomste van al twee-en-veertig distrikte (Oos-Londen ingesluit) word op R71.2 miljoen beraam. Die blankes se bydrae is R39.8 miljoen, kleurlinge R3.4 miljoen en die Bantoe R28 miljoen.

As in aanmerking geneem word dat 'n bevolking van 1,400,000 slegs 'n koopkrag van R71.2 miljoen rand het, dan eers kan besef word in watter posisie die Grens hom bevind. Die hoofrede hiervoor is dat 80% van die landelike Xhosa baie arm is. Hierdie armoede en onderontwikkelde karakter van die agterland is een van die groot hindernisse in die ontwikkelingsproses van handel en nywerheid in die Grensgebied. Hierdie gebied het 'n groot agterstand en nadeel as dit met Suid-Transvaal, Wes-Kaap-

land, Durban of selfs Port Elizabeth vergelyk word.

Die vraag kan gestel word of nywerhede in Queenstown 'n goeie bestaan kan voer. Volgens 'n plaaslike meubelfabrikant* skryf hy sy sukses aan die tydsfaktor toe. Die fabriek spesialiseer in kerkbanke en sodoende geskied aflewering op enige plek in die Republiek net so vinnig as wat enige ander instansie dit kan doen.

Die tender vir blikkiesvleis aan militêre eenhede is aan 'n plaaslike vleisinmaakonderneming toegeken. Volop plaaslike slagvee en voldoende goedkoop ongeskoolde arbeid dien as kompensasie vir hoë spoortariewe. Hierdie fabriek kan gevolglik sy produk teen 'n ekonomiese en mededingende prys verkoop.

Indien die tydsfaktor van belang is, moet Queenstown veral in die rigting van ligte nywerhede beweeg. 'n Fabriek wat bv. sykouse vervaardig, kan die produk vinnig en sonder enige hoë vervoerkoste binne 'n kort tydperk aan enige afsetgebied lewer. In die geval van swaar nywerhede is die onmiddellike toeganklikheid van afsetgebiede van minder belang.

4.3.7. Grondstowwe

Daar is 'n groot verskeidenheid grondstowwe wat in vyf kategorieë geklassifiseer kan word. (a) Bederfbare produkte soos melk en room, bees-, skaap- en vark-vleis, vis, druiwe en vrugte wat fabriek naby om naby die produksiegebiede te vestig. (b) Onbederfbare produkte soos koring, rys, mielies, ens. hoef nie noodwendig naby die fabriek verwerk te word nie. (c) Minerale soos yster en kopererts hoef ook nie naby die fabriek geproduseer te word nie. Weens die omvang van die grondstof en vervoerprobleme is dit wenslik dat die mineraal

so na as/

* Mnr. F. Fisher

so na as moontlik aan die myn self verwerk word. (d) Veselstowwe bv. wol, bokhaar, katoen, jute, vlas, sisal, sy, ens.. (e) Ander grondstowwe soos rubber, huide, velle, tabak, ens.

"Mining, which makes such an important contribution to the industrial life of the Union, has no place in the Border, as the area appears to be poorly endowed with economic minerals, although stone and clay for brick-making are used for local construction" ²⁵, aldus Hobart Houghton.

Oor die rol van minerale in die Grensgebied het dr. Diederichs ²⁶ verklaar dat behalwe vir die Molteno-Maclear steenkoolneersittings, die Grens geen ander minerale-rykdomme het nie en gevolglik moet op sekondêre nywerhede konsentreer word.

Volgens Hobart Houghton ²⁷ kan die volgende nywerhede ontwikkel word: "....., (a) those processing agricultural materials, (b) those using imported materials or heavy imported machinery, (c) labour-intensive industries where unskilled work predominates and (d) industries producing goods primarily for the native market of the Transkei. Other industries falling outside these main categories may be established by chance or some particular circumstances, but they are unlikely to be numerous."

Deur middel van vraelyste is bepaal watter soort grondstowwe die onderskeie nywerhede benodig en vanwaar hulle dit verkry. Hoewel 'n hoeveelheid grondstowwe plaaslik verkry word, is die nywerhede grotendeels af-

hanklik/

25. Ibid., p. 10.

26. Daily Representative, 5.11.1963, p. 4.

27. Hobart Houghton, D., op.cit., p. 341.

hanklik van verderliggende bronne.

TABEL 4.6.

Herkoms van Queenstown se Grondstowwe

Grondstof	Herkoms
Timmerhout	Stutterheim, Johannesburg, Bloemfontein en Oos-Londen.
Steenkool	Witbank
Papier	Oos-Londen, Port Elizabeth, Kaapstad en Johannesburg.
Vleis	Queenstown, Tarkastad, Sterkstroom, Molteno, Burgersdorp, Aliwal-Noord, Jamestown, Lady Grey, Barkly-Oos, Elliot, Cala, Ugie, Maclear, Indwe, Dordrecht, Lady Frere.
Leer en seilstof	Port Elizabeth, Oos-Londen, Johannesburg.
Rubber	Port Elizabeth, Sasolburg.
Suiker	Natal
Petrol	Oos-Londen
Koring	Heidelberg, Barrydale, Porterville, Burgersdorp en Wepener.
Sandsteen, doleriet, grond	Queenstown
Graniet	Rustenburg, Magaliesburg, Brits.
Room	Kaapse Middellande, Suid-Vrystaat, Noordoos-Kaapland, Grens.
Klere vir droogskoonmaak . .	Queenstown, omliggende dorpe.
Wol en velle	Omliggende dorpe.

'n Deeglike ondersoek ²⁸ na plaaslike grondstowwe en die verwerking daarvan deur nywerhede wat in Queenstown gevestig kan word, is reeds uitgevoer.

Daar is o.a. bevind dat 'n gebrek aan plaaslike grondstowwe bestaan en dié wat beskikbaar is, nie voldoende is nie.

'n Wolwassery vereis baie water en die verwydering van afvalprodukte skep baie probleme aangesien dit nie in die Komanirivier vrygestel kan word nie.

Indien daar 'n groot vleisinmaakfabriek opgerig word,

kan die slagplaas/

28. 'n Simposium, onder beskerming van die Oos-Kaaplandse-Openbare Liggaam, is gedurende Augustus 1966 in Queenstown gehou. Mnr. Fair, stadsbeplanningsdeskundige van die Kaapse Provinsiale Administrasie en plaaslike belanghebbende instansies was teenwoordig.

kan die slagplaas die velle voorsien vir 'n leerlooierij. 'n Fabriek vir die vervaardiging van leergoedere en veral skoene wat in die Transkei bemark kan word, blyk redelike moontlikhede in te hou.

'n Tekstielfabriek kan in die nabye toekoms opgerig word, want in die Transkei (St. Marks) is bemoedigende resultate met katoen behaal en later sal 1750 Bantoe-kleinboere op sowat 4,000 morg gevestig word om dié gewas te verbou. Die Transkei is 'n potensiële mark vir tekstielfabrikate.

Die produksie vir gekondenseerde melk en poeiermelk bied nog 'n moontlikheid. Die melkproduksie sal egter deur die jaar hoog moet wees. Enige verhoging in die landbou-potensiaal sal van die beskikbaarheid van besproeiingswater afhang. Weens periodieke droogtes sal lusern aangeplant moet word, maar voldoende besproeiingswater is egter die beperkende faktor.

Daar is plaaslik baie doleriet en sandsteen vir padbou- en ander boudoeleindes.

Queenstown is naby die plantasies van Stutterheim geleë. Aangesien daar 'n aanvraag na voorafvervaardigde houthuise bestaan, kan hierdie aspek verder uitgebou word.

Watter nywerhede kan in Queenstown op 'n gesonde grondslag geplaas word? Slegs nywerhede, gebaseer op plaaslike landbouprodukte soos wol, vleis, huide, velle, en bokhaar is ekonomies geregverdig. Queenstown en die omliggende gebiede is oorwegend 'n landbougebied. Nywerhede vir die vervaardiging van landboubenodighede, o.a. bemestingstowwe, veevoer en veeartsenymiddels, hou beslissende moontlikhede in.

Williams²⁹ wys daarop dat in Pietermaritzburg drie faktore nywerheidsvestiging bepaal. Eerstens, is daar fabrieke wat plaaslike produkte verwerk bv. leerlooierij, skoenfabrieke, saagmeulens en wattelbasekstrak-fabrieke. Tweedens, is kleiner diensnywerhede bv. ingenieurswerke, drukkerij, bakkerij, ens. Derdens, is fabrieke wat gestig is a.g.v. ander oorwegings soos spoortariewe, elektrisiteits- en watervoorrade, vervoer en ligging van afsetgebiede. Dit sluit o.a. 'n aluminiumfabriek en spoorwegwinkels in. Dit lyk heelwaarskynlik dat Queens-town dieselfde soort nywerhede sal lok, aangesien soortgelyke toestande as dié van Pietermaritzburg ondervind word.

4.4. NYWERHEIDSLIGGING

In die verlede was nywerhede dikwels naby die sakepersele geleë. Maar vandat o.a. motorvervoer beskikbaar is en elektrisiteit op enige terrein aangebring kan word, het dit moontlik geword om industriële gebiede 'n periferiese ligging toe te sê.

In hierdie verband verklaar Ratcliff: "The forces that lead to a concentration of industry at the center of the cities in their early stages of development have shifted until manufacturing is no longer a typically central-area use."³⁰

Die volgende oorweginge onderlê die belangrikste sentrifugale kragte. (a) Nabyheid aan die spoorlyn en veral 'n spoorvertakking aan die periferie van die dorp, aangesien spoorweë in die meeste gevalle noodsaaklik is

vir die vervoer/

29. Williams, O., "The Geography of Pietermaritzburg and its Environs", in Tydskrif vir Aardrykskunde, vol. 1, no. 8., April 1961, pp. 75 - 79.
30. Ratcliff, R.U., op.cit., pp. 386 - 397, soos saamgevat deur Mayer, H.M., en Kohn, C.F., op.cit., pp. 410 - 417.

vir die vervoer van grondstowwe en fabrikate. (b) Kompetisie van kleinhandelondernemings in die naafgebied. In die sentrale gebied is die persele te duur en te klein. Verdiepinggeboue voldoen gewoonlik nie aan die gebruiksvereistes van nywerhede nie. In die nywerheidsgebied is die grondpryse relatief goedkoper en belasting is ook laer.

Wrigley wys ook op nog 'n paar nadele van 'n sentrale nywerheidsligging: „Manufacturing are basic activities which employ many workers and use extensive areas of land. They have a blighting influence on residential property, some are unsightly run-down, uninviting to new industries and commercial activities. Without a plan haphazard growth was inevitable.”³¹ (c) Higiëniese faktore.

Nywerhede is ongewens in die sentrale gebied weens die onaangename geure, gerasse, besoedelende elemente, brandgevaar by bv. petroldepôts en afvalprodukte wat fabriek vrystel.

Die neiging tot periferiese vestiging is nie ewe sterk by alle nywerheidstipes nie. In die reël maak ligter fabriekstipes³² nie deel uit van die middelpuntvliedende proses nie. Hulle kom gewoonlik meer sentraal en soms selfs tot in die sentrale sakekern voor, bv. drukkers en uitgewers.

Tans is daar geen wye keuse van nywerheidsvestiging binne die SSK nie, aangesien munisipale regulasies hulle steeds meer tot sekere beplande gebiede beperk.

Na aanleiding van bogenoemde skryf Dickinson:

„Light manufacturing industries have the following characteristics/

31. Wrigley, R.L., „Organized Industrial Districts”, in Journal of Land and Public Utility Economy, vol. 23, Mei 1947, pp. 180 - 198, soos saamgevat deur Mayer, H.M., en Kohn, C.F., op.cit., pp. 478 - 495.
32. Nel, A. en van Zyl, J.A., op.cit., p. 119.

teristics. They do not allways require buildings of special construction, the time or service factor is of great importance, they often require highly skilled work they require little ground space per worker, obsolete buildings are often suitable, they are carried on in relatively small business units " 33

In die geval van swaar nywerhede wys Dickinson ³⁴ daarop dat onmiddellike toeganklikheid tot afsetgebiede, onbelangrik is, groot persele 'n voorvereiste is, gerasse, onaangename reuke, besmetting en brandgevaar reël is, groot hoeveelhede afvalprodukte vrygestel word, baie brandstof en water benodig word en die produk en grondstof omvangryk ("bulky") is, vervoerfasiliteite 'n absolute voorvereiste is.

Volgens Muncy ³⁵ is die ontwikkeling van nywerheids-terreine dikwels in die verlede nagelaat. Aangesien nywerhede in talle stede 'n groot rol in die betrokke sentrale ekonomiese lewe speel, is dit geregtig op 'n aantreklike en geskikte nywerheidsterrein. Hy stel die vraag, nl. watter vereistes moet nyweraars stel voordat hulle 'n fabriek in 'n betrokke stad oprig? Tweedens, vanuit die gemeenskap se oogpunt gesien, wat kan aan die nyweraars gebied word?

Die nyweraars soek na faktore wat die doeltreffendheid van die nywerheidsproses kan verseker. 'n Gemeenskap se velvaart, veiligheid en gesondheid word grootliks aan 'n beplande nywerheidsgebied toegesê. Onderlinge verstandhoudinge tussen die betrokke instansies vir 'n langtermynbeplanning is dus gebiedend noodsaaklik.

Wagner/

33. Dickinson, R.E., op.cit., p.119.

34. Ibid., p. 125.

35. Muncy, D.A., "Land for Industry - A Neglected Problem", in Harvard Business Review, vol. 32, April 1954, pp. 51 - 63, soos saamgevat deur Mayer, H.M. en Kohn, C.F., op.cit., pp. 464 - 477.

Wagner³⁶ onderskei 'n aantal belangrike aspekte wat gedurende die beplanning van 'n nywerheidsterrein in gedagte gehou moet word. Faktore soos die winsgrens, die koste van persele, terreingeskiktheid, vervoerfasiliteite, beskikbare grondstowwe en afsetgebiede is in berekening gebring.

In Queenstown is 'n aantal nywerhede oor die hele dorp versprei. Op die huidige tydstip is daar 'n klein nywerheidsgebied in Bellsweg. Hier is heelwat persele wat nog nie beset is nie.

Die faktore wat die huidige nywerheidsligging begunstig, kan as volg saamgevat word: die terrein is gelyk sonder noemenswaardige dreineringsprobleme; die terrein is na aan die kleurling- en Bantowerknemers geleë; die nodige spoorfasiliteite is reeds aangebring; die terrein is aan die suidelike dorpsgebied geleë, gevolglik voer heersende weste- of oostewind nie rook en gasse oor die blanke woongebiede nie; die terrein vorm 'n buffergebied tussen die blanke- en kleurlingwoonbuurt; kragvoorsiening kan maklik geskied; ongesuiwerde water kan vanuit die pyplyn wat van Whittlesea afkomstig is, verkry word en daar is ook geen probleme t.o.v. die voorsiening van gesuiwerde water nie, en ten slotte kan vermeld word dat aan die suidekant van die nywerheidsterrein groot ruimtes vir verdere uitbreiding beskikbaar is.

Dikwels word die aantyging gemaak dat die persele in Queenstown te duur is. In Oos-Londen is onlangs persele teen R800 - R2,000 per acre verkoop. Die huidige plaaslike grondpryse word weerspieël in die aansoek wat gedurende 1965 vir die aankoop van twee erwe gedoen is. Die stadstesourier het aanbeveel dat die erf van 29,375

vk. vt. teen/

36. Wagner, C., op.cit., pp. 129 - 132.

vk. vt. teen R1,083 asook die erf van 30,000 vk. vt. teen R1,116 verkoop word. Hierdie bedrae stem ooreen met tariewe wat sover as 1954 terug dateer.

Die stadsraad is nie geregtig op die skenking van persele aan voornemende nyweraars nie, want die Administrateur bepaal dat alle erwe nie vir minder as wat die ontwikkelingskoste beloop, verkoop mag word nie. Die vraag is egter of voornemende nyweraars wel afgeskrik word deur duur persele. Hoewel hierdie aspek 'n rol speel, is die tariewe van water, ligte, ens. van meer belang.

4.5. QUEENSTOWN SE NYWERHEIDSTRUKTUUR

Eerstens moet nagegaan word wat die posisie i.v.m. nywerhede in die res van die Grensgebied is. Oos-Londen wat volgens Houghton³⁷ tot ongeveer 1940 op toerisme ingestel. Industrialisasie het slegs gedurende die afgelope paar dekades op die voorgrond getree. Voorts wys hy verder daarop dat nywerheidsontwikkeling hoofsaaklik in Suid-Transvaal, Kaapstad, Durban en Port Elizabeth snel gegroei het en vir 82% van die nywerheidsproduksie gesorg het.³⁸

In Oos-Londen se nywerheidsagterland (42 distrikte) is daar ongeveer 800 nywerheidsinstellings³⁹.

Oos-Londen, Queenstown en Kingwilliamstown bevat 60% van die totale aantal nywerhede.

TABEL 4.7./

37. Hobart Houghton, D., op.cit., p. 114.
 38. Ibid., pp. 133- 134.
 39. Ibid., pp. 134- 135.

TABEL 4.7.Nywerheidsensus in Grensgebied - 1954

Oos-Londen	320	ondernemings
<u>Queenstown</u>	75	"
King William's Town	65	"
Umtata	50	"
Aliwal-Noord	35	"
Burgersdorp	25	"
Stutterheim	20	"
Ander distrikte	210	"

Ten opsigte van die aantal en omvang van nywerhede het Oos-Londen dus nie 'n noemenswaardige agterland nie. Houghton wys daarop dat: „Apart from East London itself there are only two towns with any significant industry, Queenstown and King William's Town; but both are small in comparison with East London. Nevertheless, they are worthy of consideration as areas of further development, for they have good communications by both rail and road with the part of East London and with the interior, and are adequately supplied with power and water. Moreover, they are both adjacent to large Native reserves, and the Government's declared intention of fostering industrial development on the periphery of the reserves gives these areas added significance.”⁴⁰

Queenstown besit min nywerhede. Daar is egter 'n 41 duidelike plaaslike groei te bespeur. Volgens Dickinson is streeksnywerhede en -dienste soms so belangrik vir 'n stad, dat hierdie nywerhede as plaasvervangers vir stuwende (Eng.: basic) nywerhede dien. Nywerhede in Queenstown is dan ook oor die algemeen op die verskaffing van fabrikate en dienste aan sy onmiddellike omgewing ingestel.

Kenmerkend is/

40. Ibid., p. 135.

41. Dickinson, R.E., op.cit., p. 39.

Kenmerkend is die byna algehele afwesigheid van swaar nywerhede.

Harris en Ullman⁴² wys verder daarop dat nie alle nywerhede die neiging openbaar om slegs in gespesialiseerde nywerheidstede te ontstaan en ontwikkel nie. Talle nywerhede soos bakkerye, koeldrank- en roomysfabrieke, bierbrouerye, ens., verkies dikwels sentra wat sentrale-plek karakterkenmerke openbaar.

Queenstown is 'n streeksentrum en dit bedien 'n kleinhandels, groothandel- en opvoedkundige gebied wat in 'n latere hoofstuk bespreek sal word. Sy huidige groei is dááaraan toe te skryf en beslis nie soseer aan sy nywerhede nie.

Gedurende Augustus 1966 het mnr. Fair Queenstown besoek. Die doel was om die herbeplanning van Queenstown vir toekomstige vestiging van grensnywerhede te ondersoek. Tweedens, moes die moontlikheid van die ontruiming en hervestiging van die Bantoe woonbuurt ondersoek word.

Daar is volgens Fair⁴³ vyf faktore wat die ontwikkeling en groeitempo van Queenstown kan bepaal, nl.: daar moet 'n toename in die produktiwiteit van die omliggende gebiede wees; daar moet 'n natuurlike aanwas van die bevolking wees; nywerheids groei en ontwikkeling moet plaasvind; daar moet vir fisiese behoeftes soos behuising, ontspanningsfasiliteite, ens. voorsiening gemaak word en die beskikbaarheid van algemene faktore soos kulturele-, opvoedkundige geriewe, ens. moet bestaan.

Fair het verder gekonstateer dat daar drie kategorieë is waaruit Queenstown se nywerhede moontlik kan ontwikkel, nl./

42. Harris, D.H. en Ullman, E.L., "The Nature of Cities", in Annals of the American Academy of Political and Social Science, vol. 242, Nov. 1945, pp. 7 - 17, soos saamgevat deur Mayer, H.M. en Kohn, C.F., op.cit., pp. 277 - 286.

43. Daily Representative, 25.8.1966, p. 3.

wikkel, nl.: nywerhede wat slegs in die behoeftes van die dorp sal voorsien; nywerhede wat die omliggende dorpe en plase kan bedien; nywerhede wat 'n bedieningsgebied van nasionale of internasionale omvang het.

In hierdie verband moet die volgende vasgestel word: is Queenstown se geografiese ligging van so 'n aard dat dit nuwe nywerhede kan lok?; is daar genoegsame arbeid, grond, krag, water, ens. beskikbaar?; watter nuwe plaaslike nywerheid kan as reeds beproefde grensnywerheidsondernemings opgerig word?; indien Queenstown se nywerheidsbehoeftes wel anders is, hoekom is dit die geval?; is onbewerkte grondstowwe en minerale bronne in die onmiddellike omgewing en in die Bantoe-reservate beskikbaar?; is daar enige spesifieke faktor wat die vestiging van nywerhede bevoordeel of is Queenstown op die kaart van die Permanente Komitee as „groeipunt” aangedui?; watter opnames moet gemaak word om die toekomstige nywerheidsontwikkeling van Queenstown te bepaal?

Verdere antwoorde moet op die volgende belangrike vrae gevind word: wat is die basiese landbouprodukt van Queenstown? Is hierdie produkte nog al die jare verbou of is dit 'n onlangse ontwikkeling? Indien daar 'n verandering plaasgevind het, om watter rede? Landbou is hoofsaaklik ekstensief en kan dit intensief beoefen word? In watter mate stel Queenstown sy produkte bekend? Het die produkte 'n plaaslike, nasionale of internasionale afsetgebied en in hoeverre kan dit uitgebrei word? Watter fasiliteite is daar vir die verwerking van plaaslike produkte beskikbaar en watter tipe nywerheid kan in Queenstown gevestig word?

Queenstown se grootste bate is sy geografiese ligging. Dit is 'n belangrike sentrum in 'n gebied waar geen

ander noemenswaardige dorp in die nabyheid is nie. As gevolg van sy sentrale ligging is Queenstown die hoofdorp in Noordoos-Kaapland. Dit is een van die vernaamste redes waarom Queenstown as 'n groeipunt bestempel word.

Na die ontleding van Queenstown en omstreke se landboupotensiaal het Fair bevind dat: veeteelt oorwegend is; d.m.v. besproeiing kan lusern en ander voergewasse gekweek word en sodoende kan die wol-, melk- en vleisproduksie verhoog word; wol nie plaaslik verwerk of verkoop word nie; vleis plaaslik verbruik word en daar reeds 'n vleisinmaakfabriek is waarvan die produksie verder uitgebrei kan word; Queenstown landwyd bekend is vir sy hoë gehalte beeste; die produksie van bokhaar verhoog kan word en sodoende 'n bokhaarnywerheid op die been gebring kan word; merino's vir wolproduksie geteel kan word en dorpers weer vir vleisproduksie aangehou kan word; afgesien van 'n vleisinmaakfabriek die byprodukte ook tot leer, lanolien, beenmeel en bemestingstof verwerk kan word; die produksie en inlê van groente oorbrug kan word.

'n Opname toon dat daar vyftig nywerhede in Queenstown is. Hierdie instansies is op verskeie plekke in die dorp gevestig. Die romery is aan die westelike periferie van die dorp geleë om sodoende 'n gunstige ligging t.o.v. die spoorweg te verseker. Aan die oostelike randgebied is die stoommeule en kragentrale langs die hoofspoorlyn. Eersgenoemde is goed geleë vir die hanteling van koring en meel. Laasgenoemde is ook so geleë dat die steenkool maklik afgelaai kan word. Hoewel hierdie twee nywerhede oorspronklik 'n randligging gehad het, word hulle nou deur residensiële geboue omring.

In die sentrale gebied is ligte nywerhede soos bakke-

rye, drukkerie, bandversolings en skrynwerkerswinkels te vind. Aangesien die geboue nie so 'n groot oppervlakte vereis nie, het hierdie nywerhede 'n sentrale ligging. Munisipale regulasies verplig egter nuwe nywerhede om na die nywerheidsgebied uit te wyk.

Die nywerheidsterrein in Bellsweg, word deur nywerhede met 'n groter omvang soos bv. brandstofdepôts, 'n meubelfabriek, ens. beset.

5.1. Inleiding

Wanneer die ligging van Queenstown se residensiële gebiede t.o.v. die SSK nagegaan word, kan die volgende afleidings gemaak word: uitbreiding het, behalwe in 'n paar gevalle, reg rondom die SSK in alle rigtings plaasgevind, totdat Long Hill verdere aankruiping gestuit het. Aan die westelike kant van die SSK is geen woongebiede nie. In 'n suidwestelike rigting, tussen die treinspoor en die lokasie, het Westbourne en Weshof ontstaan en word verdere uitbreiding deur die rioolplaas gestrem. Reg suidwaarts, behalwe vir die gebied tussen die SSK en die Komanirivier, is die ontwikkeling van 'n blanke woonbuurt ontmoedig deur die teenwoordigheid van die lokasie. Sandringham en Southbourne is aan die suidoostelike kant van die dorp aangelê. Geen uitbreiding kom aan die oostekant van die SSK voor nie, aangesien dit deur die Komanirivier begrens word. Die ou residensiële gebiede kom direk suid van die SSK voor asook noord daarvan waar dit deur die spoorlyn begrens word.

Die groeitempo asook die rigting waarin die woongebiede gedurende verskillende dekades versprei het, is reeds in hoofstuk 2 bespreek (Fig. 8.).

Om 'n goeie begrip van die omvang van die residensiële buurtes te kry, moet na die bevolkingstatistieke, soos hier onder uiteengesit, gelet word.

TABEL 5.1.

Bevolkingstatistieke van Queenstown¹

	Dorp	Distrik	Totaal
Blankes	9,657	1,399	11,056
Bantoes	20,449	30,266	50,715
Kleurlinge	2,896	740	3,636
Asiate	125	-	125
Totaal	<u>33,127</u>	<u>32,405</u>	<u>65,532</u>

Sedert die laaste Wêreld oorlog het daar 'n aantal nuwe woonbuurtes ontstaan en is daar tans geen behuisings-tekort in Queenstown nie. 'n Oplewing in die bou-aktiwiteite van voorstedelike huise met 'n waardasie van R5,000 - R10,000 op erwe wat in grootte tussen 10,000 - 20,000 vk. vt. wissel, het voorgekom. 'n Aantal moderne woonstelblokke kom ook verspreid in die dorp voor.

In die jongste tyd het die munisipaliteit 1,000 viervertrekhuisse aan die Bantoes beskikbaar gestel. Daar word nog 400 huise beplan en alle huise in die Bantoe-woonbuurt is van 'n spoelrioolstelsel voorsien.

Munisipale belasting beloop $1\frac{1}{2}$ sent in die Rand op die saamgestelde erf- en verbeteringswaardasies (vergeelyk munisipale waardasies en die werklike transaksiepryse soos later in die hoofstuk uiteengesit sal word). Die hele dorp is van 'n spoelrioolstelsel voorsien. Rioolbelasting word volgens die erf grootte bereken. 'n Erf van tussen 30,000 - 35,000 vk. vt. moet R45 p.j. plus R8 p.j. per waterkloset betaal. Die belasting styg met R5 p.pj vir elke toename van 5,000 vk. vt. Water word belas teen 40 sent per 1,000 gelling.

Die munisipaliteit/

1. Volgens die sensus van 1960 en verstrek deur die Munisipale Kantoor.

Die munisipaliteit was nie in staat om die jaarlikse aantal bouplanne asook die waarde van die residensiële-, handels- en nywerheidsektor afsonderlik te verskaf nie. Gevolglik is die totale bedrae van die bouplanne nagegaan.

TABEL 5.2.

Bouplanne (1952 - 1965)

1952 -	R344,826	1957 -	R228,330	1962 -	R248,005
1953 -	R420,670	1958 -	R407,536	1963 -	R302,826
1954 -	R1,004,714	1959 -	R405,376	1964 -	R569,145
1955 -	R783,738	1960 -	R637,386	1965 -	R313,728
1965 -	R1,106,052	1961 -	R313,128		($\frac{1}{2}$ jaar)

Ongelukkig kon daar slegs van die afgelope $13\frac{1}{2}$ jaar betroubare gegewens i.v.m. die waarde van bouplanne bekom word. Indien daar 'n grafiese voorstelling van genoemde gegewens gemaak sou word, kan tot heelwat gevolgtrekkings geraak word. Die gemiddelde syfer vir 13 jaar (1952 - 1964) was R529,056. Daar moet egter op die feit gewys word dat die koste verbonde aan arbeid en boumateriaal steeds styg. 'n Vergelyking tussen die bedrae moet gevolglik in hierdie lig beskou word.

Gedurende die jare 1954 - 1956 was daar 'n groot toename in boubedrywighede. In 1957 is 'n laagtepunt bereik. Daar is gevolglik 'n groot wisseling in die waarde van bouplanne maar sedert 1962 is daar weer 'n merkbare styging te bespeur.

5.2. RESIDENSIELE PERSEELGROOTTES (FIG. 14.)

Aangesien die skaal van dorpskaarte in voet afgelees kan word, en voorts oppervlakte-eenhede deur plaaslike beplanningsowerhede in vierkante voet aangegee word, is vir die doel van hierdie studie vermelde afstandeenhede gehandhaaf. Die berekenings is gedoen deur die gemiddelde erfgrootte per straatblokeenhede te bereken. Sommige erwe sal gevolglik kleiner of groter as die gemiddelde erfgrootte wees. Hier is slegs blokke waar ten minste 50% van die erwe vir residensiële doeleindes gebruik word, in aanmerking geneem. Woonstel- en hotel-

persele is nie in berekening gebring nie. In gevalle waar 'n blok nie vol bebou is nie, is slegs die beboude erwe in aanmerking geneem.

In die karteringsproses is die huis per straatblok as basis gebruik. Die veralgemeende kaart (Fig. 10.) is as basis by die vasstelling van die residensiële gebiede gebruik. Soos reeds gesê, word slegs persele van 50% en meer oorheersing deur woonhuise in aanmerking geneem. 'n Uitsondering is egter in Bergsig op blokke 10 en 11 gemaak. Hier is heelwat onbeboude persele wat in berekening gebring is. Daar moet onthou word dat gemiddelde perseelgroottes vir die onbeboude blokke, hoewel nie van direkte belang in hierdie ondersoek nie, tog 'n basis vorm waarvolgens die aard van toekomstige woonbuurt nagespeur kan word.

Voordat die aspek van erfgroottes bespreek word, is dit noodsaaklik dat die planologiese ontwikkelingskaart (Fig. 8.) bestudeer word. Tweedens, moet die oriënteringskaart (Fig. 9.) nagegaan word, aangesien in die loop van die beskrywing daarna verwys sal word. Derdens, moet die erfgrootteskaart (Fig. 14.) geraadpleeg word.

Erfgroottes in Queenstown wissel van besondere klein erwe (2,500 vk. vt.) tot baie groot erwe (27,000 vk. vt.) Na ernstige oorweging is besluit om erfgroottes in vyf kategorieë² te klassifiseer.

5.2.1. Erwe met 'n besondere klein oppervlakte (4,000 vk. vt.) en kleiner

In die onmiddellike nabyheid van blok H 85 word die kleinste erwe in Queenstown aangetref. Hier het onbe-

heerde onderverdeling/

2. Hierdie indeling is op aanbeveling van die Stadsingenieur, mnr. Crawford, die bou-inspekteur, mnr. Whitson, en die munisipale tekenaar, mnr. Parsons, gemaak.

heerde onderverdeling plaasgevind sodat die gemiddelde erwe op sommige blokke slegs 2,500 vk. vt. is. Hierdie gebied het as die „Dutch Village“ bekend gestaan en talle boere het hier nagmaalhuise opgerig. Hulle was nie geïnteresseerd in groot erwe en duur huise nie. Vandag word hierdie huise hoofsaaklik deur spoorwegwerknemers en pensioenarisse bewoon.

Board ³ het in Oos-Londen bevind dat daar 'n noue verband tussen die uiters swak woonbuurtes en die verdeling van erwe in besonder klein eenhede is. Die hele erf word feitlik deur die huis beset.

Voorbeelde van dergelike erwe word in Queenstown in blokke H 84 - 85 en in 'n mindere mate in blokke H 59 - 60 agetref.

5.2.2. Klein erwe (4,000 vk. vt. tot 8,000 vk.vt.)

In Weshof (A 1 - 4) is die erwe klein en beslaan 'n oppervlakte van 6,000 vk. vt. Hierdie uitbreiding word deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë beset. Die S.A.S. moes in hierdie geval huisvesting aan die laer inkomstegroep voorsien. Erwe op blokke H 62 - 63, 66 - 70, 77 - 81 het 'n oppervlakte van 7,000 vk. vt. Hierdie erwe is omstreeks 1880 opgemeet en is sedertdien nie verder onderverdeel nie.

5.2.3. Erwe met 'n matige grootte (8,000vk. vt. tot 12,000 vk. vt.)

In Bergsig (C) is die erwe oorwegend 10,800 vk. vt. Na die Tweede Wêreldoorlog is in Southbourne kurwevormige strate aangelê en erwe van 11,000 vk. vt. tot 12,000 vk. vt. is vir oud-soldate beskikbaar gestel.

Ten suide van Cathcartweg-Wes, o.a. blok H 109, is heelwat erwe waarvan die grootte tussen 10,000 - 13,000

vk. vt./

vk. vt. wissel. Hierdie erwe is heelwat groter as dié op blok 85 omdat die mense vroeër in 'n mate selfonderhoudend moes wees en gevolglik erwe moes besit waarop hulle groente kon verbou en hoenders ens. kon aanhou. Daar was destyds in hierdie buurt nie 'n groot aanvraag na erwe nie soos blyk uit die feit dat heelwat erwe vandag nog steeds onbeset is.

5.2.4. Groot erwe (12,000 vk. vt. tot 16,000 vk. vt.)

Die erwe in Westbourne (B 2 - 13) is reeds gedurende 1905 uitgemeet, maar die dorp was traag om na daardie kant uit te brei. Kenmerkend is die reëlmatigheid van die erwe van 13,500 vk. vt. Hier het weinig onderverdeling plaasgevind.

Erwe onmiddellik noord van die spoorlyn, o.a. blokke H 38 - 41, is heelwat onderverdeeld en word hoofsaaklik deur die laer inkomstegroepe beset. Weens die nabyheid van die stasie, met gepaardgaande rook en geraas, stel die hoër inkomstegroep nie in hierdie onderverdeelde erwe belang nie.

Blok H 26 en die aangrensende blokke is ongeveer 13,000 vk. vt.

Balmoral, 'n redelik nuwe uitbreiding, bevat groot erwe van 14,000 vk. vt. Opvallend is die groot aantal blokke noord van die spoorlyn wat ongeveer 12,000 - 16,000 vk. vt. groot is, nl. H 11, 19, 27, 31 en 36. Onderverdeling van erwe is hier 'n seldsame verskynsel.

Gedurende die uitbreiding van Queenstown na die Tweede Wêreldoorlog, is nuwe stadsbeplanningsmetodes ingevoer. Daar is afgesien van die eentonige blokvorme. Erwe met 'n verskeidenheid groottes is uitgemeet. Kurwevormige strate is aangê en hulle bied dan ook meer privaatheid bv. in Windsor. Erfgroottes is gemiddeld

12,000 vk. vt. In Bergsig het slegs blokke C 6 - 7 'n oppervlakte van 12,000 vk. vt., die res is kleiner.

In Sandringham is die erwe heelwat groter (12,000 - 16,000 vk. vt.). 'n Kenmerk van die erwe wat na 1945 beskikbaar gestel is, is dat dit 'n verskeidenheid vorme en gerieflike groottes vertoon. Die bouregulasies bepaal dat vir bepaalde inkomstegroepe 'n erf en huis aan 'n sekere prysgrens moet voldoen. Daarom kom op een blok 'n aantal huise voor wat 'n verskeidenheid inkomstegroepe verteenwoordig. Met die eerste oogopslag toon die erf-groottekaart aan dat erwe in Queenstown tussen 10,000 vk. vt. en 14,000 vk. vt. wissel.

5.2.5. Baie groot erwe (16,000 vk. vt. en groter)

Na die Tweede Wêreldoorlog is slegs op blokke E 5 en 7 erwe wat groter as 18,000 vk. vt. is, opgemeet. Slegs blokke onmiddellik noord van die spoorlyn, nl. blokke H 37 - 38, 42 - 45 en 47 bevat baie groot erwe: blokke H 49 - 50 bevat erwe wat groter as 16,000 vk. vt. is. Dit blyk dus dat Queenstown in werklikheid baie min groot residensiële erwe het.

5.3. RESIDENSIELE GRONDWAARDES (Fig. 15.)

Slegs residensiële grondwaardes waarop geboue reeds opgerig is, word in aanmerking geneem. In Queenstown het die Provinsiale Skattingsafdeling gedurende 1964 die residensiële grondwaardes bepaal.

Vir karteringsdoeleindes is slegs straatblokke waar die residensiële besetting 50% en meer is, in aanmerking geneem. Die rekenkundige gemiddelde van elke residensiële straatblok is bepaal. Hier moet ook weer eens aangetoon word dat die erwe in 'n blok hoër of laer kan wees as wat die kaart aandui. Die werklike verkoopswaarde (transaksiesyfer) van 'n erf is ook gewoonlik hoër as die

waardasiesyfer/

waardasiesyfer (sien Tabel 5.3.).

Gedurende Yeats⁴ se studie van Chicago se grondwaardes het hy tot 'n hele aantal gevolgtrekkings gekom. Volgens die teorie van Alonso het die grondwaardes verminder namate die afstand vanaf die sentrale dorpsgebied toegeneem het. Hierdie teorie het egter sy waarde verloor namate: „..... the universal use of the automobile, the construction of highways and expressways, the shorter working week, increasing wages, and increased wages, and increased leisure”⁵, in swang gekom het.

Gedurende die verloop van jare het daar gevolglik 'n ommeswaai in die karakter van grondwaardes gekom. Aan die begin was die hoogste grondwaardes naby die sentrale gebied. 'n Hedendaagse verskynsel is dat residensiële grondwaardes naby die sentrale sakedeel en nie-blanke woonbuurtes afneem, terwyl grondwaardes aan die randgebiede en voorstedelike sakegebiede toeneem.

Hayes het die volgende oor residensiële grondwaardes geskryf: „..... each line of public transport rides a residential landvalue crest of its own making. It would seem that people are willing to pay a premium to live at least one-quarter mile but not more than 1½ miles from the railroad.”⁶

Grondwaardes van erwe wat 'n kwart- tot 'n halfmyl aan weerskante van die spoorlyn geleë is, het egter 'n laer waarde. Dieselfde geld vir erwe langs nywerheidsgebiede, maar grondwaardes styg in die gebied wat 'n half-

tot anderhalf/

4. Yeats, M.H., „Some Factors Affecting the Spatial Distribution of Chicago Land Values; 1910 - 1960”, in Economic Geography, Jan. 1965, pp. 57 - 70.
5. Ibid., pp. 57 - 70.
6. Hayes, C.R., „Suburban Residential Land Values Along the C.B. and Q. Railroad”, in Land Economics, vol. 33, Mei 1957, pp. 177 - 181; soos verwerk deur Mayer, H.M. en Kohn, C.F., op.cit., pp. 556 - 560.

tot anderhalf myl vanaf die nywerheidskompleks geleë is. Grondwaardes styg op terreine wat hoër geleë is, maar neem in laerliggende dele af.

Gedurende die bespreking van die residensiële grondwaardes[‡] is dit nodig om gedurig die erfgroottes in gedagte te hou.

5.3.1. Lae grondwaardes (benede R600 per erf)

Weshof bestaan uit erwe kleiner as 7,000 vk. vt. en daarvan is die erfwaardasie baie laag, d.w.s. laer as R600. Hierdie erwe is vir R300 gewaardeer. Aangesien die S.A.S.-huise wat daar voorkom vir die laer inkomstegroep beoog is, het die erwe gevolglik 'n ooreenstemmende oppervlakte.

Blokke H 84 -85 se erwe is gemiddeld kleiner as 7,000 vk. vt. met die gevolg dat die erfwaardasie R235 is. Dit is die dorpsgedeelte met die laagste residensiële erfwaardasie en is naby die sakedeel geleë. Sakeondernemings stel nog nie belang om in hierdie rigting uit te brei nie.

Geïsoleerde blokke H 59 en 80 het onderskeidelik gemiddelde waardasies van R520 en R480. In eersgenoemde geval kan die onderverdeling van erwe en terselfdertyd die nabyheid van die stasie as rede aangegee word.

5.3.2. Gemiddelde grondwaardes (tussen R600 en R1,000)

Die erwe in Westbourne is slegs in 'n geringe mate onderverdeel en is ongeveer R650 werd. Die aanvraag na erwe in hierdie uitbreiding is gering weens die feit dat die grondgesteldheid nie bevorderlik vir boubedrywig-hede is nie; ook is die slagplaas, botterfabriek en

spoorlyn/

‡ Weens kartografiese beperkings is die digtheidsin-deks nie altyd in digtheidsvolgorde nie.

spoorlyn daar naby geleë.

Blok H 109 en aangrensende blokke het lae erfwaardasies waarvan die hoogste R900 en sommige laer as R600 is. Hierdie buurt was nooit gesog nie, die talle leë erwe bevestig hierdie stelling. Die blokke suid van die stasie beslaan 7500 vk. vt. en die erwe is goedkoop en wissel tussen R700 en laer. Die aanvraag is nie groot nie omdat die huise oorwegend oud is.

Ten suide van die Komanirivier bestaan die ou woonbuurt uit erwe van ongeveer 10,000 vk. vt. met 'n waarde van R800 - R900. Op blok H 116 het die Spoorweë huise vir sy werknemers opgerig.

Bergsig is beplan vir die gemiddelde inkomstegroep met erwe van 11,000 vk. vt. en 'n waardasie van ongeveer R700. Hierdie betreklik lae grondwaardasie kan o.m. gewyt word aan die ongunstige grondgesteldheid, nl. die aanwesigheid van potklei, wat nie bevorderlik vir boubedrywighede blyk te wees nie.

5.3.3. Hoë grondwaardes (tussen R1,000 en R1,400)

Windsor, 'n resente uitbreiding met ietwat klein erwe van 12,000 vk. vt. se erfwaardes is ongeveer R1,200. In Southbourne is die erwe ook ongeveer 12,000 vk. vt. groot met waardes wat tussen R1,000 en R1,200 wissel.

Sandringham is 'n betreklik nuwe woonbuurt waarvan die erwe 'n verskeidenheid groottes en erfwaardasies bevat. Hierdie uitbreiding is hoofsaaklik vir die gemiddelde inkomstegroep beplan. Die erwe wissel tussen 12,000 en 16,000 vk. vt., terwyl die grondwaardes R1130 tot R1450 bereik.

Die westelike punt van Livingstoneweg, bv. blok 37 wat 18,000 vk. vt. groot is, het 'n waardasie van R1,010.

Die nabyheid van die spoorlyn asook die stasie dra by tot die afname in belangstelling vir hierdie erwe. Omdat dit in 'n buurt geleë is waar die verkeer woelig is, is die gegoede persoon nie begerig om hom daar te vestig nie.

5.3.4. Baie hoë grondwaardes (R1,401 en hoër)

Die hoogste erfwaardes word noord van die spoorlyn aangetref. Balmoral, 'n nuwe uitbreiding, het groot erwe van 15,000 vk. vt. en groter en hulle waarde oorskry R1,500. Die uitbreiding is veral oopgestel vir wonings van die hoër inkomstegroep.

Die blokke noord van die spoorlyn aan die oostelike ingang bevat erwe met hoë waardes, bv. blok H 45 het erwe van 18,000 vk. vt. met 'n waardasie van R2,230. Alhoewel hierdie blok redelik ou huise bevat, is dit die dorpsgebied met die hoogste residensiële grondwaardes. In hierdie omgewing word die gesogte woonbuurt aangetref.

Bogenoemde voorstellingsmetode het sy tekortkominge. Dit dui wel die duurste gemiddelde erfwaardasie aan, maar dit faal om terselfdertyd die verhouding tussen erf-grootte en erfwaardasie aan te dui.

Daar is 'n besliste verskil in die voorstelling van grondwaardes wanneer erwe onderskeidelik 13,000 vk. vt. en 16,000 vk. vt. groot is en albei R1,600 werd is. Lg. erf is relatief veel goedkoper.

Ter aanvulling is die volgende metode gevolg: daar is afgewyk van die voorstelling van die gemiddelde erfwaardes per blok. Hier is die grondwaardasie (1964 - '65) van elke erf per 1,000 vk. vt. bereken. Indien 'n erf van 10,000 vk. vt. vir R1,400 gewaardeer is, is die waarde per 1,000 vk. vt. gevolglik op R140 bereken.

'n Blok is ook nie altyd as 'n geheel met dieselfde arsering voorgestel nie, so bv. is al die erwe aan een

lengte met 'n sekere indeks en die ander lengtesy met 'n ander arseer. Daar moet gelet word dat die intervalle in die berekening R5 is, behalwe tussen R90 en R100 waar dit R10 is: vir karteringsdoeleindes is R10-intervalle gebruik (vgl. Fig. 16.).

5.3.5. Lae grondwaardes (R60 en minder)⁷

In Weshof is 'n aantal erwe van R45 (per 1,000 vk. vt.) terwyl die res R50 is. Eersgenoemde is die goedkoopste in die dorp en dit is te wyte aan die klein erwe asook die nabyheid van die riooluitvalwerke, slagplaas en lokasie. Al Westbourne se erfwaardes is laag, d.w.s. R50 en blokke 12 en 13 se buitenste erwe is R45 a.g.v. die nabygeleë slagplaas.

Die blokke suid van Cathcartweg-Wes is R55, terwyl blok H 109 R45 beloop. Nader aan die sakedeel is blok H 104 egter so hoog as R65. Die blokke direk bokant Cathcartweg-Wes veral H 85 vertoon 'n waardasie van R60. Die grondwaardes hier is hoër as in Westbourne a.g.v. 'n ligging na aan die sakegebied. Vergelyk die gemiddelde erfwaardasiekaart (Fig. 15.) waarop die teenoorgestelde aangedui word.

5.3.6. Gemiddelde grondwaardes (R61 tot R70)

Die erwe wat aan Queensrylaan grens is R65 bv. op blok H 59, en dié wat aan Greystraat grens is veel hoër, nl. R80. Die nabyheid van die stasie oefen beslis 'n negatiewe uitwerking op die grondwaardes uit. Dieselfde verskynsel word ten noorde van die stasie waargeneem, bv. by blok H 59. Alle erwe naaste aan die stasie is R65, terwyl dié aan Berrystraat R80 vertoon.

In Bergsig/

7. Mnr. Hunter van die Munisipale Kantore het die berekeninge gedoen.

In Bergsig het Hangklipweg se aangrensende erwe, d.w.s. blokke C 1 - 6 asook 9, waardasies van R70. Blokke C 7 - 11 se waardasies is slegs R60, dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat Hangklipweg 'n hoofweg is.

5.3.7. Hoë grondwaardes (R71 tot R80)

Erwe tussen Ebdenstraat en die spoorlyn toon hoë waardes van R80 tot R85 aan. Die oostelike blokke H 69, 70, 80 en 81 toon 'n laer waarde van R70 tot R75 hoewel die huiswaardasies nie verskil nie. Op blokke H 58, 59, 66, 67 en 77 is heelwat woonstelblokke en daar word steeds nuwe woonstelle opgerig. Dit sal in latere jare die woonstelgebied van Queenstown word.

Suid van die Komanirivier by blok H 121 is die waardasie R80. Hoewel die woonhuise redelik oud is, kan die hoë grondwaardes toegeskryf word aan die goeie bougrond asook volop grondwater wat op 'n geringe diepte aangetref word.

5.3.8. Baie hoë grondwaardes (R81 tot R100)

Suid van Livingstoneweg op blokke H 47 tot 50 is 'n verskeidenheid grondwaardes wat tussen R80 en R100 wissel.

Die erwe in Balmoral asook dié op die aangrensende blokke dui op 'n konstante R100. Die objektiwiteit van hierdie bepaalde navorsingsmetode word as volg toegelig: blok E 5 het 'n waardasie wat R1,700 oorskry, terwyl blok E 4 R1,600 beloop. Per 1,000 vk. vt. is blok 5 egter R90 teenoor die R100 op blok 4. In Windsor word ook die hoogste grondwaardes van R100 aangetref.

Southbourne het 'n konstante hoë waardasie van R90, Sandringham vertoon 'n goeie gemiddelde wat tussen R80 en R90 wissel. Die erwe naby die spoorwegtaklyn het 'n laer waardasie, vgl. hier blok F 15. Hierby moet ook

gevoeg word dat erwe waarop huise met 'n suidelike aansig opgerig is, goedkoper is as huise met noordfronte.

5.4. RESIDENSIELE HUISWAARDES (Fig. 17.)

5.4.1. Klasverdeling

Hierdie kaart is presies soos die residensiële erfwaardekaart (Fig. 15) saamgestel, maar in hierdie geval is slegs van die residensiële huiswaardasies (verbeteringswaardes) gebruik gemaak. Dieselfde bron van inligting wat gebruik is by die opstel van die erfgroutte- en grondwaardekaart, is hier geraadpleeg.

Die planologiese ontwikkelingskaart (Fig. 8.) sal hier van groot waarde blyk te wees, aangesien dit die ouderdom van 'n huis tot 'n sekere mate verskaf. Die grootte van 'n erf speel ook 'n rol in die waardebeplanning van 'n huis.

Hierdie kaart is van besondere belang aangesien die interpretasie daarvan die ekonomiese welstand van die verskillende blanke woonbuurtes aandui.

Verder moet hier gelet word op die feit dat die munisipale waardasies gewoonlik laer is as die werklike transaksies. Hierdie gegewens word vergelyk met die jongste verkoopprijs wat deur plaaslike agente behaal is. 'n Kenmerk is dat die waardasie en verkoopprijs in baie gevalle nie veel verskil nie en in werklikheid is sommige verkoopprijs (≠ Tabel 5.3.) dan ook laer. Verder word die verskil (as 'n persentasie) tussen die waardasie en verkoopprijs aangedui.

TABEL 5.3.

'n Vergelyking tussen waardasies en werklike verkoopprijs⁸

Blok	Uitbreiding	Straat	Jaar	Waardasie	Koopprijs	%
A 4	Weshof	Wes-	1960	R4,480	R5,500	19
B 9	Westbourne	Stanley-	1965	5,000	5,300	6
B 11	"	"	1965	4,850	5,775	7
B 13	"	Cambridge-	1964	5,610	5,700	1%
C 1	Bergsig	Hangklip-	1965	6,010	7,200	17
C 1	"	"	1965	6,020	6,600	9
D 2	Windsor	Madeira-	1964	6,800	6,800	0
D 3	"	"	1959	7,420	9,000	11
D 2	"	"	1956	7,130	8,500	16
E 3	Balmoral-	Foch-	1965	7,570	8,000	6
F 15	Sandringham	Jansen-	1965	6,740	6,500 ^z	-4
F 13	"	Connaught-	1965	5,500	5,750	4
G 1	Southbourne	Dan Pienaar-	1965	6,780	7,000	4
G 1	"	Komani-	1965	6,280	7,400	15
<u>Sentraal (noord van spoor)</u>						
H 15	Sentraal	Frost-	1965	5,930	7,150	17
H 48	"	Chamberlain	1965	6,780	5,200 ^z	-30
H 50	"	Reservoir-	1965	5,320	4,400 ^z	-21
H 50	"	Golf-	1964	10,440	8,500 ^z	-23
H 46	"	Berry-	1965	11,220	10,800 ^z	-4
H 25	"	Milner-	1965	3,540	5,000	29
H 32	"	Berry-	1965	6,110	4,750 ^z	-29
H 40	"	Livingstone	1965	4,340	6,200	30
H 33	"	"	1965	6,680	6,800	2
H 40	"	"	1964	3,180	3,150 ^z	-1
<u>Sentraal (suid van die spoor)</u>						
H 85	"	Tylden-	1964	3,300	3,400	3
H 63	"	Porter-	1964	3,830	4,500	15
H103	"	Bushell-	1964	2,530	3,000	16
H 59	"	Grey-	1965	5,110	6,500	21
H 69	"	Ebden-	1965	6,210	6,250	1
H120	"	Komani-	1965	4,950	6,800	27
H120	"	"	1965	4,510	5,300	15

5.4.1.1. Gemengde woongebiede

Blokke H 117 en 118 toon 'n verskeidenheid van funksionele gebruike. Dit word as deel van die blanke residensiële gebied beskou. Hierdie twee blokke lê teenaan die nie-blanke woonbuurt en terselfdertyd is die aangrensende Victoriastraat die hoofverkeersweg vir nie-blankes.

Hierdie twee blokke word gebruik as woonbuurt vir

Chinese/

8. Verkoopprijs deur Madeira Eiendomsagente verskaf.

Chinese, Indiërs, Bantoes, Kleurlinge en 'n aantal blankes. Daar is ook 'n verskeidenheid nie-blanke sakeondernemings. Die tronk is ook hier geleë.

Vermelde blokke is eintlik die oorgangsgebied tussen die blanke en nie-blanke woonbuurtes. Hierdie gebied was oorspronklik 'n suiwer blanke woonwyk; hier is dus 'n voorbeeld van nie-blanke aankruiping. In slegs enkele gevalle is daar Kleurlinge en Indiërs in die sentrale dorpsgebied en in die ou woonbuurt woonagtig.

5.4.1.2. Laegraadse huiswaardes (R3,000 en laer)

Die huise in die omgewing van blok H 109 het 'n gemiddelde waardasie van R3,000. Weens hulle ouderdom is die huise merendeels in 'n swak toestand. Die laerinkomstegroepe woon hier en die aanvraag na huise in dié omgewing is gering.

Die omgewing van blok H 85 bevat die swakste residensiële geboue. Die erwe en geboue is baie klein, oud en verwaarloos. Dit word hoofsaaklik deur die laer inkomstegroep beset. Baie geboue is selfs laer as R2,000 gewaardeer. Dié geboue onmiddellik suid van die spoorlyn is egter van 'n heelwat beter gehalte, alhoewel die nabyheid van die spoorlyn ook hier 'n nadelige invloed op die waardasies uitoefen.

5.4.1.3. Mediumgraadse huiswaardes (R3,000 tot R6,000)

Alhoewel Weshof 'n nuwe woonbuurt is, is die gemiddelde huiswaardes ongeveer R5,000. Hierdie uitbreiding is ontwerp om huisvesting aan die laer inkomstegroepe te voorsien. Al die wooneenhede is sub-ekonomies en is die eiendom van die Spoorwegadministrasie.

In Westbourne wissel die waardasies van R3,000 tot R5,000. Die grondgesteldheid is baie swak weens die hoë

potklei-inhoud. Blok 67 en al die omliggende blokke bestaan uit ou huise met 'n waardasie van ongeveer R4,000. Die nabyheid van die stasie het die waarde van huise in blok H 59 negatief beïnvloed: sommige huise se waardasie is slegs R3,000. Op blokke 58 en 59 is daar 'n hele aantal woonstelblokke. In die jongste tyd het daar heelwat nuwe toevoeginge plaasgevind sodat dit skyn asof die betrokke blokke die toekomstige woonstelgebied gaan word. Erfwaardasies vertoon hier in kontras met huiswaardasies omdat eersgenoemde buitengewoon hoog is. Opvallend is die groot aantal ou verdiepinghuise wat hier aangetref word.

Die huise in die omgewing van blok H 49 is ongeveer R5,000 gewaardeer: erfwaardes is so hoog as R1,400. Om watter rede vertoon hierdie huise 'n gemiddelde waardasie? Die betrokke huise was die eerste wat vir die hoër inkomstegroep opgerig is, maar het sedertdien hierdie status verloor. Die nabyheid van die spoorlyn, stoommeul en ook die feit dat sommige huise 'n oostelike of westelike aansig het, het daartoe bygedra om hierdie gebied 'n gemiddelde waardasie van R5,000 te gee.

Blokke H 37, 39, 40 en 42 wat noord en langs die spoorlyn geleë is, se waardasie is ongeveer R5,000. Nabyheid aan die stasie en die onderverdeling van erwe het 'n nadelige invloed op die waardasiesyfers uitgeoefen. Die huise in Berrystraat met 'n noordelike aansig het hoër waardes.

In Bergsig is huise vir die gemiddelde inkomstegroep opgerig. Huise wissel hier tussen R5,000 - R6,000. Aan die westelike gedeelte van blok C 7 is daar groot erwe waarop duurder huise opgerig kan word.

Blok H 116 bestaan uit sub-ekonomiese spoorweghuise

wat teen/

wat teen R4,000 gewaardeer is en blokke H 114 tot 115 en H 120 tot 127 teen R4,000 en R5,000. Hierdie buurt se huise is redelik oud, maar is in 'n goeie toestand. Die bewoners is hoofsaaklik die laer middelgroep.

Southbourne het goeie en stewige huise met 'n waardasie van R5,000 - R6,000. In Sandringham is blokke F 8, 9 en 14 die enigste blokke wat 'n waardasie van ongeveer R6,000 het.

Die grootste persentasie woonhuise in Queenstown behoort tot die mediumgraadse kategorie. Selfs nuwe uitbreidings soos Weshof, Bergsig en Southbourne behoort tot hierdie groep. Die meeste mense in Queenstown is verbonde aan tersiêre diensaktiwiteite, terwyl die professionele groep maak slegs 13% van die totaal uitmaak. 'n Hoë persentasie van 67% besit hul eie huise. Hieruit kan afgelei word dat die grootste aanvraag na huise vanaf die gemiddelde tot laer inkomstegroep sal kom.

5.4.1.4. Hoë huiswaardes (R6,000 tot R8,000)

Windsor het dieselfde tipe huise as Balmoral, maar die kleiner erwe oefen hier 'n bepaalde invloed uit. Hierdie redelik nuwe uitbreiding se waardasies wissel tussen R6,000 en R8,000.

Sandringham, hoewel 'n ouer buurt as Bergsig, het hoër waardasies weens o.m. die beter gehalte bougrond. Die beste bougrond in Queenstown word hier aangetref en dit word bewoon deur die middel- en hoër middelgroep. Waardasies wissel tussen R7,000 en R8,000. 'n Bate in hierdie buurt is die aanwesigheid van talle boogate. As in gedagte gehou word dat die waterverbruik vir tuinboudoeleindes in Queenstown weens die droë klimaat relatief hoog is, en die munisipale watertarief 40c per 1,000 gelling is, oefen die aanwesigheid van boogate op hier-

die erwe 'n positiewe invloed uit op die waardasies.

Byna sonder uitsondering het al die huise aan die voet van Bowkerskop hoë waardasies. Hierdie omgewing bevat die beste huise in die hele dorp.

5.4.1.5. Besondere hoëgraadse huiswaardes (R8,000 en hoër)

Hierdie tipe huis kom slegs in enkele gevalle voor. In Queenstown kan daar nie 'n villasone onderskei word nie. Slegs in Windsor op blok D 1 en op blokke H 33 en 46 asook in Balmoral op blok E 5 word waardasies bo R8,000 aangeref.

Kenmerkend van Queenstown is die afwesigheid van opvallende bouvallige huise. Die persentasie laegraadse huise is minimaal. Daarteenoor is daar ook geen deel wat as 'n onbetwiste villasone beskou kan word nie.

5.4.2. Beïnvloedende Geografiese Faktore t.o.v. Huiswaardes

5.4.2.1. Fisiografiese Standplaasfaktore

(1) Topografie (Fig. 1.)

Die vraag kan gestel word of daar 'n direkte verband tussen die topografie van 'n standplaas en die verspreiding van grond- en residensiële waardasiesyfer is. Is daar 'n gebrek aan afwisseling in topografie, d.w.s. die afwesigheid van heuwels en valleie? Wat is die hoogteverskille in die plaaslike reliëf? en is daar 'n moontlikheid van oorstromings? Is daar ten volle gebruik gemaak van die natuurlike fisiografiese kenmerke, bv. hoogliggende gebiede vir woonbuurtes, vloedvlaktes vir ontspanningsterreine en rioolopruimingswerke?

Willie ⁹ het gedurende 'n deeglike ondersoek na die

verband/

9. Willie, C.W., "Land Elevation Age of Dwelling Structure, and Residential Stratification", in Professional Geography, vol. 8, Mei 1961, pp. 7 - 10.

verband tussen die ligging van die terrein t.o.v. ouderdom en ligging van residensiële geboue tot 'n aantal gevolgtrekkings gekom. Vir sy navorsing moes hy o.a. van 'n kontoerkaart sowel as sosio-ekonomiese faktore gebruik maak. Hy het bevind dat daar 'n duidelike verband tussen die ligging van die terrein en sosio-ekonomiese status van die mense is: 40% van die huise was op 'n terrein wat laer as 425 voet is; 40% van die huise is op 'n hoogte van 425 tot 525 voet gebou; 20% van die wonings is op 'n hoogte van 525 voet en hoër geleë.

Die persone met die hoogste sosio-ekonomiese status word op die hoër liggende terrein aangetref. In Amerika is die terrein met die beste uitsig die meeste gesog. Aangesien geriewe soos riolering, watervoorsiening, ens. op heuwelagtige terrein duur is, word hier slegs hoëgraadse wonings opgerig.

Hoyt¹⁰ toon 'n paar kenmerke van die ligging van hoëgraadse wonings aan: gesogte woonbuurtes ontstaan langs belangrike verkeersweë; wyk na hoër terrein uit, weg van die vloedgebiede langs riviere; hulle ontwikkel in die rigting waar oop terrein voorkom en vermy natuurlike- en kunsmatige grense; goeie woonbuurtes brei in die rigting waar die hoër inkomstegroepe hulle vestig uit; woongebiede brei gewoonlik uit in die rigting waarin die belangrike sakegeboue beweeg; uitbreiding geskied ook langs die beste en vinnigste vervoerkanale; residensiële gebiede vermy omgewings waar geraas, reuke spoorlyne en rook voorkom; ten slotte bepaal etniese segregasie ook die rigting van woonbuurtuitbreiding aan.

'n Verdere vraag kan gestel word of die ander faktore nie 'n groter invloed as die topografiese aspek op die ontwikkeling en gevolglik ook op die waardasiesyfers van

Queenstown/

10. Hoyt, H.: "The pattern of Movement of Residential Rental Neighbourhoods", in Mayer, H.M. en Kohn, C.F., op.cit., pp. 499 - 510.

Queenstown gehad het nie? Die dorp het in die rigting van Long Hill, d.w.s. 'n natuurlike grens, gegroei. Hiervoor is daar talle redes. Die gebied is naby die skole, daar is nie gevaar dat nywerhede aan die rand daarvan kan ontwikkel nie en boonop is daar verder van die spoorlyn weg beweeg.

Etniese segregasie het tot gevolg gehad dat uitbreiding noordwaarts geskied het. Die teenwoordigheid van die Bantoe- en Kleurlingwoonbuurt aan die suidekant van die dorp was dus 'n belangrike faktor in dié verband. Die nabyheid van die Bantoe-woonbuurt het bv. die groei van Westbourne belemmer.

In Balmoral, Windsor en die Sentrale gebied (noord van die spoorlyn) word genoemde probleme nie ondervind nie. Sandringham en Southbourne aan die suid-oostekant van die dorp is goeie woonbuurtes alhoewel 'n ligging na aan die nywerheidsterrein, spoorlyn en bedrywige hoofpad na Oos-Londen 'n nadelige invloed uitoefen. Verder bied die moontlikheid daar dat op die aangrensende terrein 'n nuwe nywerheidsuitbreiding aangelê kan word, veel rede tot kommer.

'n Opvallende kenmerk is die klein verskil in hoogte tussen die verskillende uitbreidings. Die 3,600 vt.-kontoerlyn strek deur Bergsig, Windsor, Balmoral, langs Bowkerskop en Berrylaan, oor die Hoërskool J.J. Serfontein en suid van die Bantoe-woonbuurt verby.

Die 3,550 vt.-kontoerlyn loop net direk noord van die spoorlyn, oor die golfbaan en vandaar deur Sandringham, die Kleurling- en Bantoe-woonbuurt.

Die 3,500 vt.-kontoerlyn loop deur Westbourne, suid van Cathcartweg, aan die oostelike eindpunt daarvan swenk dit verby die skouterrein en westelike sektor van die

Bantoewoonbuurt.

Die hoogste beboude deel is Bergsig, nl. 3,655 vt. en die rioolplaas is die laagste van alle funksionele aktiwiteite nl. 3,475 vt. bo seespieël. Tussen die hoogste en laagste terrein is daar slegs 100 vt. verskil.

Geen pompgeriewe is dus opgerig om nagvuil en afvalwater na die rioolplaas te vervoer nie.

In die geval van die Berrydam wat 3,600 vt. bo seespieël geleë is, kan watervoorsiening doeltreffend geskied. Die dam is hoër as die res van die dorp met die gevolg dat drukking in die waterpype voldoende is.

Goeie residensiële uitbreidings kom in Queenstown in die hoër liggende dele, nl. in die omgewing van Bowkerskop en Long Hill voor. Die sentrale dorpsgebied en die oudste residensiële geboue is hoofsaaklik in die laagliggende gebiede geleë.

(ii) Dreinerings (Fig. 6.)

Queenstown het 'n betreklik lae reënval. Daarbenewens het die dorp 'n effense helling m.a.w. daar is geen uitbreiding wat op 'n gelyke terrein geleë is nie. Reënwater vloei gevolglik geredelik oor die hele dorpsgebied weg en sodoende kan woonhuise nie deur vloedwater beskadig word nie.

Slegs Sandringham kan as 'n moontlike vloedgebied beskou word, alhoewel oorstromings nog nooit in dié gebied voorgekom het nie. Hierdie terrein is egter weens sy grondgesteldheid die geskikste vir boudoeleindes in Queenstown. Die planologiese ontwikkelingskaart (Fig. 8) bevestig dan ook die resente uitbreiding in hierdie gedeelte van die dorp. Die huiswaardes in lg. gebied is hoër as die gemiddelde syfers.

Grondwater, veral in uitbreidings met 'n hoë potklei-inhoud bv. Bergsig, Westbourne en Weshof bied as sulks geen noemenswaardige probleme nie. Die voorkoms van klammigheid in residensiële geboue is gering. Huise in hierdie uitbreidings is geneig om te bars nie alleen gedurende oorvloedige reënmaande nie, maar ook wanneer daar droogtes voorkom. Die voorkoms van barste kan eerder aan die grondgesteldheid en nie soseer aan swak dreinerings toegeskryf word nie. Hierdie dreineringsaspek is dus nie hoofsaaklik vir die betreklik lae huiswaardes in die betrokke uitbreidings verantwoordelik nie.

Queenstown Sentraal (bokant die spoorlyn) en Balmoral ondervind geen dreineringsprobleme t.o.v. grond- en reënwater nie. Hier is dan ook die hoogste huiswaardes.

(iii) Grondgesteldheid (Fig. 7.)

Grondgesteldheid is moontlik die grootste enkele faktor wat huiswaardes in Queenstown beïnvloed. Uitbreidings soos Weshof, Westbourne en Bergsig het 'n besonder hoë potklei-inhoud wat gevolglik boudoeleindes baie bemoeilik en is die huiswaardes hier laag.

Die uitbreiding onmiddellik noord en suid van Cathcartweg-wes is betreklik gering weens redes wat nie aan dreinerings en grondgesteldheid te wyte is nie, maar aan die nabyheid aan die SSK asook die voorkoms van ou en swak woonhuise te wyte is.

Alhoewel Sandringham 'n potensiële oorstromingsgebied is en naby die lokasie, spoorlyn en nywerheidsterrein geleë is, is die huiswaardes hoog weens die uiters geskikte grond vir boudoeleindes.

Weens gesamentlike gunstige faktore soos topografie, dreinerings en grondgesteldheid bevat Queenstown Sentraal (noord van die spoorlyn), Balmoral en in 'n mindere mate

Windsor die hoogste huiswaardes.

(iv) Klimaat

Reënval: Geen statistieke wat die reënvalverspreiding oor die dorp aandui, is beskikbaar nie. Daar is geen aanduiding dat daar in die betreklik klein munisipale gebied, uitbreidings is wat meer of minder reën as die ander kry nie. Hierdie aspek kan buite rekening gelaat word by die beïnvloedende faktore t.o.v. huiswaardes.

Temperatuur: A.g.v. temperatuur-inversies kry die laer liggende dele soos Sandringham en Westbourne meer ryp as die res van die dorp. Alhoewel daar 'n gebrek aan temperatuurstatistieke vir bv. die noordelike en suidelike dorpsgebied is, kan met veiligheid aangeneem word dat temperatuur nie 'n groot rol in die rigting van uitbreiding gespeel het nie. Sandringham, alhoewel laer geleë as Bergsig (wat aan die noordekant is), het bv. hoër huiswaardes.

Sonskyn: Die noordelike dorpsgebied ontvang minder sonskynure as die suidelike dorpsgebied. Dit is te wyte aan Long Hill en Bowkerskop wat die oggendson en Madeiraberg wat die middagson wegkeer.

Die noordelike dorpsgebied ontvang minder sonskyn en die suidelike dorpsgebied weer meer ryp. Hierdie twee faktore het egter 'n geringe invloed op die rigting van die dorpsontwikkeling en op huiswaardes uitgeoefen, aangesien die verskil in die aantal sonskynure en temperatuur in die verskillende uitbreidings nie 'n beslissende rol speel nie.

Wind: Die noordelike dorpsgebied word deur Madeiraberg teen die westewind en deur Long Hill en Bowkerskop teen die noorde- en noordoostewind beskerm. Die suidelike gebied, veral die lokasie en die nywerheidsterrein

lê in die slag van die Weste- en ooste- tot suidooste-wind.

Wind, as enkele faktor, is in die geval van Queens-town nie van deurslaggewende belang m,b,t. waardasiesyfers nie. Die rigting van dorpsgroei en huiswaardes moet aan 'n hele aantal faktore toegeskryf word.

Die dorp het aanvanklik aan die begin noord van die hoofstraat ontwikkel omdat die vore vanuit die Komanirivier water aan die inwoners verskaf het. Daarna het skole bokant die spoorlyn ontstaan en residensiële uitbreiding het in daardie rigting plaasgevind.

Aangesien fisiografiese standplaasfaktore nie 'n volledige antwoord op die vraag, nl. watter faktore residensiële waardes beïnvloed, verstrek nie, moet 'n verdere studie van die sosio-ekonomiese faktore gemaak word. Hieruit sal blyk of daar 'n onderlinge verwantskap tussen fisiografiese en sosio-ekonomiese faktore bestaan.

5.4.2.2. Sosio-ekonomiese Faktore

(1) Opnametegniek

Nadat verskeie werke i.v.m. Stedelike Aardrykskunde geraadpleeg is, is 'n vraelys opgestel wat inligting insake die volgende aspekte ingewin het: beroep, huistaal, aantal huisgenote, eienaarskap van die huis, huishuur, erf-grootte, erfwaardasie en huiswaardasie. Laasgenoemde drie gegewens is, soos reeds gemeld, by die munisipale kantoor verkry.

Eerstens was dit nodig om die funksionele differensiasiekaart (Fig. 10.) te raadpleeg, sodat vasgestel kon word watter blokke arseer (50% en meer oorheersing deur huise) moes word. Die volgende stap was om die uitbreidings in studiewyke te verdeel. Elke blok in elke uit-

breiding/

breiding is genommer, bv. Bergsig, blok 4, ens., en dit word as 'n studie wyk beskou (sien oriënteringskaart Fig. 9.). Alle besonderhede van 'n blok en gevolglik van elke erf is op een folio-bladsy saamgevat. Die erwe op elke blok se gegewens is dan getabuleer, bv. Southbourne, blok 2, se aantal Engelssprekendes is 9, ens. So word al die blokke se gegewens op groot plakkate aangebring. Die doel in die opname is die verwerking van alle gegewens. Sodra die gegewens verkry is, word die verskillende kaarte m.b.t. die residensiële gebiede arseer.

Dit is 'n vereiste dat die opname persoonlik gedoen word en nie d.m.v. die pos nie. Aangesien persone nie altyd weet hoe om die gegewens te verstrek nie en soms onwillig en traag is, is die resultate deur lg. metode verkry gewoonlik onbevredigend.

In die beroepsverspreiding is slegs die broodwinner se beroep in aanmerking geneem. Alle woonstelle, selfs in die sentrale sakedeel, is in die opname ingesluit. Sover moontlik is alle persone in die opname betrek.

Volgens die sensus van 1960 was daar 11,056 blankes in die dorp en distrik waarvan 9,657 in die dorp woonagtig was. Gedurende 1964 was daar 3,432 kinders in die plaaslike skole. Queenstown is bekend as die dorp met baie skoolkoshuise en 'n opname het getoon dat 877 hoërskoolleerlinge plaaslik woonagtig is en 1,046 afkomstig van oor die hele land. Daar is dus ten minste 2,000 kinders in koshuise wat nie in die opname betrek is nie. Verder is daar nie 'n opname van die inwoners in die hotelle, verpleegsterstehuis en oue-tehuis gemaak nie.

In die opname is die totale getal mense, nl. 6,639 betrek. Dit sluit die kleinhoewes, die inwoners op die

terreine/

terreine van die Hoërskool J.J. Serfontein en Komanihospitaal in asook die residensiële gebiede en die sakegebied.

Hoewel dit 'n moeilike taak is om die hele dorpsgebied volledig met die vraelys te dek, kan uit bogenoemde syfers afgelei word dat slegs by 'n klein persentasie nie aangedoen is nie. In die residensiële gebiede verteenwoordig die opname 'n minimum van 90%. Hoewel 'n opname by die huise langs die spoorlyn gemaak is, is dit nie gekarteer nie. Dieselfde geld vir die Hoërskool J.J. Serfontein, Komanihospitaal en die kleinhoewes. 'n Groot persentasie van die eersgenoemde twee groepe woon egter in die dorp self.

Om enige onaangename voorvalle te vermy, is dit nodig dat die betrokke stadsowerhede en plaaslike polisie se goedkeuring verkry word. Reklame in die plaaslike koerant vergemaklik die navorser se taak aansienlik.

(ii) Beroepsverspreiding (Fig. 19.)

Om voorstellingsprobleme by die opstel van dié kaart uit te skakel, kon slegs enkele hoofindelingsgroepe by die kartering van bogenoemde aspek as basis geneem word.

By die opstel van 'n verspreidingskaart¹¹ oorheers twee faktore, nl. die keuse van die hoofindelingsgroepe en tweedens, die mate van oorheersing by elk.

Daar is op die volgende hoofgroepe besluit: professioneel, handel, nywerheid, transport, publieke dienste en ongeklassifiseerd. Elke hoofgroep word weer voorgestel by wyse van twee aanduidings, nl. absoluut oorwegend en matig oorwegend.

Die volgende/

11. Senekal, W.F.S., op.cit., pp. 111 - 114.

Die volgende voorbeelde sal die klassifikasie by die beroepsverspreiding verduidelik:

I	II	III	IV	V	VI	VII
2	9	21	0	1	1	-

I Professioneel; II Handel; III Nywerheid; IV Transport; V Openbare Dienste; VI Ongeklassifiseerde Beroepe; VII Gebalanseerde Beroepe.

Die syfers wat ingevul is, stel die getal werkers voor wat per straatblok voorkom. Om nou die mate van oorheersing aan te dui, is die volgende reëls toegepas:

(a) Indien die hoogste beroepsyfer in die wyk meer is as al die ander beroepsyfers bymekaar getel, dan is die beroep absoluut oorwegend.

Bogenoemde dien hier as goeie voorbeeld om die absolute groep vas te stel. Die hoogste beroepsyfer is 21 en is meer as al die ander beroepsyfers se totaal, nl. 13. Hierdie beroepsgroep, nl. nywerheid, is dus in hierdie geval absoluut oorwegend.

Oorspronklik was daar nog 'n hoofindelingsgroep (VI in bostaande voorbeeld) waaronder alle beroepe gerangskik was soos boere, pensioenarisse, ens. Weens die feit dat dié groep egter nooit in enige wyk oorheersend was nie, is hulle vir bespreking uitgelaat.

Die tipe groepe wat onder elke hoofindeling geklassifiseer is, word as volg aangegee:

I Professioneel: Alle persone wat een of ander naschoolse opleiding by 'n geregistreerde kollege of uiniversiteit geniet het, bv. geneeshere, predikante, onderwysers, prokureurs, (ook die wat nie 'n graad behaal het nie), argitekthe, tekenaars, ouditeure, ingenieurs, ens.

II Handel: alle persone wat in die handel een of ander beroep beoefen, nl. winkelleienaars, direkteure, kler-

ke, tiksters/

ke, tiksters, handelsreisigers, winkelassistente, kontrakteurs, aptekers, ens.

III Nywerheid: alle persone, uitgesonderd die professionele mense, wat by een of ander vertakking van die fabrieksgroepe inpas, nl. direkteure, ambagslui, half- en ongeskoolde werkers, hekwagters, klerke, tuiniers, tiksters en werksvoormanne.

IV Transport: alle mense wat inskakel by die Suid-Afrikaanse Spoorweë, in al sy vertakkings en almal wat te doen het met transportryery, huurmotorbestuurders, ens.

V Openbare Dienste: Almal verbonde aan die onderskeie vertakkings van die munisipaliteit en regering.

Weens die geografiese beperkthede kon daar uit die aard van die saak nie verskille tussen bv. ambagsmanne en klerklike beroepe gemaak word nie.

Met die oog op makliker bespreking van die verskillende beroepe, is 'n tabel opgestel wat die aanwesigheid van beroepe per dorpswyk op 'n persentasiebasis aantoon. Die sentrale gebied is om verskeie redes in twee gedeel, nl. die gebiede noord en suid van die spoorlyn. Met behulp van die kaart en met die tabel as basis, kan 'n analise van die beroepstrukture gemaak word.

TABEL 5.4

Beroepsverspreiding per uitbreiding (persentasies)

Uitbreiding	Prof.	Handel	Nywerh.	Transp.	Pub. Dienste	Ongekl.
Weshof	3	3	6	88	-	-
Westbourne	1	15	28	29	27	-
Bergsig	6	31	19	24	20	-
Windsor	65	13	13	-	9	-
Balmoral	34	48	9	3	6	-
Sentraal (bo)	21	16	17	17	18	11
Sentraal (onder)	4	18	19	15	22	12
Southbourne	23	20	11	18	14	14
Sandringham	16	24	9	24	18	9
Komani	3	-	-	-	97	-
J.J. Serfontein	57	-	-	-	43	-
Kleinhoewes	2	35	9	12	14	28
	<u>13%</u>	<u>18%</u>	<u>16%</u>	<u>22%</u>	<u>22%</u>	<u>9%</u>

Alle beroepe/

Alle beroepe geniet nie gelyke status in die maatskappy nie: professionele mense geniet die hoogste status, gevolg deur die handel: publieke beamptes geniet weer miskien 'n hoër status as persone wat in die transport en nywerheid werksaam is (uitgesonderd die nyweraar self). In elke beroep is daar egter 'n aantal persone wat hoër poste beklee.

Net soos in die geval by erfgroottes, erf- en huiswaardasies waar 'n duidelike korrelasie waarneembaar is, stem bereopsverspreiding ook daarmee ooreen.

Na 'n intensiewe studie het Van Wyk¹² bevind dat die soorte werk, wat sosiaal en ekonomies die hoogste aansien het, die volgende is: administratiewe, uitvoerende en besturende amptenare, professionele, tegniese en verwante persone; sekere handelsberoepe en in 'n mindere mate klerklike werk.

In die hoogste poste is daar min Afrikaners. Die beroepe met baie Afrikaners is o.m. onderwys, polisie, vervoerdienste, staatsdiensklerke, spoorwegpersoneel, posbeamptes, ens. Die sogenaamde „private sektor“ van die bedryfslewe word verhoudingsgewys in groter mate deur Engelstaliges beheer.

Daar moet op gelet word dat alhoewel eweredige verspreiding op die kaart telkens voorkom, daar in werklikheid groot verskille bestaan. Onderstaande tabelle moet dus geraadpleeg word. Hoewel op blok B 10 in Westbourne bv. en Queenstown Sentraal, blok H 49, dieselfde skakering voorkom, is in eersgenoemde geval geen professionele en weinig handelsverteenvoering. Blok 49 daarenteen vertoon 'n geringe nywerheidsverteenvoering, terwyl transport geensins daar voorkom nie.

Dit is/

12. Van Wyk, S., „Afrikaner het wonder verrig in stede“, in Die Beeld, 11.6.1967, p. 6.

Dit is dus noodsaaklik dat nie slegs die onderskeie uitbreidings as 'n geheel bespreek word nie, maar dat daar ook na die wyke (d.w.s. blokke) in die betrokke woonbuurtes verwys sal word.

Weshof Hier is transport (88%) oorwegend. Die uitbreiding is hoofsaaklik vir spoorwegwerknemers beplan. Hierdie huise is sub-ekonomies op klein erwe met 'n lae grondwaarde opgerig en kan onder die mediumgraadse woonhuise geklassifiseer word.

TABEL 5.5

Weshof

Blok	I	II	III	IV	V	VI	Afr.	Eng.	Gem. Erfgr. vk.vt.	Gem. Erfw. R	Gem. Huisw. R
2	-	-	-	5	-	-	5	-	6,000	300	4,875
3	-	-	-	12	-	-	10	2	6,450	300	5,090
4	1	1	2	14	-	-	11	7	6,000	300	5,090

Westbourne: Transport, nywerheid en openbare dienste is eweredig versprei. Handel is minder verteenwoordigend terwyl professionele dienste slegs 1% beslaan.

Hierdie buurt word bewoon deur die laer inkomstegroepe. Soos reeds gemeld, is daar heelwat blokke wat 'n eweredige verdeling van beroepe aandui, maar professionele- en handelsmense is swak verteenwoordig.

Westbourne bevat egter groot erwe met gemiddelde grondwaardes en mediumgraadse huise.

TABEL 5.6

Westbourne

Blok	I	II	III	IV	V	VI	Afr.	Eng.	Gem. Erfgr. vk.vt.	Gem. Erfw. R	Gem. Huisw. R
2	-	1	-	-	-	-	1	-	13,500	670	4,110
3	1	4	1	2	2	1	5	6	13,500	670	3,860
4	-	1	1	2	3	-	6	1	13,500	670	4,395
5	-	3	5	5	2	-	8	7	12,545	620	5,010

6	1	2	4	1	-	-	3	5	13,440	700	5,465
7	-	-	3	5	6	-	8	6	13,500	620	3,365
8	-	-	2	5	1	-	6	2	13,000	670	6,665
9	-	1	2	4	6	-	6	7	13,500	670	4,365
10	-	1	3	3	1	-	6	2	13,500	670	4,500
11	-	2	3	3	4	-	8	4	13,500	670	4,085
12	-	1	3	1	3	-	8	-	13,500	640	3,940
13	-	1	6	3	2	-	8	4	13,500	640	4,510

Bergsig 'n Kenmerk is dat hierdie buurt in die geheel deur al die beroepe, behalwe die professionele sektor, goed verteenwoordig is. Handel is egter in die meerderheid. Die groot aantal eweredig verspreide blokke gee 'n getroue weergawe van die werklike situasie. Die mediumgraadse huise is op erwe met 'n matige grootte en gemiddelde grondwaarde opgerig.

TABEL 5.7

Bergsig

Blok	I	II	III	IV	V	VI	Afr.	Eng.	Gem. Erfgr. vk.vt.	Gem. Erfw. R	Gem. Huisw. R
1	-	2	1	6	1	-	5	5	10,800	760	6,085
2	2	1	1	-	1	-	-	5	10,800	790	6,120
3	-	2	3	1	2	-	2	6	10,800	710	5,770
4	1	6	4	1	2	-	2	12	10,800	705	5,745
5	6	1	4	-	4	-	-	3	11,240	760	6,180
6	1	1	-	1	3	-	-	6	12,000	805	6,800
7	-	4	1	3	-	-	3	5	13,060	900	6,045
8	2	3	2	1	2	-	5	5	10,980	600	6,495
9	-	5	2	3	4	-	1	13	10,800	750	5,885
10	-	2	2	2	2	-	2	6	12,430	755	6,260

Windsor Die professionele sektor (65%) verskaf die rede waarom dit as 'n gegoede buurt beskou word. Transport is hier nie verteenwoordig nie. Hierdie buurt bevat wonings met hoë waardes en groot erwe met 'n hoë grondwaarde.

TABEL 5.8

Windsor

Blok	I	II	III	IV	V	VI	Afr.	Eng.	Gen. Erfgr. vk.vt.	Gen. Erfw. R	Huisw. R
1	7	1	1	-	1	-	1	9	12,000	1,190	8,215
2	10	1	1	-	-	-	4	8	12,800	1,280	6,310
3	8	1	1	-	1	-	4	7	12,825	1,340	7,265

Balmoral Dit is 'n goeie buurt aangesien die grootste persentasie uit mense met handels- en professionele beroepe bestaan. Op die eweredig verspreide blokke is die ander beroepe in werklikheid swak verteenwoordig. Die groot erwe in Balmoral, met baie hoë grondwaardes en hoë huiswaardes, dui aan dat hierdie uitbreiding een van die mees gesogte buurtes in Queenstown is.

TABEL 5.9

Balmoral

Blok	I	II	III	IV	V	VI	Afr.	Eng.	Gen. Erfgr. vk.vt.	Gen. Erfw. R	Huisw. R
3	-	1	-	-	1	-	-	2	15,885	1,590	7,830
4	4	5	1	1	-	-	4	11	15,630	1,650	7,200
5	-	1	1	-	-	-	2	-	18,675	1,995	14858
6	3	1	-	-	-	-	-	4	15,885	1,590	7,540
7	2	5	1	-	1	-	5	5	18,774	1,700	7,730
8	2	2	-	-	-	-	1	3	15,885	1,590	7,680

Sentraal (noord van die spoorlyn) Dit is die mees gesogte woonbuurt met veral die oostelike sektor en die hellings van Bowkerskop as die spilgebiede. 'n Kenmerk is dat daar 'n groot aantal ongeklassifiseerde persone woonagtig is. Hulle bestaan hoofsaaklik uit pensionarisse en afgetrede boere. Die professionele sektor is die beste verteenwoordig. Hoewel die ander beroepe ook goed verteenwoordig is, moet daarop gewys word dat die hoër inkomstegroepe van die onderskeie beroepe daar ge-

vestig is/

vestig is, o.a. die stasiemeester, dokters, nyweraars en hoë administratiewe beamptes van die munisipaliteit: arbeiders, ambagsmanne, ens. word nie hier aangetref nie.

Daar moet op gelet word dat op blokke H 11 en 12 openbare dienste matig- en absoluut oorwegend is. Hierdie persone beklee die hoër poste in hul professies. 'n Kenmerk is die talle skoolkoshuise en skole wat hier geleë is.

Hierdie uitbreiding bevat in die meeste gevalle baie groot erwe (16,000 vk. vt. en groter) met baie hoë grondwaardes (R1,401 en hoër) waarop huise met hoë waardes (R6,000 - R8,000) opgerig is.

TABEL 5.10

Sentraal (noord van die spoorlyn)

Blok	I	II	III	IV	V	VI	Afr.	Eng.	Erfgr. vk.vt.	Erfw. R	Huisw. R
8	1	3	4	-	1	-	-	10	13,500	1,350	7,330
11	1	1	2	-	3	1	2	6	13,500	1,350	6,470
12	1	-	1	1	4	1	2	6	13,500	1,350	6,910
13	3	2	2	6	4	3	3	11	13,500	1,340	7,140
14	5	-	-	-	-	2	1	6	14,000	1,440	7,745
15	2	3	1	2	2	-	4	6	13,500	1,350	7,640
16	1	-	-	-	2	1.	-	4	13,500	1,350	4,630
17	2	-	1	-	2	1	1	5	13,500	1,350	6,870
18	2	2	2	-	4	2	3	9	13,500	1,520	6,880
19	4	1	1	-	4	1	5	6	13,500	1,430	8,300
20	-	2	1	5	3	-	4	8	15,000	970	4,330
22	2	1	-	-	1	-	2	2	15,000	1,650	7,675
25	1	-	2	1	4	1	2	77	11,760	900	4,845
26	1	4	4	5	-	-	5	9	13,500	1,215	5,950
27	3	1	2	-	3	3	3	9	13,500	1,000	6,080
28	-	1	1	-	1	3	2	4	13,500	1,350	5,550
29	2	1	7	1	-	-	1	8	13,500	1,080	5,080
30	2	2	5	1	-	-	2	8	9,740	885	4,510
31	2	3	5	4	1	-	4	12	13,000	935	6,040
32	2	1	3	3	3	-	1	11	13,500	1,140	5,550
33	3	1	1	-	1	-	1	5	13,500	1,935	10,660
34	1	2	-	-	2	1	3	3	13,500	1,450	7,380

35	6	2	1	-	3	-	2	10	13,500	1,350	6,150
36	3	-	-	1	1	3	1	7	13,500	1,580	6,740
37	3	2	2	-	2	-	2	10	18,000	1,000	5,780
38	3	5	1	1	1	-	1	11	18,000	1,130	6,950
39	4	3	7	4	1	-	4	15	9,000	685	4,245
40	2	2	10	5	2	-	8	14	13,040	910	4,345
41	1	2	3	11	-	-	5	11	14,255	1,230	6,570
42	-	5	2	5	2	-	5	12	18,000	1,285	4,790
43	3	-	1	1	4	-	5	4	18,000	1,935	6,700
44	1	-	-	-	4	-	5	-	18,000	-	-
45	2	1	-	-	2	2	1	6	18,000	2,230	5,870
46	5	-	2	-	1	8	2	14	17,530	2,140	5,350
47	2	1	-	-	-	1	-	4	18,000	1,530	7,470
48	4	4	-	2	2	3	3	12	11,730	1,110	5,620
49	3	4	1	-	4	4	2	14	16,000	1,310	5,935
50	3	4	3	1	1	5	4	13	16,650	1,480	5,900
53	2	1	-	4	1	2	3	6	6,190	1,000	4,100

Sentraal (suid van die spoorlyn) Wanneer op die erf-groottes, erf- en huiswaardes van die uitbreiding noord en suid van die spoorlyn gelet word, dan is dit duidelik waarom hierdie dorpsgebied in twee verdeel word. Hier is ook 'n aantal ongeklassifiseerde persone. Hulle verteenwoordig veral afgetrede spoorwegamptenare en diegene wat onder die laer inkomstegroepe ressorteer.

By blokke H 66 en 80 en die blokke in die onmiddellike omgewing word die gemiddelde inkomstegroepe aangeref. Hierdie buurt bevat klein erwe (4,000 - 8,000 vk. vt.) met 'n gemiddelde grondwaarde van R700 en medium residensiële waardes (R3,000 tot R6,000).

By blok 109 (suid van Cathcartweg-wes) woon die laer inkomstegroepe. Hierdie erwe met 'n matige grootte (3,000 - 12,000 vk. vt.) en gemiddelde grondwaardes (R600 - R1,000) het baie lae huiswaardes (R3,000 en laer). Hierdie blokke is van die swakste woongebiede in Queens-town.

Blokke in die buurt van blok H 85 verteenwoordig

hoofsaaklik/

hoofsaaklik die laagste inkomstegroep. Dit is die swakste en oudste woonbuurt in Queenstown. Hier is die laer besoldigde spoorwegamptenaar, fabriekswerker en staatsamptenaar woonagtig.

Kenmerkend van Queenstown is die swak woongebiede rondom die sakedeel. Hoe verder van die stadskern beweeg word, hoe hoër word die inwoner se beroepstatus.

Blokke H 84 bevat hoofsaaklik mense wat aan die spoorwee verbonde is, asook die fabriekswerkers. Die erfgröottes is besonder klein, nl. ongeveer 3,500 vk. vt, met 'n baie lae erfwaardasie van R220 en huiswaardes van R2,500.

TABEL 5.11

Sentraal (suid van die spoorlyn)

Blok	I	II	III	IV	V	Afr.	Eng.	Erfgr. vk.vt.	Erfw. R	Huisw. R	
58	4	5	5	2	3	1	5	17	18,000	1,440	4,955
59	5	10	7	17	7	2	20	26	10,040	1,520	3,330
60	-	1	7	6	3	4	9	12	8,585	6,400	4,070
62	-	-	2	4	2	3	8	3	7,200	3,390	3,290
63	-	2	1	3	6	8	12	8	6,784	430	3,190
66	2	1	2	-	3	4	2	10	7,200	1,170	5,170
67	4	8	-	10	6	3	16	12	7,200	590	4,160
68	-	6	9	9	-	-	11	13	7,200	606	4,040
69	-	3	5	1	4	2	6	9	7,200	590	4,660
70	-	1	5	2	3	2	2	11	6,790	590	3,150
72	-	-	-	2	1	4	3	4	8,400	520	3,265
73	1	2	2	3	1	3	10	2	7,355	490	3,910
74	-	2	-	-	1	1	3	1	16,200	970	6,390
75	-	-	2	2	6	-	7	3	7,000	440	2,600
77	2	2	-	2	1	1	4	4	7,590	645	5,165
78	1	2	3	7	5	3	9	12	7,200	610	4,520
79	1	2	1	5	7	1	9	9	7,200	610	4,190
80	1	3	6	-	6	-	7	10	7,200	480	4,200
81	2	6	2	4	3	5	9	4	7,200	510	4,560
84	-	2	5	2	1	3	8	5	3,850	205	2,310
85	-	7	8	13	-	7	22	12	3,435	235	3,130
103	-	-	3	4	10	-	12	5	10,800	650	2,590
104	-	1	6	8	1	-	14	5	11,880	780	3,490

105	-	1	-	-	2	1	2	2	18,150	980	3,540
108	-	-	2	-	3	-	2	3	10,800	540	3,190
109	-	-	1	-	6	-	6	1	13,680	650	2,940
110	-	-	2	-	5	-	5	1	11,390	4300	3,500
113	-	-	2	1	5	-	5	3	-	-	-
114	-	-	4	2	4	3	7	7	12,300	965	3,865
115	2	2	2	5	1	2	8	6	14,150	940	3,930
116	-	-	-	19	-	-	14	5	10,800	940	4,480
120	-	1	1	1	1	2	1	5	10,180	815	3,915
121	-	2	-	1	5	4	5	7	10,200	820	3,915
122	-	1	1	-	1	2	2	3	10,180	815	4,095
123	-	1	1	2	4	1	5	4	10,200	820	4,245
124	-	3	-	1	-	1	2	3	10,200	820	3,975
125	1	3	1	3	1	1	1	9	10,200	820	4,850

Southbourne Dit is 'n goeie woonbuurt waar die professionele- en handelsgroepe oorwegend is. Die ander beroepe is egter ook goed verteenwoordig, maar die persone beklee in die algemeen hoë poste in hul onderskeie werke. Southbourne bevat groot erwe (13,500 vk.vt.) met 'n hoë grondwaarde van R1,000 tot R1,200 waarop mediumgraadse huise van R5,000 - R6,000 gebou is.

TABEL 5.12

Southbourne

Blok	I	II	III	IV	V	VI	Afr,	Eng.	Gem. Erfgr. vk.vt.	Gem. Erfw. R	Gem. Huisw. R
1	2	4	2	3	2	3	7	9	11,935	1,005	5,595
2	3	-	-	2	1	1	6	1	13,500	1,215	6,260
3	3	3	2	1	2	1	3	9	11,430	1,010	5,160

Sandringham Beroepsverspreiding is hier eweredig. Sandringham is so beplan dat die erwe en die huise 'n verskeidenheid persone sal aantrek. Hierdie uitbreiding bevat groot erwe (12,000 - 16,000 vk. vt.) met hoë grondwaardes (R1,130 - R1,450) en hoë huiswaardes (R7,000 - R8,000).

TABEL 5.13.

Sandringham

Blok	I	II	III	IV	V	VI	Afr.	Eng.	Gem. Erfgr. vk.vt.	Gem. Erfw. R	Gem. Huisw. R
4	2	1	2	2	3	1	4	7	16,610	1,450	7,170
5	1	1	1	2	2	2	3	6	13,880	1,140	5,520
6	4	2	-	1	3	2	2	10	14,950	1,395	6,650
7	1	2	1	2	2	-	4	4	14,360	1,300	7,020
8	2	1	1	4	1	-	5	4	17,420	1,570	5,565
9	3	1	1	7	1	-	8	5	9,750	920	5,670
10	1	2	2	2	3	1	4	7	14,650	1,290	7,530
12	2	8	2	3	3	-	12	8	13,430	1,245	6,040
13	2	4	2	4	3	2	8	8	12,800	1,190	6,965
14	2	4	-	2	6	-	2	6	14,725	1,260	5,645
15	2	6	1	1	1	3	6	8	13,200	1,130	6,065

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dat daar 'n noue verband tussen die huisbewoner se beroep, erfgröotte, erf- en huiswaarde is. Hoe hoër die persoon se beroepstatus, hoe groter sal die erf- en huiswaarde wees. In die geval van 'n laer beroepstatus sal die teenoorgestelde posisie aangetref word.

(iii) Taalgroepe (Fig. 20.)

Daar was geen noemenswaardige voorstellingsprobleme i.v.m. hierdie aspek nie. Slegs die twee amptelike landstale is in aanmerking geneem. Ander taalgroepe het geen of weinig invloed en is dus nie in die opname ingesluit nie. Die gegewens is weer eens uit vraelyste bekom. (Sien tabelle onder beroepsverspreiding.)

Daar is twee karteringsmetodes:

Afr. :	Absoluut oorwegend		80 - 100%
" :	Matig	"	60 - 80%
Eng. :	Absoluut	"	80 - 100%
" :	Matig	"	60 - 80%

OF

Afr.Eng.

100%

0%

90%

10%

80%

20%

Daar is op lg. metode besluit. Die donkerder arse-
rings toon die oorheersing van Afrikaans aan en die ligte
skakering die oorheersing van Engels.

TABEL 5.14Taalverspreiding per uitbreiding

<u>Uitbreiding</u>	<u>Afr.</u>	<u>Eng.</u>	<u>Mense</u>
Weshof	74%	26%	183
Westbourne	64%	36%	440
Bergsig	23%	77%	324
Windsor	28%	72%	123
Balmoral	27%	73%	118
Sentraal (bo)	24%	76%	1,878
Sentraal (onder)	52%	48%	2,525
Southbourne	46%	54%	133
Sandringham	45%	55%	508
	<u>42.5%</u>	<u>57.5%</u>	<u>6,239</u>
Komanihospitaal	70%	30%	97
J.J. Serfontein Hoër	90%	10%	148
Kleinhoewes	56%	44%	155
	<u>72%</u>	<u>28%</u>	<u>400</u>
Totaal:	<u>44%</u>	<u>55.5%</u>	<u>6,639</u>

Weshof: Afrikaans maak hier verreweg die grootste be-
volkingdeel uit.

Westbourne: Afrikaans is hier matig oorwegend.

Bergsig : Engels word hier deur vier-vyfdes van die
uitbreiding se inwoners gebesig.

Windsor : Engels is grotendeels oorwegend.

Balmoral : Engels is ook byna absoluut oorwegend.

Sentraal (noord van spoorlyn) : Dieselfde taalversprei-
ding as in die geval van Windsor en Balmoral word hier

aangetref/

aangetref.

Sentraal (suid van die spoorlyn): Hier is 'n eweredige verspreiding alhoewel Afrikaans 'n meerderheid van 4% het. Southbourne : Hier is 'n eweredige verspreiding met Engels egter meer verteenwoordigend.

Sandringham: Die verspreiding is ook eweredig met Engels in die meerderheid.

Op die kleinhoewes, Hoërskool J.J. Serfontein en Komanihospitaal is Afrikaans heeltemal oorwegend.

Dit is opvallend dat in geen woonbuurt 'n taalgroep absoluut oorwegend is nie. Uit 'n finansiële oogpunt gesien, is dit duidelik dat die Afrikaanssprekende die swakste daaraan toe is. Gedurende die opname in die sentrale sakedeel het dit geblyk dat min Afrikaanssprekendes hul eie handelonderneming besit. Slegs in regeeringsdiens beklee hulle belangrike posisies.

In die beste woonbuurtes is die Engelssprekendes oorwegend en in die swakker buurtes (veral waar die meeste spoorweghuise is) is hulle weer in die minderheid.

Staatsamptenare en spoorwegbeamptes is merendeels Afrikaanssprekend en die professionele en handelsektor word hoofsaaklik deur Engelssprekendes beheer.

Die verhouding van Afrikaans- tot Engelssprekendes is 44.5% : 55.5%. Hierdie opname sluit nie die leerlinge en koshuise of kinders wat privaat loseer in nie. Hier is die Engelssprekendes in die meerderheid. Die genoemde groep kinders is egter nie permanente inwoners nie, maar hulle dra by tot die karakteristieke eienskap van die dorp. Queenstown is altyd beskou as 'n dorp waar Engels oorheersend was. Vandag is die posisie anders. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die persone in diens van die spoorweë en regering merendeels

Afrikaanssprekend/

Afrikaanssprekend is. Verder is die groei van die Afrikaanse skole 'n bewys van die Afrikaanssprekendes se toename.

5.5. Huishuur

Volgens Ratcliff is daar: „ seldom any distinct dividing lines between distincts of different rent levels, but rather there are transitional zones, In smaller cities, the highest area may be located near the center of the city, but in the larger and more dynamic communities it may be found at the periphery.”¹³

A.g.v. middelpuntvliedende kragte beweeg die hoër huurtariewe na die periferie, maar terselfdertyd is daar 'n teenstroom, en verklaar Hoyt: „ .. , there is a downward gradation of rents until one reaches the low-rent areas near the business center.”¹⁴ Hoyt verduidelik verder dat: „Deluxe high-rent apartment areas tend to be established near the business center in old residential areas The deluxe apartment areas has been a comparatively recent development, a group of wealthy people, desiring to live near the business center.”

Hoyt toon nog 'n paar ander kenmerke van huurtariewe aan: die uitwaartse beweging volg 'n definitiewe rigting: „The high-rent neighbourhoods of a city do not skip about at random in the process of movement, they follow a definite path in one or more sectors of the city.” Stedelike groei geskied in die rigting van die hoëhuurbuurties; hoë huurgebiede beweeg weg van die sentrale punt langs sekere roetes; sodra persone met 'n hoë status uitwaarts beweeg, filtreer persone van die laer en gemiddelde inkomstegroepe in die ontruimde gebiede in; luukse-woon-

buurttipes/

13. Ratcliff, R.U., „Internal Arrangement of Land Uses”, in Urban Land Economy, pp. 386 - 397; in Mayer, H.M. en Kohn, C.F., op.cit., pp. 410 - 417.
14. Hoyt, H., op.cit., in Mayer, H.M. en Kohn, C.F., op.cit., pp. 499 - 510.

buurttipes beweeg weg van oorstromingsgebiede na hoërliggende terreine of langs mere, riviere, seekuste waar geen nywerhede is nie. Verder ontwikkel goeie woonbuurtes in die rigting waar gebiede nog nie oop is sonder die teenwoordigheid van natuurlike of kunsmatige grense. Hoëhuurbuurtes is geneig om in die rigting te beweeg waar die leiers van die gemeenskap woon, asook langs weë met die vinnigste vervoerdiens. Die rigting waarin die ontwikkeling plaasvind, duur vir 'n lang tydperk.

Die bepaling van die huishuur in Queenstown het in die vraelys die meeste probleme opgelewer, aangesien die mense nie altyd hierdie gegewens wou verstrek nie. Hier is weereens die gemiddelde van elke blok bereken. Geen kartering van hierdie aspek is onderneem nie.

Huishuur van R30 en minder: In Weshof wissel die huur van R17 tot R22. Dit is van die laagste in die dorp aangesien die Spoorweë hierdie huise aan sy werknemers teen 'n lae huur voorsien. In Westbourne is 'n aantal blokke waar die huise vir R25 verhuur word.

Die sentrale gebied, onmiddellik noord van die spoorlyn, bevat 'n aantal huise wat deur die laer inkomstegroep bewoon word. Gevolglik is die huur ongeveer R22 per huis.

In die sentrale gebied, suid van die spoorlyn, in die omgewing van blok H67 is die huur R26. In sommige gevalle is dit selfs so hoog as R40. Die nabyheid van die sakedeel en die goeie toestand van sommige huise verseker 'n hoër huur. Aan die anderkant verlaag die nabyheid van die stasie en spoorlyn die huur. In hierdie omgewing word talle woonstelle wat met 'n maandelikse huur van R30 tot R60 wissel, aangetref. Dit is die woonstelbuurt van Queenstown. Onlangs is op blok H 66

luukse-woonstelle opgerig en nog twee blokke woonstelle is so pas voltooi. Blok H 73 en aangrensende blokke toon die laagste huursyfers van R15. In 'n paar uitsonderlike gevalle beloop die huishuur R40.

In die dele rondom blok H 109 is die huur R18 tot R37. Hier is 'n aantal redelik goeie huise, maar oor die algemeen is die toestand van die huise swak, hoewel die erwe groot is.

Huishuur van R31 tot R40: Die meeste huise in Westbourne word vir ongeveer R40 verhuur. Bergsig het, weens die nuwe huise, 'n effens hoër tarief van R36 tot R43.

Op blok H 120 wissel die huur van R24 tot R40, maar op blok H 116 waar net spoorweghuise is, is dit slegs R18.

Huishuur van R41 tot R50: In Sandringham word 'n redelik hoë tarief van R40 tot R47 aangetref, wat 'n aanduiding is dat hierdie uitbreiding goeie huise bevat. In teenstelling hiermee bevat die sentrale woonbuurt (noord van die spoorlyn) wat as 'n goeie woonbuurt beskou word, 'n verskeidenheid ou, nuwe, klein en groot huise wat meebring dat die huur 'n groot wisseling van R22 tot R50 toon. In laasgenoemde geval kan die nabyheid van huise aan die spoorlyn, asook die talle uitstekende woonhuise as redes aangevoer word.

Huishuur van R51 en hoër: Windsor toon 'n hoë huur van R52. Die hoogste huur word in Balmoral aangetref met die maksimum van R70. Dit toon weer eens dat hierdie uitbreiding die mees gesogte deel in Queenstown is. Op die blokke onmiddellik suid van Balmoral is 'n hele aantal huise met 'n huishuur wat hoër as R50 is.

5.6. EIENDOMSBSIT

Die inligting is gedurende die sosio-ekonomiese opname bekom. 'n Huis word as 'n „eie huis“ bestempel sodra dit in die eienaar se naam geregistreer is. Hier word tussen die bewoner se eie huis, huurhuis en staatshuis onderskei.

TABEL 5.15Eiendomsbesit

Uitbreiding	Eie	Huur	Regering
Weshof	16%	5%	79%
Westbourne	79%	20%	1%
Bergsig	68%	23%	9%
Windsor	91%	9%	-
Balmoral	86%	7%	7%
Sentraal (bo)	78%	18%	4%
Sentraal (onder)	58%	37%	5%
Southbourne	100%	-	-
Sandringham	70%	25%	5%
	<u>67%</u>	<u>27%</u>	<u>6%</u>

Hierdie aspek bied ook 'n goeie aanduiding van die lewensstandaard wat die mense in die onderskeie woonbuurttes handhaaf. 'n Gegoede woonbuurt bevat gewoonlik 'n lae persentasie huur- of staatshuise.

Weshof : Dit bestaan hoofsaaklik uit woonhuise wat deur die S.A.S. opgerig is en vertoon dit gevolglik grotendeels huurhuisverspreiding.

Westbourne: Hoewel dit nie 'n gesogte woonbuurt is nie, word 79% deur private persone besit.

Bergsig : Hier word 68% deur private persone besit, terwyl 9% spoorweghuise is.

Windsor : Die stabiliteit en gesogtheid van hierdie buurt word deur die aanwesigheid van slegs 'n paar huur-

huise/

huise bevestig.

Balmoral : Hierdie wyk toon 'n duidelike ooreenkoms met Windsor omdat dit ook 'n baie goeie residensiële uitbreiding is. Die staatshuise maak o.a. voorsiening vir amptenare soos die landdros, posmeester, ens.

Sentraal (noord van spoorlyn) : Hier is slegs 4% staatshuise vir o.a. staatsamptenare in die hoër inkomstegroep. Verder word 78% deur die eienaar self bewoon. Die goeie mense huur hoofsaaklik in hierdie buurt huise.

Sentraal (suid van die spoorlyn): Kenmerkend is die hoë persentasie huurhuise. Die laer inkomstegroepe wat nie 'n eie huis kan bekostig nie, huur gevolglik in hierdie omgewing. Weens die algemeen swakker en ouer tipe woonhuis wat hier aangetref word, verkies mense om in ander uitbreidings huise te koop.

Southbourne : Kenmerkend is die algehele afwesigheid van regerings- of huurhuise. Dit is 'n goeie en stabiele buurt.

Sandringham : Hier is 'n hoë persentasie van 30% huur- en regeringshuise. Huurders is hoofsaaklik afkomstig uit die gemiddelde inkomstegroepe.

In die geheel toon die opname dat 33% van die huise uit huurhuise bestaan en dat die S.A.S. enkele huurders is. Daarbenewens is in Queenstown baie persone in diens van die staat. Aangesien die verblyftydperk onbekend is, verkies hulle om huise te huur.

Op die terrein van die Hoërskool J.J. Serfontein en Komanihospitaal is geen opname in die verband gedoen nie, maar die regering verskaf in eersgenoemde geval al die huise.

5.7. INTENSITEIT VAN BEBOUING (Fig. 18.)

Volgens Nel en Van Zyl ¹⁵ kan die intensiteit van die residensiële bebouing verkry word as die beboude woonerwe per straatblok of per stadswyk rekenkundig in verband gebring word met die totale aantal opgemete of beplande woonerwe binne daardie blok of wyk. So kan die persentasie beboude erwe oftewel die intensiteit van geboue, uitgewerk word. Hierdie metode hou nie rekening met die spasiëring tussen geboue nie. Die getal wonings in verhouding tot die totale getal erwe per straatblok gee hier die deurslag.

Senekal ¹⁶ het die volgende metode gevolg: al die beboude residensiële erwe per straatblok is nagegaan en daarna wiskundig in verband gebring met die totale aantal erwe van dieselfde straatblok. Op hierdie manier kan die persentasie beboude erwe per straatblok bereken word.

Dit is belangrik dat daar op gelet moet word dat hierdie bespreking nie verband hou met die spasiëring van residensiële geboue nie. In hierdie geval is dit nie die spasiëring van die huise wat tel nie, maar wel die getal huise aanwesig in 'n straatblok, in verhouding tot die totale getal erwe.

TABEL 5.16Benutting van erwe in blanke residensiële gebied

Uitbreiding	Beset	Onbeset	Totaal
Weshof	38	26	64
Westbourne	117	13	130
Bergsig	86	67	153
Windsor	33	-	33
Balmoral	36	-	36

Sentraal (bo)/

15. Nel, A. en van Zyl, J.A., op.cit., p. 107.16. Senekal, W.F.S., op.cit., p. 108.

Sentraal (bo)	416	9	425
Sentraal (onder)	519	17	536
Southbourne	35	-	35
Sandringham	132	4	136
	<u>1,412</u>	<u>136</u>	<u>1,548</u>

Matige bebouingsintensiteit : In Bergsig is slegs 58% van die erwe beset. Daar is gevolglik nog 67 erwe beskikbaar.

In Weshof is 60% van die erwe beset. Op elke blok is daar 'n paar erwe wat nog nie bebou is nie. Hierdie erwe word egter deur die Spoorweë gereserveer sodat huise mettertyd daar opgerig kan word.

Intensbeboede uitbreidings: In Westbourne is 90% van die erwe benut, maar op blok B 2 is daar slegs een huis. Van die 416 erwe is slegs 3% in die sentrale gebied bokant die spoor, nie bebou nie. Die gebied ten suide van die spoorlyn wat die oudste deel van die dorp is, bevat slegs 4% onbeboede erwe. In die geval van Sandringham wat 'n betreklik nuwe uitbreiding is, is daar slegs 3% leë erwe.

Volbeboede uitbreidings: In Windsor is al 33 erwe reeds beset. Ook in Balmoral is op al die erwe huise opgerig. Southbourne het geen enkele leë erf nie.

Bergsig is die uitbreiding waarin die meeste leë erwe voorkom, gevolg deur Weshof. Drie uitbreidings is ten volle bebou. In die geheel is daar 92% van Queens-town se erwe ten volle benut. Dit blyk dus dat daar binnekort weer nuwe terrein vir toekomstige huise beskikbaar gestel moet word. Die oprigting van woonhuise vind op die huidige tydstip teen 'n redelik snelle tempo plaas.

Planne is reeds opgestel vir 'n nuwe luukse uitbreiding/

ding direk noord van Balmoral.

5.8. BEVOLKINGSDIGTHEID (Fig. 9.)

Voordat met die opstel van 'n kaart oor bogenoemde aspek begin is, is 'n aantal navorsingsmetodes bestudeer. Nel en Van Zyl¹⁷, Senekal¹⁸ en Nel¹⁹ verklaar dat die digtheid van bevolking normaalweg as die aantal persone per vierkante myl aangedui word. In stedelike gebiede is hierdie metode nie bevredigend nie. Hul voorstelingsmetode is gebaseer op die spasiëring van woonhuise t.o.v. mekaar.

By geslote bebouingstoestande staan die woonhuise so dig bymekaar dat daar van verdere bebouing tussenin geen sprake is nie. Die versadigingspunt is bereik, hoewel bebouing nog vertikaal kan plaasvind.

Digte bebouing veronderstel wel 'n mate van ruimte tussen twee woonhuise, maar te min vir behoorlike beluëting, lig en beweegruimte, indien daar 'n derde woning van naastenby dieselfde grootte tussenin opgerig sou word. Hoewel verdere bebouing nie onmoontlik is nie, is dit onprakties.

Ope bebouing veronderstel dat daar tussen twee wonings minstens genoeg ruimte is vir nog 'n huis van naastenby dieselfde grootte en wel so dat daar tussen al die betrokke woonhuise nog steeds genoeg beweegruimte en voldoende lig en lug sal wees. Daar is gevolglik 'n toestand van onversadigde bebouing.

Louw²⁰ het in die geval van Pretoria sy voorstelling op die aantal persone per vierkante myl baseer, nl.: Digste gebied van 30,000 tot 100,000 per vk. myl; matig

digte gebiede/

17. Nel, A. en Van Zyl, J.A., op.cit., p. 103.

18. Senekal, W.F.S., op.cit., p. 68.

19. Nel, A., Worcester: 'n Proefneming in Funkisionele differensiasie, pp. 63 - 77.

20. Louw, M.J., op.cit., p. 264.

digte gebiede van 6,000 tot 30,000; voorstedelike gebiede van 2,000 tot 6,000; lae digtheidstreke onder 2,000 persone per vierkante myl.

Clarke ²¹ en 'n aantal geografe benader die probleem uit 'n ander oogpunt en verklaar: "It is concerned with horizontal distribution and tell us nothing about the vertical distribution of people within cities or about their concentration within buildings; of densities within houses or rooms." Hy omskryf die studieterrein as volg: "The data are confined to private households - persons living alone and groups of persons living together under a single menage' - and rooms are habitable rooms, defined as the usual living rooms, including bedrooms and kitchens but excluding sculleries, bathrooms, etc., and any warehouse, office, shoprooms."

Clarke het verder kartografiese voorstellings van die getal persone per kamer; oorbewoning; kamers per huis en persone per huishouding gemaak.

Bull ²² het die aantal persone per blok bepaal deur die getal huise te vermenigvuldig met die waarskynlike inwonertal van 'n tipiese huis. Die verspreiding van die bevolking in die residensiële gebiede is voorgestel deur 'n stippel gelyk aan 25 persone te stel.

Applebaum ²³ het op 'n basiskaart eerstens die grense van elke uitbreiding bepaal en d.m.v. 'n telefoongids die grondgebruik en aantal huise per blok vasgestel. Die aantal inwoners van 'n uitbreiding word bepaal en deurdat die aantal woonhuise van die betrokke uitbreiding in hierdie getal gedeel word, word die bevolkingsindeks per uitbreiding/

21. Clarke, J.I., "Persons per Room", in Tijdschrift voor Economische en Sociale Geografie, vol. 51, no. 10, Okt. 1960, pp. 257 - 260.
22. Bull, G.B.G., "Field Work in Towns", in Geography, Julie 1964, pp. 206 - 221.
23. Applebaum, W., "A Technique Constructing a Population and Urban Land Use Map", in Economic Geography, Julie 1952, pp. 240 - 243.

uitbreiding vasgestel. Die bevolking van elke blok word bereken deur die aantal huise in die betrokke wyk met die bevolkingsindeks te vermenigvuldig.

Op die grondgebruikkaart moet op elke erf die toepaslike funksionele funksie aangedui word. Op die residensiële erwe word die digtheid van bevolking deur stippels voorgestel. Elke stippel verteenwoordig 20 persone. In die geval van kleiner dorpe sal 'n stippel 10 tot 20 mense voorstel en by groter dorpe tot 50 persone aandui. Hierdie stippels stel residensiële grondgebruik voor en terselfdertyd dien dit as 'n grafiese sowel as kwantitatiewe mate van residensiële verspreiding.

Volgens Keeble²⁴ kan digtheid voorgestel word as huise of bewoonbare kamers of mense per acre. Daar is drie opnametegnieke om die getal dorpsbewoners te bepaal: deur in die eerste plek die getal huise te vermenigvuldig met die plaaslike of nasionale gemiddelde inwoners per huis; bepaling van inwoners deur verkiesingslyste te raadpleeg; derdens is die mees akkurate metode waar steekproewe geneem word.

'n Opname van bevolkingsintensiteit word as volg gedoen: 'n veldkaart waarop straatnommers, ens. aangedui word, word bekom. Alle nie-residensiële gebiede word buite berekening gelaat. Bepaal die getal bewoonbare vertrekke en die oppervlakte. Deurdat die acres in die getal vertrekke gedeel word, word die woningsdigtheid per acre bepaal; die maksimum van ses kamers per huis word aanvaar; klein privaat-hotelle en verpleeginrigtings word as residensiël beskou. Groot verpleeginrigtings, hotelle en ander inrigtings moet buite rekening/

24. Keeble, L., Principles and Practise of Town and country Planning, pp. 124 - 132.

ning gelaat word.

Die berekening van die bewoonbare vertrekke hoef nie ter plaatse bepaal te word nie. Die inligting van munisipale kantore of enige ander betroubare bron word gebruik. Persoonlike navraag kan by 'n aantal huise gedoen word. 'n Opname moet egter by elke tipe huis, in verhouding met die aantal huise van die betrokke huise, gedoen word.

'n Opname van bevolkingsintensiteit kan d.m.v. steekproewe gedoen word. Tweedens, kan verkiesingslyste nagegaan word. Dit toon slegs persone bo 18 jaar aan. Om die verhouding te bepaal word die totale bevolking van die dorp gedeel deur die totale aantal stemgeregtigdes. Die bevolkingsintensiteit per acre van elke uitbreiding kan dan bereken word deur die betrokke uitbreidings se berekende totale bevolking deur die aantal acres te deel.

Die besettingsintensiteit (bevolkingsdigtheid gedeel deur bewoningsdigtheid) verskaf die verhouding van die aantal persone per bewoonbare kamer. Die voorstelling van residensiële digtheid geskied as volg: 0 - 20; 21 - 40; 41 - 60; ens. kamers per acre. Verder: 0.5 - 0.75; .76 - 1.00; 1.01 - 1.25; 1.26 - 1.50; ens. persone per bewoonbare vertrek.

Hunt en Moisley²⁵ het bevolkingsdigtheid deur die stippelmetode voorgestel. Elke stippel stel 5 persone voor, d.w.s. ongeveer een woning per stippel.

Hulle het eerstens, die T/E faktor, d.w.s. die totale bevolking in verhouding met die aantal kiesers, bepaal. Daarna is die stad in studiewyke verdeel. Studente

moes 'n opname/

25. Hunt, A.J. en Moisley, H.A., "Population Mapping in Urban Areas", in Geography, vol. 45, Jan. - April 1960, pp. 79 - 89.

moes 'n opname maak van alle hoekhuise per blok en nie-residensiële geboue per blok aantoon bv. fabriek, handelondernemings, ens. Hotelle en hospitale is aangedui, maar nie in berekening gebring nie.

Vervolgens is die kiesers in elke straatblok bereken. Dié getalle is vermenigvuldig met toepaslike T/E faktor en het elke stippel 5 persone aangedui.

'n Akkurate metode is die volgende: die getal kiesers per blok word bepaal; 'n steekproef van 10% van die huise (alle tipe huise) word gemaak; elke steekproefhuis word besoek en al die bewoners word getel; die aangepaste T/E faktor word toegepas op die kiesersbevolking per blok en finale berekenings word gedoen. Elke blok se oppervlakte word m.b.v. 'n planimeter bereken en daarna word die blok se bevolkingsdigtheid bereken.

Hunt en Moislely verklaar dat die steekproewe nuttig is en slegs 'n tiende van 'n werklike opname se tyd verg. Dié metode moet egter as laaste uitweg beskou word. 'n Volle opname is steeds die doeltreffendste metode.

In Queenstown is daar, waar prakties moontlik, by alle residensiële geboue 'n opname van die getal inwoners gemaak. Die totale aantal inwoners op elke blok kon sodoende bepaal word.

In die kartografiese voorstelling dui elke stippel 5 persone aan. Slegs die inwoners van woonhuise het in aanmerking gekom. 'n Gebrek van hierdie metode is dat dit nie die bewoningsintensiteit vir 'n bepaalde oppervlakte, bv. per acre of bewoonbare kamer, aandui nie. Daarenteen is die aantal inwoners per blok nie volgens steekproewe bekom nie, maar d.m.v. 'n 100% opname ingesamel.

'n Kenmerkende eienskap van Queenstown is dat die blankes eweredig versprei is. Daar is geen dorpsgebied

waar oorbevolking voorkom nie. Naby die SSK kom die maksimum bewoningsintensiteit voor. Hierdie gebied word hoofsaaklik deur ou huise en woonstelle beset. Hoe verder daar van die sentrale sakedeel beweeg word, hoe laer is die bevolkingsgetalle per blok.

HOOFSTUK 6VERSPREIDE FUNKSIES6.1. OPVOEDKUNDIG6.1.1. Inleiding

Sonder die verskaffing van noodsaaklike dienste kan daar geen orde, gerief en vooruitgang in 'n gemeenskap wees nie. Al hierdie dienste werk saam tot 'n ordelike, gelukkige en vooruitstrewende samelewing.

In hierdie hoofstuk word 'n aantal belangrike plaaslike dienste bespreek. Hoewel 'n aantal hiervan nie direk onder die plaaslike bestuur, d.w.s. die stadsraad, ressorteer nie, is hulle nogtans bespreek aangesien dit 'n integrale deel van die dorp se bedrywighede vorm. Daar is hospitale en skole wat deur die Provinsiale Administrasie beheer word, terwyl die plaaslike owerhede die dorp se beligting en watervoorsiening behartig.

6.1.2. Skole

Alvorens 'n studie van Onderwys in Queenstown gemaak word, is dit noodsaaklik om ten aanvang enkele statistieke in oënskou te neem.

TABEL 6.1¹Leerlingtal van blanke skole in Queenstown

Skole	Leer- ling- tal	Onder- wysers	Hos- telle
Laerskool Hangklip	509	19	-
Hoërskool Hangklip	302	15	1
Queenskollege Junior	417	16	3
Queenskollege Hoër	623	27	6
Hoër Meisieskool	433	27	8
Balmoral Laerskool	316	12	-
Southbourne Voorbereidingskool	125	5	-
Presbiteriaanse Skool	77	3	3
Kloosterskool	350	10	1
J.J. Serfontein Hoër	280	30	7
Rondreisend		4	
	<u>3,432</u>	<u>168</u>	<u>29</u>

Daar is/

1. Skoolraadskantoor, statistieke soos op 4 Febr. 1964.

Daar is 6 laerskole, 2 seunskole, 2 meisieskole en 1 gemengde skool binne die stedelike gebied van Queenstown.

Die hoërskole het 'n leerlingtal van 1,888, terwyl die laerskole 1,544 leerlinge het.

Tweedens, kan bepaal word wat die herkoms van leerlinge is. Die inligting is bekom deur opnames in die skole te doen. Onderstaande tabel dui die persentasies van Hoërskoolleerlinge in al die plaaslike hoërskole aan.

TABEL 6.2

Herkoms van Hoërskoolleerlinge:

Queenstown en distrik	45.00%
Grens en Noordoos-Kaap	22.00%
Res van Kaapland	12.00%
Transvaal	10.50%
Oranje-Vrystaat	3.50%
Zambië	3.00%
Natal	1.40%
Le Sotho	1.20%
Rhodesië90%
Suidwes-Afrika50%
	100.00%

Uit 'n omtleding van die gegewens blyk dit dat: 55% van die hoërskoolleerlinge van buite die grense van Queenstown afkomstig is; stede soos Kaapstad, Oos-Londen, Durban, Bloemfontein, Johannesburg en Pretoria lewer 'n groot persentasie kosgangers. Sommige leerlinge is selfs van buite die grense van die Republiek afkomstig.

Aangesien die ouers in die omliggende dorpe skoolgaande kinders in Queenstown het, kombineer hulle gewoonlik sake- en persoonlike belange. Besoeke aan die dorp is gevolglik oor die algemeen meer gereeld as in die geval van persone wat geen kinders hier op skool het nie.

Na 'n besoek aan 'n aantal sake-ondernemings kon daar egter nie vasgestel word wat die koopkrag van elke kind is nie. Die probleem is dat leerlinge soms kontant het

of op die/

of op die ouer se rekening koop. Daarby spandeer kinders bedrae wat uitermate wissel. Om 'n leerling ten volle uit te rus sal ongeveer R60 kos en gevolglik sal 1,039 leerlinge goedere ter waarde van R62,340 plaaslik koop. Hierby is nog nie eens die „koopkrag“ van 1,544 laerskoolleerlinge asook die kontantverkope bygereken nie.

In sy jaarverslag het een van die laerskoolhoofde die volgende gesê: „When one considers the 1,122 school boarders in Queenstown - discounting the J.J. Serfontein High School, the Presbyterian Home and the smaller primary schools - and one totals the amount spent on each boarder at the staggering figure of nearly R500,000 per annum. In arriving at this figure, I have not taken into account the spending power of the teachers and the official hostels themselves.“²

Die vraag kan nou gestel word watter bydrae die skole tot die vooruitgang van Queenstown lewer? Queenskollege is die grootste kosskool in die Republiek. Dikwels word na die skole verwys as die belangrikste „nywerheid“ in Queenstown.

Die eerste skole is naby die sentrale sakegebied opgerig: so was die huidige museum 'n skoolgebou. In Shepstonestraat is die eerste skoolgebou opgerig en later het nog 'n skool in Ebdenstraat ontstaan. Gedurende 1898 is Queenskollege na Berrystraat verskuif en in 1907 is 'n nuwe skoolgebou vir die Hoër Meisieskool in Froststraat gebou. Nog 'n skool, nl. „Queens Drive Primary“ is aan die westekant van Queensrylaan in 1894 gestig.

Al hierdie skole het steeds 'n randligging en eersgenoemde twee inrigtings se sportvelde strek tot teenaan

die dorpsgrens/

2. Brauer, N.H., Jaarverslag in Daily Representative, 24.11.1964, p. 1.

die dorpsgrens. Die Hoërskool Hangklip is gedurende 1954 aan die noordwestekant van die dorp opgerig en bekleed steeds 'n randligging. Balmoral en Queenskollege Junior bekleed ook 'n periferiese posisie aan die voet van Long Hill. Die Hoërskool J.J. Serfontein is selfs 'n myl buite die beboude dorpsgrens geleë. Die rede vir die ligging van die huidige terrein (ten suide van die dorp) is toe skryf aan die noodsaaklikheid van 'n afgesonderde ligging asook die feit dat die skool gebou waarin die lugmag gedurende die Tweede Wêreldoorlog gehuisves was, moes betrek. Hierdie leerlinge is uit kinderhuise afkomstig, maar in die meeste gevalle is hulle daarheen gekommitteer. Southbourne Voorbereidingskool is in die Southbourne-uitbreiding. Die skole is dus ver van die sentrale gebied geleë en word deur 'n groot oppervlakte ontspanningsterrein omring.

Die mees opvallende aspek in die lokalisasie van opvoedkundige inrigtings in Queenstown is dat dit 'n randposisie het. Redes vir hierdie randvestiging of geïsoleerde ligging kan toegeskryf word aan o.m. die groot ruimte wat vir skoolgeboue en sportfasiliteite benodig word. Ruimte in die sentrale gebied ontbreek. Die hoë grondwaardes in hierdie gebied noodsaak skole om na buite te wyk, sodat daardie terrein vir sakedoeleindes ontwikkel kan word.

Ander faktore wat die sentrifugale kragte aanhelp, is die feit dat 'n randposisie minder gevaar t.o.v. verkeer inhoud en skole verkies verder 'n stil en rustige omgewing.

Watter invloed het die aanwesigheid van skole op erf- en huiswaardasies? Plaaslik is dit 'n algemene verskynsel dat mense wat kinders op skool het, verkies om in die omgewing van die skole te woon.

Die terrein noord van die spoorlyn d.w.s. in die

omgewing/

omgewing van die skole, toon dat die naasliggende woongebied goed is. Huiswaardasies is ongeveer R7,000 en erfwaardasies R1,300. Daar moet in gedagte gehou word dat die huise onmiddellik aangrensend aan hierdie buurt redelik oud is en voor 1940 opgerig is.

In Greystraat is die Tegnieuse Kollege waar o.m. aandklasse aangebied word. Hierdie inrigting is redelik sentraal geleë. Die huidige ligging is geskik omdat die Kollege maklik bereikbaar is.

6.1.3. Kulturele Instellings

Queenstown besit 'n ruim, goed ingerigte biblioteek. Die biblioteek bevat o.a. 6,000 boeke wat deur sir Bisset Berry geskenk is, asook 'n Pettman-versameling waardevolle Africana. Boeke word aan die biblioteek volgens die Provinsiale Administrasie se leenskema voorsien, ook word 16 mm. films, kunsafdrukke en musiekplate aan die publiek beskikbaar gestel.

Die museum, wat gedurende 1963 in gebruik geneem is, bestaan uit die museumafdeling en kunsgalery. Daar is voltydse personeel wat vir die instandhouding en uitbreiding van die onderskeie versamelings sorg.

Onder die talle verenigings neem die Kuns-, Tuinbou-, Engelse en Afrikaanse Dramatiese Toneelvereniging en die Musiekklub 'n leidende rol in die kulturele lewe van Queenstown. Aangesien daar geen ander dorp in die nabyheid is wat oor hierdie fasiliteite beskik nie, neem Queenstown gevolglik ook in hierdie rigting die leiding.

6.2. OPENBARE DIENSTE

6.2.1. Elektrisiteits- en Kragvoorsiening

Sien Hoofstuk 4.3.

6.2.2. Watervoorsiening

Sien Hoofstuk 4.3.

6.2.3. Sanitasie/

6.2.3. Sanitasie

Die dorp, asook die nie-blanke woonbuurtes, is reeds sedert 1918 van 'n waterspoelstelsel voorsien. Onlangs is die uitvalwerke teen 'n koste van R340,000 gemoderniseer. Laasgenoemde is aan die suidwestelike randgebied geleë. Hierdie terrein is laer as die beboude dorpsgebied en gevolglik vloei die afvalstowwe na die opgaartenks sodat die addisionele pomponkoste sodoende uitgeskakel word.

'n Nadeel van die plasing van hierdie terrein is die feit dat westewinde algemeen in Queenstown voorkom. Onaangename reuke word in Weshof en Westbourne ondervind en oefen hierdie toedrag van sake 'n merkbare invloed op erf- en huiswaardasies uit.

Afvoerpype voer die nagvuil en vuilwater na twee groot tenks. Nadat die rioolwater gesuiwer is, word dit op die munisipale plaas van 78 morges en aangrensende kleinhoewes vir besproeiingsdoeleindes gebruik.

Gemiddeld 860,000 tot 960,000 gelling rioolwater bereik die rioolplaas elke 24 uur. Na suiwering word die water, soos reeds gemeld, onder kontrak aan boere, wat landerye van die munisipaliteit huur, voorsien. Die installasie is in staat om nog vir 'n geruime tyd doeltreffend te fungeer, maar daar is ook voorsiening gemaak sodat dit later vergroot kan word. Daar is sprake dat 'n tweede kragentrale net noord van Bowkers Park opgerig sal word. Dit sal gesuiwerde water vanaf die rioolplaas ontvang. Daarbenewens, word van die vaste stof as kompos verkoop. Gedurende 'n jaar word gemiddeld 130 ton fyn kompos teen R3.00 per ton en 70 ton growwe kompos teen R1.50 per ton, verkoop.

In die sakesentrum word die strate daaglik skoon-
gemaak en/

gemaak en in die residensiële gebiede eenkeer per week. Afval word tweekeer per week by woonhuise verwyder en daagliks by besighede, kafees, hotelle en viswinkels. Alle instansies het die standaard vullisblikke vir opbergingsdoeleindes.

6.2.4. Slagplaas

Die slagplaas is ten suidweste van die dorp geleë. Weens die aard en omvang van hierdie funksie nl. die hantering van troppe vee, die noodsaaklikheid van 'n groot perseel en die verwerking van vleis, neig dit dus om praktiese en estetiese redes na die periferie van die dorp. Dit is gedurende 1922 opgerig en kan nie meer 'n doeltreffende diens lewer nie. Binnekort sal daar 'n moderne gebou opgerig word.

Behalwe die bewerking van vleis word daar vanaf 1953 neweprodukte gelewer. Karkasse en organe wat vir menslike gebruik afgekeur is, word tot karkasmeel verwerk. Aangesien daar nie plaaslik 'n genoegsame beenvoorraad vir die vervaardiging van beenmeel is nie, word die bene na ander sentra gestuur.

TABEL 6.3

Aantal diere by slagplaas geslag

	1963	1965	1966	1967
Beeste	4,410	5,334	4,950	4,004
Varke	2,560	2,570	2,594	2,887
Skape en bokke	16,280	15,441	16,522	16,441
	<u>23,250</u>	<u>23,345</u>	<u>24,066</u>	<u>23,332</u>

Plaaslik is daar 6 slaghuise wat die verspreiding van vleis behartig. 'n Opname toon dat vee in Tarkastad, Sterkstroom, Molteno, Burgersdorp, Aliwal-Noord, Jamestown, Lady Grey, Barkly-Oos, Elliot, Ugie, Maclear, Indwe;

Dordrecht, Cala, Lady Frere en Queenstown gekoop word.

Die vleis word plaaslik verbruik, behalwe in die geval van Frontier Meat Products Bpk. wat vleisprodukte aan militêre kampe asook aan die omliggende dorpe verskaf.

6.2.5. Hospitalisasie

Die Grenshospitaal word deur die Provinsiale Administrasie en die St. Catherine Verpleeginrigting deur die Rooms Katolieke Kerk beheer. In die lokasie is 'n klein afsonderingshospitaaltjie wat finansiëel deur die munisipaliteit onderhou word. Daarenteen resorteer die Komanihospitaal onder die Nasionale Departement van Gesondheid en versorg uitsluitlik alle sielsieke pasiënte.

TABEL 6.4 ³

Aantal hospitaalbeddens beskikbaar

	Blank	Nie-blank	Totaal
Grenshospitaal	100	120	220
St. Catherine verpleeg- inrigting	32	-	32
Komanihospitaal	600	900	1,500
Afsonderingshospitaal	-	24	24
	<u>732</u>	<u>1,044</u>	<u>1,776</u>

Die Grenshospitaal se rol in die ontwikkeling van Queenstown kan nie geringskat word nie. Die eerste pasiënt is in 1878 toegelaat. Die doeltreffendheid van hierdie hospitaal het nie alleen 'n hoë aansien onder plaaslike mense verwerf nie, maar ook onder die omliggende dorpe se inwoners.

Queenstown het geen spesialiteitsdienste nie. Oos-Londen, Port Elizabeth en Bloemfontein is egter vir gevorderde behandeling en operasies binne maklike bereik. 'n Opname het getoon dat pasiënte hoofsaaklik vanaf Cath-

cart/

3. Inligting deur onderskeie inrigtings se kantore verstrek.

cart, Molteno, Dordrecht, Sterkstroom, Indwe, Tarkastad, Whittlesea, Lady Frere, Cofimvaba en Elliot afkomstig is.

Ambulansdienste word deur die S.A. Noodhulpliga, veral met die vervoer van blankes buite die munisipale grense, verskaf. Daar is twee ambulanse vir die vervoer van blankes en nie-blanke. pasiente en staan dit onder beheer van die Munisipaliteit.

Aansteeklike siektes kom hoofsaaklik onder nie-blankes voor. Ruim voorsiening vir immunisering teen witseerkeel, maagkoors, polio, tering en pokke word getref. Die Munisipaliteit dra tot die regeringsondersteunde tuberkulose- en buitepasiëntvoedingskema by. Tering en kwashiorkor kom dikwels onder nie-blankes voor.

Die Komanihospitaal ontvang pasiënte vanuit gebiede wat selfs verder as die Grens en Oostelike Provinsie strek. Uit die aard van die saak is dit wenslik dat hierdie terrein ruim en afgesonderd moet wees. Die inrigting is $3\frac{1}{2}$ myl buite die dorpsgebied regs van die nasionale pad na Oos-Londen geleë. Die geboue is op 'n plaas van 500 morges waarop groente, melk, varkvlies en soms beesvlies vir eie gebruik geproduseer word, opgerig. 'n Aantal sportvelde vir die pasiënte en personeel is reeds aangelê.

Gedurende 1964 is die volgende geestelike afwykings behandel.

TABEL 6.5⁴

Getal pasiënte en geestelike afwykings:

Serebrale sifilis van orgaanselle	18
Alkoholiese psigoses	45
Besmetting- en uitputtingspsigoses	28
Manies - depressief en involusie-melankolie	62
Skisofrenie (alle tipes)	799
Epileptiese psigose	133
Psigoneurose	3

Gebrekkige/

4. Inligting deur Komanihospitaal se kantoor verstrekk.

Gebrekkige geestesontwikkeling met epilepsie	...	48
" " " sonder "	..	82
Ander psigose	32
Arterio skleritiese psigosos	82
		1,335

6.3. Sport en Ontspanning

Gedurende die uitbouing van Queenstown is daar heel-wat aandag aan ontspanningsfasiliteite gegee. Hoewel die dorp 'n inwonertal van sowat 10,000 het, het elke uitbreiding nie afsonderlik ontspanningsgeriewe nie. Die bestaande geriewe is egter binne redelike bereik van elke inwoner en kan vir 'n dorp met die grootte van Queenstown as toereikend beskou word.

Naas Oos-Londen is Queenstown die belangrikste sportsentrum in die Grensgebied. Sommige sportgeriewe is in die verskillende uitbreidings aangelê o.a. tennis-, rolbalbane, hokkie- en rugbyvelde. Geen sportterrein is in die omgewing van die sentrale sakedeel nie, aangesien hierdie gedeelte intensief benut word.

Ontspanningsgeriewe soos 'n gholff-, skietbaan, inryteater, kampeerterreine, ens. moet noodwendig weens hul-le aard en omvang 'n randligging hê.

'n Gholffbaan is aan die oostekant van die dorp langs die pad na Lady Frere geleë. Hierdie spel vereis 'n groot oppervlakte en gevolglik kan dit nie van die kosbare beboubare persele in beslag neem nie. In 1905 is 'n 18 putjie gholffbaan bokant die Victoria sportterrein aangelê. Met die verdere uitbreiding van die dorp moes dit herbeplan word om sodoende weer 'n randligging te beklee.

Villagers se rugbyveld is onmiddellik wes van Bowkerskop en Pirates se veld aan die westelike uitgang van

Cathcartweg geleë.

Langs Bergsig teen Long Hill is 'n rotstuin uitgelê wat heelwat plantesoorte soos o.a. aalwyne en vetplante bevat. Teen Madeiraberg en Long Hill is 'n skilderagtige pad aangelê.

Langs die Bongola-, Berrydam en Sunnyside is geriewe vir vleisbraai en by eersgenoemde dam is daar nie alleen voorsiening vir die hengelaar gemaak nie, maar ook vir motorboot entoesiaste.

Die Greydeane-sportterreine, Alweë tennisklub en 'n dwergmotorbaan is langs die Oos-Londenpad.

Hoewel die ontwikkeling van die wildreservaat teen Madeiraberg pas onderneem is, is daar reeds 'n aantal wildsoorte wat eie aan hierdie omgewing is, te sien. Die wild sluit o.a. volstruise, bles-, spring-, rooibokke, duikers, sebras en bobbejane in.

Onlangs is 'n inry-bioskoop in Queenstown opgerig. Aangesien dit die enigste van sy soort in die Grens en Noordoos-Kaap (uitgesonderd Oos-Londen) is, voorsien dit in 'n groot behoefte. Bioskoopgangers kom gereeld vanaf Tarkastad, Sterkstroom, Molteno, Dordrecht, Indwe, Lady Frere, Cofimvaba en Cathcart. 'n Randligging vir inry-bioskope is noodsaaklik omdat 'n groot en ruim standplaas 'n vereiste is. Hierdie terrein is onmiddellik wes van Weshof geleë.

Die openbare tuin is noord van die heksagoon geleë. Die laagliggende tuin is op die wal van die Komanirivier, aan die oostelike uitgang van Cathcartweg. Hierdie terrein is uitgelê nadat die perdehoef in die rivier deur walle afgesny is en die rivier se rigting verander is. Direk stroomop is die suidelike oewer verfraai en in 'n karavaanpark omskep.

Aangesien/

Aangesien Queenstown 'n natuurlike stilhouplek is (byna sentraal tussen Aliwal-Noord en Oos-Londen geleë), oornag hier baie mense. Die karavaanpark bevat mooi grasperke, is boomryk en word deur 'n padkafée en kleedkamers bedien. Saam met die terreine van die Spoorweg-, Greydeane- en Alweë sportklubs verleen dit 'n skoonheid aan die dorpsingang. Behalwe die openbare ontspanningsterreine besit die skole hul eie sportvelde. Vir die voorskoolse en jonger kind is daar ook voorsiening gemaak. Die meeste kinders is binne bereik van 'n speelpark. Die terreine is gewoonlik baie klein en in die sentrale residensiële gebied is dit nie binne maklike bereik van die kind nie. Daar is 'n behoefte aan groter terrein en in toekomstige beplanning behoort hierdie aspek besondere aandag te geniet.

7.1. LUGVERKEER

Queenstown het 'n gelisensieerde lughawe wat deur die S.A.L. DC 3-Diens gebruik word. Hierdie lughawe wat van 'n grondbaan voorsien is, is gedurende die Tweede Wêreldoorlog as militêre vliegbasis gebruik. Die lughawe is op 'n ruim en gelyke terrein ten suide van die dorp geleë.

Die huidige ligging is geskik omdat die element van gevaar en geraas, wat die dorp betref, uitgeskakel is. Daar is twee keer per week nl. op Dinsdae en Vrydae 'n aansluiting met die roete na Oos-Londen. Op Woensdae en Saterdag word vlugte van en na Port Elizabeth onderneem.

Aangesien omliggende dorpe nie een 'n lughawe het nie, moet passasiers die vliegtuig op Queenstown haal. Behalwe Port Elizabeth en Oos-Londen is Queenstown die enigste ander dorp in Oos-Kaapland waar die Suid-Afrikaanse Lugdiens aandoen.

7.2. PADVERKEER7.2.1. Interstedelike Padverkeer (Fig. 21)

Die Nasionale Pad (roete 6) vanaf die Vrystaat en Transvaal na die Grensgebied, loop deur Queenstown. Die hawe van Oos-Londen word ook deur hierdie pad met die binneland verbind. Op die roete van 230 myl tussen Oos-Londen en Aliwal-Noord is Queenstown sentraal geleë.

Die Provinsiale grootpad wat tans in aanbou is, strek vanaf Beaufort-Wes na Natal deur die dorpe Graaff-Reinet, Cradock, Queenstown, Engcobo en Umtata.

Die pad wat Queenstown via Whittlesea, Fort Beaufort/

fort en Grahamstad met Port Elizabeth verbind, is ook gedeeltelik voltooi. Daar sal gevolglik drie paaie wees waarmee Port Elizabeth bereik kan word, nl. oor King William's Town of Fort Beaufort of Cradock. Persone van o.a. Sterkstroom, Dordrecht, Indwe, Barkly-Oos, Elliot en Maclear sal gevolglik eers na Queenstown reis om 'n aansluiting na Port Elizabeth en ook in 'n sekere mate na Oos-Londen te verkry.

'n Spesiale pad vanaf Port St. Johns oor Umtata, Engcobo, Cofimvaba en St. Marks na Queenstown is reeds geproklameer. Dit sal 'n goeie verbinding met die Transkei bied en is ook van strategiese belang. Die hoofpad vanaf Queenstown na Lady Frere, Cala, Elliot, Ugie en Maclear is reeds gedeeltelik geteer.

Hieruit blyk dit dat Queenstown alles behalwe geïsoleerd is en dat dit met 'n doeltreffende padverbindingstelsel, wat steeds beplan en verbeter word, met sy onmiddellike asook verderliggende ommeland verbind is.

Die plaaslike Afdelingsraadkantoor beskik oor 'n verkeersdigtheidskaart (Fig. 21) vir nasionale-, spesiale paaie en grootpadroetes. Hierdie opname wat gedurende 1965 tot 1967 gemaak is, toon jaarlikse gemiddelde verkeer in eweredige voertuigeenhede oor 'n tydperk van 24 uur.

Bogenoemde kaart toon dat die verkeer direk wes van Queenstown na Whittlesea 260 voertuie, na Tarkastad 600 voertuie, na Jamestown 450 voertuie en vanaf Queenstown na Dordrecht en Lady Frere 117 voertuie en na Cathcart 1,043 voertuie beloop. Direk noord van Cathcart (na Queenstown) was daar 661 voertuie en suidwaarts 965 voertuie opgeteken.

7.2.2. Intrastedelike Padverkeer (Fig. 22)

Louw¹ het die volgende tipes intrastedelike straatverkeer onderskei: reise tussen die woning en werk wat as interbasiese reise bekendstaan - hierdie reise geskied gedurende spitsure, nl. 6.30 tot 8.30 vm. asook 4.30 tot 6.30 nm.; die heen- en weerreis geskied wanneer o.a. vroue gaan inkopies doen of 'n ouer wat sy kind by die skool gaan haal; deurverkeer geskied wanneer die Nasionale padroete deur die stad gaan en vierdens is daar bewegingstelsels wat verwant is aan 'n bepaalde inrigting of gebied.

Louw het vervoermiddels soos volg geklassifiseer: munisipale- en nie-blanke busse asook treine wat 'n vasgestelde reisrooster volg, maak die openbare vervoerstelsel uit; die private vervoerstelsel bestaan uit private motors, swaar verkeer, huurmotors en ligte straatverkeer, wat nie noodwendig vaste roetes volg nie en nie so konsekwent op gesette tye beweeg nie.

Die tydsaspek van verkeer is om verskeie redes ook van groot belang. Stedelike groei word bemoeilik wanneer 'n sekere tydsgrens vanaf die middestad oorskry word; dit bemoeilik munisipale administrasie op velerlei wyse; dit verhinder op drastiese wyse die vrye tyd van duisende mense deur die reistyd na en van werk maksimaal te verleng, ens.

Wanneer 'n isochroonkaart opgestel word, word lyne deur punte wat op gelyke tydsduur vanaf die sentrale stad verwyder is, getrek. Isochrone verskil by private motor- en busverkeer. In die geval van motors sal die isochrone verder weg van die stadskern af lê, omdat 'n langer afstand per motor as per bus in dieselfde tyd gereis kan word. Gewoonlik word, vir busverkeer altans,

die 30 minute-/

1. Louw, M.J., op.cit., pp. 284 - 289.

die 30 minute-isochroon beskou as die kritieke een. Buite daardie tydsgrens word die stedelike ontwikkeling baie traag. Indien pogings aangewend word om die verkeersvloei d.m.v. verbreding van strate, ens. te bespoedig, sal die isochrone buitewaarts neig.²

Oor die aspek van die bespoediging van verkeersvloei het Murphy³ aandag gegee. Private voertuie, gedurende daaglikse spitsure, variërende straatwydtes en ontoereikende straatpartone dra by tot die opeenhoping van verkeer. Die aanwending van massa-vervoer d.m.v. treine, busse, ens. word dikwels aan die hand gedoen. Murphy wys egter daarop dat die voorkoms van private verkeer en massavervoer nooit uitgeskakel kan word nie. Die gedagte van die bou van snelweë vir vinniger verkeer, om sodoende die posisie te verlig, behoort prominente aandag te verkry.

Die skeiding van werkplek en woonplek a.g.v. goedkoop en vinnige vervoer bied vandag heelwat probleme, aldus Dickinson.⁴ Die beweging van passasiersverkeer tussen woon-, sake- en nywerheidsgebiede is die kenmerkendste verkeersversynsel. Dit is die daaglikse eb en vloed nl. sentripetaal soggens en sentrifugaal saans. In die geval waar persone in die middestad woon en na die fabriek op die periferie gaan, word teenstrome aangetref. Kruisstrome word in die geval waar stedelike sentra binne maklike bereik van mekaar is, aangetref.

Foley⁵ het navorsing oor die verhouding van die metropolitaanse Amerikaanse bevolking wat daaglik die SSK betree en „bevolk”, gedoen. Sy bevinding was dat

die totale/

2. Nel, A. en Van Zyl, J.A., op.cit., p. 123.
3. Murphy, R.E., The American City. An Urban Geography, p. 245.
4. Dickinson, R.E., City Region and Regionalism, pp. 123 - 125.
5. Mayer, H.M. en Kohn, C.F., op.cit., pp. 447 - 453.

die totale getal persone wat die SSK tussen 7 vm. en 7 nm. as passasiers binnegaan \pm 40 - 50% van die totale bevolking is; die totale getal persone wat die SSK tussen 7 vm. en 7 nm binnegaan en waar die bestemming spesifiek die SSK is, is ongeveer 23% van die totale bevolking; die maksimum akkumulاسie van persone in die SSK beloop tussen 9% en 12% van die metropolitaanse bevolking; die verhouding tussen persone wat die SSK binnegaan, persone wat die SSK as bestemming het en maksimum akkumulاسie 4:2:1 is.

Bull ⁶ het heelwat navorsing oor die verkeersaspek gedoen. Hy het o.a. 'n kaart opgestel waar die volume van die busverkeer aangedui word. Die diagram van die roete se wydte het gewissel na gelang van die busse wat daagliks daarvan gebruik maak. Tweedens, is 'n isochronekaart wat die afstand aandui vanaf die stadskern, wat in 'n bepaalde tyd deur 'n bus, plaaslike trein, of deur teen drie myl per uur te stap, afgelê.

Bull het ook 'n verkeersensus op bepaalde punte van padroetes, kanale of bevaarbare riviere gemaak. Hy het tussen swaar voertuie, ligte vragmotors, busse, private motors, motorfietse en fietse onderskei. Inkomende en uitgaande verkeer is afsonderlik aangedui. Verder is opnames gedurende die oggend- en aandspitsuur gemaak. Laastens is 'n opname van die voetgangerverkeer in die sentrale sakegebied gemaak deur tellings by ingange van o.a. die poskantoor en sekere straattoorgange te hou.

Wat is die posisie t.o.v. verkeersvloei binne die munisipale grens van Queenstown? 'n Probleem wat opgeduik het, was die tekort aan persone wat met verkeerstellings op bepaalde punte oor vier-en-twintig uur kon help. Die munisipaliteit het slegs op drie punte verkeerstellings/

6. Bull, G.B.G., "Field Work in Towns", in Geography, Julie 1964, pp. 206 - 221.

keerstellings gehou, nl. by die kruising van Cathcartweg en Griffithstraat, Cathcartweg en Robinsonweg-Oos en laastens by die kruising van Shepstonestraat en Robinsonweg-Noord. In slegs eersgenoemde twee gevalle is robotte aangebring.

Op die kruising van Cathcartweg-Oos en Griffithstraat was die totale verkeer gedurende 24 uur (1960) 2,140 ligte- en 754 swaar voertuie. In die geval van die kruising van Shepstonestraat en Robinsonweg-Noord (1966) was daar 10,456 ligte- en 2,156 swaar voertuie. Die verkeerstelling by die kruising van Robinsonweg-Oos en Cathcartweg-Oos het verlore gegaan.

Op sekere strategiese punte is daar, gedurende die spitsuur 4.30 tot 5.30 nm., telling gehou. Die drukste verkeer is aan die punt van Bowkerstraat ondervind. Hierdie straat bedien die lokasie en suidelike woonbuurt. Tweedens, is die swaar verkeer aan die oostekant van Cathcartweg-Oos wat in Griffithstraat-Noord vloei. Die verkeer is steeds swaar wanneer dit ook vanuit Greystraat, oor die treinbrug, in Peacockstraat beweeg. Ongeveer dieselfde verkeersvolume word op die brug oor die treinspoor, d.w.s. van Livingstoneweg na Kingsway, ondervind. Die vierde belangrikste verkeerskanaal is waar die verkeer vanuit Cathcartweg-Oos in Griffithstraat-Suid na Sandringham, vloei.

Die verkeer in 'n westelike rigting m.a.w. na Jamestown, Whittlesea en Tarkastad, asook na Westbourne is baie minder. Die grootste verkeersvolume na buitestedelike gebiede word aan weerskante van Cathcartweg ondervind. Die verkeer na o.a. Tylder, Lady Frere en die noordelike distrik (deur Bergsig) is gering. Die verkeer in Cathcartweg-Wes is redelik hoog, omdat persone veral na die kleinhoewes gaan.

7.3. SPOORVERKEER

Na Oos-Londen het Queenstown die grootste stasie in die Grensgebied.

TABEL 7.1⁷

Analise van versende goedereverkeer van die oostelike spoorwegafdeling van die Kaapse Regeringsspoorweg en die latere Oos-Kaaplandse afdeling van die S.A.S. gedurende sekere gekose jare

	Jaar eindigende 31 Des.			Jaar eindigende 31 Maart	
	1895	1905	1928	1939	1956
Oos-Londen	62.0%	63.8%	49.5%	55.2%	64.8%
King William's Town	6.4	6.6	6.8	2.2.	3.0
<u>Queenstown</u>	4.1	3.5	4.4	4.8	11.8
Ander stasies	27.5	26.1	39.3	37.8	20.4
	<u>100.0</u>	<u>100.0</u>	<u>100.0</u>	<u>100.0</u>	<u>100.0</u>

Tussen die jare 1927/8 en 1955/6 het die versende goedere van King William's Town met slegs 17.5% toegeneem. In teenstelling het die goedereverkeer in Queenstown met 610% en die van Oos-Londen met 245% toegeneem.

Houghton⁸ wys daarop dat gedurende die finansiële jaar 1955/56 het 76.5% van die afgesende goedere in Queenstown bestaan uit petrol, olie, en vloeibare brandstof. Hierdie besendings is versprei oor die noordelike Grensgebied en Noordoos-Kaapland asook in die suidelike Vrystaatse dorpe. Meel is oor die hele Grensgebied, veral die Transkei, die Vrystaat, Noord- en Noordwes-Kaapland, die Transvaal en Natal versprei.

Herkenbare koopware het slegs 1.7% bedra. Ander handelsartikels het slegs 14.0% van die versende goedere uitgemaak. Queenstown se afgesende goedereverkeer was dus baie ongebalanseerd aangesien slegs drie soorte koopware so 'n hoë tonnemaat beslaan het.

TABEL 7.2/

7. Houghton, D.H., op.cit., p. 185.

8. Ibid., p. 187.

TABEL 7.2

VRAGGOEDERE VANAF QUEENSTOWN VERSEND (TONNEMAAT)

Jaar	Wol	Velle Huide	Stene Koring	Koring-meel	Kaffer-Mielies	Petrol Olie	Botter	Seep	Sand Klip	Koeldr.	Algemeen	Totaal
1959/60	1,185	224	193	27,047	1,383	32,862	2,139	776	-	312	15,489	86,399
1960/61	1,171	236	191	31,442	1,319	25,514	2,131	416	-	310	21,291	86,696
1961/62	1,248	231	1423	29,834	1,020	22,922	2,229	277	-	269	25,153	87,573
1962/63	1,388	454	168	29,883	933	19,348	2,124	188	7,332	311	27,672	92,485
1963/64	1,148	258	152	34,204	898	10,501	2,110	-	5,945	1,208	26,487	84,850
1964/65	1,165	209	292	36,022	1,825	9,843	1,840	Kunsmis	3,991	1,378	27,912	87,521
1965/66	1,216	286	338	45,284	2,506	8,571	1,831	3,714	11,737	1,431	20,510	100,239
TOTAAL	8,521	1,898	1,476	233,696	9,884	129,561	14,404	5,271	29,005	5,219	162,514	

10

TABEL 7.3

VRAGGOEDERE ONTVANG (TONNEMAAT)

Jaar	Petrol Olie	Veevoer	Mielies Kafferk.	Koring	Sement	Mielie Meel	Sout	Steenkool	Hout	Timmerh.	Stene	Algemeen	Kunsmis	Totaal
1959/60	54,960	898	8,216	36,736	7,505	6,859	1,069	27,156	347	2,404	1,642	54,802	-	147,825
1960/61	35,541	749	11,343	31,875	7,001	7,203	1,099	30,811	108	2,559	1,047	-	-	128,442
1961/62	32,897	499	11,700	32,419	5,457	6,842	1,122	28,050	238	2,908	1,211	-	-	128,343
1962/63	28,087	409	11,337	34,508	4,817	7,569	1,128	30,334	343	1,641	1,458	-	-	121,631
1963/64	29,699	167	7,743	33,547	4,552	8,444	1,194	24,859	677	603	162	-	3,190	112,647
1964/65	31,655	1,982	11,570	42,214	7,371	8,359	1,418	36,136	491	2,045	2,474	-	3,190	148,305
1965/66	20,888	1,810	21,780	45,668	7,743	8,875	1,632	24,224	570	2,810	955	-	2,995	150,950
TOTAAL	233,127	5,514	83,589	257,017	44,452	54,144	8,662	211,600	2,774	14,970	8,942	54,802	7,785	

9. Inligting deur plaaslike spoorwegkantoor verskaf.
 10. Ibid.

Aan die hand van die jongste gegewens kan die vraggoedere vanaf Queenstown ontleed word. Koringmeel beslaan die grootste volume, gevolg deur algemene ware, petrol en olie, sand en klip, stene, botter, wol en mielies. Verder blyk dit dat die versending van sand en klip onlangs 'n aanvang geneem het. Die fabriek wat seep vervaardig het intussen gesluit. Queenstown het verder die verspreidingsentrum van kunsmis geword.

Wat die ontvangs van vraggoedere betref, staan koring bo aan die lys, gevolg deur petrol en olie, steenkool, mielies en kafferkoring, mieliemeel, sement en timmerhout. Alhoewel daar 'n toename in die goedere wat ontvang is, is daar ook 'n toename in die afgesende goedere. Queenstown is 'n spesialegraad stasie en is ook 'n konsentrasiedepot, omdat dit die hooflyn tussen Queenstown en Burgersdorp en tussen Queenstown en Oos-Londen bedien. Hierdie enkelspoorlyn verbind die hawe van Oos-Londen met die Vrystaat en Transvaal.

Vanaf Queenstown vertak daar twee taklyne na Tarkastad en Qamata onderskeidelik. 'n Groot verskeidenheid van die besendings aan die Transkei, d.w.s. via Qamata, het hul oorsprong in Queenstown.

Die plaaslike spoorwegstasie het drie terreine waar goedere hanteer word. Slegs die hoofstasie hanteer passasiers en dit stuur meer goedere weg as wat ontvang word.

Aangesien die hoofstasie met sy 10 rangeerspoorlyn onvoldoende is, is aan die begin van 1964 aan die westekant van die dorp nog 'n stasie met 9 rangeerspoorlyn in gebruik geneem. Dit is die Berry Parkrangeerterrein, met 'n volle personeel. Alle trokvrage wat hoofsaaklik goedere vir plaaslike gebruik bevat, word hier hanteer.

Derdens, is daar aan die dorp se suidekant die skou-terrein-substasie, d.w.s. 'n sylyn wat na die nywerheids-terrein aangelê is. Dit is hoofsaaklik op versoek van die oliemaatskappye gebou. Hier word alle lewende hawe, steenkool, olie en petrol, klip en vol trokvrage op- en afgelaai.

TABEL 7.4 ¹¹

Jaarlikse hantering van goedere (tonnemaat) deur die plaaslike stasie (1 September - 31 Augustus)

	1966	1967	1968
Inkomende	5,256,360	6,453,335	7,996,246
Uitgaande	5,116,948	6,062,054	7,957,022
Totaal	10,373,308	12,515,389	15,953,268

Verder is daar 'n lokomotiefloods aan die oostelike periferie van die dorp waar lokomotiewe herstel, uitgewas en voorberei word om treine tussen Oos-Londen en Burgersdorp asook na Tarkastad en Qamata en op die taklyn na Maclear te trek. Die distrikingenieur is hier gestasioneer en sy personeel, d.w.s. die werksinspekteur, werksvoorman, ambagsmanne, spoorbaanpersoneel, ens. is verantwoordelik vir die instandhouding van spoorwegpersoneel, die baanvlak en ook uitbreidings.

Gedurende 1965 is daar begin om met dieseleenhede proefnemings te maak. Hulle sal tussen Oos-Londen en Burgersdorp diens doen en op Queenstown sal die personeel verwissel. Daar moet egter aangetoon word dat daar nie geheel en al met die stoomlokomotief weggedoen kan word nie. Hulle sal nog vir rangeerwerk en op taklyne gebruik word.

Daar word om 'n hele aantal redes na dieselkrag oorgeskakel/

11. Inligting deur plaaslike spoorwegkantoor verstrek.

geskakel. Die dertien tonnells tussen Queenstown en Oos-Londen veroorsaak groot ongerief vir passasiers. Daar sal minder steenkool na Queenstown en Oos-Londen, en in plaas daarvan meer lonende goedere, vervoer hoef te word. Die hoofrede is egter dat die verkeer op die trajek te veel geword het en verdragings tot gevolg het. Waar 'n lokomotief 300 ton vrag trek, is die dieselenjin tot 1,300 ton vrag in staat. Om dieselfde tonnemaat te vervoer, sal daar heelwat minder treine hoef te loop en die spoorwegpersoneel op die treine self sal gevolglik minder wees. Verder word verklaar dat diesel die goedkoopste krag verskaf.

Daar is 'n spoorwegbusdiens wat vanaf Queenstown oor Qamata, Cofimvaba, Tsono en Engcobo na Umtata gaan. Hierdie roete is 148 myl. Elke oggend, behalwe Sondag, vertrek busse tegelykertyd vanaf Queenstown en Umtata. Gedurende Maart 1967 was daar 2,386 nie-blankes en 22 blanke passasiers en gedurende April 1967 weer 2,524 en 23 onderskeidelik.

Daar is ongeveer 605 blankes (insluitende die spoorwegpolisie en distrikspersoneel) op Queenstown in diens van die Spoorweë.

Uit bogenoemde gegewens kan wel deeglik afgelei word van watter belang die spoorweë vir Queenstown is. Die spoorwegwerknemer en sy gesin maak 'n redelike persentasie van Queenstown se inwonertal uit. Die koopkrag van die mense is groot. Vooruitgang van die spoorweë beteken ook vooruitgang van die dorp self. Net soos dorpe, bv. De Aar en Noupoot se groei afhanklik van die Spoorweë is (hulle is aansluitingspunte), so ook is dit in 'n groot mate die geval in Queenstown.

8.1. DEFINISIE

Griffin dui die kontras tussen die stedelike en landelike oorgangsgebiede soos volg aan: „However, this fringe area is essentially a zone of discord between two contrasting types of land-use, In a case where the urban area has a rapidly increasing population, the fringe is merely a zone in which agricultural activities are being swiftly climated as a result of vigorous urban expansion.”¹

Wehrwein wys daarop dat hierdie oorgangsgebied 'n integrale deel van die stedelike funksies vorm: „In conclusion, the rural-urban fringe is really an extension of the city itself, actual an potential. It is an area where most of the land uses are in flux and therefore subject to planning, direction, and control.”²

„Die oorgangsgebied self is dus 'n sone wat gekenmerk word deur vermenging van stedelike en landelike funksies; in hierdie sin is dit dus eintlik 'n funksionele niemandsland”³; aldus Nel en Van Zyl.

Dickinson dui die teenwoordigheid van landelike en stedelike eienskappe soos volg aan: „On the outer borders of the city, between the areas of urban and rural land use, there is an intermediate zone which shows the characteristics of each. This fringe is invaded by urban uses - by the extension of housing estates, of buildings along the main arterial roads, location of new factories, golfcourses, water-works, cemeteries, destructors, parks/

1. Griffin, T.L.C., „The Evolution and Duplication of a Pattern of Urban Growth”, in Economic Geography, April 1965, pp. 133 - 156.
2. Wehrwein, G.S., „The Rural-Urban Fringe”, in Economic Geography, vol. 18, Julie 1942, pp. 217 - 228; in Mayer, H.M. en Kohn, C.F., Readings in Urban Geography, pp. 533 - 543.
3. Nel, A. en Van Zyl, J.A., Stad en Dorp, p. 127.

tors, parks, allotment gardens." 4

Ten slotte skryf Dickinson: "Thus, the rural-urban fringe is really, an extension of the city itself, present and potential." 5

Blizzard en Anderson baken hierdie streek af deur daarop te wys dat: "The rural-urban fringe is that area of mixed urban and rural land uses between the point where full city services cease to be available and the point where agricultural land uses predominate." 6

8.2. REDES VIR DIE ONTSTAAN VAN OORGANGSGEBIEDE

Die ontstaan van oorgangsones spruit voort uit verskeie faktore. Eerstens, is daar die natuurlike uitbreiding wat elke lewenskragtige stedelike gebied kenmerk, en wat sodoende met verloop van tyd sy funksioneel-aktiewe grense uitbrei. Op sigself gaan hierdie natuurlike proses te stadig om sodanige oorgangsgordels te skep. Die proses word egter aangehelp deur die onverwagte snelle groei van baie stede en dorpe wat soms direk die gevolg is van die ontvolking van die platteland en die aanverwante trek na die stede stimuleer.

Volgens Berkman geskied uitbreiding nie noodwendig teen die stedelike randgebied nie, maar soms 'n hele end buite die stad: "Encroachment may leap over undeveloped areas leaving empty spots in the future city structure. Indeed there appear to be two phases in such city growth. One is that of initial expansion and the second is the filling-in process." 7

Die instroming van mense na stede veroorsaak 'n residensiële spanning binne die stedelike gebied en dit op sy beurt/

4. Dickinson, R.E., City region and Regionalism, p. 120.
5. Ibid., p. 121.
6. Murphy, R.E., The American City. An Urban Geography, p. 44.
7. Berkman, H.G., "Decentralization and Blighted Vacant Land", in Land Economics, vol. 32, Aug. 1956, pp. 270 - 280, in Mayer en Kohn, C.F., op.cit., pp. 592 - 601

sy beurt gee weer aanleiding tot 'n residensiële uitbul-
ting na die randgebiede van stede.

Die drang na sosiale prestige speel natuurlik ook sy rol in hierdie middelpuntvliedende proses. Dit het eenvoudig mode geword, veral by meer gegoedes, om hulle so ver weg as wat prakties moontlik is, van die sentrale stadsgebied te vestig. Die drang van baie mense om die beknoptheid van die stedelike atmosfeer te ontvlug, dryf hulle na die buitewyke en selfs tot buite die stedelike grense waar hulle meen om te deel in die genot van oorvloediger ruimte en die rustiger ontspanning wat die landelike omgewing bied.

Die ontwikkeling van die vervoerwese was een van die grootste faktore wat die dorpsbewoner geleentheid gegee het om buite die stad te woon.

"Railways were among the first decentralizers and levelers of urban rents and value. The remedy for this, is to go into the country", verklaar Woodward.⁸

Wehrwein voeg hieraan toe: "However, the real exodus of residences and of commercial establishments generated by traffic did not come until the automobile and hard-surfaced roads provided means of swift unchanneled, individual transportation as compared with the previous channeled mass transportation."⁹

Vervoer het aanleiding gegee tot die uitbreiding van stede langs vervoerkanale en konsentriese groei kom gevolglik nie voor nie: "Since these means of transportation radiate in all directions whenever physical features do not interfere, the rural-urban fringe consists of rural territory pierced by finger-like projections of urbanized land uses. It has long been observed that cities
have become/

8. Wehrwein, G.S., op.cit., pp. 217 - 228.

9. Ibid., pp. 217 - 228.

have become starshaped. Between the arms of that star agriculture and other non-urban uses continue but in more or less modified form." 10

Nel en Van Zyl ¹¹ dui veral twee kategorieë in die benutting van die oorgangsonne aan en hulle wys daarop dat die landelik-stedelike oorgangsgebied beslis stedelike funksies het. Hieronder tel ontspanningsgebiede soos gholfbane, renbane, parke, kampeerterreine, botaniese tuine, ens. Tweedens, vervul dit nuttigheidsdiens- te bv. as 'n rioolplaas, lughawe, begraafplaas, waterwerke, ens. Rommelwerwe, slagpale, petroldepots, skadelike nywerhede, ens. word meermale deur wette of regulasies gedwing om 'n randligging te soek en is dus heel kenmerkend van die landelik-stedelike oorgangsgebied.

Genoemde twee skrywers dui verder sewe redes vir die ontstaan van kleinhoewes aan: mense wat in stede werk, het 'n begeerte om die stadslewe te ontvlug; hoë belasting en streng regulasies van stadsgebiede vry te spring; hul inkomste deur boerdery aan te vul; met die oog op die oudag; die welgestelde groep spandeer baie geld op kleinhoewes net om aangenaam te kan lewe; woningtekort in die stedelike gebiede; winsmotief by grondeienaars en agente en sny gevolglik plase op.

Residensiële besetting van die oorgangsonne is een van die belangrikste eienskappe. In Oos-Londen het Moulton bevind dat: „High land prices in the city and the desire for a country atmosphere are driving people to buy large country plots well outside the city." 12

De Klerk kom tot die gevolgtrekking dat: „'n Hedendaagse verskynsel, wat al hoe meer momentum kry en onge-

merk die/

10. Ibid., pp. 217 - 228.

11. Nel, A. en Van Zyl, J.A., Stad en Dorp, p. 35.

12. Moulton, F.L., East London and its Geographical Setting, p. 132.

merk die eenheid aanhelp, is dat werkende of afgetrede mense buite die stedelike gebied op kleinhoewes gaan woon. Hierdie mense, alhoewel hulle wat woonplek aanbetref, landelik is, is essensieel nog stedelik. Hulle teenwoordigheid daar is slegs 'n aanduiding van die kans wat moderne transportasie middele hul bied om in die voordele van beide die stad en sy omgewing te deel." 13

Volgens Louw 14 is daar bevind dat die mense na die landbouhoewes desentraliseer om die stadslewe en die hoë belastings en beperkende regulasies te ontvlug, sowel as 'n aanvulling van inkomste te probeer bekom. Die skaarste aan woonhuise in die stad sowel as grondspekulasie en advertensies het ook met die „trek“ te doen, terwyl die meer gegoede mense doelbewus na 'n eksklusiewe woonwyse soek.

Verder onderskei Louw drie tipes kleinhoewebewoners: mense van die sg. rykmanslandgoed; amptenare, professionele mense en fabriekswerkers van die middelklas; hoewes wat deur behoeftige mense bewoon word wat die lewe in die stad nie kan bekostig nie.

'n Tweede algemene kenmerk is die aanwesigheid van ontspanningsgeriewe. Wehrwein sê: „The land uses of the fringe are also conditioned by the recreational needs of the urban people and by the people living within the region as a whole." 15

In sy bespreking dui Dickinson 'n hele aantal funksionele gebruike van die oorgangsones aan en verklaar o.a. dat: „The land use of the fringe is also affected by the recreational needs of the city folk -- parks, playgrounds, and golf/

13. de Klerk, J.A., Die afbakening van Stedelike Invloedsfere van die Distrikte Caledon, Bredasdorp en Swellendam, p. 29.

14. Louw, M.J., 'n Geografiese Studie van Funksionele Differensiasie in die Metropolitaanse Gebied van Pretoria, p. 239.

15. Wehrwein, G.S., op.cit., pp. 217 - 228.

and golf-courses." 16

Derdens, het 'n hele aantal funksies 'n randligging omdat hulle om verskeie redes nie binne die stadsgrense gewens is nie. Na aanleiding hiervan verklaar Wehrwein: "It has long been the practice of cities to "dump" unwanted yet necessary industries into rural territory by ordinances excluding them from the cities per se. Slaughter houses, wholesale oilstorage, noxious industries of all sorts, junk yards, trailers and trailer camps, taverns and dance halls, substandard dwellings, carnivals, have all been the subject of restrictive city legislation at one place or another Some of the city's own public utilities are likewise placed in the fringe area or beyond; recreation, water-supplies, radiotowers, sewage disposal plants, airports, cemeteries, are among urban necessities found in the suburban areas." 17

8.3. AFBAKENING VAN DIE LANDELIK-STEDELIKE OORGANGS- GEBIED MET SPESIALE VERWYSING NA QUEENSTOWN

(Fig. 23)

Von Thünen¹⁸ het in sy Der Isolierte Staat (1826) 'n teoretiese verklaring van die grondgebruik in die oorgangsonne gegee. Hy het alle natuurlike kenmerke, klimaat, grond, topografie, of enige aspek wat die grondgebruik kan beïnvloed, buite rekening gelaat. Volgens hom is die stad in 'n gelyklandgebied geleë met landbou as die oorheersende ekonomiese aktiwiteit. Rondom die stad is konsentriese sirkels en enige plek op elke afsonderlike sirkel is ewe ver van die stadskern.

In die eerste sone word slegs duur, bederfbare en

lywige produkte/

16. Dickinson, R.E., op.cit., p. 121.

17. Ibid., p. 121.

18. Wehrwein, G.S., op.cit., pp. 217 - 228.

lywige produkte aangetref. Die tweede sone bestaan uit woude wat timmer- en brandhout verskaf. Anderkant die woudsone word weer landboubedrywighede, hoewel nie meer so intens nie, waargeneem. Hierdie aktiwiteit gaan geleidelik oor in 'n wildernis wat die stad van die res van die wêreld afsonder.

In dié skema is daar nie 'n oorgangsones soos dit vandag aangetref word, te vinde nie. Sone I is ontwerp om nie slegs parke, speelterreine en tuine van die dorpsbewoner te bevat nie, maar ook voltydse boere binne bereik van die mark.

Park en Burgess¹⁹ huldig ook Von Thünen se teorie. Hulle wys op die konsentriese sirkels waar kommersiële en industriële instellings die sentrale gebied beset en op die voorkoms van goeie woonbuurtes op die periferie van die stad. Natuurlike invloedsfaktore word in die oorgangsones buite rekening gelaat en daar word verder veronderstel dat die inwonertal staties bly. Indien die inwonertal wel styg, moet voorsiening gemaak word vir die uitbreiding van die sentrale sakedeel sowel as vir die residensiële gebiede. Die stedelike grondgebruik sal na buite beweeg, terwyl die landelike grondgebruik verder terugskuif.

Christaller²⁰ het 'n meer realistiese teorie ontwerp. Hy veronderstel ook dat landbou rondom die stad prominent sal wees. Die boer het die smidswinkel, winkel, kerk, skool, ontspanningsgeriewe, ens. se dienste nodig. Al hierdie funksies sal nie in een enkele dorp beskikbaar wees nie. Op sekere plekke sal gehugte ontstaan wat 'n heksagonale gebied bedien: subdorpe sal nog verder van mekaar geleë wees en 'n groter verskeidenheid

dienste bied/

19. Ibid., pp. 217 - 228.

20. Ibid., pp. 217 - 228.

dienste bied.

Christaller bou 'n hiërargie van sentrale plekke waar die heksagonale bedieningsgebied, namate die sentrum se belangrikheid toeneem, ook in oppervlakte vergroot. Elke dorp of stad sal funksionele sones aantoon en by groter stede sal 'n oorgangsone ontwikkel.

In 'n artikel het Spelt ²¹ 'n aantal gesaghebbendes se mening oor oorgangsones saamgevat. Spelt verklaar dat daar heelwat kriteria oor hierdie aspek is, soos o.a. bevolkingsdata, vervoer, ekonomiese verhoudings en die beweging van stadsbewoners. Daar was altyd egter 'n verskil van opinie oor die geldigheid daarvan.

Dit is duidelik dat daar geen duidelike skeiding tussen stad en platteland bestaan nie. Die voorstelling van hierdie oorgangsgebied neem 'n verskeidenheid vorme aan, o.a. 'n oorgangsone, 'n enkele lyn of 'n sirkel met 'n bepaalde radius. In laasgenoemde geval ontbreek daar egter 'n teoretiese fundering.

Voigt en Boustedt het ekonomiese data as kriterium gebruik. Voigt het die getal persone verbonde aan landbou op 20% gestel en Boustedt het slegs persone wat geheel en al van landbou afhanklik is in ag geneem en 35% as die minimum vereiste aanvaar. Hierdie twee grense stem nie ooreen nie, maar die binneste en buiteste sone van die ommeland word bepaal waar die 35% lyn van Voigt gelyk gestel word aan die 50% lyn van Boustedt, aldus Horst Fehre.

Hook en Eicher het die sone afgebaken deur konsentriese sirkels rondom die stadskern te trek. Die probleem wat hier opduik, is nl. hoe lank die strale van

die sirkels/

21.. Spelt, J., „Towns and Umlands", in Economic Geography, Okt. 1958, pp. 362 - 369.

die sirkels moet wees. Hulle voorsien drie moontlikhede: een radius vir alle stede; strale in verhouding tot die nedersetting se grootte en afsonderlike strale vir elke stad. Volgens Fehre sal laasgenoemde die beste wees. Probleme is egter dat sommige dorpe bv. stervormig is, of dat dit die sirkels van buurdorpe mag oorvleuel.

Myers en Beegle ²² het die landelik-stedelike oorgangsgebied van Detroit afgebaken. Die metode het op een faktor berus, nl. die bepaling van die nie-dorp - landelike nie-boerdery bevolking (non-village - rural non-farm or NV-RNF population).

Opnames is in die omliggende nedersettings gedoen. Alle nedersettings waar die sg. NV-RNF bevolking 50% en meer uitgemaak het, is as deel van die landelik-stedelike oorgangsgebied beskou. Waar die waardes 25% tot 50% is, maak die nedersettings deel van die buitenste grens uit.

Bogenoemde metode het egter talle nadele: die verkryging van bevolkingsdata is 'n omslagtige onderneming; nedersettings is nie ewe groot nie en bogenoemde persentasies kan nie op almal met sukses toegepas word nie; die inagneming van slegs nedersettings lei tot 'n onvolledige, onreëlmatige afbakening.

Blizzard en Anderson het Williamsport bestudeer. Hier is daar nie omliggende nedersettings nie en kon hulle dus nie Myers en Beegle se metode toegepas nie. In teenstelling met Detroit is die oorgangsgordel smal. Blizzard en Anderson definieer dit as volg: „The rural-urban fringe is that area of mixed urban and rural land uses between the point where full city services cease to be available and the point where agricultural land use predominate (which includes waste lands and wooded areas)”.²³

Die oorgangsgebied/

22. Murphy, R.E., op.cit., p. 43.

23. Ibid., p. 45.

Die oorgangsgebied word aan weerskante deur twee grense afgebaken. Eerstens is daar 'n binne-grens afgebaken deur die punte waar geen dorpswater of openbare rioolskema voorkom nie, te bepaal. Die afwesigheid van randstene, sypaadjies asook geproklameerde strate en die gebrek aan posaflewering is verdere kriteria.

In die geval van die afbakening van 'n buitegrens is groter probleme ondervind. Hierdie grens kom voor daar waar 'n afwesigheid van aktiewe stedelik-landboukundige wedywering vir grond is. Binne hierdie grens word landbougrond ten duurste vir „stedelike” woonhuise verkoop.

Die ietwat problematiese bepaling van die buitegrens geskied as volg: „..... the outer fringe boundary was placed at the approximate point where an urban pattern of living of some concentration yielded to a pattern of widely scattered acreage lots with nonform type houses among farms, or to 'pure' farming or forest land use.”

Daar is 'n definitiewe patroon in die ontwikkeling van hierdie oorgangsgebied, aldus Roterus en Hughes: „This cycle begins with low taxes and a low level of services and concludes with the citizens demanding regular municipal services”²⁴ Eerstens is daar dus genoegsame grond teen lae pryse beskikbaar, sonder enige munisipale regulasies en munisipale dienste. Tweedens, is daar 'n toestroming van mense. Die afwesigheid van regulasies werk wanpraktyke in die hand en minderwaardige geboue word aldus opgerig. Derdens, is daar die gestadige voorsiening van munisipale dienste. Laastens, vind die inkorporasie van hierdie betrokke terrein plaas.

Ten slotte wys Murphy op die onvolledige en ondoel-treffende metode in die versameling van feitemateriaal

i.v.m. die/

24. Ibid., p. 45.

i.v.m. die afbakening van die landelik-stedelike oorgangsgordels: „Certainly, it should be possible to find some more objective method for delimiting and hence studying the area." 25

Voordat met die afbakening van die plaaslike oorgangsg gebied 'n aanvang gemaak word, is dit heel paslik om die posisie van 'n Suid-Afrikaanse dorp wat soortgelyke omstandighede as Queenstown vertoon, na te gaan.

Gedurende 'n studie van Worcester het Nel ²⁶ bevind dat daar geen vermenging van landbou en stedelike funksies aan die grense van die dorpsgebied te bespeur is nie. Worcester het geen landelik-stedelike oorgangsg gebied in die ware sin van die woord nie.

Die administratiewe dorpsgrens in Worcester strek ver uit en daar is dus geen plase dig teenaan die dorpsgebied nie. Uitbreiding van hierdie dorp maak dus geen inbreuk op landbougrond nie. Gevolglik is daar geen vermenging van stedelike en landelike funksies in die randgebied nie. Ook beheer die munisipaliteit die gebied rondom die dorp. Op grond van laasgenoemde is daar dus geen dorpsgrondeienaars wat woonerwe op die rand van die dorp kan opmeet en daarmee na hartelus kan spekuleer nie. Stedelike uitbreiding is daarom baie ordelik en gekontroleerd.

Die volgende metode is gedurende die afbakening van Queenstown se landelik-stedelike oorgangsg gebied gevolg. Eerstens is 'n studie van bogenoemde skrywers se geskryfte gemaak. Hieruit kon afgelei word watter stedelike funksies gewoonlik in die oorgangsg gebied voorkom. Daar is gewoonlik drie groepe funksies wat eie aan die oorgangsg gebied is, nl.: dié wat ontspanningsgeleenthede bied,

bv. gholfbane/

25. Ibid., p. 49.

26. Nel, A., „Worcester: 'n Proefneming in Funsionele Differensiasie", in South African Geographical Journal, vol. 34, Des. 1952, pp. 63 - 77.

bv. gholfbane; dié wat nuttigheidsdienste lewer, bv. rioolplase; dié wat 'n periferiese ligging a.g.v. beperkende wette en regulasies het, bv. petroldepots.

Met behulp van hierdie kriteria is die oorgangsgordel bepaal. In die geval van Queenstown, wat nog nie 'n volwaardige stedelike karakter ontwikkel het nie, het daar nie noemenswaardige afbakeningsprobleme voorgekom nie. Tweedens moes hierdie oorgangsgordel se binnegrens bepaal word. Op die huidige stadium kan hierdie grens maklik aangebring word, aangesien daar 'n duidelike afbakening tussen die stedelike gebied, d.w.s. die terrein wat gewoonweg as die „dorp“ bekend staan en die nie-stedelike gebied is. Hierdie grense kan aan sekere toetse onderwerp word, o.a.: is die betrokke funksie ingesluit by die munisipale rioolstelsel, watervoorsiening, straatinstandhouding, ens.?²⁷ word die instelling se lokaliteit deur wette en regulasies vasgepen?²⁷ vervul die instansie 'n nuttigheidsdiens?²⁷ lewer die poskantoor by die betrokke instelling pos af?

Derdens is daar 'n buitegrens van die dorpsgebied getrek. Hierdie grens sluit alle volwaardige plase uit. Enige aktiwiteit wat verband hou met stedelike funksies word as deel van die landelik-stedelike oorgangsgebied beskou. Hierdie grens is verder bevestig deur te bepaal waar grondwaardes realisties en normaal is. In teenstelling hiermee is grondwaardes binne die oorgangsgordel veel hoër. In laasgenoemde geval beslaan die eienomme ook 'n baie kleiner oppervlakte.²⁷

8.4. FUNKSIONELE BESETTING VAN DIE PLAASLIKE OORGANGSGEBIED (Fig. 23)

Elke stad vertoon 'n funksionele verskeidenheid. Op sekere terreine kom spesifieke funksies voor en dit is daar/

27. Data deur die Afdelingsraad verskaf.

is daar waar die betrokke funksie die doeltreffendste kan fungeer. Die sentrale sakegebied leen hóm bv. die beste vir handelsdoeleindes, ens. Om hierdie rede hoort sekere funksies nie binne die stedelike gebied nie, maar voorkeur word aan 'n randligging gegee. 'n Slagplaas is bv. nie alleen om estetiese redes nie, maar ook omdat die duur grond beter vir ander funksionele doeleindes gebruik kan word, onvanpas in die sentrale stadsgebied.

Nadat die ligging van die funksies, wat eie aan die landelik-stedelike oorgangsgebied nagegaan is, sal gemerk word dat die meeste funksies binne die munisipale grense geleë is. Twee grense kan om die dorp onderskei word, nl. die rand van die beboude dorpsterrein, die sg. stadsmuur en dan die grens van die munisipale meent wat reg rondom die dorp lê. Funksies soos die kleinhoewes, Glenside klipgroewe, Komanihospitaal en die Bongolodam is direk langs laasgenoemde grens geleë.

Die besetting van Queenstown se oorgangsgebied kan onder drie groepe geklassifiseer word. Die funksies staan onder munisipale-, regerings- en private beheer.

Eerstens, word munisipale instansies nagegaan.

Nie-blanke woonbuurt

Die Bantoe- en kleurlingwoonbuurt is aan die suidelike randgebied van die dorp geleë. Die terrein is gelyk en op die oog af 'n ideale plek vir 'n blanke woonbuurt. Die vlak maar gelyke grondlaag bestaan egter uit klei. Die onderliggende rotslaag blus wanneer dit met lug in aanraking kom en hierdie verkrummeling is geneig om fundamente te laat sak. Hierdie terrein is op 'n oop, onbeskutte vlakte waar storms en sterk winde meer algemeen voorkom, geleë. Weens etniese groepering en die gevolglike woonbuurtsegregasie is dit wenslik dat hierdie buurt nie binne die beboude dorpsgebied en langs blanke resi-

densiële terreine beplan sal word nie. 'n Inname van die blanke gebied, nl. blokke 117 en 118 het plaasgevind, aangesien heelwat wonings en sakeondernemings deur nie-blankes en Asiate beset is.

Die nie-blanke woonbuurt het 'n groot terrein waarop dit kan uitbrei. 'n Probleem is egter dat die inwonertal die werkseleenthede oorskry, met die gevolg dat werkloosheid voorkom. Kommissies het egter reeds ver gevorder met planne vir die verskuiwing van dié woonbuurt.

Die Bantoe- en kleurlingwoonbuurt is van mekaar geskei. Daar is 2,206 woonhuise vir die Bantoe asook 36 handelserwe. Verder word daar nog vir 406 huise voorsiening gemaak. Daar is altesaam 538 huise wat hulle deur afbetaling kan koop. Aan die kleurlinge is 155 woonhuise en 3 handelserwe beskikbaar gestel. 'n Beperkte aantal van die gegoede kleurlinge mag 'n huis (na goedkeuring) van hul eie keuse laat bou.

Die plasing van die nie-blanke woonbuurt t.o.v. werksplekke en die verkeersvloei wat hieruit voortspruit, is bevredigend. Die grootste stroom nie-blankes se bestemming is die SSK en dit gaan nie deur blanke woongebiede nie. Verder word die pad wat hulle gebruik nie baie deur blanke motoriste gebruik nie.

Queenstown kan met reg trots wees op die standaard van sy nie-blanke woonbuurt. 'n Sportterrein wat uit rugbyvelde, tennisbane, 'n atletiekbaan, sokker- en krieketveld asook kleedkamers bestaan, is aangebring. Verder is daar ook 'n ouetehuis, melkdepot, biersaal en brouery asook 'n afsonderingshospitaal.

'n Bespreking van die slag- en rioolplaas is reeds onder hoofde van Hoofstuk 6 bespreek.

Begraafplaas

Dit is geleë aan die noordwestelike randgebied. Vroeër jare was daar in die omgewing van die begraafplaas 'n steengroef asook sandsteenbanke waaruit bouklippe gekap is. Hierdie terrein van 3.66 morg is goed geleë aangesien dit buite sig is. Die begraafplaas is langs 'n sloot geleë en bevat 'n beperkte bogrondlaag. Weens die terrein se talle nadelige liggingsfaktore is dit beslis nie vir residensiële geboue geskik nie.

Watervoorsiening is reeds onder Hoofstuk 4 en die karavaanpark en ontspanningsterreine onder Hoofstuk 6 bespreek.

Tweedens, kan funksies wat onder beheer van die regering staan, nagegaan word.

Sonskyn-tehuis

Dit is langs die nasionale pad na Oos-Londen geleë. Hierdie geboue huisves Bantoes. Wanneer 'n vader bv. tuberkulose opdoen, word sy gesin verwyder en vir waarneming in die tehuis geplaas. Om die aansteeklike siekte te bekamp, is dit noodsaaklik dat Bantoes afgesonder moet word.

Kleinhoewes

Die Melton Garden-kleinhoewes is sowat 3 myl buite die dorp, regs van die Whittleseapad, geleë. Daar is 24 kleinhoewes en bestaan uit 22 eenhede van 10 morg elk, een van 12.6 morg en nog een van 32.8 morg. Twee van die hoewes het sakeregte. Die afdelingsraad beheer hierdie hoewes en moet toesien dat bouregulasies nagekom word.

Die tweede groep is die Amberdale-kleinhoewes wat ongeveer 4 myl buite die dorp tussen die Tarkastad- en Jamestownpad geleë is. Baie van hulle het ontstaan voordat afdelingsrade onbeheerde onderverdeling bekamp het. 'n Sekere boer het sy plaas onderverdeel en die

nuwe eienaars het met die onderverdeling voortgegaan. Die doel was destyds om stene te maak en nie soseer om op die kleinhoewes te woon nie. Die 60 kleinhoewes wissel van 1 tot 6 morge.

'n Opname is op die kleinhoewes gemaak en die vraelys het bevredigende resultate gelewer. Die beroepsverspreiding het hoofsaaklik uit middel- en laer inkomstegroepe bestaan. Daar was in die algemeen geen persoon met 'n hoë besoldiging of wat 'n besondere pos gevul het nie. Afrikaanssprekendes was in die meerderheid. Ongeveer 60% van die hoewebewoners het hul eie kleinhoewes besit.

Die groter kleinhoewes se grondwaardes was besonder hoog. Sommige eienaars het twee of meer kleinhoewes besit en hulle sodoende saamgevoeg.

TABEL 8.1

Waardasie van kleinhoewes

Morg	Grond	Huis	Gesamentlik
20	R10,000	R9,000	R19,000
10	6,000	2,000	8,000
10	5,000	11,000	16,000

Uit bostaande blyk dit dat hoewes met dieselfde grootte se waardasies wat deur die afdelingsraad vir belastingsdoeleindes bepaal is, verskil. Sommige huise het 'n redelik hoë waardasie, terwyl ander heelwat laer gewaardeer is.

In die geval van Pretoria²⁸ se landbouhoewes varieer dit van hoëgraadse tot swak wonings en die twee faktore wat oorheersend is in die waardebeoordeling is afstand vanaf die stad en beskikbaarheid van watervoorrade.

In Vereeniging/

28. Louw, M.J., op.cit., p. 239.

In Vereeniging het Senekal ²⁹ bevind dat huiswaardes van kleinhoewes deurgaans laag is en van R2,000 tot R4,000 wissel. Die grondoorsaak van hierdie probleem is dat die mans in die stad werk en gevolglik weinig of geen aandag aan die verbetering van die kleinhoewe kan gee nie.

Die Melton Garden-kleinhoewes het 'n beter tipe woonhuis en die bewoners beklee hoër poste as wat dit in die geval van die Amberdale-kleinhoewes is. Verder blyk dit dat hoewes wat naaste aan die dorp geleë is, hoër waardasies het. Uit die ondersoek het geblyk dat nabyheid aan die dorp ook die enigste werklike rede vir hierdie toestand is. Hiermee gaan gepaard die feit dat die hoewes wat die naaste aan die dorp is, ook naby aan die rioolplaas is; laasgenoemde voorsien aan hierdie kleinhoewes besproeiingswater. Daar moet ook op gelet word dat die Melton Garden-kleinhoewes, weens die feit dat hulle die nuutste geboue het, die hoogste huiswaardes van die twee groepe het.

Ten slotte kan vermeld word dat in slegs uitsonderlike gevalle bewoners geheel en al afhanklik van die kleinhoewe vir 'n inkomste was. Boerderybedrywighede bestaan hoofsaaklik uit die aanhou van 'n paar beeste en skape of die verbouing van lusern en ander voergewasse. Die produksie van room, melk en eiers is algemeen. In die algemeen word die opbrengs vir eie gebruik aangewend..

Die bewoners is geheel en al van hul eie boorgatwater afhanklik. Daar is nie een besondere deel op die terrein van die kleinhoewes wat besonder goed bedeed met ondergrondse water is nie. Hierdie aspek kan min of geen invloed op grond- en huiswaardes hê nie.

Ongeveer/

29. Senekal, W.F.S., op.cit., pp. 91 - 92.

Ongeveer 40% van die mense besit twee motors en hulle kom gemiddeld sewe keer per week dorp toe. Ongeveer 70% het nog kinders op skool.

Die redes wat deur die hoewebewoners vir die uitwyking vanuit die dorp aangegee word, is die volgende: Daar is geen munisipale belasting nie; eie voedsel soos groente, eiers, melk en botter kan veel goedkoper geproduseer word; terwyl die hoewe 'n gesonde ongebonde lewe bied, sonder die gewoel, geraas en gejaagdheid van die dorp.

Behoeftes sluit o.a. water en elektrisiteit in. Die munisipaliteit voorsien geen krag aan die kleinhoewes nie. Indien water vir besproeiingsdoeleindes vanaf die Klipplaatrivier aangelê word, kan die landbouproduksie baie verhoog word.

Die Komanihospitaal en die Hoërskool J.J. Serfontein is reeds onder Hoofstuk 6 en die lughawe en lokomotiefloods onder Hoofstuk 7 bespreek.

Laastens, volg 'n bespreking van funksies wat deur die privaat sektor beheer word.

Glenside klipgroewe

Hierdie groewe is langs die Jamestownpad. Ysterklip word uit 'n koppie geskiet en gemaal. Heelwat van dié gemaalde klip word selfs na plekke so ver as Oos-Londen en Port Elizabeth versend.

Sandsteengroewe

Dit is geleë ten weste van die dorp en wel aan die voet van Madeiraberg. Weens die gevare verbonde aan dinamiet-ontploffings is die sandsteenbanke se ligging buite die beboude gebied ideaal.

In die groewe word sandsteen gemaal en plaaslik vir straatkonstruksie en die oprigting van geboue gebruik.

Van die gruis/

Van die gruis word selfs na die omliggende dorpe versend. Die maandelikse opbrengs is 3,000 kubieke jaart vergruisde klip.

Steengroewe

Die steengroewe is onmiddellik noord van die sandsteengroewe geleë. Die grond is geskik vir baksteenvervaardiging en die terrein is ruim sodat die vervaardiging en bak van stene ongehinderd kan plaasvind.

Plaaslike aanvraag vereis 'n maandelikse produksie van ongeveer 140,000 stene.

9.1. DIE STREEKSBEGRIP

Volgens Louw¹ kan drie groot klasse van streke onderskei word, nl. die enkelvoudige, die veelvoudige en die totaalstreke, waar die eerste tipe volgens enkelvoudige kenmerke, die tweede volgens veelvoudige kenmerke en die derde volgens 'n benadering van die totaliteit van die menslike besetting van 'n gebied bepaal word.

Enkelvoudige streke word bepaal deur een of ander oorheersende kenmerk soos bv. 'n hellinggebied van minder as 5%, 'n koringland of 'n eenvormige gebied wat besproei word. Veelvoudige streke word gedifferensieer op die basis van kombinasies van kenmerke. Daar is drie subtypes. Eerstens is daar streke waar die kenmerkende assosiasies baie nou aan mekaar verbonde is, omdat een enkele proses hulle tot stand gebring het. Klimaatstreke val in hierdie groep, omdat die elemente van klimaat, nl. temperatuur, lugdruk, atmosferiese bewegings, neerslag, ens. almal nou verbonde is en 'n gesamentlike funksionaliteit vertoon. Tweedens is daar streke waarvan die kenmerke geen noue verwantskap met mekaar vertoon nie. In die geval van die suikerstreek is dit noodsaaklik dat die kweek van suikerriet as gewas ook die wisselwerking van grond, klimaat, arbeid, vervoer, prosessering, ens. moet insluit om 'n streek te kan vorm soos dié kusstreek van Natal. Derdens is daar die veelvoudige streke waar die assosiasies baie los van mekaar is. Die welbekende natuurstreek (bv. Moesonstreek) val in hierdie kader, waar

o.m. klimaat/

1. Louw, M.J., "Enkele Gedagtes oor die Geografiese Streeksbegrip", mededelings van UNISA, 6 Junie 1959, pp. 18 - 22.

o.m. klimaat, bodemgesteldheid, grondsoorte, natuurlike plantegroei, dierelewe, water en minerale die elemente vorm.

Die derde hoof tipe streek is die een wat gedefinieer word volgens die totale omvang van menslike besetting. Hierdie soort streek, nl. 'n Compage ('n gedeelte van die geheel) is 'n assosiasie van onderlinge verwante, natuurlike en sosiale kenmerke. Die tipe funksionele gebiede kan metropolitaanse-, handels-, nywerheids-, mynbou- of selfs verkeersvloei streke wees.

Die hiërargie van compages begin by die lokale tipe, d.w.s. die markgebied van 'n gehug of dorp. Vervolgens is daar die distrik wat uit 'n groep lokaliteite wat tesame 'n kenbare eenheid vorm bestaan, bv. die Swartland. Dersens is daar provinsies wat bestaan uit naasmekaarliggende distrikte wat elkeen 'n eie eenheid het, maar wat, as hulle saam gegroeper is, 'n compage vorm deurdat sekere kenmerke wat eie aan almal is, uitgeken kan word, bv. die Boland, Groot Karoo, ens.

Hoe groot moet 'n „geografiese” streek wees? Die enigste stelreël is dat die grootte van die streek van die menslike element moet afhang, omrede die mens die middelpunt van so 'n studieveld is en sy behoeftes en probleme in groot mate die grootte en omvang van sy siening en funksies bepaal.

Ackerman verklaar dat streke wel bestaan en verduidelik verder: „One might say that a region is a particular expression of the attributes and limitations of a culture, observable as they relate to the earth's space and physical composition.”²

Streke het/

2. Ackerman, E.A., „Regional Research - Emerging Concepts and Techniques in the Field of Geography”, in Economic Geography, vol. 29, Julie 1953, pp. 189-197.

Streke het nie slegs ruimteleke afmeting nie, maar ook tydsafmeting. Verder moet onthou word dat daar nie slegs streke nie, maar ook hiërargie van streke bestaan. Met die analisering van streke mag die ontleding van die totale streek nie soseer die mikpunt wees nie, maar slegs die kennis van sleuteleienskappe. Elke streek het sy eie unieke kenmerke besit en daarom is die standaardkriteria nie moontlik nie. Daar is twee uitstaande klassifikasies van streke, nl. die „near-uniform region” en die nodale streek.

Gilbert³ onderskei tussen natuurlike en funksionele streke. Hy neem die geleidelike verskuiwing van die analitiese tot die sintetiese metode waar. Tweedens, verklaar Gilbert dat daar weinig natuurlike streke meer voorkom. Menslike besetting het die voorkoms van streke geheel en al of gedeeltelik verander. Die gedagte van menslike aktiwiteite en gevolglike resultate word geheel en al ingesluit in die studie van streke. Derdens word algemeen aanvaar dat die dorp of stad in sy streeksverband bestudeer moet word, aangesien nedersettings byna sonder uitsondering belangrike funksies t.o.v. die landelike omgewing vervul.

Harris en Ullman voeg hieraan toe: „Cities are the focalpoints in the occupation and utilization of the earth by man. Both a product of an influence on surrounding regions, they develop in definite patterns in response to economic and social needs the support of a city depends on the services it performs not for itself but for a tributary area.”⁴ Murphy⁵ huldig die standpunt/

3. Gilbert, E.W., „The Idea of a Region”, in Geography, Julie 1960, pp. 157 - 171.
4. Harris, C.D. en Ullman, E.L., „The Nature of Cities”, in Annals of the American Academy of Political and Social Science, vol. 242, Nov. 1945, pp. 7 - 17.
5. Murphy, R.E., The American City. An Urban Geography, p. 51.

standpunt dat elke nedersetting in mindere of meerdere mate die omringende gebied beïnvloed. Hoe verder van die kern beweeg word, hoe geringer is die invloed. In 'n sekere sone sal die betrokke nedersetting se invloed verdwyn en deur 'n ander dorp of stad beïnvloed word. Die ommeland se grense sal wissel na gelang van die betrokke stad se funksionele dienskring.

Die doel van die bespreking van teoretiese en empiriese werke oor sentrale plekke en sentraliteit beklemtoon dat die afbakening van sentrale plekke se diensgebiede nie 'n studie op sy eie is nie, maar 'n geïntegreerde deel van die sentraleplekstudie as geheel vorm, aldus De Klerk.⁶ Die afbakening van diensgebiede kan beter verklaar word deur 'n kennis van die betrokke sentrum se funksionele status t.o.v. die ander sentra wat hom omring. Deur 'n kennis van die betrokke sentrum se funksionele status, kan onmiddellik bepaal word waar en hoever die ander sentra van dieselfde rangorde geleë is of watter dorpe ondergeskik en binne sy diensgebied sal val.

Ekonomiese en fisiese streke is volgens Fair⁷ die primêre uitgangspunt. Hy vervolg: "A region is no absolute phenomenon. Nor is it a single observable element of landscape. It is the creation of men's minds, it is a concept, an area homogeneous in terms of specific criteria."

9.2. TERMINOLOGIE

Van Cleef⁸ het bevind dat invloedssfeer drie intensiteitsvorme openbaar. Eerstens is daar onafgebroke agterlande (continuous hinterlands) dan volg die onder-
broke agterlande/

6. de Klerk, J.A., op.cit., p. 26.

7. Fair, T.J.D., "Regions for Planning in South Africa", in S.A. geographical Journal, vol. 39, Des. 1957, pp. 26 - 50.

8. van Cleef, E., "Hinterland and Umland", in Geographical Review, no. 2, vol. 31, April 1941, pp. 308-311.

broke agterlande (discontinuous hinterlands) met die „Umland“ of ommeland as laaste tipe, Sommige geograwe verklaar dat slegs dié gebiede aangrensend aan 'n hawe as agterland beskou kan word. Die ekonomiese grense word bepaal deur ondersoek in te stel na die gebiede wat handelsbetrekkinge met die betrokke hawe het. Van Cleef verklaar egter dat dit nie slegs hawens is wat agterlande het nie. 'n Stad, met sy agterland, kan op enige plek geleë wees, want alle handelsentra het agterlande.

Van Cleef definieer agterlande as volg: „.....the definition I propose takes in all the physical area that would be affected by the human relations involved. As the term, hinterland ordinarily is associated with man's activities, the human relationships are entitled to first consideration in any definition of the term.“⁹

Tweedens is daar onderbroke of onsamehangende agterlande. Van Cleef beskou hierdie agterlande as volg: „.... that some regions are economically closely associated with a primary center but that the intervening territory has no particular interest for the center.“¹⁰ Daar is dus gebiede tussen die stad en sy ommeland wat geen sentrale gerigtheid vertoon nie.

Derdens is daar die Umland en Van Cleef wys daarop dat: „..... the umland involves the area immediately adjacent to the political limits of the city or trade center and is a part of the continuous hinterland.“¹¹ Die grense word bepaal deur: „..... the area whose total economic and cultural activities are essentially one with those of the primary center,“¹² Volgens Van Cleef is dit moeilik om die grense van die onafgebroke agter-

land/

9. Ibid., pp. 308 - 311.
10. Ibid., pp. 308 - 311.
11. Ibid., pp. 308 - 311.
12. Ibid., pp. 308 - 311.

land noukeurig te bepaal.

Die algemene benaming van invloedssfeer word dikwels onder verdenking geplaas omdat dit politieke beheer impliseer, aldus Murphy.¹³ Laasgenoemde onderskei tussen twee gebiede. Eerstens is daar die gebied waarop die stad 'n oorheersende invloed uitoefen, die sogenaamde vertakkingsgebied, ondersteuningsgebied, markgebied, invloedssfeer, agterland, umland en stedelike veld. Tweedens is die stad se enkelvoudige gebiede wat bekend staan as vertakkingsgebiede, agterlande, stedelike gebiede, opvanggebiede, invloedssfeer en diensgebiede van belang.

De Klerk¹⁴ bevind dat Green van die stedelike agterland as: „an area beyond or behind the town limits", praat. Green beskou invloedssfeer as gebiede waar politiek sy invloed het. Genoemde skrywer¹⁵ gebruik die term diensarea i.p.v. umland. Ook wys hy daarop dat lyne waarmee die afbakening gemaak word isolitur(g)e genoem word. (Grieks: iso= gelyk; liturgia = openbare dienste).

9.3. TOTALITEIT VAN DIENSGBIEDE

Volgens Spelt vorm nedersettings en die diensgebied 'n onafskeidbare totaliteit: „If modern town planning wants to measure up to its task, it will have to plan for both city and umland as a unit. Town and umland are only two different aspects of one and the same coherent whole." ¹⁶

Die sentrale stad is afhanklik van sy umland vir arbeidskragte, asook die invloei van mense om sodoende 'n voortgesette bevolkingsgroei te handhaaf. Een van die belangrikste/

13. Murphy, R.E., op.cit., p. 52.

14. de Klerk, J.A., op.cit., p. 27, vgl. Green, F.H.W., „Urban Hinterlands in England and Wales, An Analysis of Bus Service", in Geographical Journal, vol. 116, 1950, pp. 270 - 285.

15. de Klerk, J.A., op.cit., p. 48.

16. Spelt, J., „Towns and Umlands", in Economic Geography, Okt. 1958, pp. 362 - 369.

belangrikste funksies van die ommeland is om oop terrein vir die stedelike bevolking te verseker.

Behalwe werkverskaffing vervul die stad nog baie funksies t.o.v. die umland. Moderne vervoermiddels voorsien onderlinge dienste soos finansies, opvoeding, gesondheid, administrasie en ontspanning, aangesien daar daaglikse kontak tussen die twee instansies is.

Spelt skryf verder: „The city became a powerful economic concentration and in part acquired this position in collaboration with its umland which provided it with workers, maintained its population growth, and provided open space for suburban expansion. At the same time its population patronized the city stores.”¹⁷

Klasseverskille tussen die stad en die nedersettings in die umland het mettertyd ontstaan. Die sg. sentrale stad het groot rykdomme opgebou en sodoende het finansiële verskille tussen stad en oorheersende residensiële munisipaliteite in die umland, ontstaan. Daarvolgens is die umland se funksie en dienste dus deur die sentrale plek in grootte, getal en omvang oortref.

Die stad huisves ook sekere funksies en dienste, bv. hospitale, sekere skole, museums en teaters waartoe die ommeland geen bydrae lewer nie, maar wel ten volle benut. Mense van die umland besoek die stad om verskeie redes en spandeer dikwels daar geld. Aan die ander kant spandeer die stedeling in die umland terwyl hy daar ontspanning soek.

Spelt volstaan deur te verklaar dat: „..... umland and town constitute economically, culturally, and socially a closely integrated entity. Existence of one without the other/

17. Ibid., p. 363.

out the other is virtually impossible." 18

Green verklaar kortliks: „The city is the focal point of regional activity, with the hinterland carrying on functions necessary to the metropolitan community as a whole." 19

In sy bespreking van die verhouding tussen dorpe en hul omgewing, het De Klerk 20 bevind dat daar onderlinge afhanklikheid t.o.v. ekonomiese en sosiale aspekte, is. 'n Nedersetting en sy omgewing vorm 'n geïntegreerde entiteit. Alle dorpe, in hul rol as dienssentra en ongeag die rede van hul totstandkoming, voorsien dus vir 'n bevolking bo en behalwe hul eie. Selfs nywerheidsdorpe en vakansieoorde stel hul dienste beskikbaar aan mense buite hul grense. Moderne kommunikasie het dorp en stad grootliks in staat gestel om die reikwydte van hul dienste uit te brei en is die omliggende bevolking in direkte kontak met die stedelike lewe en instellings gebring.

9.4. KRITERIA VIR DIENSGBIEDAFBAKENING

Brush en Bracey 21 beskou twee aspekte as belangrik by die bepaling van 'n nedersetting se invloed op sy omgewing, nl. die hoeveelheid sakeondernemings en dienste wat 'n sentrum bevat en tweedens 'n bepaling van die grootte van 'n gebied wat van die sentrum afhanklik is. Die vraag of daar 'n spesifieke soort onderneming of diens in die sentrum is, kan verder gestel word, en laastens, waar woon die mense wat die sentrum besoek?

Volgens Brush en Bracey het Dickinson die volgende

kriteria/

18. Ibid., p. 364.
19. Green, H.L., „Hinterland Boundaries of New York and Boston in Southern New England", in Economic Geography, vol. 31, Okt. 1955, pp. 283 - 300.
20. de Klerk, J.A., op.cit., p. 28.
21. Brush, J.E. en Bracey, H.F., „Rural Service Centers in South-Western Wisconsin and Southern England", in Geographical Review, vol. XLV, Okt. 1955, pp. 559 - 569.

kriteria vir Oos-Anglia gebruik. Hy ²² het die volgende aspekte nagegaan om elke sentrum se status te bepaal: alle klein- en groothandel, banke en finansiële instellings, persoonlike dienste, ontspanningsgeriewe, professionele en regeringsdienste. Smailes ²³ het sy aandag veral op die landelike bevolking gevestig. Waar klop hierdie mense aan vir mediese voorrade en dienste, klerasie, huishoudelike goedere, finansiële dienste en ontspanning. Die gegewens is d.m.v. vraelyste ingesamel en die omvang van die gebied is bepaal vir sentrums wat drie uit die vier groepe van dienste gebruik.

In die ommeland-studie en die bepaling van kriteria het De Klerk ²⁴ nadruk gelê op die feit dat alle essensiële funksies, hetsy ekonomies of sosiaal, in gedagte gehou moet word. Eerstens is daar ekonomiese dienste soos werkverskaffing, ontvangs, bemaking en verspreiding van produkte en goedere uit die omliggende gebied en die voorsiening van handels- en ander lewensmiddele. Tweedens is daar die sosiale funksie, nl. gesondheids-, ontspannings- en kulturele dienste.

By die keuse van kriteria sal die getal vermeerder namate die stad groter word met die gevolglike vermeerdering van funksies, aldus Murphy. ²⁵ Die kriteria word bepaal deur die stadskarakter en die aard van sy omgewing in oënskou te neem. Indien die platteland boerderydistrikte is, sal die ordelys gebaseer word op masjinerie, lewende hawe, koring, ens. Tweedens moet die oorheersende funksionele kenmerke soos finansiële- of groot-handelsentra veral ondersoek word. Derdens het die

sentrum meesal/

22. Dickinson, R.E., "The Distribution and Functions of the Smaller Urban Settlements of East Anglia", in *Geography*, vol. 7, 1932, pp. 19 - 31.
23. Smailes, A.E., "The Urban Hierarchy in England and Wales", in *Geography*, vol. 29, 1944, pp. 41 - 51.
24. de Klerk, J.A., *op.cit.*, p. 35.
25. Murphy, R.E., *op.cit.*, p. 52.

sentrum meesal slegs algemene kenmerke. In hierdie geval moet bepaal word of 'n spesifieke aktiwiteit belangrik is. Gee dit 'n goeie weergawe van die sentrum se verhouding met omliggende gebiede en kan hierdie betrokke funksie genoeg besonderhede verskaf om die diensgebied te bepaal?

Onderstaande is 'n lys van kriteria wat deur Murphy voorgestel is. Hy wys daarop dat die keuse van kriteria 'n subjektiewe probleem is, maar isoleer die volgende; bakkery-aflewering, kliënte van stedelike tandartse, prokureurs en medici, groothandel in melkprodukte en aptekersware, meubelaflewering, groothandel in gas en olie, graansuilkante, groothandel in kruideniers- en ysterware, posaflewering, groothandel in vleis en rolprente, koerantverspreiding, hawe se afsendingsgebied, radio, herkoms van mense wat 'n verskeidenheid ontspannings- en kulturele fasiliteite van stad gebruik, kleinhandel, telefoondiens en televisie.

Bogenoemde bestaan uit gebiede vanwaar mense en produkte die stad bereik, asook die gebiede wat deur dienste of die afgesende ware bereik word. Die primêre doel waaraan 'n kriterium moet beantwoord, is dat dit die nodige inligting sal kan voorsien.

In hierdie verband sluit Murphy af: „Obviously, no one measure or a combination of two or three measures can be completely satisfactory in outlying areas.”²⁶

9.5. DIENSGBIEDAFBAKENING

Vir geograwe is dit nie altyd duidelik wat ondersoek moet word en hoe die ondersoek geloods moet word om 'n duidelike beeld van invloedssfeer te bekom nie. Met al die praktiese probleme het die gedagte ontstaan om

klein deeltjies/

26. Ibid., p. 65.

klein deeltjies van die aardoppervlak te ondersoek. Louw ²⁷ wys daarop dat daar gedurig verband met die groot ruimtes daaromheen gehou moet word.

Robert Platt, 'n groot voorstander van hierdie tipe streeksbenadering som dit as volg op: "It is regional geography and not systematic, since it deals with the complex of phenomena in an area. It is pure geography and not applied It is academic but not pedagogical it is concerned with landscape, with areal association of observable phenomena, with pattern of terrene occurence The study is chorologic it is microchoric rather than macrochoric it belongs essentially to the field of microgeography." ²⁸

In stadstudies is dit veral waar dat die basiese begrip van die streek, nl. wat dit sal wees, watter doel dit moet dien en hoe dit moet funksioneer, van groot belang is en die rede is waarom die ondersoek van stadstreek al hoe meer aangepak word. Die residensiële, nywerheids-, sake-, ontspannings- en ander streke binne die stad is in werklikheid losliggende mikrogeografiese streke.

Louw sluit af: "Ons kan dus in die algemeen i.v.m. die tipes streke wat bepaal word, sê dat hulle begrening op afsonderlike verskynsels gebaseer is of dat, waar die totale landskap in die streek betrek word en slegs 'n dominante element van die kompleks dit eiesoortigheid gee, die streeksbegrip grootliks gebaseer is op 'n veralgemeende eenheid, of hulle nou groot gebiede insluit of slegs klein deeltjies van 'n ingewikkelde kompleks vorm." ²⁹

Shorter/

27. Louw, M.J., op.cit., p. 23.

28. Ibid., p. 23, vgl. Platt, R.S., "Reconnaissance of British Guiana, with Comments on Micro-geography", in Annals of the Association of American Geographers, vol. 29, Junie 1939, pp. 70 - 80.

29. Louw, M.J., op.cit., p. 24.

Shorter³⁰ het die invloedsfere van Exeter op vyf afsonderlike maniere bepaal. Eerstens is die karweierverkeer, d.w.s. waar persone die vervoer van o.a. pakkette onderneem, nagegaan. Hierdie diens beslaan 'n kleiner oppervlakte as busdienste. Tweedens word die regionale dienspatroon van 'n winkel ondersoek. Die kliniese gebied beslaan die gebied vanwaar mense vir hospitalisasie, ondersoek, ortopediese en spesialiteitsbehandeling afkomstig is. Die telefoondiensgebied word bepaal en vyfdens is die aandkoerantverspreiding nagevors. Hierdie grens sal bepaal word deur die gebied waar ander aandkoerante meer gesog is.

Ackerman³¹ pas vier tegnieke toe: eerstens is daar die kwantitatiewe voorstelling deur van kartografiese tegnieke en sensusgegevens gebruik te maak. Die studie van 'n streek is te veel vir een persoon en daarom moet 'n span deskundiges gebruik word, om sodoende die belangrike data in te vorder. Die bydrae van een navorser t.o.v. die kennis van 'n streek is onvoldoende en onvolledig, terwyl ten slotte daar 'n interstreeksvergelyking moet wees. Sodoende kan sekere ongeëksploieerde waardes 'n bydrae tot die begrip van kragte wat 'n streek of streke vorm, lewer.

Ackerman onderskei vyf rangordes, nl. lokaliteit, distrik, provinsie, koninkryk of ryk en groothertogdom. Om 'n groot streek te verstaan, moet daar eerstens na die kleiner streekseenheid waaruit die betrokke streek saamgestel is, omgesien word. Hierdie mikro-geografiese studie beklee dan ook 'n prominente plek in moderne streeksgeografie.

Onderstaande/

30. Shorter, A.H., "The Site, Situation and Functions of Exeter", in Geography, Nov. 1954, pp. 250 - 261.
 31. Ackerman, E.A., op.cit., pp. 189 - 197.

Onderstaande word deur Ackerman by die afbakening van invloedsfere gebruik: grondgebruik, aktiwiteite en natuurlike aspekte wat die streek beïnvloed, bevolking, tegnologie, arbeidsbronne, inkomste, wetlike en administratiewe instellings, nywerheid en finansies, sosiale organisasies, tradisies en gebruike.

Die grense van die streek wat deur Cambridge beïnvloed word, is deur Gilbert afgebaken: 'n Opname van die winkels, ontspanning en professionele dienste is gemaak. Tweedens is die verspreidingsgebied van die weeklikse koerant ontleed. Gilbert wys hier op 'n pertinente aspek wanneer hy verklaar: "..... that so many English geographers are obsessed with the belief that regional geography is an exact science. In my opinion it is nothing of the kind, it is the human and subjective art describing regions " 32

In die geval van Jerusalem ³³ het sy historiese en nasionale rol baie tot hierdie stad se snelle ontwikkeling en rehabilitasie bygedra. Die huidige ligging het tot gevolg dat dit nie meer 'n belangrike verkeersknooppunt is nie. Die eenrigtingverkeer veroorsaak dat Jerusalem nie langer die enigste belangrikste sentrum is nie.

Efrat het twaalf dienste geneem om die verhouding tussen Jerusalem en sy agterland te bepaal: onderwysdienste, elektrisiteitsvoorsiening, watervoorsiening, eerstehulp, gesondheids-, telefoondienste, polisie, mobiele posdienste, werkverskaffing, finansies, vervoer en voorsiening van landbouprodukte.

Darnton ³⁴ het bevind dat gegewens wat kan help met die bepaling/

32. Gilbert, E.W., op.cit., pp. 157 - 171.

33. Efrat, E., "The Hinterland of the New City of Jerusalem and its Economic Significance", in Economic Geography, vol. 40, no. 3, Julie 1964, pp. 254-260.

34. Darnton, D.C., "We can Have Hinterland Data", in Professional Geography, vol. 15, no. 6, Nov. 1963, pp. 11 - 12.

die bepaling van invloedsfere, nie altyd geredelik bekom kan word nie. Voordat op kriteria besluit word, moet die bekombaarheid en betroubaarheid daarvan in oënskou geneem word. Die gegewens wat nodig was om die hawe-agterlande te beskryf en te analiseer was o.m. die hoeveelheid handelsartikels verskeep, die volume of waarde van verskepte ware, oorsprong van uitvoerware asook die bestemming van invoerware.

'n Objektiewe metode van die bepaling van invloedsfere wat Copland³⁵ volg, is die sg. "pilot"-opname. Aandag moet gegee word aan weeklikse reise na die sentrum, wat taamlik gereeld geskied. 'n Proefsteek van 'n persoon in die omliggende gebiede se reise is nagegaan en terselfdertyd gekarteer. Die opname toon eerstens of die persoon sy eie dienssentrum ondersteun het, al dan nie en tweedens word die frekwensie daarvan bepaal. Die opname kan gevolglik aandui hoeveel persone (van sentra en hinterlande afsonderlik) ondernemings in die sentra of hinterland besoek het.

Keeble³⁶ het bevind dat winkels 'n besonder goeie kriterium bied. Winkelinkope kan in drie groepe verdeel word: daaglikse en herhaaldelike besoeke om klein artikels soos brood, melk, sigarette en vleis aan te koop, aangesien die handelaar en verbruiker naby mekaar geleë is. Tweedens is die redelik gereelde weeklikse besoeke, aangesien klein plaaslike winkels nie die betrokke artikel of 'n wye keuse daarvan in voorraad het nie. Derdens waar inkope af en toe gedoen word. Die persone kom een- of tweemaal gedurende sy leeftyd om tapyte, meubels, 'n klavier, radio, klerasie, ens. te

koop/

35. Copland, B.D., "A Practical Application of the Theory of Hinterlands", in The Geographical Journal, vol. CXX, Jan. en Des. 1954, pp. 476 - 482.
36. Keeble, L., Principles and Practise of Town and Country Planning, pp. 105 - 111.

koop. Hierdie ware kan slegs in 'n streekshoofstad bekom word, aangesien die sentrum 'n groot verskeidenheid in die talle groot winkels in voorraad hou.

Keeble ag dit genoegsaam om ongeveer ses huisvroue in enige gemeenskap te ondervra. Die gegewens word gekarteer en lyne word getrek om alle plekke wat deur 'n spesifieke winkelsentrum bedien word, te verbind. Daar moet 'n onderskeid getref word tussen gebiede wat van weeklikse of onbepaalde besoeke gebruik maak. Verder kan daar ook strale vanaf elke nedersetting na die plek of plekke waar die betrokke dorp sy aankope doen, getrek word.

Die voordeel van hierdie kriterium is dat kleinhandel 'n algemene aktiwiteit is en nie tot sekere kategorieë beperk word nie. Die invloedssfeer kan aan plaaslike koerantverspreiding gekontroleer word, want hierdie twee aktiwiteite se agterlande toon gewoonlik 'n groot ooreenkoms. 'n Tweede kaart waarin die bestaande bevolking van elke plek voorgestel word, kan saam of apart van die winkelinkope-diensgebiedekaart aangebring word.

Die bevolkingsopname kan volgens Keeble as volg gedoen word: tel die aantal huise en vermenigvuldig dit met die gemiddelde huisgesingrootte soos deur plaaslike of nasionale bronne aangetoon word. Tweedens kan die aantal kiesers d.m.v. verkiesingslyste bepaal word. Die totale bevolking word verkry deur bogenoemde getal met die skatting van die plattelandse bevolking te vermenigvuldig en deel die resultaat deur die totale getal kiesers in die plattelandse distrik. Derdens kan 'n steekproef by 'n aantal huise gemaak word. Hierdeur kan die gemiddelde gesinsgrootte bepaal word. Lg. verskaf die mees akkurate gegewens.

Volgens Green ³⁷ is die verspreiding van koerante nou verwant aan die verspreiding van ekonomiese en sosiale aktiwiteite. Om hierdie rede toon bedieningsgebiede terselfdertyd sosiale- en ekonomiese sferes. Green stel die vraag, nl. hoe verteenwoordigend is 'n enkele kriterium?

Green het op sewe funksionele aanwysings vir die bepaling van enkelvoudige agterlandgrense staatgemaak: eerstens passasierstreinkaarkoppe; 'n aantal trokvrage na New York en Boston: metropolitaanse koerantverspreiding, langafstand-telefoonoproepe, herkoms van vakansiegangers, besigheidsadresse van direkteure vir individuele firmas en laastens is die metropolitaanse korrespondensie na agterlandbanke gebruik.

De Klerk ³⁸ skryf dat onthou moet word dat die werklike of totale ommeland van enige sentrum eintlik 'n multi-funksionele nodale streek is, d.w.s. die produk van 'n reeks saamgevoegde enkelvoudige umlande wat rofweg sal ooreenstem, maar nooit presies sal saamval nie. Volgens Coetzee vertoon enkelvoudige diensgebiede: "... ruimtelik sowel as funksioneel 'n dinamiese aspek en gevolglik is dit wenslik dat die studie van die totale agterland sal berus op die ontleding van die afsonderlike enkelvoudige agterlande." ³⁹ In 'n studie van sentraliteitsindekse wys Bracey egter daarop dat dit nie noodwendig die geval hoef te wees nie. ⁴⁰

De Klerk het van twee basiese metodes gebruik gemaak: afbakening geskied volgens afsonderlike kriteria wat gewoonlik gebruik maak van gepubliseerde data of wat deur sentrale instansies op navraag verskaf word,

of die totale/

37. Green, H.L., op.cit., pp. 283 - 300.

38. de Klerk, J.A., op.cit., p. 30.

39. Ibid., p. 30, vgl. ook Coetzee, J.A., Die Betekenis van Kaapstad as Hawe, pp. 111 - 112.

40. Ibid., vgl. ook Bracey, H.E., op.cit., p. 80.

of die totale afbakening wat berus op informasie soos verkry deur vraelyste.

Die mees algemene metode is die waar slegs enkele funksies op afsonderlike kaarte afgebaken word of soms meer as een op dieselfde kaart. Die volgende logiese stap, om 'n gemiddelde lyn te trek, word deur baie vermy omdat min die feit kan wegedeneer dat die totale umland 'n gradiëntkarakter besit, m.a.w. die umland se invloed daal trapsgewys.

Meer korrek sou wees om proefondervindelik die belangrikste funksie uit te soek wat: „..... while not requiring the resources demanded by a questionnaire survey, will give result of some detail, and for this an index which will define an average hinterland is needed. Owing to the constant variation of such areas the index must also be flexible and responsive to change in conditions and habits.”⁴¹

Seker die akkuraatste, maar 'n duur en tydrowende metode is deur Bracey⁴² gevolg. 'n Vraelys wat 'n verskeidenheid dienste dek, is opgestel. Uit hierdie is 15 dienste gekies wat beskou word as die normale dienste. Hy ignoreer die ongewone winkelbesoek en professionele dienste. Aan elke diens word een punt toegeken. Die vraelyste word na 2 of 3 verantwoordelike persone in elke wyk gestuur. Indien gevind word dat so 'n wyk geheel en al op een sentrum vir sy dienste staatmaak, word die maksimum van 15 punte toegeken.

Die resultate van die data is kartografies verbeeld. Alle wyke met 'n puntetotaal wat twee-derdes van die groot-totaal oorskry, word geklassifiseer binne die in-

tensiewe sone/

41. Ibid., p. 31, vgl. Green, F.H.W. en Flemming, J.B., Some Relations Between Country and Town in Scotland, in Scottish Geographical Magazine, vol. 68, 1952, p. 3.

42. Ibid., p. 32, vgl. ook Bracey, H.E., op.cit., p. 81.

tensiewe sone, n.a.w. die hoogste graad van affiliasie. Die wat minder as twee-derdes maar meer as een derde van die totaal ontvang, klassifiseer Bracey as ekstensief, en dié met minder as een-derde as sonaal (fringe). Die finale resultaat het die vorm van 'n isolynkaart.

'n Nadeel hieraan verbonde is dat bevolkingsgetalle nie in aanmerking geneem is nie en dat slegs drie persone per gemeenskap die vraelys beantwoord. Ook word daar aan elke diens slegs 1 punt toegeken, ongeag die sosiale waarde daarvan.

De Klerk se ondersoek het uit 27 kriteria, waarvoor hy 138 punte toeken, bestaan. 'n Vraelys is na 'n aantal boere geneem. Indien 'n boer van 'n sentrum se tandarts gebruik gemaak het, is 5 punte aan die plaas toegeken. Drie lyne het onderskeidelik al die plase met toekennings van 100%, 50% en 0% verbind.

TABEL 9.1

Die Kriteria en hul Puntetoekenning

Koöperasie	25	Steenmakery	5
Eksekuteurskamer	15	Motorhandelaar	5
Hoërskool	10	Filmvertoning	4
Hospitaal	5	Klerewinkel	3
Dokter	5	Sporthandelaar	3
Tandarts	5	Banke	2
Veeartsenydiens	5	Haarkapper	2
Apteek	5	Droogskoonmaker	2
Elektrisiën	5	Drankwinkel	2
Karweier	5	Vergaderings	2
Boukonstruksie	5	Kruideniersware	1
Fotografie	5	Bakkery	1
Skoenwinkel	5	Slaghuis	1
Bande	5		

Die koöperasie het 'n hoë waarde omdat landbou die belangrikste bedryf in die ondersoekgebied is.

Fair ⁴³ het d.m.v. 'n hele aantal kriteria Durban se diensgebied/

43. Fair, T.J.D., "Durban - Its Sfeer of Influence as a Regional Capital", in S.A. Geographical Journal, Junie 1949, pp. 77 - 91.

diensgebied bepaal. Eerstens is die ekonomiese en kommersiële diensgebiede ontleed en is die herkoms van Durban se bees-, skaapvleis en varsmelkvoorrade, asook vars groente en vrugte bepaal. Die bevinding was dat, alhoewel die hele Republiek Durban a.g.v. goeie spoorverbinding van bogenoemde kon voorsien, Natalse gebiede hoofsaaklik hierin voorsien het. Genoemde skrywer het voorts groothandelsake wat bier, petrol en algemene handelware verkoop se diensgebiede nagegaan. Hy bevind dat die uitgestrektheid van die afsonderlike diensgebiede deur die volgende faktore beïnvloed word, nl. die tipe handelware wat aangebied word, spoortariewe en die grootte en omvang van elke onderneming. Tweedens het Fair die maatskaplike of sosiale bedieningsgebied t.o.v. hospitalisasie, opvoeding asook koerantverspreiding aangetoon. Ten slotte is nagegaan hoe ver die administratiewe bedieningsgebied in die binneland strek.

Volgens Fair word die toeganklikheid en omvang van 'n streeksentrum aan 'n paar faktore toegeskryf: „Distance alone often sets the ‚divide‘ between the range of one centre and another, and road and rail mid-points (in both time and distance) are useful as first approximations In addition, the availability, efficiency and frequency of transport facilities determine the degree of relationship between town and country.”⁴⁴

Ten slotte onderskei Fair drie gordels of diensgebiede rondom Durban. In die eerste plek is daar 'n binne-ste kerngebied. Dit sluit die gebiede onmiddellik naas Durban in, aangesien gereelde dagreise deur persone wat van Durban vir 'n lewensbestaan afhanklik is, onderneem word. Tweedens het Durban 'n intermediêre sfeer.

Hierdie/

44. Ibid., pp. 77 - 91.

Hierdie betrokke gebiede is almal naby Durban, aangesien heen-en-weer reise binne die bestek van twaalf uur kan geskied. Die betrokke gebied het noue betrekkinge met Durban t.o.v. handel, nywerheid en administrasie. Verder voorsien dit vars melk en vleis aan Durban en 30% van Durban se koerante word hier gelees. Dordens word die verderliggende bedieningsgebied aangetref. Hierdie gebiede, hoewel hulle nie daaglikse kontak met Durban het, nie, is meer afhanklik van Durban vir dienslewering as omgekeerd.

Murphy ⁴⁵ bespreek 'n aantal geografe se afbakeningsmetodes as volg: Harris het in Salt Lake City 12 kriteria of funksies ondersoek wat veral op klein- en groot-handel betrekking het. Inligting is uit gepubliseerde bronne soos regeringstukke, in die geval van koerante uit die ABC (Audit Bureau of Circulation) en laastens uit persoonlike onderhoude bekom.

Ullman het in Mobile die groothandelsverspreidingsgebiede vir kruideniersware, vleis en aptekersware bepaal. Ullman se veldwerk het bestaan uit persoonlike onderhoude met kleinhandelaars in omliggende dorpe. Binne die invloedssfeer van Mobile is slegs dorpe waarvan minstens 50% van die kleinhandelaars met die stad handel gedryf het. Behalwe die kleinhandels- en koerantverspreidingsgrense is ook die buite-stedelike rekeninge wat by 'n departementele winkel en banke voorkom, nagegaan. Die navorser moet 'n hoë mate van samewerking by plaaslike instansies bekom.

Murphy verwys na 'n artikel van Dickinson ⁴⁶ waarin 'n veralgemeende metropolitaanse gebied bepaal is. Die

kaart/

45. Murphy, R.E., op.cit., p. 53.

46. Dickinson, R.E., "The Metropolitan Regions of the United States", in Geographical Review, vol. 24, 1934, pp. 279 - 291.

kaart is gebaseer op 'n veralgemening van verskeie faktore, nl. die groothandelsgebied en koerantverspreiding. Laasgenoemde het verder ook die kleinhandels- en nywerheidsinvloedsfere in berekening gebring.

Bogenoemde studies is hoofsaaklik op ondersoek van 'n paar jaar gelede gebaseer. Murphy wys daarop dat die moderne algemene gebruik van motors, veranderde metodes in die verpakking van koopware asook die verspreiding daarvan en televisie 'n definitiewe verandering t.o.v. diensgebiede teweegbring.

Oor diensgebiedafbakening verklaar Fair dat dit slegs sonaal is en dan gebruik hy 'n aanhaling van Mumford: „..... even the purely physical characteristics often grade into each other As soon as the human communities are considered, the regions becomes even more plainly a system of interrelationships that overflow and become shadowy at the margins To define human areas, one must seek, not the periphery alone but the centre.”⁴⁷

Hoe word diensgebiedafbakening gedoen en hoe geskied die voorstelling daarvan? Volgens Murphy⁴⁸ kan rondom 'n sentrum proporsionele sirkels getrek word. 'n Enkele diensgebied word egter algemeen gebruik. Soms word die verste uithoeke van die diensgebied ingesluit. Die rand van 'n diensgebied toon egter trapsgewyse 'n afname in intensiteit. Dit is wenslik om die binneste gebied (50% en meer) af te baken en die isolyne se waarde te rangskik namate dit na buite verminder. Oor die algemeen word egter net een isolyn (De Klerk se isoliturg) gebruik.

Hierdie isolyne hoef nie noodwendig op persentasies

gebaseer/

47. Fair, T.J.D., op.cit., pp. 77 - 91, vgl. ook Mumford, L., The Culture of Cities, 1938, p. 315.
48. Murphy, R.E., op.cit., p. 55.

gebaseer te word nie. So bv. kan die verhouding van koerante ontvang teenoor die bevolking van elke dorp bepaal word. Verhoudings kan bepaal word van die pasiënte van 'n dorpie wat 'n stedelike praktisyn besoek teenoor die inwonertal van die betrokke dorpe. Verder kan die verhouding van daaglikse besoekers vanaf 'n sekere dorpie aan 'n stad en die betrokke dorpie se inwonertal bereken word. Daar is dus nie 'n vasgestelde of bepaalde voorstellingsmetode nie.

Watter kenmerke word deur die onderskeie funksies se grense openbaar? In die geval van groothandel in kruideniersware het afstand 'n beperkende invloed. Kruideniersware met 'n relatief groot omvang in verhouding tot hulle waarde het tot gevolg dat daar eerder addisionele verspreidingsentra in kleiner dorpies voorkom. Bakkerie wat byvoorbeeld in koek spesialiseer sal, omdat dit groter waarde per gewigseenheid in vergelyking met brood het, oor 'n groter gebied versprei kan word.

Aptekersware bedien 'n ekstensiewe gebied omdat hierdie produk so 'n hoë waarde in verhouding tot sy gewig het. In die geval van ysterware is die agterland groot omdat selfs groot sentra ysterware direk van groot stede bekom. Die verkoop van elektriese toebehore vind dikwels op 'n paalementgrondslag plaas, sodat gereelde beleggings noodsaaklik is. Fabrikante selekteer groothandelaars en sê aan hulle 'n groot gebied toe om te bedien.

In die geval van kleinhandelsgrense word gewoonlik 'n klein gebied omsluit. Indien die ware van 'n hoë kwaliteit is, sal die agterland na verhouding groter wees. Groot afstande word na 'n groot departementele winkel afgelê.

Die koerantverspreidingsgrense is gewoonlik tussen

dié van/

dié van die groot- en kleinhandel geleë. Tyd is hier 'n belangrike faktor. Die koerant word gewoonlik gelees deur mense van 'n bepaalde gebied, aangesien plaaslike nuus daarin opgeneem word. Die grootte van die agterland sal bepaal word deur die grootte van die nedersetting asook die nabyheid van ander sentra wat koerante publiseer. Die agterland is gebonde aan tyd- en afstandsfaktore en word deur ander kompeterende sentra verklein.

Die afbakening van markgebiede na aanleiding van Reilly⁴⁹ se wet van kleinhandelswaartekrag verdien spesiale vermelding. Dit lui as volg: "..... the law states that morally two cities attract retail trade from a smaller intermediate city or town approximately in direct proporsion to the population of the two cities, and in inverse proporsion to the squares of the distance from these two cities to the intermediate city or town distances are measured along the most direct improved highway.

Die formule dui die ligging van die sogenaamde "breaking point" tussen enige twee stede aan. Hierdie breekpunt word as volg gedefinieer: "..... a point up to which one city exercises the dominating retail trade influence and beyond which the other city dominates."⁵⁰

Daar is 'n eenvoudige metode om die breekpunt te bepaal, nl.

$$\text{breekpunt} = \frac{\text{mylafstand tussen A en B}}{1 + \sqrt{\frac{\text{Bev. van stad B}}{\text{Bev. van stad A}}}}$$

Die afstand tussen Oklahoma City (429,188) en Amarillo (137,199) is 266 myl. Volgens bogenoemde berekening is

die breekpunt/

49. Ibid., p. 60, vgl. ook Reilly, W.J., "Methods for the Study of Retail Relationships", pp. 36 - 37.

50. Murphy, R.E., op.cit., p. 62.

die breekpunt 169.7 myl vanaf Oklahoma City. Die afstand vanaf Amarillo (die kleiner stad) is kleiner, nl. 96.3 myl.

So kan die breekpunt na alle kante vanaf 'n stad bepaal word. Reilly besef dat die berekening slegs teoreties is, m.a.w. faktore soos reliëf, groot brûe, hoofwegkongestie en die grootte van hoofweë sal die handelspatroon wysig. Murphy wys daarop dat navorsers dikwels verkies om by die bepaling van handelsgebiede hulle te verlaat op die adresse van klante, onderhoude met sakeondernemings of motorregistrasies.

Tot dusver het Murphy se bespreking individuele of groepe van individuele diensgebiede ingesluit. Die probleem is nou hoe die samegestelde invloed van die verskeidenheid dienste, d.w.s. die stad se sg. „tributary” area bepaal gaan word. Twee stede A en B (150.000 inwoners elk) is 100 myl van mekaar geleë. Vanaf elke stad sal die totale invloed van die stad na buite, soos saamgestel uit die gesamentlike dienste, kleiner word. In 'n sone ongeveer halfpad tussen A en B sal oorvleueling plaasvind.

Vir 'n spesifieke afstand vanaf A sal laasgenoemde se invloed oorheersend wees. In 'n verderliggende gebied sal daar twyfel bestaan. Vir sommige artikels sal inwoners na A gaan en in ander gevalle na B. Murphy verklaar: „This belt or transition zone, broad and vague, though it may be, represents the boundary between the tributary areas of the two cities.”

So sal die grense se afstande van 'n stad aan alle kante daarvan varieer, m.a.w. daar is geen sprake van 'n simmetriese grens nie. 'n Vanselfsprekende oorsaak van onreëlmatigheid is die feit dat aan weerskante van 'n stad nie ewe veel kompetisie is nie. Reliëf, variasies in produktiwiteit, administratiewe grense en hoofweë werk ook onreëlmatigheid in die hand.

HOOFSTUK 10 AFBAKENING VAN QUEENSTOWN SE DIENSGEBIEDE10.1. NAVORSINGSMETODE

Daar kan veral van twee metodes gebruik gemaak word om enige stad se ommeland te bepaal. Eerstens kan al die gebiede wat as moontlike afsetgebiede van die betrokke sentrum beskou word, besoek word. 'n Tweede metode is dié waar plaaslike ondernemings genader word. Laasgenoemde metode is in die geval van Queenstown gebruik.

Eerstens moes 'n tweetalige vraelys opgestel word wat eenvoudige en duidelike vrae bevat het. Om enigszins 'n bevredigende opname te maak, moes daar persoonlik na al die ondernemings gegaan word. Aan elke onderneming is die vraag gestel, nl. aan watter dorpe verkaf dit gereeld goedere? Sodoende is die diensgebiede van die nywerheid, groot- en kleinhandel op hierdie wyse bepaal. Dit was onmoontlik om die volume of geldwaarde van goedere aan 'n betrokke sentrum verkoop, te bepaal, maar die betrokke bestuurders kon egter uit ondervinding die dorpe wat sake in Queenstown doen, vermeld. Verder kon hulle die persentasie plaaslike, d.w.s. versorgende verkope en buitestedelike of stuwende verkope aandui.

Die statistieke van die totale verkope aan elke afsonderlike dorp kon van groot waarde wees, ongelukkig was dit egter onmoontlik om te bepaal. Die stuwendversorgende verhouding kon slegs by benadering bepaal word. Frekwensie speel 'n belangrike rol by die bepaling van die diensgebiede. Deur verder ook van die aantal ondernemings (as persentasie) gebruik te maak wat met 'n betrokke sentrum handelsbande het, kon sodoende bepaal word of 'n dorp noue handelsbetrekkinge met Queenstown het, al dan nie.

Die opname/

Die opname kon dus duidelik aantoon waar individuele kliënte en klante afkomstig is. Finansiële instansies asook kleinhandelsake doen gewoonlik met individue sake. Groothandelaars kon nie alleen die herkoms van individuele kopers, maar ook handelsake in ander sentra, wat aankope in Queenstown doen, aandui.

Die vraag kan verder gestel word, nl. watter persentasie plaaslike sakeondernemings wat met 'n betrokke sentrum handelsbande het sou die kern, intermediêre gebied en oorgangsgordel aandui? Hierdie persentasie het bv. in die geval van groot-, kleinhandel en nywerheids gewissel. Nadat by die verskillende sakeondernemings navraag gedoen is i.v.m. die beraamde handelsvolume met elke sentrum asook die frekwensie van aankope, is daar oor elke dorp se posisie besluit. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die grootte van 'n dorp ook 'n rol speel. Dorpe soos Whittlesea, Lady Frere en Cofimvaba doen byna geheel en al hul sake in Queenstown. Tog toon die opname dat daar nie so 'n groot persentasie sake met die sentra gedoen is nie. Hierdie toedrag van sake is a.g.v. die klein blanke bevolkings en groot Bantoereservate. Om hierdie rede is daar aanpassings gemaak en hierdie dorpe word onder die kerngebied geklassifiseer.

10.2. KLEINHANDELSBEDIENINGSGBIED (Fig. 25)

Die kleinhandel in Queenstown bestaan uit motorhandelaars, algemene handelaars en algemene boubedryfmateriaal, klerasie en skoeisel, handel in meubels en elektriese ware, handel in sport-, juweliers-, en aptekersware, boerderybenodigdhede en produkte, kettingwinkels, kafees en vrugte winkels, drankwinkels, fotografe, bloemiste, skryfbehoeftes, slaghuise, koöperasie, Bantoe-handelaars, nie-blanke handelaars, allerlei en ongeklassifiseerd.

Daar was 742 blankes en 745 Bantoes in die kleinhandel betrokke. Uit 'n totaal van ongeveer 120 sake was die stuwend-versorgende verhouding 3.6 : 6.4. Ongeveer 60% van die kleinhandelware word gevolglik plaaslik verbruik.

Tabel 10.1 dui die dorpe, asook die aantal sakeondernemings in Queenstown, waarmee die betrokke dorp handel gedryf het aan. Die volgorde is bepaal slegs deur die getal sakeondernemings waarmee die dorp handel gedryf het en nie volgens geldwaarde of volume nie.

TABEL 10.1

Getal kleinhandelondernemings van Queenstown
wat met afsonderlike dorpe handel dryf

Sterkstroom	70%	Aliwal-Noord	15%	Fort Beaufort	5%
Tarkastad	70	Maclear	15	Engcobo	5
Molteno	60	Whittlesea	15	Venterstad	3
Dordrecht	55	Jamestown	10	Umtata	2
Cathcart	55	Stutterheim	10	Bloemfontein	2
Indwe	50	Steynsburg	10	Seymour	2
Elliot	45	Hofmeyr	10	Middelburg	1
Lady Frere	40	Ugie	10	Humansdorp	1
Cofimvaba	35	Lady Grey	10	Port Elizabeth	1
Barkly-Oos	30	Oos-Londen	5	Adelaide	1
Burgersdorp	25	Kingwilliamst.	5	Kokstad	1
Cala	20	Cradock	5	Graaff-Reinet	1

Die vraag kan gestel word watter dorpe die mikro-sfeer en makrosfeer sal uitmaak? Watter persentasie ondernemings moet met die betrokke dorp handel dryf om as 'n mikro- of makrosfeer geklassifiseer te word? Ondernemings soos slaghuise, klein Bantowinkels, nie-blanke handelaars en klein winkeltjies wat allerlei ware verkoop, moet noodwendig hoofsaaklik 'n beperkte plaaslike afset hê.

Oor die gebiede waar Noordoos-Kaapland se boere hul kleinhandelware bekom, het Kotze¹ die volgende

waargeneem/

1. Kotze, H.A., 'n Studie van die Ekonomie van Noordoos-Kaap met Besondere Verwysing na die Landbou, Bylae II, pp. 42 - 51.

waargeneem:

TABEL 10.2

Aankope van verskillende items deur boere in die onderskeie bedieningsgebiede, uitgedruk as 'n persentasie van die totale aantal aankope van 'n betrokke item en ingedeel volgens die plek waar

hulle aangekoop is

	I Bounateriaal;	II Masjinerie en gereedskap;	III Kleiner items.									
	Elliot Maclear	Binne- streek	Oos- Londen	Queenst.	Elders	A-Noord	Bloemf.	Totaal				
I	86	-	8.7	3.3	2	-	-	100%				
II	73.3	11.7	8.8	2.4	3.9	-	-	100%				
III	80.8	2.7	14.3	-	1.9	-	-	100%				
	<u>Barkly-Oos/ Rhodes</u>											
I	93	6	1	1	3.4	6.5	-	100%				
II	75	4.7	6.2	3.8	2	3	-	100%				
III	77.7	8.6	4.5	4	2	3	-	100%				
	<u>Dordrecht</u>											
I	93.6	-	4	2.3	-	-	-	100%				
II	89.8	1.2	2.3	4.6	1	-	1.1	100%				
III	83.2	-	10.5	3	2.3	-	1	100%				
	<u>Molteno</u>											
I	93	3	2	2	-	-	-	100%				
II	76.2	5.6	5.3	12.3	6	-	-	100%				
III	94	-	2.5	3.5	-	-	-	100%				
	<u>Burgersdorp</u>											
I	85	-	2	-	-	13	-	100%				
II	75.8	1	3.8	1.2	1	14.8	2.4	100%				
III	77	1.5	8	-	-	12.4	.5	100%				
	<u>Aliwal-Noord / Lady Grey</u>											
I	98	1.5	.5	-	2.4	-	-	100%				
II	89.7	3	1.1	1.4	2.4	-	2.4	100%				
III	88.5	3.6	7.3	.4	.7	-	.5	100%				
	<u>Jamestown</u>											
I	84	16	-	-	-	9.5	-	100%				
II	40.3	33.2	14	3	-	1	-	100%				
III	73.3	18.2	7	1	-	-	-	100%				

TABEL 10.3

Meubel-, Klerasie- en voedselaankope van N.O.K.

Plek waar gekoop	Meubels % aankope	Klerasie % aankope	Voedsel % aankope
<u>Elliot / Maclear / Ugie Bedieningsgebied</u>			
Elliot/Maclear	63	61	92
Binnestreek	3	4	2
Oos- Londen	16	27	2
<u>Queenstown</u>	18	8	4
	<u>100</u>	<u>100</u>	<u>100</u>
<u>Barkly-Oos / Rhodes Bedieningsgebied</u>			
Barkly-Oos/Rhodes	47	75	76
Binnestreek	-	7	24
Aliwal-Noord	6	-	-
Oos-Londen	24	9	-
<u>Queenstown</u>	12	9	-
<u>Elders</u>	11	-	-
	<u>100</u>	<u>100</u>	<u>100</u>
<u>Dordrecht Bedieningsgebied</u>			
Dordrecht	55	96	96
Binnestreek	4	-	-
<u>Queenstown</u>	34	4	4
<u>Oos-Londen</u>	7	-	-
	<u>100</u>	<u>100</u>	<u>100</u>
<u>Burgersdorp Bedieningsgebied</u>			
Burgersdorp	51	56	75
Binnestreek	-	3	-
Aliwal-Noord	16	11	14
Oos-Londen	13	11	5
Bloemfontein	16	14	4
<u>Queenstown</u>	4	5	2
	<u>100</u>	<u>100</u>	<u>100</u>
<u>Molteno Bedieningsgebied</u>			
Molteno	36	45	100
Binnestreek	-	-	-
<u>Queenstown</u>	52	52	-
<u>Oos-Londen</u>	12	5	-
	<u>100</u>	<u>100</u>	<u>100</u>
<u>Aliwal-Noord / Lady Grey Bedieningsgebied</u>			
Aliwal-N./Lady Grey	87	80	89
Binnestreek	4	2	-
Oos-Londen	4	8	5
Bloemfontein	-	8	-
<u>Queenstown</u>	5	-	5
<u>Elders</u>	-	2	1
	<u>100</u>	<u>100</u>	<u>100</u>
<u>Jamestown Bedieningsgebied</u>			
Jamestown	13	22	44
Binnestreek	13	22	28
Oos-Londen	24	22	28
<u>Queenstown</u>	50	34	-
	$\frac{1}{2}$ <u>100</u>	<u>100</u>	<u>100</u>

Volgens/

Volgens Kotze ² koop die meeste boere in Noordoos-Kaap gewoonlik die kleiner items wat hulle deur die jaar vir hul boerdery benodig, in hul tuisdorpe. Items wat nie so dikwels aangekoop word nie en wat groter, duur- saam en duurder is, bv. verkillende soorte gereedskap, motors, ens., word in 'n baie groter mate buite hul be- dieningsgebiede aangekoop.

Boere uit die bedieningsgebiede van Elliot, Maclear, Barkly-Oos, Dordrecht, Burgersdorp en Jamestown het hier- die items hoofsaaklik in Oos-Londen en tot 'n mindere ma- te in Queenstown aangekoop. Boere in Molteno het hoof- saaklik in Queenstown en tot 'n mindere mate in Oos-Londen sake gedoen. Die derde sentrum, Bloemfontein, is ook deur boere wat veral in die bedieningsgebiede van Dord- recht, Burgersdorp, Aliwal-Noord, Lady Grey en Rouxville woon, besoek. Meer aankope uit Noordoos-Kaap is egter in Oos-Londen as in Bloemfontein gedoen.

Dit moet egter onthou word dat bogenoemde opname slegs onder die boere gedoen is. Bloemfontein, Queens- town en Oos-Londen is dus die drie sentra wat kleinhan- delsverkope in 'n groter mate tot ver buite hul eie gren- se het.

Die binnenste kerngebied van Queenstown se klein- handelsverkope sluit die volgende dorpe in; Sterkstroom, Tarkastad, Molteno, Dordrecht, Cathcart, Indwe, Whittle- sea, Lady Frere en Cofimvaba. Inwoners van hierdie dorpe kom gereeld sake in Queenstown doen.

Die intermediêre sfeer van Queenstown sluit die vol- gende dorpe in; Elliot, Barkly-Oos, Burgersdorp, Cala, Aliwal-Noord, Maclear, Jamestown, Stutterheim, Steyns- burg, Hofmeyr, Ugie en Lady Grey. Hierdie dorpe is 'n redelike afstand van Queenstown geleë en besoeke is gereeld maar in 'n veel mindere mate as in eersgenoemde groep/

2. Ibid., pp. 103-- 104.

groep.

Oos-Londen, King William's Town, Cradock, Fort Beaufort, Engcobo, Venterstad, Umtata en Seymour vorm die bedieningsperiferie*. Dorpe, verder weg geleë, speel geen rol in Queenstown se kleinhandel nie. Hoewel 'n stad soos Oos-Londen eintlik aan Queenstown kleinhandelware voorsien, koop Oos-Londen tog sekere ware by eersgenoemde. Bantoe-medisyne, saals en tooms, ware soos windpomponderdele, ens. word aan Oos-Londen voorsien, omdat lg. nie in daardie tipe onderneming spesialiseer nie.

Queenstown is as opvoedkundige sentrum bekend en leerlinge is vanuit die hele Republiek afkomstig. Aangesien hulle hul benodigdhede hoofsaaklik plaaslik koop, strek Queenstown se kleinhandelsbedieningsgebied gevolglik oor 'n wye gebied.

Vervolgens moet daar gelet word na die faktore wat die vorm van die bedieningsgebied bepaal. Kleinhandelsverkope gekied hoofsaaklik deur persoonlike besoeke aan 'n sentrum. Die bereikbaarheid asook die tydsfaktor speel 'n groot rol. Aan die westekant is Whittlesea, 'n baie klein dorpie, wat geheel en al van Queenstown afhanklik is. Tarkastad is naby (39 myl) en wel op 'n nasionale roete en per spoor verbind. Cradock doen geringe sake met Queenstown omdat dit self goeie winkels het en ook meer onder die invloed van Port Elizabeth is. Cradock is direk met lg. d.m.v. 'n hoofspoorlyn verbind. Hofmeyr (77 myl) en Steynsburg (94 myl) doen betreklik min sake plaaslik en wel net wanneer die benodigdhede slegs in Queenstown verkrygbaar is. Queenstown is nie d.m.v. 'n nasionale pad met hulle verbind nie en daar is ook geen direkte spoorverbinding nie. Die betrokke

dorpe/

* Bedieningsperiferie staan ook as die gordelgebied of raangebied bekend.

dorpe sal dus veel eerder met naderliggende groter sentra soos Cradock en Burgersdorp handel dryf.

Burgersdorp (89 myl) en Aliwal-Noord (100 myl) doen betreklik baie sake met Queenstown, omdat daar goeie verbindings per pad en spoor is. Hierdie dorpe is egter redelik groot en het gevolglik selfs 'n verskeidenheid ware. Lady Grey (107 myl) het nie direkte verbinding met Queenstown nie en doen eerder sake in Aliwal-Noord.

Barkly-Oos (103 myl) is ook nie direk met Queenstown verbind nie, maar doen egter meer sake met Queenstown as in die geval van Lady Grey. Alhoewel Barkly-Oos 81 myl vanaf Aliwal-Noord geleë is, kom voornemende kopers eerder na Queenstown wat, alhoewel dit verder geleë is, tog beter sakeondernemings het.

Maclear (137 myl) doen 'n redelike hoeveelheid sake in Queenstown, omdat dit 'n goeie spoor- en 'n bevredigende padverbinding met laasgenoemde het. Umtata wat betreklik groot sakeondernemings het en redelik na aan Maclear geleë is, trek heelwat kopers van lg. Alhoewel wel Umtata (147 myl) hoofsaaklik in Oos-Londen koop, is daar tog ware waarin net Queenstown spesialiseer, gevolglik is daar 'n geringe mate van handel tussen laasgenoemde en Umtata. Oos-Londen (129 myl) soos reeds gemeld, koop ook in 'n geringe mate sekere ware waarin Queenstown spesialiseer.

Seymour (71 myl) en Fort Beaufort (85 myl) doen slegs geringe sake in Queenstown, hoofsaaklik omdat stede soos Port Elizabeth en Oos-Londen naby geleë is. Tweedens is daar ook nie 'n vinnige en direkte verkeersroete met Queenstown nie aangesien die Winterberge 'n natuurlike skeidingsgrens aan Queenstown se suidelike kant vorm.

Queenstown se kleinhandelsbedieningsgebied het 'n radius van ongeveer 100 myl.

10.3 DIENSGEBIED VAN FINANSIELE INSTELLINGS (Fig. 26)

Uit 'n ondersoek het geblyk dat die stuwend-versorgende verhouding 5.3 : 4.7 is. Die kliënte is dus nie net tot Queenstown beperk nie.

Die banke voorsien hoofsaaklik in plaaslike behoeftes, bougenootskappe en versekeringsmaatskappye het takkantore of agentskappe in Queenstown en laastens is daar 'n aantal plaaslike bemarkingsagentskappe.

TABEL 10.4

Getal finansiële instellings van Queens-
town wat met afsonderlike sentra sake doen

Tarkastad	75%	Hofmeyr	25%	Seymour	10%
Cathcart	65	Lady Grey	25	Jamestown	10
Sterkstroom	55	Maclear	25	Grahamstad	10
Elliot	50	Steynsburg	25	Cradock	10
Barkly-Oos	45	Cofimvaba	25	Cala	5
Dordrecht	45	Lady Frere	25	Middelburg	5
Molteno	45	Kingwilliamst.	15	Venterstad	5
Indwe	45	Stutterheim	15	Whittlesea	5
Aliwal-Noord	40	Oos-Londen	10	Adelaide	5
Burgersdorp	40	Fort Beaufort	10		

Die kerngebied bestaan uit sentra soos Tarkastad, Cathcart, Sterkstroom, Elliot, Barkly-Oos, Dordrecht, Molteno en Indwe. Hierdie gebiede bestaan hoofsaaklik uit blanke dorpe in Noordoos-Kaapland.

Die intermediêre gebied beslaan dorpe soos Aliwal-Noord, Burgersdorp, Hofmeyr, Lady Grey, Maclear, Steynsburg, Cofimvaba en Lady Grey.

Dorpe wat die randgebied uitmaak, is King William's Town, Stutterheim, Oos-Londen, Fort Beaufort, Seymour, Grahamstad, Cradock, Middelburg, Venterstad en Adelaide.

10.4. GROOTHANDELBEDIENINGSGBIED (Fig. 27)

Daar is 'n opname by 20 groothandelaars gedoen en

die stuwend/

die stuwend-versorgende verhouding is op 8.1 : 1.9 gestel. Slegs 19% van die groothandelware word in Queenstown verkoop. Daar is 97 blankes en 95 nie-blankes in diens. Die gebiede waaraan dienste gelewer word, strek oor 'n redelik wye gebied, o.a. die Kaapse Middellande, Grens, Transkei, Noordoos-Kaap, Suid-Vrystaat en Suid-Lesotho.

Daar is 'n paar rigtings waarin die ondernemings spesialiseer, nl. voedsel aan die nie-blanke bevolking, besproeiingsapparaat, trekker- en motoronderdele, sementpype, veemiddels en instrumente, plant-insekdoders, draad en pale, tabak, kruideniersware en ysterware, kle-rasie.

TABEL 10.5

Getal groothandelondernemings van Queenstown

wat met afsonderlike dorpe handel dryf

Sterkstroom	90%	Jamestown	45%	Engcobo	20%
Molteno	85	Hofmeyr	40	Cradock	20
Aliwal-Noord	85	Kingwilliamst.	40	Adelaide	20
Tarkastad	80	Lady Grey	40	Tsomo	20
Barkly-Oos	75	Steynsburg	40	Port Alfred	15
Burgersdorp	75	Whittlesea	40	Le Sotho	15
Cathcart	75	Ugie	35	Suid-Vrystaat	15
Elliot	70	Fort Beaufort	30	Mt. Fletcher	15
Lady Frere	70	Umtata	30	Colesberg	15
Maclear	65	Venterstad	30	Middelburg	10
Dordrecht	60	Butterworth	25	Bloemfontein	10
Indwe	60	Kokstad	25	Reddersburg	5
Cala	50	Tsolo	25	Philippolis	5
Cofimvaba	50	Grahamstad	25	Somerset-Oos	5
Oos-Londen	45	Matatiele	25	Alexandria	5
Stutterheim	45	Seymour	25		

Die volgorde van bogenoemde dorpe, is bepaal deur slegs die getal sakeondernemings waarmee die betrokke dorp handel dryf, vas te stel en nie volgens geldwaarde of volume nie.

Die groothandelsgebied strek oor 'n groter gebied as wat die geval met kleinhandel is. Die kerngebied is ook veel groter en sluit alle dorpe in wat 50% en meer van Queenstown se groothandelaars ondersteun.

Die dorpe is Sterkstroom, Molteno, Aliwal-Noord, Tarkastad, Barkly-Oos, Burgersdorp, Cathcart, Elliot, Lady Frere, Maclear, Dordrecht, Indwe, Cala, Cofimvaba en Whittlesea.

Die intermediêre gebied sluit alle dorpe in waar die ondersteuning minstens 30% is, nl. Oos-Londen, Stutterheim, Jamestown, Hofmeyr, King William's Town, Lady Grey, Steynsburg, Ugie, Fort Beaufort, Umtata en Venterstad. Die dorpe waar die ondersteuning slegs 5 - 25% is, word as die raangebied bestempel. Queenstown se groothandelsbedieningsgebied word aan die westekant deur Port Elizabeth, noord deur Bloemfontein, oos deur Durban en suid deur Oos-Londen se invloedssfeer begrens. Die radius is gemiddeld 130 myl en Queenstown is goed met bogenoemde dorpe verbind. Vervoer geskied hoofsaaklik deur middel van spoor, bus en vragmotor. Die tydfaktor, m.a.w. vinnige en maklike vervoer van ware is nie so belangrik soos in die geval van kleinhandel nie, nie, aangesien besendings gewoonlik lywig is.

Die Transkei bied groot moontlikhede want met die meer moderne lewenswyse en groter koopkrag het handelsbedrywighede uitgebrei. Treinverkeer skeep egter groot probleme, aangesien Queenstown slegs met Qamata en Maclear verbind is en van daar moet gevolglik van busvervoer gebruik gemaak word. Vanaf Queenstown loop slegs passasiersbusse na die Transkei, maar Oos-Londen is in 'n beter posisie, want daarvandaan is 'n treindiens na Umtata en dit kan sodoende heelwat meer handelsposte en dorpe bereik.

10.5 NYWERHEIDSBEDIENINGSGBIED

'n Opname by die 33 nywerhede het getoon dat daar 205 blankes en 703 Bantoes in diens is. Die stuwendversorgende verhouding, d.w.s. die aantal plaaslike ny-

werhede wat met elke dorp handelsbetrekkings het, aldan nie, as 'n persentasie uitgedruk, is 4.6 : 5.4.

TABEL 10.6

Getal nywerhede van Queenstown wat
met afsonderlike dorpe handel dryf

Sterkstroom	70%	Lady Grey	25%	Balfour	10%
Tarkastad	65	Steynsburg	20	Trompsburg	10
Cathcart	60.	Eastron	20	Fauresmith	10
Dordrecht	55	Stutterheim	20	Rouxville	10
Indwe	50	Middelburg	20	Umtata	10
Lady Frere	50	Ugie	20	Engcobo	10
Molteno	50	Fort Beaufort	15	Cradock	10
Elliot	45	Kingwilliamst.	15	Le Sotho	5
Barkly-Oos	40	Port Elizabeth	15	Wepener	5
Whittlesea	35	Reddersburg	15	Adelaide	5
Burgersdorp	35	Springfontein	15	Bethulie	5
Aliwal-Noord	35	Jagersfontein	15	Kokstad	5
Cofimvaba	35	Koffiefontein	15	Matatiele	5
Jamestown	30	Hofmeyr	15	Tsomo	5
Oos-Londen	30	Seymour	15	Mt. Fletcher	5
Maclear	30	Venterstad	15	Colesberg	5
Cala	25	Philippolis	10	Port St. Johns	5

Die verwerking van plaasprodukte speel 'n belangrike rol in Queenstown se nywerheidsopset. Botter word hoofsaaklik na Kaapstad en Oos-Londen versend en melk word plaaslik verbruik, terwyl roomys aan omliggende dorpe verkoop word. Koringmeel word aan depots in Johannesburg, Delmas, Randfontein, Bloemfontein, Kimberley en direk aan Suidwes-Afrika en Noord-Transvaal versend. Bakkerye voorsien in die plaaslike behoeftes sowel as aan omliggende dorpe.

Behandelde velle word ook plaaslik en aan die nabygeleë dorpe verkoop. Koeldrank word aan dorpe wat tussen Stutterheim en Smithfield, asook tussen Tarkastad en Maclear geleë is, verskaf.

Die drukkerie spesialiseer in drukwerk, boekbindery en skryfbehoeftes. Hoewel hoofsaaklik omliggende dorpe die instansies steun, word werk van sover as Port Elizabeth en Oos-Londen ontvang.

Droogskoonmakers bedien hoofsaaklik die dorpe in die onmiddellike omgewing van Queenstown. Bandversolingsdienste vind sover as Colesberg, Somerset-Oos, Oos-Londen en Mt. Frere plaas, terwyl ingenieurswerke dienste aan omliggende dorpe lewer. 'n Onderneming vervaardig pad-, plaastekens en weerkaatsers en lewer dit aan munisipaliteite, afdelingsrade en individue so ver as Calitzdorp, Murraysburg, Prieska, Upington, Griekwaland-Oos en die Suid-Vrystaat.

'n Maatskappy lewer grafstene aan Noordoos-Kaapland, die Grens en Transkei. Plaaslike doleriet, sandsteen en stene word aan die omliggende dorpe voorsien.

In Queenstown is takkantore van oliemaatskappye wat pertol aan instansies binne 'n radius van 30 myl voorsien. Olie, kragparaffien, ens. word aan die noordelike Grensgebied, Noordoos-Kaap en Suid-Vrystaat gelewer.

'n Onderneming wat sout- en voertrôe vervaardig, het selfs 'n afset in die Transvaal, Vrystaat en Natal. 'n Aantal ondernemings doen skrynwerk op die onmiddellik aangrensende dorpe. 'n Meubelfabriek, wat in kerkbanke spesialiseer, het 'n afset oor die hele Republiek en Suidwes-Afrika. Elektrisiteit word aan Sterkstroom en Molteno gelewer en vleisprodukte word in al vier provinsies bemark.

Wanneer die stuwend-versorgende verhouding van 4.6 : 5.4 ontleed word, blyk dit dat versorgende nywerhede oorwegend is, aangesien nywerheidsdienste grotendeels op Queenstown self toegespits is. Opmerklik is die geringe aantal nywerhede wat op 'n nasionale skaal produseer. 'n Groot persentasie lewer dienste en ware vir plaaslike gebruik en in 'n mindere mate aan die onmiddellike omgewing.

Kotze ³ het, na die ondersoek van die afsetgebiede van Noordoos-Kaapland se roomproduksie, die volgende statistieke verkry.

TABEL 10.7

Persentasie boere in N.O.K. wat room verkoop en hul afsetgebied

	Plaaslik	Queenstown	Elders
Elliot / Maclear	0%	53%	47%
Barkly / Rhodes	0	82	18
Dordrecht	8	57	35
Burgersdorp	0	86	14
Aliwal-Noord/ Lady Grey	79	21	0
Jamestown	0	88	12
Molteno	0	94	6
Rouxville	12	3	85

Alhoewel bogenoemde 'n produk is wat na Queenstown vir verwerking gestuur word, dui die syfers aan dat Noordoos-Kaapland en Queenstown se invloed wederkerig is.

Die binnenste kerngebied of mikrosfeer van Queenstown sluit alle sentra in waar 40% of meer nywerhede met die betrokke dorp sake doen. Die intermediêre of verderliggende ommeland bestaan uit sentra waar 20% of meer van die nywerhede sake met die dorpe doen.

Die makrosfeer of raangebied bestaan uit Port Elizabeth, Adelaide, Cradock, Hofmeyr, Fauresmith, Jagersfontein, Reddersburg, Rouxville, Suid-Lesotho, Matatiele, Kokstad, Umtata en Tsomo.

10.6. KOERANTVERSPREIDING (Fig. 29)

Met verwysing na koerantverspreiding het Green hom as volg uitgelaat: " ... the distribution of newspapers is related to the distribution of economic and social features; therefore, a map of newspaper regions measures social and economic regions." ⁴

Afgesien/

3. Ibid., p. 17.

4. Green, H.L., "The Hinterland Boundaries of New York City and Boston in Southern New England", in Economic Geography, vol. 31, Okt. 1955, pp. 283 - 300.

Afgesien van daaglikse koerante in Oos-Londen en Port Elizabeth is die „Daily Representative", die enigste ander betreklik „groot" koerant in die Grens, Oostelike Provinsie, Noordoos-Kaapland, die Transkei en Griekwaland-Oos. Dit is 'n middagkoerant wat daaglik, behalwe op Sondag, verskyn. Hierdie koerant word plaaslik asook in Lady Frere, Cofimvaba, Whittlesea, Tarkastad, Sterkstroom, Molteno, Dordrecht en Indwe verkoop. Aangesien hierdie dorpe self geen eie koerant publiseer nie, verskyn hierdie sentra se sosiale berigte en advertensies in die vermelde Engelse dagblad.

Die mikrosfeer van die groot- en kleinhandel asook dié van nywerhede toon 'n positiewe korrelasie met koerantverspreiding.

10.7. HERKOMS VAN HOËRSKOOLLEERLINGE (Fig. 30)

Dickinson het bevind dat: „In every region, and by every method of study, came the report that the high school was the most important single factor, gauging village country relations, and areas." ⁵ Oor die herkoms van hoërskoolleerlinge voeg Smailes die volgende daaraan toe: „Their catchment areas are themselves one of the significant expressions of urban spheres of influence, and often provide a first approximation to the general urban fields," ⁶

TABEL 10.8

Herkoms van Queenstown se Hoërskoolleerlinge

Queenstown en distrik	45 %	Zambië	3 %
Grens en Noordoos-Kaap	22	Natal	1.4
Res van Kaapland	12	Lesotho	1.2
Transvaal	10.5	Rhodesië	.9
Oranje-Vrystaat	3.5	Suidwes-Afrika	.5
			<u>100.0%</u>

Uit 'n/

5. Dickinson, R.E., City Region and Regionalism, p. 75.
6. Smailes, A.E., The Geography of Towns, p. 143.

Uit 'n ontleding van die gegewens blyk dit dat 55% van die Hoërskoolleerlinge van buite die grense van Queenstown afkomstig is; stede soos Kaapstad, Oos-Londen, Durban, Bloemfontein, Johannesburg en Pretoria lewer 'n groot persentasie leerlinge; van die 1,916 hoërskoolleerlinge is daar selfs diegene wat van buite die grense van die Republiek afkomstig is.

Verder kan daar ook nagegaan word wat die bydrae van die omliggende dorpe is. Dit moet egter in aanmerking geneem word dat die getal leerlinge deur die grootte van die sentra en distrikte beïnvloed sal word.

TABEL 10.9

Herkoms van hoërskoolleerlinge uit die Transkei,
Grens, Oostelike Provinsie en Noordoos-Kaapland

Queenstown	877	Elliot	12	Whittlesea	6
Oos-Londen	68	Sterkstroom	15	Ugie	4
Cathcart	37	Adelaide	14	Venterstad	4
Port Elizabeth	36	Maclear	11	Steynsburg	4
Barkly-Oos	28	Lady Grey	11	Idutywa	4
Kokstad	27	Burgersdorp	11	Hofmeyr	4
Lady Frere	25	Fort Beaufort	11	Alice	4
Molteno	22	Jamestown	10	Butterworth	4
Stutterheim	21	Kingwilliamst.	9	Engcobo	4
Cofimvaba	18	Cradock	9	Kongha	3
Aliwal-Noord	17	Umtata	8	Cookhouse	3
Dordrecht	17	Grahamstad	7	Cala	2
Tarkastad	16	Indwe	7	Matatiele	2
					1356

Van die 1,916 leerlinge is 1,356, m.a.w. 70.7% uit Oos-Kaapland afkomstig. Uit 1,356 is 877 leerlinge d.w.s. 64.2% van Queenstown self afkomstig. Die herkoms van leerlinge word nie noemenswaardig deur bv. verkeersfasiliteite beïnvloed nie.

Die redes waarom leerlinge na skole in Queenstown kom, kan gesoek word in: die omliggende klein dorpie het nie genoegsame fasiliteite wat met dié van Queenstown vergelyk nie; baie ouers wat plaaslike skole bygewoon het, stuur uit sentiment hulle kinders na

Queenstown.

10.3. SPOORWEGDIENSAFLEWERING

Eerstens is daar 'n opname gedurende die tydperk 1 tot 11 Mei 1967 van alle passasierspakette wat vanaf Queenstown versend is, gemaak. Die goedere het uit 'n groot verskeidenheid bestaan, nl. motoronderdele, onderdele van verskillende soorte plaasmasjinerie, lusernsaad en entstof, dipmiddels, veemiddels, elektriese apparaat, batterye, padtekens, klerasie, skoeisel, glas, sportware, ammunisie, olie, versoolde bande, aptekersware, algemene ware, skryfware, droogskoonmaakmiddels, vleisprodukte, vars vleis, melk, brood en botter.

Bogenoemde ware bestaan uit pakette wat hoofsaaklik 'n klein omvang het en aangesien aflewering sonder onnodige vertraging moet geskied, word sodoende van passasierstreine gebruik gemaak.

TABEL 10.10

Persentasie pakette wat per passasiers-
trein vanaf Queenstown versend is

Oos-Londen	13.00%	Stutterheim	1.50%
Dordrecht	9.50	Kingwilliamst.	1.20
Molteno	9.00	Hofmeyr	1.20
Indwe	7.50	Graaff-Reinet	1.20
Aliwal-Noord	7.50	Butterworth	1.00
Cathcart	7.20	Engcobo	.75
Port Elizabeth	6.00	Springfontein	.75
Tarkastad	5.20	Middelburg	.75
Sterkstroom	4.20	Cala	.50
Barkly-Oos	3.50	Grahamstad	.50
Elliot	3.50	Umtata	.25
Maclear	3.20	Komgha	.25
Burgersdorp	2.50	Fort Beaufort	.25
Ugie	2.20	De Aar	.25
Steynsburg	2.20	Bedford	.25
Lady Grey	2.00	Britstown	.25

Behalwe in die geval van Port Elizabeth en Oos-Londen het die besendings hoofsaaklik na die omliggende dorpe en veral na Noordoos-Kaapland gegaan. Dorpe, soos Sterkstroom, maak minder van die spoorweë gebruik,

aangesien/

aangesien hulle naby Queenstown geleë is, word van motorvervoer gebruik gemaak.

Tweedens is die bestemming van goedere gedurende die kalenderjaar, eindigende 31 Maart 1967, nagegaan. 'n Opname van die aantal goederefakture t.o.v. groothandels- en nywerheidsware wat vanaf Queenstown versend is, is gemaak. Daar is bevind dat kleinhandelaars slegs in 'n geringe mate van goederetreine, as verspreidingsmedium, gebruik maak.

Daar is 'n hele aantal redes hiervoor: kleinhandelsware word gewoonlik direk deur die klant gekoop; laasgenoemde vervoer die artikel self, slegs wanneer die klant ver van Queenstown geleë is, word goedere telefones aangekoop en per spoor vervoer; boumateriaal, glas, ens. is lywig en slegs wanneer vragmotors beskikbaar is, word dit deur die koper self vervoer.

Die versending van groothandelsware kan in ses kategorieë ingedeel word, nl. klerasie, algemene verbruikersgoedere, plaasmasjinerie, veemiddels, veevoer en bemestingstowwe.

TABEL 10.11

Getal goederepakkette (groothandel) vanaf Queenstown na onderskeie sentra versend gedurende die kalenderjaar, eindigende 31 Maart 1967

Indwe	1500	Ugie	553	Amabele	60
Burgersdorp	1441	Jamestown	377	Rouxville	59
Sterkstroom	1165	Bethulie	372	Bloemfontein	58
Dordrecht	1093	Stutterheim	360	Cradock	50
Oos-Londen	997	Lady Grey	324	Bedford	49
Tarkastad	948	Cala	253	Grahamstad	48
Molteno	919	Hofmeyr	228	Port Elizabeth	46
Elliot	912	Kingwilliamst.	168	Middelburg	39
Barkly-Oos	888	Kongha	145	Noupoort	36
Qamata	854	Colesberg	108	Alice	35
Aliwal-Noord	804	Zastron	96	Seymour	33
Maclear	721	Engcobo	87	Middeldrift	29
Cathcart	684	Adelaide	84	Kokstad	27
Steynsburg	625	Fort Beaufort	72		

Die binneste kerngebied of mikrosfeer bestaan uit

alle dorpe/

alle dorpe waarheen 600 en meer goederepakkette gestuur is. Whittlesea en Lady Frere word deur private karweiers bedien en is ook grotendeels van Queenstown afhanklik.

Die intermediêre gebied bestaan uit dorpe wat minstens 120 pakkette ontvang het. Die raangebied bestaan uit dorpe wat minder as 120 pakkette ontvang het.

Daar moet egter onthou word dat heelwat dorpe in Noord-Kaapland, die Oranje-Vrystaat en in 'n mindere mate Transvaal en Natal ook groothandelsaankope in Queenstown doen. Indien dorpe wat 2% of meer passasierspakkette vanaf Queenstown ontvang as die kerngebied beskou word, dan is daar 'n goeie korrelasie met goederebesendings. In die geval waar 1.00 tot 1.99% passasierspakkette versend, as maatstaf vir die intermediêre gebied geneem is en waar minder as .99% pakkette versend as maatstaf vir die randgebied geneem word, is daar ook 'n mate van korrelasie.

Wat is die posisie t.o.v. die versending van nywerheidsprodukte?

TABEL 10.12

Getal goederepakkette (nywerheid) vanaf Queenstown na onderskeie sentra versend gedurende die kalenderjaar, eindigende 31 Maart 1967

Tarkastad	1825	Maclear	684	Kingwilliamst.	189
Burgersdorp	1548	Elliot	636	Edenburg	145
Oos-Londen	1428	Port Elizabeth	504	Rouxville	132
Sterkstroom	1392	Lady Grey	480	Noupoort	130
Qamata	1394	Cala	372	Kongha	123
Dordrecht	1284	Bethulie	371	Idutywa	98
Molteno	1215	Middelburg	361	Engcobo	96
Aliwal-Hoord	1157	Springfontein	313	Bedford	82
Indwe	912	Jamestown	301	Amabele	79
Ugie	879	Hofmeyr	276	Stutterheim	73
Steynsburg	852	Umtata	265	Butterworth	70
Cathcart	781	Philippolis	252	Kei Road	59
Barkly-Oos	756	Fauresmith	217		
Zastron	744				

Alle dorpe wat 600 pakkette en meer ontvang het, word onder die kerngebied gegroepeer, terwyl sentra wat tussen 250 en 600 pakkette ontvang die intermediêre gebied uitmaak en dorpe wat minder pakkette ontvang, val dus binne die raamgebied.

Daar word heelwat besendings na Noord-Kaapland, die Noordelike Vrystaat, Transvaal en in 'n mindere mate Natal gestuur.

Nywerheidsprodukte wat versend word, sluit hoofsaaklik vleisprodukte, brandstofvoorrade, klip en bakstene, koeldrank, meel, voerbakke, padtekens, suiwelprodukte, drukwerk, meubels, versoolde bande en brood in.

Die invloedssfeer van Queenstown, soos deur spoorwegdienslewering aangedui, bestaan hoofsaaklik uit Noord-oos-Kaapland en Suid-Vrystaat. Suid, wes en oos van Queenstown is die aanvraag minder.

Indien daar 'n vergelyking getref word tussen die twee opname-tegnieke, nl. 'n vraelys aan sakeondernemings en die versending van goedere per spoor, dan word 'n groot mate van korrelasie tussen die afsonderlike groot-handel- en nywerheidsinvloedsfere aangetref.

10.9. TELEFOONBEDIENINGSGEBIED

Daar is in samewerking met die Posmeester 'n opname van alle uitgaande en inkomende hooflynoproepe gemaak. Die oproepe is slegs gedurende winkelure en wel vanaf Maandag tot Vrydag gekontroleer.

TABEL 10.13

Uitgaande Hooflynoproepe

Oos-Londen	1745	Burgersdorp	110	Steynsburg	70
Port Elizabeth	520	Aliwal-Noord	110	Lady Grey	65
Cathcart	340	Elliot	100	Middelburg	60
Tarkastad	335	Craddock	100	Durban	50
Sterkstroom	240	Bloemfontein	100	Umtata	50
Dordrecht	210	Kaapstad	85	Cofimvaba	45
Kingwilliamst.	200	Stutterheim	80	Maclear	35
Indwe	165	Grahamstad	80	Graaff-Reinet	30
Molteno	145	Jamestown	75	Kokstad	20
Johannesburg	120				

TABEL 10.14

Inkomende Hooflynoproep

Oos-Londen	1650	Kingwilliamst.	150	Stutterheim	50
Port Elizabeth	500	Aliwal-Noord	125	Lady Grey	50
Tarkastad	350	Cofimvaba	100	Jamestown	50
Cathcart	250	Steynsburg	100	Middelburg	40
Sterkstroom	250	Burgersdorp	100	Umtata	40
Dordrecht	225	Cradock	100	Maclear	25
Indwe	200	Johannesburg	100	Durban	25
Molteno	150	Kaapstad	75	Graaff-Reinet	12
Elliot	150	Grahamstad	60		

Die meeste telefoongesprekke is met Oos-Londen en Port Elizabeth gevoer. Dit is hoofsaaklik die vernaamste sentra vanwaar Queenstown sy handelware bekom.

Die ander sentra is Bloemfontein, Johannesburg, Kaapstad en Durban, laasgenoemde vier stede se handel met Queenstown is veel minder.

Omliggende dorpe wat besonder noue handelsbetrekkinge en sosiale verbintenisse met Queenstown het, is Cathcart, Tarkastad, Sterkstroom, Dordrecht, Indwe en Molteno. Die ondersoek het egter nie dorpe soos Whittlesea, Cofimvaba en Lady Frere ingesluit nie. In hierdie ondersoek blyk dit dat dié gegewens in 'n groot mate met die ander voorafgaande aspekte wat bestudeer is, ooreenstem.

Ten aanvang kan vermeld word dat hierdie studie die bespreking van Queenstown se streeksligging ten grondslag het; geen poging is aangewend om die toepassing van die sentrale plekteorie op vermelde dorp te maak nie.

Eerstens kan 'n vergelyking tussen Queenstown en ander dorpe en stede in die Republiek t.o.v. bevolkingsgetalle getref word. Talbot¹ het vier afsonderlike kaarte van die bevolking (1951) van Suid-Afrikaanse nedersettings saamgestel. Sentra met minder as 2,000 inwoners is luite rekening gelaat. Die indeling van bevolkingsgetalle was: 2,000 tot 5,000; 5,000 tot 10,000; 10,000 tot 25,000; 25,000 tot 50,000; 50,000 tot 75,000; 75,000 tot 100,000; 100,000 tot 200,000; 200,000 tot 300,000 inwoners.

TABEL 11.1

Rangorde van enkele Suid-Afrikaanse stede en dorpe t.o.v. bevolkingsgetalle

- (i) Johannesburg
- (ii) Durban, Kaapstad
- (iii) Pretoria
- (iv) Port Elizabeth, Springs, Germiston
- (v) Oos-Londen, Bloemfontein, Benoni, Brakpan, Roodepoort, Krugersdorp
- (vi) Kimberley, Pietermaritzburg
- (vii) Paarl, Uitenhage, Queenstown, Kroonstad, Potchefstroom, Nigel
- (viii) Somerset-Wes, Oudtshoorn, Graaff-Reinet, Bethlehem, Ladysmith, Lichtenburg
- (ix) Knysna, Burgersdorp, Ficksburg, Christiana, Messina, Barberton, Vryheid, Dundee
- (x) George, Amersfoort, Molteno, Smithfield, Bothaville, Coligny, Margate, Empangeni

Bogenoemde is slegs 'n paar sentra in elke groep. Dorpe soos Paul Roux, Ottosdal, Jamestown en talle ander is nie in aanmerking geneem nie, omdat hulle totale stedelike bevolking minder as 2,000 was. Talbot het

nedersettings/

1. Talbot, A.M., Atlas van die Unie van Suid-Afrika, pp. 50 - 53.

nedersettings in tien groepe geklassifiseer en Queenstown is in die sewende groep geplaas. Indien Talbot nedersettings soos Jamestown in aanmerking neem, sal daar vier groepe sentra laer as Queenstown wees.

TABEL 11.2

Queenstown se status, volgens bevolkingsgetalle, in Oos-Kaapland

- (i) Port Elizabeth
- (ii) Oos-Londen
- (iii) Uitenhage, Queenstown
- (iv) Graaff-Reinet, Cradock, Grahamstad
- (v) King William's Town, Burgersdorp, Aliwal-Noord, Umtata, Kokstad
- (vi) Molteno, Elliot, Maclear, Cathcart, Adelaide, Somerset-Oos
- (vii) Jamestown, Hofmeyr, Engcobo, Ugie, Whittlesea, Lady Frere, Cala, Cofimvaba

Bogenoemde tabulasie het betrekking op die totale bevolking van elke sentrum. Hoe sal die posisie daar uitsien, indien slegs die blankes se getalle vergelyk word? Die blanke met sy groter koopkrag en talle ander faktore, dui daarop dat die blanke se teenwoordigheid die vitaliteit van 'n sentrum bepaal of grootliks beïnvloed.

In die Oostelike gebied van die Kaapprovinsie het slegs Port Elizabeth en Oos-Londen veel meer blankes as Queenstown². Uitenhage, die derde grootste dorp, is nie veel groter nie en Grahamstad asook King William's Town is ongeveer dieselfde grootte as Queenstown. 'n Paar ander dorpe wat met Queenstown vergelyk kan word, alhoewel hulle 'n heelwat kleiner inwonertal het, is Cradock, Graaff-Reinet, Burgersdorp, Aliwal-Noord, Umtata en in 'n mindere mate ook Kokstad. Die ander dorpe het 'n inwonertal van minder as 2,000 en heelwat dorpies bevat nie meer as 500 blankes nie.

Van Christaller/

2. Vgl. Houghton, D.H., op.cit., p. 347 en ook Gordon Brown, A., Year Book and Guide to Southern Africa, 1961, asook die Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek, 1964 - '65.

Van Christaller se teorie oor die verspreiding van nedersettings kom nie veel tereg nie. Faktore soos reliëf en rassesamestelling dra tot hierdie toestand by. Die dorpe is hoofsaaklik stringvormig gerangskik aangesien hulle meestal op verkeersroetes, d.w.s. langs 'n nasionale pad of 'n spoorlyn geleë is. Vanaf Port Elizabeth op die verkeersroete na die binneland, is dorpe, soos Cookhouse, Cradock en Middelburg, terwyl vanaf Oos-Londen daar dorpe soos Stutterheim, Queenstown, Aliwal-Noord en op die roete na Natal Butterworth, Umtata en Kokstad geleë is.

Kenmerkend van die Kaapse Middellande is die redelik groot dorpe soos Graaff-Reinet, Somerset-Oos en Cradock wat nie verder as 50 myl vanmekaar geleë is nie. Grahamstad is redelik naby aan 'n groot sentrum soos Port Elizabeth en so ook is King William's Town naby Oos-Londen geleë. Twee redelik groot sentra, nl. Aliwal-Noord en Burgersdorp, is slegs 35 myl van mekaar verder en Umtata wat betreklik afgesonder is, word weer deur nie-blanke dorpies omring. Volgens Nel is: „Die groei van die stedelike gebied na die aanvanklike vestiging is meestal die resultaat van die omliggende streeksontwikkeling wat sekere gespesialiseerde dienste van die groeiende stad verlang, en wat die stedelike groei stimuleer deur o.a. die markfunksie van die streek aan die stad toeker.“³

Queenstown se ligging, afgesien van die aanwesigheid van 'n nasionale pad en hoofspoorlyn, is 128 myl vanaf Oos-Londen, 100 myl vanaf Aliwal-Noord, 90 myl vanaf Cradock en 140 myl vanaf Umtata geleë. Mededinging met ander sentra wat ewe groot is, is baie geringer

as in/

3. Nel, A., „Stedelike Ligging: Nog Enkele Opmerkings oor die Terminologie“, in Tydskrif vir Aardrykskunde, vol. 2, no. 3, Sept, 1963, pp. 53 - 56.

as in die geval van reeds genoemde dorpe.

Houghton skryf in hierdie verband: „The history of the relative eclipse of King William's Town indicates the growing power of East London in this area and contrasts with the commercial growth of towns like Queenstown and Umtata which, though also within East London's orbit, are sufficiently removed to be able to develop as important subsidiary centres of trade and commerce for their own immediate neighbourhoods." 4

In die geval van Kokstad, in teenstelling met Queenstown, word dit slegs deur 'n paar blanke distrikte omsluit en daarbenewens is hierdie gebied naby aan Durban en Pietermaritzburg geleë. Die stimulus wat tot Kokstad se ontwikkeling kan lei, is gevolglik groten-deels afwesig.

Oor die posisie wat Queenstown as sentrum bekleed, die volgende: „Queenstown is the commercial, shopping, education, sporting and residential centre of the North-Eastern Cape. Headquarters of the associated Cape Eastern Public Bodies, Border Agricultural Society, Border Amateur Athletic Constituency. It is the centre of one of the wealthiest wool producing areas in Southern Africa, an important motor garage and engineering centre. Its shops and big departmental stores are admitted as unquestionably the best in the area between Bloemfontein and the South Coast." 5

In dorpe soos Aliwal-Noord, Kokstad, Elliot, Stutterheim, Tarkastad en Umtata verskyn 'n weeklikse koerant,⁶ terwyl Cradock, Middelburg en Uitenhage twee koerante wat elk een keer per week uitgegee word, het. In Graaff-Reinet en Somerset-Oos verskyn die koerant

twee keer/

4. Houghton, D.H., op.cit., p. 8.

5. How to reach South Africa's Country Market, p. 66.

6. Ibid., p. 66.

twee keer per week en in die geval van King William's Town en Grahamstad verskyn dit onderskeidelik drie keer en vyf keer per week. Queenstown het 'n middagkoerant, Oos-Londen het een oggendkoerant en Port Elizabeth drie koerante wat daaglik verskyn.

Ten opsigte van koerantverspreiding is Queenstown die derde belangrikste in Oos-Kaapland.

Vir kleinhandelsdoeleindes⁷ word Oos-Kaapland in ses gebiede verdeel.

TABEL 11.3

Afbakening van Oos-Kaapland

- 08 - Port Elizabeth, Uitenhage
 09 - Albanie, Alexandria, Bathurst, Kirkwood
 18 - Oos-Londen en King William's Town
 19 - Adelaide, Barkly-Oos, Bedford, Cathcart, Elliot, Fort Beaufort, Glen Grey, Herchel, Indwe, Keiskam-mahoek, Komgha, Lady Grey, Maclear, Middel-drift, Molteno, Peddie, Queenstown, Sterkstroom, Stocken-ström, Stutterheim, Tarka, Victoria-Oos, Wodehouse
 20 - Butterworth, Elliotdale, Engcobo, Idutywa, Kentani, Libode, Mquanduli, Ngqeleni, Nqamacwe, Port St. Johns, Qumbu, St. Marks, Tsolo, Tsomo, Umtata, Willowvale, Xalanga,
 21 - Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mt. Ayliff, Mt. Currie, Mt. Fletcher, Mt. Frere, Tabankulu, Umzinkulu.

TABEL 11.4⁸

Getal ondernemings

Kleinhandel	08	09	18	19	20	21
Vrugte en groente	48	9	28	7	-	2
Viswinkels	14	1	-	1	1	-
Soetgebak en lekkers	16	1	4	-	-	-
Melkerye	20	1	20	6	-	-
Kruideniersware	520	77	218	121	29	32
Drankwinkel	32	4	16	7	2	3
Sigaret en tabakstalletjies	2	1	1	-	-	-
Mansuitrusters	55	5	15	6	1	1
Skoenwinkels	25	5	9	6	3	2
Meubelhandelaars	41	5	21	8	3	1
Handel in gebruikte meubels	5	2	6	1	-	-
Huishoudelike toestelle . .	36	4	20	10	1	2
" neubelment	4	-	3	-	-	-
Aptekers	65	17	45	18	8	5

Algemene/

7. Sensus van Groot- en Kleinhandel Distribusie, in die Republiek van Suid-Afrika, 1960 -'61, Buro van Statistieke, p. 18.

8. Ibid., p. 19.

Kleinhandel	08	09	18	19	20	21
Alg. Afd. winkels .. .	5	-	4	3	-	-
Juweliers	15	6	19	4	2	1
Algemene handelaars .	66	68	56	198	59	34
Bantoewinkels	35	51	133	283	504	334
Fietshandelaars .. .	6	2	5	1	-	-
Handel en sportben. .	17	-	7	2	-	-
Steenkool en hout . .	4	1	3	1	-	-

In groep 19 (tabel 11.3) is Queenstown die enigste dorp wat redelik groot is, want die meeste dorpieë het 'n inwonertal van 1,500 of selfs minder as 500. Die meerderheid van die ondernemings in bostaande tabel is in Queenstown geleë en winkels wat in vergelyking met ander groepe heel dikwels voorkom, is dié wat handel met vrugte en groente, kruideniersware, drank, mansuitrusting, skoene, meubels, huishoudelike toestelle, aptekersware, algemene afdelingsware, juweliersware en algemene handelsware dryf.

TABEL 11.5

Kleinhandelondernemings in Queenstown

Garages	5	Plaasbenodigdhede	10
Kafee en groentewinkel	13	Algemene handelaars	20
Boubenodigdhede .. .	14	Meubelwinkels	6
Allerlei- of geskenkew.	15	Mansklere en sportware	9
Damesklerewinkel . . .	10	Juweliersware	2
Skoenwinkel	4	Apteke	4
Radiohandelaars	7	Fotografie	3
Afdelingswinkels . . .	8	Brilmaker	1
Landbou-Koöperasie .. .	1	Bloemiste	2
Steenkoolhandelaars .. .	2	Plaasproduktehandelaars	6
Slagters	6	Boekwinkels	5
Melkvoorsieners	2	Loodgieters	3
Meubelvervoerders .. .	2	Begrafnisondernemers ..	3
Algemene karweiers .. .	4	Busdiens	3
Taxi	3	Elektrise herstelwerk .	7
Skoenmakers	5	Manshaarkappers	6
Dameshaarkappers . . .	10	Eiendomsagente	5

Na aanleiding van Tabel 11.5 is dit duidelik dat Queenstown die onbetwiste kleinhandelsentrum in die Grensgebied is. Tabel 11.6 toon dat Queenstown slegs deur Oos-Londen oortref word en verder het die kleinhandelsverkope vanaf 1946 tot 1951 met 23% gestyg.

TABEL 11.6

Kleinhandelsomset in die Grensgebied

	1946 - 7	1951 - 2	% verandering
Oos-Londen	R16,372,000	R19,340,000	+ 12 %
Queenstown	3,744,000	4,606,000	+ 23
Umtata	3,210,000	3,176,000	- 1.1
King William's Town	2,852,000	3,734,000	+ 30.9

In groep 19 is Queenstown die enigste sentrum wat groothandelware verkoop. Uit tabel 11.5 blyk dit dat Queenstown veral algemene handelware, voedsel, landbouprodukte, brandstof, boumateriaal en algemene plaasbenodigdhede aan 'n welvarende landbougemeenskap verskaf.

'n Opname het getoon dat daar in Queenstown groot-handelaars in tabak (1), kruideniersware (3), klerasie (4), algemene ware (1), veemiddels (5), plaasbenodigdhede (4) en plaasprodukte (4) is. Dit is dus duidelik dat Queenstown 'n prominente plek in die noordelike Grensgebied inneem. In die hele Grensgebied word Queenstown slegs deur Oos-Londen oortref.

TABEL 11.7⁹Getal Groothandelsondernemings in Oos-Kaapland

Groothandel	08	09	18	19	20	21
Alg. handelware en diverse goedere	43	3	13	5	11	9
Aptekersware en chemiese produkte	12	-	9	1	-	-
Handel in diamante, juweliers- en silwerware	5	-	1	-	-	-
Klerasie en tekstielware	34	-	12	-	-	-
Voedsel, drank en tabak	36	3	19	4	2	1
Meubels en huish. benodigdhede	14	-	5	-	-	-
Lewende hawe en produkte	6	1	5	6	2	8
Boeke, skryfbeh.; kantoor- en winkeluitrusting	28	-	11	1	-	-
Brandstof en smeermiddels	15	4	66	6	-	-
Boumateriaal	30	1	14	4	2	-
Metale, masjinerie, professionele toerusting en alg. plaasbenodigdhede	62	-	24	8	-	1

Uit onderstaande/

9. Ibid., p. 20.

Uit onderstaande tabel blyk dit dat slegs Port Elizabeth, Oos-Londen en King William's Town meer nywerhede as Queenstown huisves. Laasgenoemde is weer eens die belangrikste nywerheidsentrum in die noordelike Grensgebied.

TABEL 11.8 ¹⁰Getal nywerhede in Oos-Kaapland

	Alle nywerh.	Fabr. wese	Kon- struk.	Tot. al.	Werk. eien.	Blanke werk.	Nie-B. werk.
Adelaide	10	8	2	101	10	37	33
Albanie	31	20	11	953	19	190	566
Albert	18	10	7	129	23	6	75
Aliwal-Noord	21	15	6	491	17	104	327
Barkly-Oos	9	6	3	88	11	12	57
Bathurst	4	1	3	45	4	3	29
Cathcart	7	4	3	229	9	4	205
Craddock	33	17	16	476	29	17	328
Elliot	7	4	3	34	6	4	21
Oos-Londen	208	153	55	10,729	117	3,103	6,671
Fort-Beauf.	5	3	2	101	7	12	70
Glen Grey	1	1	-	-	-	-	-
Graaff-Reinet	24	13	11	682	17	104	236
Indwe	6	2	4	49	5	4	30
King W. T.	46	36	10	4,309	27	567	3,881
Komgha	5	4	1	92	5	19	64
Lady Grey	3	-	2	-	-	-	-
Maclear	7	6	1	48	6	6	34
Molteno	6	3	3	211	5	25	163
Port Elizab.	499	378	121	31,603	229	8,794	12,509
Queenstown	42	30	12	933	35	225	576
Sterkstroom	3	1	2	-	-	-	-
Tarka	5	2	3	24	5	2	15
Wodehouse	1	1	-	-	-	-	-
Butterworth	4	3	1	50	2	7	35
Matatiele	6	5	1	97	5	8	64
Umtata	22	17	5	462	23	29	332

'n Ontleding van Queenstown se industrieë toon dat daar 'n gebrek aan swaar nywerhede is, daarbenewens is die meeste nywerhede klein en die tipe nywerheid wat in Queenstown aangetref word, kom dikwels in ander sentra voor. Slegs die graanmeul, meubel-, botter-, koel-drink- en bandversolingsfabriek kan as besonder seldsame fabrieke (veral in die geval van kleiner sentra) beskou word.

TABEL 11.9/

10. Nywerheidsensus, 1959 - '60, verslag no. 283, Buro van Statistiek, p. 15.

TABEL 11.9¹¹Nywerhede in Queenstown

Voedselware	7	Skoeisel	3
Dranke	1	Meubels	2
Hout en kurkprodukte	1	Drukkers	3
Chemikalië	1	Nie-metaal minerale prod.	6
Metaalprodukte .. .	4	Masjinerie	1
Elektriese masjinerie	1	Konstruksie	12
Botter	1	Spek, ham en polonie .. .	2
Graanmeul	1	Bakkerie	3
Koeldrank	1	Skoenherstelwerk	5
Kleremaker	2	Vroue en meisieklere .. .	1
Houtwerk en saagmeul	1	Kabinetmaker	2
Steenmakery	3	Glas sny en slyp	1
Marmerslypery .. .	1	Ander metaal en prosessering	1
Klipvergruising .. .	2	Alle ander elektriese app.	1
Landboumasjinerie .	1	Bou- en kontrakteurwerk .	6
Loodgietery	3	Ander konstruksie	1

Wanneer Tabel 11.10 ontleed word, kan tot 'n hele aantal gevolgtrekkings geraak word en kan Queenstown se posisie daardeur duidelik waargeneem word. As landbouprodusent is Queenstown vyfde in Oos-Kaapland, vyfde in die fabriekswese, konstruksie, gas- en waterverskaffer; vierde as vervoer en kommunikasiesentrum; derde as handelsentrum; derde t.o.v. finansiële instellings en vaste eiendom; sesde t.o.v. die besit van wonings; vierde t.o.v. algemene regeringsdienste. Indien die bruto geografiese produk vergelyk word, dan beklee Queenstown die vyfde posisie. In hierdie geval is sentra soos Port Elizabeth, Oos-Londen, Uitenhage en King William's Town belangriker.

TABEL 11.10/

11. Ibid., p. 16.

TABEL 11.10

Huidige Bruto Geografiese Produk (R1,000) Volgens Streek Vir 1959/60

	Landbou Bosbou Visserye	Mynbou Steengr.	Fabriek Konstr. Elek. gas Water	Vervoer Kommunikasie	Handel	Finans. Instelling Vaste eien.	Besit van wonnings	Alg.Reg. Dienste	Ander Dienste	Bruto Geogr. Produk
Port Elizabeth	1,122	494	71,094	24,126	25,592	4,137	4,911	13,699	16,426	161,601
Uitenhage	2,014	360	5,774	5,947	1,656	531	1,249	2,433	2,991	22,965
Albanie	3,163	82	925	1,148	1,315	250	925	1,689	2,733	12,230
Albert	1,519	-	93	1,183	276	87	202	885	375	4,619
Aliwal-Noord	1,155	-	459	401	336	105	300	562	443	3,755
Colesberg	985	-	43	146	141	75	141	292	270	2,093
Cradock	2,751	-	448	2,099	612	278	497	1,031	783	8,499
Graaff-Reinet	1,566	-	601	698	705	160	342	1,137	945	6,149
Middelburg	1,018	1	493	555	580	186	175	524	513	4,045
Somerset-Oos	2,212	-	499	679	466	141	206	547	473	5,223
Steynsburg	635	-	52	72	63	27	60	153	148	1,210
Oos-Londen	2,589	51	15,825	13,589	11,443	1,729	2,369	7,627	8,898	64,118
Kingwilliamst.	2,656	26	3,718	1,040	829	233	408	1,974	1,229	12,113
Adelaide	681	-	268	155	127	64	145	178	275	1,891
Barkly-Oos	1,860	-	79	148	262	66	122	228	275	3,040
C athcart	1,002	-	66	286	114	51	113	213	221	2,006
Elliot	714	-	26	11	91	42	116	138	211	1,539
Indwe	687	-	38	223	39	25	57	148	185	1,402
Lady Grey	715	-	3	65	100	37	48	135	157	1,259
Maclear	1,103	-	30	151	110	39	118	371	266	2,188
Molteno	567	-	204	139	133	47	68	168	206	1,532
Queenstown	1,902	6	1,008	2,252	1,778	261	460	2,460	1,182	11,389
Sterkstroom	418	-	19	220	69	30	56	114	136	1,062
Stutterheim	1,163	-	269	367	283	68	125	440	391	3,106
Tarka	936	-	21	62	93	41	54	109	181	1,578
Lady Grey	335	-	8	53	165	28	17	284	272	1,162
Wodehouse	1,340	-	19	121	251	72	97	257	263	2,430
Butterworth	386	-	45	402	202	31	41	430	107	1,644
Umtata	681	-	310	368	849	135	152	2,633	524	5,652

Die stand van die bevolking sal aantoon of Queens-
town se nodige funksionele aktiwiteite vermeerder of
verminder het. Indien daar 'n toename in bevolkingsge-
talle is, moet meer werkgeleenthede geskep word, m.a.w.
uitbreiding van die sentrum moet plaasvind.

TABEL 11.11¹³

Bevolking van Queenstown

	Totaal	Blank	Nie-blank	Asiaat	Kleurling
1951	25,846	8,759	14,761	122	2,204
1954	26,000	9,000	-	-	-
1964	33,125	9,657	20,449	123	2,896

Dorp en distrik

1946	50,294	9,899	-	-	-
1951	52,398	10,304	39,131	122	2,841

Volgens statistiek ¹⁴ was daar 'n afname van die
blanke bevolking gedurende 1946 tot 1951 in al die blan-
ke distrikte van die Grens. Oos-Londen en Queenstown
is egter die enigste twee sentra waar die blanke bevol-
kingstoename van merkbare belang was.

TABEL 11.12¹⁵

Bevolking van Oos-Londen se agterland:

Jaarlikse gemiddelde persentasie verandering

	1936	1946	1951	1936-46	1946-51	1936-51
Blank	65,127	60,849	58,943	-0.66	-0.63	-0.63
Nie-blank	293,912	338,359	337,734	+1.51	-0.003	+0.1
Totaal	359,039	399,208	396,686			

Naturelle Distrikte

Blank	11,053	10,503	11,601	-0.50	+2.24	+0.33
Nie-blank	811,351	863,264	883,197	+0.64	+0.46	+0.60
Totaal	822,384	873,767	894,798			

13. Gegewens deur Queenstownse Munisipaliteit verstrek.
14. Houghton, D.H., op.cit., p. 351.
15. Ibid., p.96.

Oos-Londen Distrik

Blank	35,239	44,431	48,908	+2.60	+2.04	+2.57
Nie-blank	58,883	73,946	84,194	+2.55	+2.77	+2.97
Totaal	<u>94,122</u>	<u>118,377</u>	<u>133,102</u>			

Queenstown is 'n sentrale plek van geen geringe omvang nie en dit is een van die grootste en belangrikste sentra in Oos-Kaapland.

BIBLIOGRAFIEA. PRIMERE WERKE(a) Ongepubliseerde argivale bronne

1. Notuleboeke 1, 2, 3 en 5 (Die Queenstownse Munisipale Vergaderings).

(b) Gepubliseerde bronne

1. Klimaat van Suid-Afrika, Deel I, Klimaatstatistieke, W.B. 19.
2. Nywerheidsensus, 1959 - 60 (verslag no. 283), Buro vir Statistiek.
3. Offisiële Jaarboek, no. 7 (1910- 1924), no. 30 (1960).
4. Reënval en temperatuurverslae van Queenstown, Weerburo, Pretoria.
5. Sensus van Groot- en Kleinhandeldistribusie, 1960 - 61 (R.S.A. - Buro vir Statistiek).
6. Sensus van Nywerheidsinrigtings, Pretoria, 1954.
7. Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek (1964 - 65).
8. S.A.S. Statistieke van goedere wat hanteer is.
9. Uniestatistieke oor Vyftig Jaar, Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria.
10. Waarnemingstasie 123/683 (Queenstown), Reënval en Temperatuurverslae.

B. SEKONDERE WERKE(a) Algemene publikasies

1. Board, C., The Border Region. Natural Environment and Land Use in the Eastern Cape (Maskew Miller, Kaapstad, 1962).
2. Böeseken, A.J., Kruger, D.W. en Kieser, A., Drie Eeue (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1952).
3. Davies, D.H., Land Use in Central Cape Town (Longmans, Kaapstad, 1965).
4. Dickinson, R.E., City Region and Regionalism (Routledge and Kegan Paul Ltd., Londen, 1960).
5. Gordon-Brown, A., Year Book and Guide to Southern Africa (Howard Timmins, Kaapstad, 1961).
6. Houghton, D.H., Economic Development in a Plural Society. Studies in the Border Region of the Cape Province (Longmans, Kaapstad, 1961).

7. Jooste, P.G., Inleiding tot die Kartografie (A. Balkema, Kaapstad, 1967).
8. Mayer, H.M. en Kohn, C.F., Readings in Urban Geography (The University of Chicago Press, 1963).
9. Murphy, R.E., The American City. An Urban Geography (Mc Graw-Hill Book Company, Londen, 1966).
10. Murray, J., Correspondence of General Sir George Cathcart (Londen, 1856).
11. Nel, A. en van Zyl, J.A., Stad en Dorp (Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars Edms. Bpk., Stellenbosch, 1962).
12. Smalles, A.E., The Geography of Towns (Hutchinson University Library, Londen, 1964).
13. Taylor, G., Urban Geography (Methuen and Co. Ltd., Londen, 1961).
14. Trewartha, G.T., An Introduction to Climate (Mc Graw-Hill Book Co. Ltd., Londen, 1954).
15. van der Merwe, H.J.J.M., Segregeer of Sterf (Afrikaanse Pers-Boekhandel, Kaapstad, 1961).
16. Venter, E.A., De Aar Town of the Future, 1902 - 1952 (Feesuitgawe, Munisipaliteit van De Aar, 1952).
17. Walker, E.A., A History of Southern Africa (Longmans, Green and Co. Ltd., Londen, 1959).
18. Wilkinson, H.R. en Monkhouse, F.J., Maps and Diagrams (Methuen, Londen, 1964).
19. Wilmot, A., History of the Colony of the Cape of Good Hope, 1820 - 1868 (Juta, Kaapstad, 1869).

(b) Proefskrifte en verhandelings

1. Ongepubliseerd

- (i) de Klerk, J.A., Die Afbakening van Stedelike Invloedsfere van die Distrikte Caledon, Bredasdorp en Swellendam (M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1964).
- (ii) Kotze, H.A., 'n Studie van die Ekonomie van Noordoos-Kaap met Besondere Verwysing na die Landbou (Doktorale proefskrif, U.O.V.S., 1966).
- (iii) Louw, M.J., 'n Geografiese Studie van Funktionele Differensiasie in die Metropolitaanse Gebied van Pretoria (Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1959).
- (iv) Moulton, F.L., East London and its Geographical Setting (M.A.-verhandeling, Universiteit van Rhodes, 1951).

- (v) Senekal, W.F.S., 'n Stedelik-Geografiese Studie van Vereeniging, met Besondere Verwysing na die grondgebruik, grond- en Residensiële Waardasie, Taalgroepe, Beroepe en Denominasies (M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1959).
- (vi) van Staden, M.P., 'n Geografiese Analise van die Stedelike Gebied Virginia (M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1963).

2. Gepubliseerd

- (i) Lombard, P.J., Die Stigting en Vroë Geskiedenis van Queenstown, 1853 - 1859 (M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1953).

(c) Tydskrifartikels

1. Ackerman, E.A., "Regional Research - Emerging Concepts and Technique in the Field of Geography", in Economic Geography, vol. 29, Julie 1953, pp. 189 - 197.
2. Alexander, J.W., "The Basic-Nonbasic Concept of Urban Economic Functions", in Economic Geography, vol. 30, Julie 1954, pp. 246 - 261.
3. Alexandersson, G., "City-forming and City-serving Production", in The Industrial Structure of American Cities, 1956, pp. 14 - 20.
4. Applebaum, W., "A Technique Constructing a Population and Urban Land Use Map", in Economic Geography, Julie 1952, pp. 240 - 243.
5. Berkman, H.G., "Decentralization and Blighted Vacant Land", in Land Economics, vol. 32, Aug. 1956, pp. 270 - 280.
6. Berry, L. en Garrison, W.L., "Alternative Explanation of Urban Rank Size Relationships", in Annals of the Association of American Geographers, vol. 48, 1958, pp. 145 - 154.
7. Bohnert, J.E. en Mattingly, P.F., "Delimitation of the CBD Through Time", in Economic Geography, pp. 337 - 346.
8. Bracey, H.E., "Towns as Rural Service Centres. An Index of Centrality with Special Reference to Somerset", in Transactions and Papers, 1953, pp. 95 - 105.
9. Brush, J.E., "The Hierarchy of Central Places in Southwestern Wisconsin", in Geographical Review, vol. 43, 1953, pp. 380 - 402.
10. Brush, J.E. en Bracey, H.E., "Rural Service Centres in Southwestern Wisconsin and Southern England", in Geographical Review, 1955, pp. 559-569.
11. Bull, G.B.G., "Field Work in Towns", in Geography, Julie 1964, pp. 206 - 221.

12. Clarke, J.I., "Persons Per Room", in Tydschrift voor Economische en Sociale Geografie, vol. 51, no. 10, Okt. 1960, pp. 257 - 260.
13. Colby, C.C., "Centrifugal and Centripetal Forces in Urban Geography", in Annals of the Association of American Geographers, vol. 23, Maart 1933, pp. 1 - 20.
14. Copland, B.D., "A Practical Application of the Theory of Hinterlands", in The Geographical Journal, vol. CXX, Jan. - Des. 1954, pp. 476 - 482.
15. Darnton, D.C., "We can have Hinterland Data", in Professional Geographer, vol. 15, no. 6, Nov. 1963, pp. 11 - 12.
16. Davies, C.H., "The Hard Core of Cape Town's CBD, An Attempt at Delimitation", in Economic Geography, vol. 36, 1960, pp. 54 - 69.
17. Deffontaines, P., "The Origin and Growth of the Brazilian Network of Towns", in The Geographical Review, Julie 1938, pp. 379 - 399.
18. de Geer, Sten, "Greater Stockholm. A Geographical Interpretation", in The Geographical Review, vol. 13, no. 4, Okt. 1923.
19. Dickinson, R.E., "The City in History", in Annals of the Association of American Geographers, 1962, pp. 835 - 864.
20. Dickinson, R.E., "The Distribution and Functions of the Smaller Urban Settlements of East Anglia", in Geography, vol. 17, 1932, pp. 19 - 32.
21. Dickinson, R.E., "The Metropolitan Regions of the United States", in Geographical Review, vol. 24, 1934, pp. 278 - 298.
22. Efrat, E., "The Hinterland of the New City of Jerusalem and its Economic Significance", in Economic Geography, vol. 40, no. 3, Julie 1964, pp. 254 - 260.
23. Fair, T.J.D., "Regions for Planning in South Africa", in South African Geographical Journal, vol. 39, Des. 1957, pp. 26 - 50.
24. Fair, T.J.D., "Durban - Its Sphere of Influence as a Regional Capital", in South African Geographical Journal, Junie 1949, pp. 77 - 91.
25. Floyd, T.B., "Stadsbeplanning in Suid-Afrika", in Lantern, vol. 2, no. 1, Aug. 1952, pp. 33-38.
26. Geysler, G.W.P., "Die ontwikkeling en Verspreiding van Dorpe in die Oranje-Vrystaat", in South African Geographical Journal, Des. 1956, pp. 37 - 41.
27. Gilbert, E.W., "The Idea of a Region", in Geography, Julie 1960, pp. 157 - 171.
28. Green, F.W.H., "Community of Interest Areas. Notes on the Hierarchy of Central Places on Their Hinterlands", in Economic Geography, vol. 34, no. 3, Julie 1958, pp. 212 - 226.

29. Green, H.L., "Hinterland Boudaries of New York City and Boston in Southern New England", in Economic Geography, vol. 31, Okt, 1955, pp. 283 - 300.
30. Griffin, T.L.C., "The Evolution and Duplication of a Pattern of Urban Growth", in Economic Geography, April 1965, pp. 133 - 156.
31. Harris, C.D. en Ullman, E.L., "The Nature of Cities", in Annals of the American Academy of Political and Social Science, vol. 242, Nov. 1945, pp. 7 - 17.
32. Hartman, G.W., "The Central Business District - A Study in Urban Geography", in Economic Geography, vol. 26, no. 4, Okt. 1950, pp. 237 - 244.
33. Hayes, C.R., "Suburban Residential Land Values Along the C.B. and Q. Railroad", in Land Economics, vol. 33, Mei 1957, pp. 177 - 181.
34. Hunt, A.J. en Moisley, H.A., "Population Mapping in Urban Areas", in Geography, vol. 45, Jan. - April 1960, pp. 79 - 89.
35. Johnson, R.W., "Geographic Influences in the Location and Growth of the City of Memphis", in The Journal of Geography, vol. 20, no. 3, Maart 1928, pp. 83 - 97.
36. Kavesh, R. en Isard, W., "Economic Structural Interrelations of Metropolitan Regions", in American Journal of Sociology, vol. LX, Sept. 1954, pp. 152 - 162.
37. Kok, R., "Nieuwe Gezichtspunten omtrent die Ontvolking van de Haagse Binnenstadt", in Tydschrift voor Economische en Sociale Geografie, Okt. 1955, pp. 211 - 217.
38. Kok, R., "Stedelijke Randgroei", in Tydschrift voor Economische en Sociale Geografie, Jaargang 51, Nov. 1960, pp. 298 - 308.
39. Langschmidt, W., "Fact-Finding in the Expanding Bantu Market", in Data, vol. 7, no. 1, Maart 1967, pp. 1 - 2.
40. Lantern-artikel, "Die Duitse Bydrae tot die Ontwikkeling van Suid-Afrika", in Lantern, vol. 11, no. 4, Junie 1962, pp. 7 - 21.
41. Lewis-Williams, D., "The Development of East London Harbour", in Tydskrif vir Aardrykskunde, vol. 1, no. 6, April 1960, pp. 67 - 73.
42. Louw, M.J., "Enkele Gedagtes oor die Geografiese Streeksbegrip", in Mededelings van Unisa, 6 Junie 1959, pp. 5 - 27.
43. Muncy, C.A., "Land for Industry - A Neglected Problem", in Harvard Business Review, vol. 32, April 1954, pp. 51 - 63.
44. Murphy, R.E. en Vance, J.E., "Delimiting the CBD", in Economic Geography, vol. 30, Julie 1954, pp. 189 - 222.

45. Murphy, R.E., Vance, J.E. en Epstein, B.J., "Internal Structure of the CBD", in Economic Geography, vol. 31, 1955, pp. 21 - 46.
46. Nel, A., "Stedelike Ligging: Nog Enkele Opmerkings oor die Terminologie", in Tydskrif vir Aardrykskunde, vol. 2, no. 3, Sept. 1963, pp. 53 - 56.
47. Nel, A., "Worcester: 'n Proefneming in Funktionele Differensiasie", in S.A. Geographical Journal, vol. 34, Des. 1952, pp. 63 - 77.
48. Olmstead, C.W., "The Application of a Concept to the Understanding of a Region: People, Time, Space and Ideas in the Economic Core Region of Anglo-America", in The Journal of Geography, vol. 59, no. 2, Feb. 1960, pp. 100 - 120.
49. Philbrick, A.K., "Principles of Areal Functional Organization in Regional Human Geography", in Economic Geography, vol. 33, no. 4, Okt. 1957, pp. 299 - 336.
50. Proudfoot, M.J., "City Retail Structure", in Economic Geography, vol. 13, Okt. 1937, pp. 425 - 428.
51. Ratcliff, R.U., "Internal Arrangement of Land Uses", in Urban Land Economics, pp. 386 - 397.
52. Ratcliff, R.U., "Demand for Non-Residential Space", in Urban Land Economics, 1949, pp. 123 - 138.
53. Rennie, J.V.L., "The Eastern Province as a Geographical Region", in S.A. Geographical Journal, vol. 27, 1945, pp. 1 - 27.
54. Retief, Z du T., "Mynbou in Namakwaland", in Tydskrif vir Aardrykskunde, vol. 1, no. 4, April 1959, pp. 41 - 43.
55. Roterus, V. en Caleff, W., "Notes on the Basic-Nonbasic Employment Ratio", in Economic Geography, vol. 31, Jan. 1955, pp. 17 - 20.
56. Scott, P., "Some Functional Aspects of Cape Town", in Economic Geography, vol. 30, Okt. 1964, pp. 247 - 263.
57. Shorter, A.H., "The Site, Situation and Functions of Exeter", in Geography, Nov. 1954, pp. 250-260.
58. Siddall, W.R., "Wholesale-Retail Trade Ratios as Indices of Urban Centrality", in Economic Geography, vol. 37, April 1961, pp. 124 - 132.
59. Smailes, W.R., "The Urban Hierarchy in England and Wales", in Geography, 1944, pp. 41 - 51.
60. Spelt, J., "Towns and Umlands", in Economic Geography, Okt. 1958, pp. 362 - 369.
61. Stafford, H.A., "The Functional Base of Small Towns", in Economic Geography, April 1963, pp. 165 - 175.

62. Thorpe, D. en Rhodes, T.C., "The Shopping Centers of the Tyneside Urban Region and Large Scale Grocery Retailing", in Economic Geography, vol. 42, no. 1, Jan. 1966, pp. 52 - 73.
63. Tiebout, C.M., "The Urban Economic Base Reconsidered", in Land Economics, vol. 32, Febr. 1956, pp. 95 - 99.
64. Ullman, E., "A Theory of Location for Cities", in American Journal of Sociology, vol. XLVI, Mei 1941, pp. 835 - 864.
65. van Cleef, E., "Hinterland and Umland", in Geographical Review, vol. 31, no. 2, April 1941, pp. 308 - 311.
66. van Cleef, E., "Prince Rupert - Error in Location", in The Journal of Geography, Maart 1959, pp. 127 - 132.
67. van der Merwe, I.J., "Grondwaardes as Element in Stedelik-Geografiese Studies", in Tydskrif vir Aardrykskunde, vol. 3, Sept. 1967, pp. 19-26.
68. van Zyl, J.A., "Die Ontstaan van Dorpe in die O.V.S.", in Tydskrif vir Aardrykskunde, vol. 2, Sept. 1964, pp. 35 - 47.
69. Wagner, C., "Planned Industrial Districts", in The Journal of Geography, vol. 56, Maart 1957, pp. 129 - 132.
70. Wehrwein, G.S., "The Rural-Urban Fringe", in Economic Geography, vol. 18, Jul. 1942, pp. 217-228.
71. Wiid, D. de N., "Namakwaland en die Kopermyndustrie", in Tydskrif vir Aardrykskunde, vol. 1, no. 4, April 1959, pp. 29 - 40.
72. Williams, O., "The Geography of Pietermaritzburg and its Environs", in Tydskrif vir Aardrykskunde, vol. 1, no. 8, April 1961, pp. 75-79.
73. Willie, C.W., "Land Elevation, Age of Dwelling Structure, and Residential Stratification", in Professional Geography, vol. 8, Mei 1961, pp. 7 - 10.
74. Wrigley, R.L., "Organized Industrial Districts", in Journal of Land and Public Utility Economics, vol. 23, Mei 1947, pp. 180 - 198.
75. Yeats, M.H., "Some Factors Affecting the Spatial Distribution of Chicago Land Values, 1910 - 1960", in Economic Geography, Jan. 1965, pp. 57 - 70.

(d) Pamflette, brosjures, ens.

1. Centenary of Queenstown (1853 - 1953).
2. How to Reach South Africa's Country Market-
Newspaper Press Union of South Africa, 1958.
3. Memorandum van Oos-Kaaplandse Openbare Liggaam.

4. Queenstown se Eerste 100 Jaar, Beufeesuitgawe, 1953.
5. Queenstown en Grens Museum. Artikels en Foto-statisiese afdrucke.
6. Queenstown Publisiteitsbrosjyre, 1929.

(e) Nuusblaaie

1. Daily Dispatch, 1.5.1964.
2. Daily Representative, 5.11.1963, 25.9.1966.
3. Die Beeld, 11.6.1967.
4. Die Volksblad, 13.3.1964, 14.8.1964, 18.3.1965.

(f) Kaarte

1. Kaarte van Queenstown se Dorpsplan. (Skaal - 1 : 100 K.vt; 1 : 200 Kvt.; 1 : 400 K.vt.; 1 : 2,500 K.vt.)
2. Padroetekaart van Oos-Kaapland in Afdelingsraadkantore.
3. Queenstown - Kaarte van Straatplan.
4. Talbot, A.M. en W.T., Atlas van die Unie van Suid-Afrika (Die Staatsdrukker, Pretoria, 1961).
5. Verkeersvolume in Oos-Kaapland verskaf deur Afdelingsraadkantoor.

(g) Persoonlike onderhoudvoering

1. Brauer, N.H., Jaarverslag in Daily Representative, 24.11.1964.
2. Crawford, J.R., Stadsingenieur.
3. Kemp, P.J., Inspekteur van Nasionale Paaie.
4. Momberg, J.G.S., Posmeester.
5. Nicholls, H.C., Munisipale Tesourier.
6. Parsons, R., Munisipale Tekenaar.
7. Russel, W., Bou-aannemer.
8. Skoolraadskantoor: Statistieke van Leerlinge soos op 4.2.1964.
9. Stone, H.M., Bou-aannemer.
10. White, H., Stadsklerk.
11. Whitson, N., Bou-inspekteur.

GEORGE FOXLEY
SCRIPT

INDIAN-AFRICAN
Manufacture
C. G. S. G. S.

Universiteit van die Ooranie-Orystaat
 BLOEMFONTEIN
 - 7-5-1969
 KLAS No. 101.1.101.1811
 No. 102510
 BIBLIOTEK

QUEENSTOWN



Fig. 1. Topografie

U.O.V.S.
 Bloemfontein
 BIBLIOTEK




Fig. 2. GEMIDDELTE MAANDELIKSE TEMPERATUUR




Fig. 3. DAAGLIKSE MAKSIMUM EN MINIMUM TEMPERATUUR






Fig. 4. GEMIDDELDE MAANDELIJKE REËNVAL: 1873 - 1962

REËNVAL IN MILLIMETER



GEM. REËNVAL

Fig. 5.10 JAAR GEMIDDELDE REËNVAL : 1873 - 1963




QUEENSTOWN

Fig. 6. Kontioerkaart

QUEENSTOWN

- UITSTEKEND
- ▨ GOED
- ▧ REDELIK
- ▩ SWAK



2500
0
2500
skaal
K.V.T.

Fig. 7. Grondgesteldheid vir Boudoeleindes

QUEENSTOWN




Fig. 8. Planologiese Ontwikkeling

QUEENSTOWN

- A WESHOF
- B WESTBOURNE
- C BERGSIG
- D WINDSOR
- E BALMORAL
- F SANDRINGHAM
- G SOUTHBOURNE
- H QUEENSTOWN SENTRAAL



Fig. 9 Oriënteringskaart

QUEENSTOWN





Fig. 10. Funksionele Differensiasie



QUEENSTOWN



Fig. 11. SSK : Grondwaardes per vk. vl.




Fig. 12. Voetgangerverkeer in Sakegebied




Fig. 13: Sakesentrum : Funktionele Differensiasie




Fig. 14. Residentiële Erfroottes per vk. vt.

QUEENSTOWN




Fig. 15. Residensiële Ertwaardes

QUEENSTOWN




Fig. 16. Ertwardes per 1000 vk. vt.

QUEENSTOWN



Fig. 17. Huiswaardes

QUEENSTOWN




Fig. 18. Intensiteit van Bebouwing

QUEENSTOWN





Fig. 19. Beroepsverspreiding



QUEENSTOWN

Fig. 20. Taalverspreiding

OOS-KAAPLAND




Fig. 21. Verkeersvolume 1965-1967

QUEENSTOWN





Fig. 22. Verkeersvolume

QUEENSTOWN



- 1 LOMASIE
- 2 SLAAPPLAAS
- 3 RIDOOLPLAAS
- 4 INBY-THEATER
- 5 KLEINHOFIES
- 6 OUNSGIDE OUNARIES
- 7 SANDSTENGRONDER
- 8 STENGRONDER
- 9 BEGRAAFPLAAS
- 10 BERRIDAM
- 11 BONGOLOOM
- 12 LOKOOTTIELOODS
- 13 KARAWANPARK
- 14 SONSKWV-TENHUIS
- 15 KOMANHOSPITAAL
- 16 HOERSKOOI SERPONTENTIN
- 17 LUGSHAWE

----- BINNIGEGENS
 _____ BUITEGEGENS



Fig. 23. Landelike-Stedelike Oorgangsgebied

OOS - KAAPLAND





Fig 24. Blanke Stedelike Bevolking




Fig. 25. Queenstown se Kleinhandelsbedieningsgebied




Fig. 26. Queenstown se Finansiële Invloedsteer





Fig. 27. Queenstown se Groothandelsbedieningsgebied



——— KERNGEBIED
 ——— INTERMEDIÛRE SONE
 - - - - GONDLOGBIED

Fig. 28. Queenstown se Nywerheidsbedieningsgebied




Fig. 29. Queenstown se Koerantverspreiding

Republiek van Suid - Afrika




Fig. 30. Herkoms van Hoërskoolleerlinge

102510

